

Hoofstuk 7: Navorsingsresultate: die meesterkontrolelys

Oorsig

Die hoofstuk bestaan uit ses afdelings:

7.1 tot 7.5 bevat die primêre navorsingsuitset, naamlik 'n omvattende kontrolelys. Dit bestaan uit vyf makrokontrolelyste naamlik struktuur, plot, emosie, karakters en dialoog. Daar is nie binne die kontrolelys verduidelik waarom 'n bepaalde kriterium gebruik is nie aangesien dit die hoofstuk onhanteerbaar lank sou gemaak het.

Eindnote is gebruik en 7.6 Eindnote bevat die verwysings na die bronne wat in hoofstukke 2 tot 6 gebruik is. Daardeur kan die gebruiker meer inligting kry indien 'n vraag onduidelik is. Indien die inligting in die inventaris van tegnieke/riglyne onvoldoende is, kan die gebruiker na die oorspronklike bron gaan vir 'n meer omvattende uiteensetting. Die letters e is gebruik vir eindnoot en ee vir eindnote.

Die meesterkontrolelys moet verkieslik saam met die inventaris van genre-eienskappe in hoofstuk 2 gebruik word.

7.1 Makrokontrolelys: Struktuur

7.1.1 Dramatiese en tegniese struktuur

- 1) Hoe sterk is die liniêre kwaliteit van die storie? (e 706)
- 2) Het dit 'n duidelike begin, middel en einde? (ee 194, 558)
- 3) Het die storie 'n herstellende driebedryfstruktuur? (e 606)
- 4) Het die driebedryfstruktuur duidelike wendings? (e 2040)
- 5) Het die storie 'n eenbedryf-, tweebedryf- of driebedryfstruktuur? (ee 449, 605)
- 6) Watter struktuur of kombinasie van strukture het die storie:
 - a) Argeplot.
 - b) Miniplot.
 - c) Multiplot.
 - d) Antipplot.
 - e) Nieplot.
 - f) Episodies.
 - g) Sirkulêr? (ee 1, 304, 607)
- 7) Watter fases van die heldereis word aangewend/is afwesig? (ee 443, 444)
- 8) Is die heldereis se struktuur kreatief verander? (e 598)
- 9) Het dit 'n struktuur wat styg met 'n wisseling in tempo en intensiteit? (e 596)
- 10) Is die struktuur glad in mekaar verweef of staan die verskillende bedrywe, plotte en subplotte los van mekaar? (ee 304, 570)
- 11) Kom die volgende vier fases in die plot voor:
 - a) Onversteurde toestand.
 - b) Versteuring.
 - c) Stryd.
 - d) Aanpassing? (e 1276)

- 12) Beweeg die struktuur kykers konstant nader aan die hoofklimaks of is die
 - a) intensiteit (amplitudes) onreëlmatig en disproporsioneel?
 - b) tempo (frekwensie) onreëlmatig of disproporsioneel? (e 560)
- 13) Is die dramatiese struktuur in proporsie? (ee 7, 441)
- 14) Bevat die struktuur 'n raam waarin die hoof storie plaasvind? (e 599)
- 15) Het die struktuur te veel vertakings wat dit te kompleks maak? (e 304)
- 16) Bou aksie konsekwent van toneel tot toneel of is dit onreëlmatig? (e 387)
- 17) Is die struktuur gebou rondom die aanbod en volg van 'n dramatiese probleem tot by sy resoluksie? (e 572)
- 18) Indien dit 'n multiplotstruktuur is, is dit:
 - a) *Verweefde storielyne* waar die verskillende stories soms oorvleuel en mekaar versterk? (e 1002)
 - b) *Konvergerende storielyne* waar die stories verwyderd van mekaar begin en uiteindelik saamgevoeg word? (e 1003)
 - c) *Toevalstorielyn* waar karakters weens omstandighede saamgegooi word en dan hulle verskillende stories uitbeeld? (e 1004)
- 19) Indien dit 'n multiplotstruktuur is, het elke storielyn dieselfde elemente: held, opponent, unieke storielyn, begin, uiteensetting, doelwit, dramatiese bou, komplikasies, hoofklimaks en resoluksie? (ee 1005, 1006)
- 20) Het subplotte ten minste drie tonele/sekwense verspreid oor die storie? (e 875)
- 21) Indien dit 'n draaiboek vir netwerktelevisie is, is
 - a) dit gestruktureer in sewe bedrywe? (ee 629, 633)
 - b) die eerste bedryf die langste, ongeveer 25 minute? (e 633)
 - c) daar 'n hoogtepunt aan die einde van die derde bedryf? (e 633)
 - d) dit sonder advertensiebreke 94 - 100 minute lank? (ee 632, 914)
 - e) daar advertensiebreke wat presies op die halfuur eindig? (e 630)
 - f) daar 'n klimaks en hoek aan die einde van elke bedryf? (ee 631, 633)
 - g) drie van die bedrywe in die eerste uur en vier in die tweede uur? (e 633)
- 22) Is die draaiboekformaat korrek? (e 556)
- 23) Is 'n komedie tussen 95 en 115 bladsye? (e 913)
- 24) Is 'n musiekprent maksimum 140 bladsye? (e 912)
- 25) Is 'n drama tussen 85 en 135, verkieslik 105 tot 125 bladsye? (ee 913, 914)

7.1.2 Eerste bedryf

- 1) Skep dié bedryf die atmosfeer vir die storie wat volg? (e 566)
- 2) Duur dit ongeveer 'n kwart van die draaiboek (30 bladsye)? (ee 566, 567)
- 3) Word die volgende gevestig:
 - a) Omgewing? (e 723)
 - b) Tyd? (e 723)
 - c) Held? (e 564)
 - d) Opponent? (e 573)
 - e) Belangrike hoofkarakters? (e 723)
 - f) Verhoudings? (e 723)
 - g) Die held se dilemma? (e 564)
 - h) Die held se doelwit? (e 564)
 - i) Die held se gewilligheid/ongewilligheid? (ee 3022 – 3024)

- 4) Is daar binne vyf minute 'n hoek/verstoring/snellergebeurtenis? (ee 574, 722)
- 5) Is daar 'n ontmoeting met die mentor wat die held verby sy twyfel neem? (e 742)
- 6) Verbind die held hom om te veg vir die doelwit? (e 564)
- 7) Berei die mentor die held voor met voorrade/kennis/selfvertroue? (e 739)
- 8) Bekom die held wysheid/inligting vir die reis, selfs sonder 'n mentor? (e 740)
- 9) Bevat dit meer inligting oor die ruimte as die tweede bedryf? (e 604)
- 10) Is die hindernisse groter of kleiner as dié in die tweede bedryf? (e 8)
- 11) Neem die hindernisse minder tyd in beslag, as dié in die tweede bedryf? (e 8)
- 12) Verbind die komplikasie aan die einde van die bedryf die held aan die probleem en/of opponent? (e 583)
- 13) Plaas die komplikasie aan die einde van die bedryf die held op 'n pad van konflik met die opponent? (e 583)
- 14) Is die storie voor die snellergebeurtenis te lank? (e 622)
- 15) Is dit 'n aksielyn wat lei tot 'n snellergebeurtenis? (e 603)
- 16) Word die gevoel geskep dat as die held 'n ander besluit geneem het, die storie sou geïndig het? (e 611)
- 17) Is daar 'n komplikasietoneel in die laaste deel as die held die probleem aanpak? (e 575)
- 18) Is daar 'n vals oplossing vir die probleem? (e 610)
- 19) Is daar 'n toneel(...nele) wat handel oor die sekondêre plot? (e 577)
- 20) Dwing die einde van die eerste bedryf 'n besluit op die held af? (e 611)
- 21) Eindig dit met oop tematiese of verhalende vrae wat kykers in die tweede bedryf intrek? (e 603)
- 22) Is die held aan die einde in 'n situasie sonder uitkoms? (e 594)
- 23) Beweeg die held deur 'n eenrigtinghek sonder omdraaikans? (e 609)
- 24) Illustreer fisiese hindernisse soos deure, brûe of oseane die grens? (e 746)
- 25) Hoe weet kykers die storie gaan oor van een wêreld na 'n ander? (ee 747, 750)

7.1.3 Tweede bedryf

- 1) Is dit te kort of te lank? (ee 622 - 624)
- 2) Begin die avontuur in alle erns na die eerste drempel? (e 749)
- 3) Duur dit ongeveer die helfte van die draaiboek (60 bladsye)? (e 568)
- 4) Is die oorsteek van die drempel 'n moment of 'n lang deel van die storie? (e 748)
- 5) Bevat dit meer karakteronthulling as die eerste bedryf? (e 604)
- 6) Is die hindernisse groter of kleiner as in die derde bedryf? (e 8)
- 7) Is daar 'n voorstorie en/of uiteensettingstoneel(...nele) in die eerste deel? (e 576)
- 8) Bou/ontwikkel die
 - a) hindernisse?
 - b) krisis/komplikasies?
 - c) konflik?
 - d) spanning?
 - e) tempo?
 - f) humor?
 - g) karakterontwikkeling?
 - h) karakteronthulling?
 - i) storie (ee 212, 383, 562)
- 9) Neem die hindernisse minder of meer tyd in beslag as in die derde bedryf? (e 8)



- 10) Praat karakters oor persoonlike sake of verduidelik hulle gedrag en/of motivering en/of hoe die gebeure hulle affekteer tydens die voorstorie en/of uiteensettingstoneel(...nele)? (e 585)
- 11) Het die eerste hindernisse dieselfde lewe-of-dood-kwaliteit van lateres? (e 762)
- 12) Is die wending/krisis die hoogtepunt van 'n aksielyn uit die eerste helfte? (e 628)
- 13) Forseer die wending/krisis die storie vorentoe na die bedryf se klimaks? (e 628)
- 14) Word die tonele van krisis en aksie gebalanseer deur rustiger tonele? (e 1554)
- 15) Is dit die bedryf van *gevolge*, wanneer die held die gevolge van die vals oplossing van die eerste bedryf in die gesig staar? (e 613)
- 16) Eskaleer die konflik vanaf ongeveer bladsy 60? (e 571)
- 17) Is een van die hoofdoelwitte van die held in die tweede bedryf om die probleem, misterie, onsekerheid of verwarring op te klaar? (e 2347)
- 18) Is daar
 - a) romantiese tonele? (e 587)
 - b) 'n toneel(...nele) wat handel oor die sekondêre plot? (e 577)
 - c) 'n toneel(...nele) wat handel oor die tema naby die middel? (e 578)
 - d) 'n wending/krisis wat die bedryf in die helfte deel? (ee 490, 626)
 - e) oomblikke met die opponent, veral in die tweede helfte? (e 579)
 - f) privaat oomblikke met die held wat handel oor motiverings, huislike lewe, probleme of ambisie in die tweede helfte? (e 588)
 - g) 'n nabetragingstoneel(...nele) aan die begin wat emosioneel en persoonlik is en wat karakter en/of tema onthul? (e 584)
 - h) 'n donkerste oomblik vir die held in die primêre en/of sekondêre plot naby die einde van die tweede bedryf of in die derde bedryf? (ee 589, 590)
 - i) tonele wat ruimte-aspekte soos lewenstyl, geskiedenis, terrein, gevare, weer en wildewe uitbeeld? (e 586)
- 19) Haal die held in die tweede bedryf die kykers in ten opsigte van die werklike probleem en oplossing daarvan? (e 613)
- 20) Word die waarheid eers onthul as dit lyk of die held verslaan is? (e 2347)
- 21) Verkry die held insig of spesiale kennis naby die einde? (ee 614, 856, 2348)
- 22) Vorm die onvermydelike konfrontasie wat tussen die held en die opponent moet plaasvind die fokus van die laaste deel? (e 600)
- 23) Is die fokus aan die einde sterker op die dramatiese probleem/doelwit? (e 600)
- 24) Is die wending te vroeg of te laat? (ee 623, 624)
- 25) Is die sterkste toneel aan die einde van die bedryf? (e 898)
- 26) Herverbind die held hom tot die saak aan die einde? (e 615)
- 27) Is die bedryf 'n aksielyn wat lei tot 'n kulminerende gebeurtenis? (e 603)
- 28) Is die held oënskynlik deur die opponent verslaan aan die einde? (e 580)
- 29) Dryf die herverbinding van die held die storie voort na die derde bedryf? (e 615)
- 30) Eindig dit met oop tematiese of verhalende vrae wat kykers in die derde bedryf intrek? (e 603)

7.1.4 Derde bedryf

- 1) Duur dit ongeveer 'n kwart van die draaiboek (30 bladsye)? (e 569)
- 2) Is dit te lank en trekkerig omdat die tweede bedryf te kort was? (e 623)
- 3) Is daar te min tyd om spanning te ontwikkel wat lei tot die hoofklimaks omdat die tweede bedryf te lank is? (e 624)

- 4) Is daar 'n toneel(...nele) waartydens die held voorberei vir die finale konfrontasie, nabetrugting doen, bondgenote wat mooipraat, saamsweer, saamwerk of die held in die steek laat? (ee 581, 592)
- 5) Is daar groot spronge in die tydsverloop in die derde bedryf? (e 24)
- 6) Is daar 'n toneel(...nele) wat handel oor die sekondêre plot? (e 577)
- 7) Is daar kritiese karakteronthulling? (e 562)
- 8) Bou die
 - a) hindernisse?
 - b) konflik?
 - c) spanning?
 - d) tempo?
 - e) karakterontwikkeling? (e 562)
- 9) Vind die resoluksie van die subplotte plaas? (e 582)
- 10) Word die interne konflik voor die eksterne konflik opgelos? (e 617)
- 11) Word die res van die bedryf, na die interne konflik opgelos is, gewy aan die oplossing van die eksterne konflik? (e 618)
- 12) Beleef die held 'n krisis/donkerste oomblik voor die hoofklimaks? (ee 12, 216)
- 13) Is daar 'n hoofklimaks vir die sekondêre plot? (e 166)
- 14) Ondermyn die sekondêre plot die primêre plot se hoofklimaks? (e 11)
- 15) Is daar 'n kragtige emosionele hoofklimaks vir die primêre plot? (e 214)
- 16) Word voldoende tyd aan die primêre plot se hoofklimaks spandeer? (e 15)
- 17) Het die hoofklimakssekwens 'n dramatiese struktuur wat toeneem in spanning tot by die klimaks? (e 16)
- 18) Is daar vals klimakse wat uiteindelik oortref word deur die hoofklimaks? (e 593)
- 19) Is die hoofklimakssekwens die hoogtepunt van die storie? (e 593)
- 20) Is dit 'n aksielyn wat lei tot 'n kulminerende hoofklimaks? (e 603)
- 21) Beleef die held 'n helderste oomblik met die hoofklimaks? (e 12)
- 22) Word die uiterlike doelwit van die held afgehandel? (e 563)
- 23) Word die konflik van die held opgelos? (e 563)
- 24) Hou die storie te lank aan na die hoofklimaks? (ee 389, 625, 886)
- 25) Is daar tyd vir kykers om asem te skep na die hoofklimaks? (e 388)

7.1.5 Tempo, ritme en tydsverloop

- 1) Varieer die tempo? (e 6)
- 2) Neem die tempo toe? (e 6)
- 3) Bevat die storie dooie kolle? (ee 210, 658)
- 4) Hou tonele wat slegs dialoog bevat te lank aan? (e 646)
- 5) Handhaaf elke sekwens/toneel voorwaartse beweging? (e 213)
- 6) Is iets te kort omdat dit onnodig is of die verkeerde punt maak? (e 659)
- 7) Is die verhouding van sekwense/tonele interessant of herhalend? (e 430)
- 8) Pas die toneel-/sekwens-/storietyempo by die inhoud? (ee 119, 222, 1549)
- 9) Laat die volgorde van sekwense/tonele die tempo toe- of afneem? (e 1575)
- 10) Is die lengte van sekwense/tonele gepas vir hul posisie in die storie? (e 246)
- 11) Word lengte bepaal deur die hoeveelheid afwagting en spanning? (ee 675, 714)
- 12) Varieer lengte, tempo en intensiteit van tonele of is die struktuur eentonig? (ee 649, 1554)



- 13) Word die volgende aangewend om toneelritme te manipuleer:
- a) Dag en nag.
 - b) Dialoog en aksie.
 - c) Intern en ekstern.
 - d) Lang en kort lengte.
 - e) Spanning en ontspanning.
 - f) Ligte en ernstige stemmings.
 - g) Vinniger en stadiger aktiwiteite.
 - h) Staties en dinamiese aktiwiteite.
 - i) Intense en minder intense inhoud.
 - j) Subjektiewe en objektiewe perspektiewe.
 - k) Naby en ver.
 - l) Lawaai en stilte.
 - m) Beperkte en ruim terreine.
 - n) Terugflitse en werklike tyd.
 - o) Toekomsflitse en werklike tyd.
 - p) Positiewe en negatiewe plotontwikkelings.
 - q) Inhoud varieer tussen inligting en stemming of emosie.
 - r) Inhoud varieer tussen tema, karakter, stemming en plot? (ee 1555, 1574)
- 14) Skep die lengte en tempo van skote/tonele/sekwense 'n definitiewe en effektiewe ritme/herkenbare patrone wat die storie bevorder of varieer hulle lengtes ad hoc? (ee 697, 713, 1575, 3988)
- 15) Pas al die elemente van die storie by die ritme, vloei en tempo van die struktuur as geheel? (ee 233, 3991)
- 16) Kan ritme en tempo verbeter word deur 'n konfrontasie uit te sny of 'n oorgang in te voeg? (e 1526)
- 17) Kan tempo verbeter word deur nuwe konfrontasies in te voeg? (e 1526)
- 18) Kan ritme en tempo verbeter word deur nuwe storiegebeure as invoegsels of as parallelle-aksie in te bring? (e 1526)
- 19) Neem die sekwense/tonele se tempo toe soos dit nader aan die bedryfsklimakse beweeg? (e 1575)
- 20) Neem tydsverloop af soos die storie verloop? (e 18)
- 21) Versnel die storie soos wat dit nader aan die hoofklimaks beweeg? (e 215)
- 22) Is die tydsverloop van die storie die stadigste tydens die hoofklimaks? (e 18)
- 23) Is daar tonele waar die energie en afwagting oorgedra word na die volgende een deur weg te sny net voor die konflik tot uitbarsting kom? (e 680)
- 24) Word daar gesny na tonele waar die konflik reeds aan die gang is? (e 680)
- 25) Word die bepalende krisisse so gespaseer dat kykers kans kry om te herstel van een voor die volgende een begin? (e 896)
- 26) Is jaagsekwense te kort of te lank vir die inhoud daarvan? (e 712)
- 27) Is pouses na die hoof dramatiese gebeure te lank of te kort? (e 700)
- 28) Is daar genoeg pouses na elke hoof dramatiese ontwikkeling? (e 700)
- 29) Kan die storie opwindender gemaak word deur dit te verkort? (e 1524)
- 30) Is daar genoeg visuele-/aksiesekwense om karaktersekwense/dialoggedeeltes op te breek? (e 699)



7.2 Makrokontrolelys: Plot

7.2.1 Konsep

- 1) Watter van die volgende argetipe storiepatrone word aangewend:
 - a) *Held*: 'n Dapper persoon aanvaar 'n gevaarlike opdrag.
 - b) *Vriendskap*: Twee persone vat die wêreld aan, hetsy as vriende of in 'n liefde-haatverhouding.
 - c) *Onmoontlike avontuur*: Die held onderneem 'n edele avontuur.
 - d) *Wegbreek*: Konflik omdat die ou orde verander of tussen ouer en kind.
 - e) *Medea*: Die konsep van vroulike mag.
 - f) *Faust*: Die stryd met morele waardes.
 - g) *Die romanse*: 'n Held het 'n emosionele behoefte wat hy dink iemand of iets anders kan vervul.
 - h) *Die onerkende gawe*: 'n Held raak verlief op 'n belangrike figuur in 'n ander wêreld en wen die persoon se liefde as gevolg van 'n bedekte gawe.
 - i) *Die fatale gebrek*: 'n Held se besonderse gawe lei tot sy sukses, maar uiteindelik kom hy tot 'n val.
 - j) *Die uitstaande skuld*: 'n Held bekom iets voordeligs op skuld, vermy daarna die skuldeiser, maar moet uiteindelik die skuld betaal.
 - k) *Die spinnekop en die vlieg*: 'n Held flous iemand om iets tot sy voordeel te doen.
 - l) *Die verlore gawe*: 'n Held verloor 'n gawe en in die pogings om dit terug te kry, ontdek hy 'n nuwe status quo.
 - m) *Die soektog*: 'n Held gaan op 'n soektog, slaag/misluk en word beloon of nie.
 - n) *Die rituele van deurgang*: 'n Held faal 'n uitdaging binne 'n nuwe fase van sy lewe, ontwikkel en slaag dan die uitdaging.
 - o) *Die swerwer*: 'n Held arriveer in 'n nuwe plek, ervaar 'n probleem eie aan die plek en beweeg aan voor of na die probleem opgelos is.
 - p) *Die volhardende held*: 'n Held met sekere vermoëns volhard in die aangesig van stygende opposisie en oorwin uiteindelik? (ee 1012, 1016)
- 2) Is dit 'n tipiese formuleplot met bekende situasies? (e 1058)
- 3) Is die storie te tegnies, te kompleks of te moeilik om te verstaan? (e 553)
- 4) Vereis die storie dat kykers name/datums/feite/gebeure moet onthou? (e 3674)
- 5) Is die inhoud uniek en opwindend of is die storie al honderde kere vertel? (ee 20, 309, 312, 972, 2024)
- 6) Behels dit 'n gebeure van omvang? (e 1056)
- 7) Bevat die konsep 'n element van bekendheid? (e 20)
- 8) Word bekende elemente gekombineer om iets nuuts te skep? (e 266)
- 9) Het die konsep dramatiese moontlikhede/n groot oomblik? (ee 224, 1063)
- 10) Maak die storie staat op naaktheid, geweld, skok of spesiale effekte? (e 540)
- 11) Meng die volgende in met die effektiewe vertel van die storie:
 - a) Ongemotiveerde tonele.
 - b) Oordadige seks.
 - c) Versinsels.
 - d) Obseniteit.
 - e) Geweld? (ee 962)
- 12) Wat is die ergste wat kan gebeur? (e 980)



- 13) Is dit van belang vir die gemiddelde kyker? (e 299)
- 14) Wat is dit wat die storie uniek en vars maak? (e 533)
- 15) Is die konsep geloofwaardig en oortuigend? (e 1059)
- 16) Is die konsep so belowend/interessant dat dit kykers van die begin af interesseer/aangryp? (ee 113, 1057)
- 17) Berus die konsep op een van die volgende elemente van Rossio & Elliot se persoonlike lys van elemente wat nie werk in rolprente nie:
 - a) Kultusse.
 - b) Sneeuterreine.
 - c) Babas in gevaar.
 - d) Tennis as 'n sport.
 - e) Dwelm- en alkoholverslawing stories.
 - f) Gereguleerde werkeronderdrukkende samelewings.
 - g) Die openbare mening dwing 'n held om aksie te neem? (e 987)
- 18) Is dit wat op die spel is groot genoeg vir 'n kommersiële rolprent? (e 530)
- 19) Bevat die konsep een van die volgende elemente van Rossio & Elliot se persoonlike lys van elemente wat werk in rolprente:
 - a) Poker.
 - b) Verleidings.
 - c) Teregstellings.
 - d) Basketbal as sport.
 - e) Bieëry/veilingtonele.
 - f) Kaarte en skattejagte.
 - g) Sonnige, tropiese terreine.
 - h) 'n Wedloop van enige aard.
 - i) Helde/heldinne wat glimlag, veral as dit in al drie bedrywe gebeur? (e 988)
- 20) Bepaal die skrywer se perspektief, boodskap/tema, karakters, styl, atmosfeer, tydsera en teikenmark die ontwerp van die plot? (e 971)
- 21) Handel die storie oor onderdrukte karakters? (e 4038)
- 22) Kan dit op sy eie staan sonder sterre? (e 1085)
- 23) Skakel die storie in by kykers se stryd om ten volle mens te wees/die triomf van die menslike gees? (e 1074)
- 24) Vloei gebeure in die storie uit/rondom die tema of onderwerp? (e 704)
- 25) Word karakterkontras gebruik om plotontwikkelings te skep? (e 3257)
- 26) Is karakters die oorsaak en die plot die gevolg? (ee 2476, 2522)
- 27) Bevat die storie 'n romantiese bestanddeel? (ee 477, 2136)
- 28) Is dit 'n karaktergedrewe storie? (ee 2492, 2500, 2509)
- 29) Spreek die storie 'n sosiale kwessie aan? (e 1064)
- 30) Is dit 'n eenvoudige plot wat komplekse/interessante karakters deur 'n reuse-avontuur plaas? (ee 1011, 1072)
- 31) Is die roman wat verwerk moet word een wat
 - a) gedagtebelaaid is? (e 1088)
 - b) handel oor sielkundige afwykings? (e 1089)
- 32) Is daar 'n mite teenwoordig in die storie? (e 442)
- 33) Pas die mite by kykers se sosiale omstandighede? (e 4010)
- 34) Konnekteer die storie met 'n hooflebensprobleem, populêre waardes, menings en vrese? (ee 4009, 4010)



35) Benut die storie

- a) plot (e 926);
- b) aksie (e 915);
- c) vrees (e 916);
- d) emosie (e 928);
- e) realisme (e 925);
- f) spanning (e 918);
- g) menslike ervaring (e 927);
- h) onvoorspelbaarheid (e 923);
- i) fantasie en ontvlugting (e 924);
- j) opwindig en sensasie (e 920);
- k) meegevoel/lyding (ee 916, 952);
- l) risiko/intense gevaar (ee 922, 939);
- m) simpatiewekkende karakter(s) (e 929);
- n) die sigbare doelwit van die held (e 930);
- o) die begeerte om vrees te oorwin (e 4041);
- p) 'n brandende/onbereikbare begeerte (ee 929, 935);
- q) die begeerte om uit die gewone te ontsnap (e 4041);
- r) die begeerte om die betekenis van alles te verstaan (e 4041);
- s) 'n soektog (e 931);
- t) 'n onmoontlike opdrag (e 938);
- u) interessante karakter(s) (e 936);
- v) 'n buitengewone lewenstoets (e 934);
- w) 'n botsing van ideale en wilskrag (e 1058);
- x) aangrypende situasies en oomblikke (e 937);
- y) aksie en reaksie van die menslike wil (ee 917, 933);
- z) 'n dinamiese verhouding wat verskillende beklemtoon (e 932);
- aa) stryd/konflik tussen twee hoofrigtings van aksie (ee 918, 919);
- bb) groeiende, oënskynlik onoorbrugbare hindernisse (ee 918, 921, 929);
- cc) tema (e 954);
- dd) skouspel (e 953);
- ee) intense onreg (e 939);
- ff) intense passie (e 939);
- gg) die begeerte om pyn te elimineer (e 941);
- hh) simbole van universele lewensondervindings (e 942);
- ii) karakters wat universele, argetipe-eienskappe vergestalt (e 944);
- jj) 'n konfrontasie met die dood/n simboliese dood soos 'n kompetisie (e 945);
- kk) die storie van geboorte, groei, stryd om 'n individu te word en dood (e 944);
- ll) volksdrome (e 943);
- mm) omkeer en ontdekking (e 951);
- nn) karakters wat keuses maak (e 946);
- oo) die vraag: "wat gaan gebeur?" (e 950);
- pp) die begeerte om liefde te ervaar (e 4041);
- qq) 'n koherente uitdrukking van betekenis (ee 940, 949);
- rr) karakters wat worstel met selfverwesening (e 2462) en/of
- ss) karakters wat lojaal bly onder moeilike omstandighede (ee 947, 948)?

36) Verhef die storie die individu bo sosiale, historiese, ekonomiese en familie-beperkings? (e 2501)



- 37) Is die genre/storie/onderwerp
- a) tans gewild? (ee 20, 4011, 4026)
 - b) gebaseer op 'n ware verhaal? (e 1065)
 - c) aktueel en tans baie in die media? (e 1066)
 - d) so uniek dat dit geen voorganger het nie? (e 1071)
 - e) baie dieselfde as onlangse rolprente, maar genoegsaam anders? (e 1069)
- 38) Is daar 'n duidelike persoon, persone of mag wat die held opponeer? (e 1068)
- 39) Word bestaande neigings geëkstrapoleer/tot sy logiese uiterste gevoer, om ruimte of plot te skep? (e 981)
- 40) Bevat die konsep
- a) reeds die saad van konflik? (e 1060)
 - b) 'n sentrale held, begeerte plus risiko? (e 961)
- 41) Handel die storie oor een persoon, tydperk of aksie? (e 911)
- 42) Word die sosiale en intellektuele angste van die era gereflekteer? (e 4010)
- 43) Bevat dit 'n onderliggende tema/betekenisvolle boodskap/edele element/edele siening/etiese of sosiale waardes? (ee 1058, 1067, 1075)
- 44) Is daar 'n sterk emosionele invalshoek? (e 1077)
- 45) Rand die storie kykers negatief aan? (e 1078)
- 46) Is die storie
- a) so verwarrend afwykend dat dit kykers sal vervreem? (e 1080)
 - b) onverbiddelik ongelukkig/stroef/depressief/aggressief? (e 1078)
- 47) Vervul karakters die behoeftes van die plot of groei die storielyn uit die eiesoortighede en behoeftes van karakters? (e 2493)
- 48) Word stroewe, depressiewe of aggressiewe konsepte ligter gemaak deur humor, ironie, metafore of avontuur? (e 1078)
- 49) Kan dit in 'n sin of twee saamgevat word? (e 1083)
- 50) Het die storie opvolgpotensiaal? (ee 1084, 3444)
- 51) Is dit die held se storie? (e 2926)
- 52) Wie
- a) het die doelwit?
 - b) wil wat verander?
 - c) ervaar die konflik?
 - d) gaan pro-aktief deur die storie?
 - e) wil wat hê en waarom kan hy nie?
 - f) realiseer die hoofklimaks/resolusie? (ee 1061, 1062, 1081)
- 53) Kan dit maklik verstaan word deur 'n dertienjarige kind? (e 1082)
- 54) Is daar 'n "iets waarvan kinders hou"-element in die storie? (e 984)
- 55) Is die konsep beperkend ten opsigte van ruimte, terreine en karakters? (e 1070)

7.2.2 Begroting en praktiese uitvoerbaarheid

- 1) Wat is die geskatte begroting van die rolprent? (ee 70, 3984)
- 2) Is die begroting gepas vir die teikenmark se omvang? (e 555)
- 3) Hoeveel bladsye is die draaiboek? (e 70)
- 4) Is die lengte gepas vir 'n speelprent? (e 134)
- 5) Is die storie die geskikste vir 'n speelprent? (e 136)
- 6) Is dit geskik as speelprent vir teaters of televisie-rolprent-van-die-week? (e 395)

- 7) Konsentreer 'n rolprent-van-die-week op sosiale/persoonlike probleme? (e 1009)
- 8) Is daar genoeg karakters en plotkonflik om 'n minireeks te maak? (e 396)
- 9) Bevat die storie, animasie uitgesluit,
 - a) 'n historiese ruimte? (e 154)
 - b) baie eksotiese terreine? (e 154)
 - c) komplekse inhoud of terreine? (e 3973)
 - d) baie terreine/afstandsterreine? (ee 554, 3976, 3977)
 - e) baie terreine wat op meer as een vasteland voorkom? (e 3978)
 - f) komplekse aksies of kamerabewegings? (e 3974)
 - g) baie/duur spesiale effekte? (e 154)
 - h) duur waagtoertjies? (e 3976)
 - i) lugfotografie? (e 3981)
 - j) pirotegnieke? (e 3979)
 - k) te veel water? (e 554)
 - l) onderwatertonele? (e 3980)
 - m) dekor wat moeilik of duur is om te bou? (e 3963)
 - n) eksterne of buitengewone weersomstandighede? (ee 154, 3960)
 - o) sterre, supersterre of megasterre? (e 3983)
 - p) 'n groot rolverdeling? (ee 154, 3966, 3967)
 - q) baie en duur kostuums? (e 3982)
 - r) te veel diere/kinders? (e 554)
 - s) skares? (e 3970)?
- 10) Watter tipe akteur sal die rol aantrek? (e 360)
- 11) Is dit maklik om die rolverdeling te doen? (e 3975)
- 12) Is daar verskeie sterre wat die held kan vertolk? (e 3975)
- 13) Maak dit gebruik van bestaande terreine? (e 3961)
- 14) Maak dit gebruik van bestaande dekor? (e 3961)
- 15) Kan dieselfde vertrek(ke) of stelle verander word om te lyk soos ander? (e 3962)
- 16) Sal buitewonele of -skote
 - a) naby geskiet kan word?
 - b) nie al die akteurs benodig nie?
 - c) sonder klank geskiet kan word?
 - d) sonder ligte of baie ligte geskiet kan word? (e 3965)
- 17) Is die tonele waarin bykarakters verskyn beperk tot 'n paar terreine? (e 3968)
- 18) Indien 'n skare gebruik word, is die hele skare net 'n rukkie in beeld? (e 3971)
- 19) Het 'n ekstra enige dialoog? (e 3972)
- 20) Is die held gemasker? (e 3969)
- 21) Is die jaagsekwense goedkoop? (e 3977)
- 22) Benodig dit komplekse toerusting/gereedskap? (e 3973)
- 23) Kan indrukwekkende argiefskote gebruik word? (e 3964)
- 24) Is dit gemik op tieners en kos dit minder as \$15 miljoen? (e 3985)
- 25) Is daar duur kopiereg op die draaiboek of letterkundige werk? (e 4043)

7.2.3 Teikenmark, bemarking en kommersiële potensiaal

- 1) Is daar 'n duidelike teikenmark in die VSA? (ee 147, 4007)
- 2) Wie is die teikenmark in die res van die wêreld? (e 147)
- 3) Sal dit groot internasionale kykerstalle lok? (e 1079)



- 4) Sal dit 'n kleiner, beskikbare nismark interesseer? (e 394)
- 5) Word die relatiewiteit van die idee tot die
 - a) teikenmark se eie ervaring in gedagte gehou?
 - b) tyd en samelewing waarin kykers leef in gedagte gehou? (e 4008)
- 6) Sal die storie die betrokke teikenmark interesseer? (ee 393, 1076, 3995)
- 7) Teiken en bly die storie gefokus op ten minste een van die volgende:
 - a) Jeug.
 - b) Jong volwassenes.
 - c) Volwassenes? (e 4001)
- 8) Hoeveel weet die teikenmark van die onderwerp? (e 3993)
- 9) Hoekom sal kykers na die rolprent kyk? (e 3994)
- 10) Watter tipe kykers sal met die held identifiseer? (e 3996)
- 11) Val stories gemik op volwassenes binne hulle smaak? (e 3999)
- 12) Word 'n storie oor kinders verwar met 'n storie vir kinders? (e 4000)
- 13) Voldoen stories gemik op kinders tot ongeveer twaalf jaar aan die volgende vereistes:
 - a) Nie te seksueel.
 - b) Nie te gewelddadig.
 - c) Nie te emosioneel intens.
 - d) Kinders of diere as hoofkarakters? (e 3997)
- 14) Pas al die elemente soos ruimte, plot, karakters, karakterisering, rekwisiete, risiko, hindernisse en wat op die spel is, by die teikenmark? (e 4004)
- 15) Sal die storie aanklank vind by manlike kykers tussen 18 en 34 jaar? (e 4005)
- 16) Is die storie/heldereis aangepas vir manlike of vroulike kykers? (ee 4002, 4003)
- 17) Val stories gemik op jong volwassenes tussen ongeveer twaalf en vier-en-twintig jaar binne die volgende genres:
 - a) Uitgaan (*date*).
 - b) Geil (*gross*).
 - c) Superhelde.
 - d) Grootword;
 - e) Avontuur.
 - f) Komedie.
 - g) Aksie.
 - h) Riller? (e 3998)
- 18) Bevat 'n storie vir verspreiding in vreemde tale baie aksie en visuele kommunikasie? (e 4006)
- 19) Bevat die storie inligting of uitdrukkings wat gedateer sal wees wanneer die rolprent vrygestel word? (e 4012)
- 20) Is daar jaardatums wat die storie dateer? (e 4013)
- 21) Is daar inhoudelike inligting wat dit op die langtermyn sal dateer? (ee 4014, 4015)
- 22) Is die tema/onderwerp geskik vir die publiek se gemoedstoestand ten tye van die vrystelling van die rolprent? (e 4016)
- 23) Is die storie in pas met die sosiale neiging van die tyd? (e 4021)
- 24) Is daar inhoud wat nog nie ryp is vir openbare bespreking nie? (e 4017)
- 25) Is daar inhoud wat nie deur sensuurrade toegelaat sal word nie? (e 4017)
- 26) Is die draaiboek gebaseer is op 'n suksesvolle boek, verhoogdrama of bekende nuusgebeure? (e 4018)



- 27) Sal dit 'n groot ster(re) trek? (ee 359, 521, 1086)
- 28) Bevat die storie iets wat dit bemerkbaar maak? (e 4019)
- 29) Val die storie binne een of meer van die volgende gewilde genres:
- a) Riller.
 - b) Meisie.
 - c) Komedie.
 - d) Grootword.
 - e) Buitelewe/diere.
 - f) Animasie fantasie.
 - g) Romantiese komedie.
 - h) Spanningsverhale.
 - i) Wetenskapsfiksie.
 - j) Aksie/avontuur.
 - k) Wilde Weste.
 - l) Romanse.
 - m) Animasie.
 - n) Oorlog.
 - o) Vrees? (ee 4027, 4030, 4036)
- 30) Is die idee hoogs bemerkbaar? (e 1087)
- 31) Sal die risiko's kykers aangryp? (e 4024)
- 32) Sal die konsep kykers aangryp? (e 4020)
- 33) Het die konsep 'n universele appèl? (e 4020)
- 34) Val die storie binne een of meer van die volgende minder gewilde genres:
- a) Speur.
 - b) Anime.
 - c) Misterie.
 - d) Misdaad.
 - e) Multiplot.
 - f) Romanse.
 - g) Melodrama.
 - h) Dokter/hospitaal? (ee 4037, 4027)
- 35) Is die storie persoonlik en geloofwaardig? (e 4022)
- 36) Is die storie voorskrywend van hoe kykers wil hê iets moet wees? (e 4022)
- 37) Bevat die storie 'n grootste gemene deler wat baie kykers aanspreek? (e 4025)
- 38) Sal dit genoeg kykers trek om die koste te dek? (e 4025)
- 39) Kan die storie vir bemerking verskraal word tot effektiewe simbole/metafore wat reeds kykers in die regte stemming plaas? (e 4028)
- 40) Is dit 'n tragedie of epiese periodestuk? (e 4029)
- 41) Kan die storie, karakters of konsep verwerk word in videospelletjies en ander vorms van vermaak? (ee 4031, 4032, 4033, 4034)
- 42) Is dit 'n familievriendelike PG-13 storie? (e 4035)
- 43) Wat is die kans dat die storie/konsep 'n hoë bemerkingsbegroting van die verspreiders sal kry? (e 4039)
- 44) Is of lyk die storie kontroversieel? (ee 1010, 4040)
- 45) Bevat die storie iets wat potensiaal het vir handelsware? (e 69)



7.2.4 Plotte/storielyne

- 1) Smelt die sekondêre plot en/of van die subplotte deur die loop van die tweede bedryf saam met die primêre plot om een plot te vorm? (e 601)
- 2) Is daar verskillende
 - a) helde vir die verskillende plotte? (e 901)
 - b) opponente vir die verskillende plotte? (e 907)
- 3) Maak verskillende helde vir verskillende plotte die verloop van die storie minder voorspelbaar? (e 901)
- 4) Maak verskillende opponente vir die verskillende plotte die verloop van die storie minder voorspelbaar? (e 907)
- 5) Bevat een van die plotte 'n element van menslikheid/sensitiwiteit? (e 307)
- 6) Is karakters en dramatiese probleme eenvoudiger in multiplotstories? (e 1001)
- 7) Is daar parallelleplotte of subplotte rondom karakters wat nie die primêre plot of storie vorentoe neem nie? (e 994)
- 8) Is die storie retrospektief? (e 995)
- 9) Beweeg die storie terug? (e 999)
- 10) Is dit 'n storie binne 'n storie? (e 998)
- 11) Begin die storie met 'n droom waarna die storie voortaan? (e 997)
- 12) Indien dit 'n rampstorie is, gebruik dit veelvuldige storielyne? (e 1000)
- 13) Begin die storie in die middel en vertel dan die voorafgaande gebeure? (e 996)
- 14) Word daar te gereeld tussen die verskillende plotte gesny? (ee 902, 908)
- 15) Bevat dit 'n doelgerigte, interpersoonlike en/of interne plot? (e 1007)
- 16) Eindig al die stories gelukkig in 'n multiplotstorie? (e 2949)
- 17) Word daar te lank by een plot op 'n slag gebly? (ee 902, 908)
- 18) Word verskillende plotte in sekwensie aangebied sodat kykers die gebeure kan volg en die plot momentum kan opbou? (e 902)
- 19) Kry kykers genoeg tyd om hulle te oriënteer ten opsigte van 'n storielyn/plot nadat die beeld soontoe sny voordat belangrike dinge gebeur? (e 908)
- 20) Is daar te veel karakters, plotte, subplotte en wendings wat tot gevolg het dat kykers sukkel om die draad van die storie te volg? (e 965)

7.2.5 Primêre en sekondêre plotte

- 1) Is daar 'n duidelike primêre plot? (e 25)
- 2) Bly die storie gefokus op die primêre plot? (e 195)
- 3) Definieer die held of die opponent die primêre plot? (e 174)
- 4) Bly die storie gefokus op die probleem van die primêre plot? (e 1014)
- 5) Is daar onnodige doodloopstrate in die primêre plot? (e 108)
- 6) Is daar onnodige inligting in die primêre plot? (e 207)
- 7) Sal die gemiddelde kyker die plot verstaan? (e 115)
- 8) Is daar 'n duidelike liniêre progressie in die primêre plot? (e 131)
- 9) Is die plot steeds vermaaklik indien dit intellektueel uitdagend is? (e 116)
- 10) Word 'n spesifieke periode in 'n held se lewe geneem en die belangrikste moment van sy lewe gemaak? (e 608)
- 11) Is dit 'n ongestruktureerde, persoonlike snitverhaal? (e 968)
- 12) Is dit 'n voorspelbaargestruktureerde, ooringewikkelde, oorbevolkte, onophoudelike aksie-en-effektestorie? (e 968)
- 13) Handel die primêre plot oor 'n eksterne probleem, 'n konkrete doelwit? (e 1013)



- 14) Konnekteer die primêre plot met 'n hooflebensprobleem, byvoorbeeld familie, sukses, identiteit, innerlike vrede en/of liefde? (e 1015)
- 15) Is daar te veel goeie materiaal in die storie? (e 1656)
- 16) Is die storie binne die reikwydte van die mens se geheue, of is dit te lank en/of te ingewikkel? (e 910)
- 17) Verloor die storie sy skoonheid omdat dit te kort is? (e 910)
- 18) Is daar 'n duidelike sekondêre plot? (e 27)
- 19) Bevat die sekondêre plot
 - a) die tema? (e 1019)
 - b) 'n liefdesstorie? (e 1020)
 - c) 'n definitiewe begin, middel en einde? (e 595)
 - d) die held se doelwitte, drome en begeertes? (e 1022)
 - e) inligting soos plante, wat 'n rol speel in die primêre plot? (e 1030)
 - f) ook 'n dramatiese struktuur, maar op 'n afgeskaalde vlak? (e 1033, 1034)
 - g) individuele temas soos identiteit, integriteit, liefde of inhaligheid of om jouself te vind? (e 1021)
 - h) dieselfde dramatiese elemente as 'n primêre plot, maar op 'n afgeskaalde vlak? (e 1033)
- 20) Begin die sekondêre plot tydens 'n komplikasie in die primêre plot? (e 1036)
- 21) Begin die sekondêre plot voor die primêre plot en ontwikkel so ver dat kykers dink dit is die primêre plot? (e 1048)
- 22) Hoeveel tyd word aan die sekondêre plot bestee? (e 10)
- 23) Is daar 'n duidelike doelwit vir die sekondêre plot? (e 27)
- 24) Is daar 'n duidelike liniêre progressie in die sekondêre plot? (e 131)
- 25) Is die spanning in die sekondêre plot laer as die in die primêre plot? (e 1035)
- 26) Het die sekondêre plot 'n uitwerking op die primêre plot? (e 1017)
- 27) Is dit struktureel verweef of oorvleuel dit met die primêre plot? (e 145, 1018)
- 28) Skep die verhoudings in die sekondêre plot gevoelens soos empatie of haat teenoor karakters in die primêre plot? (e 1027)
- 29) Wys die sekondêre plot 'n faset van 'n karakter se lewe wat geen verband hou met die primêre plot nie? (e 1032)
- 30) Handel die sekondêre plot oor 'n interne doelwit? (e 1026)
- 31) Dui die sekondêre plot die transformasie van karakters aan? (e 1023)
- 32) Help die sekondêre plot kykers verstaan hoekom karakters verander? (e 1024)
- 33) Watter van die volgende word deur die sekondêre plot bevorder:
 - a) *Uitweiding*: Situasies, karakters en ander kwessies word ontwikkel buite die hoofstorielyn sodat kykers nuwe dimensies daarvan ontdek.
 - b) *Spanning*: Kykers wonder hoe en waar die sekondêre en subplotte met die primêre plot verweefd gaan raak.
 - c) *Verhalende kompressie*: Dit verhoog die tempo en beperk die storie tot die essensie.
 - d) *Verbeelding en aktiewe deelname*: Die komplekse patrone nooi kykers om te interpreteer en te voorspel.
 - e) *Veelvuldige perspektiewe*: Dit herinner kykers dat daar baie geldige sienings en maniere van doen is? (e 1008)
- 34) Orkestreer die sekondêre plot gebeure wat lei tot verandering in die held? (e 1029)



- 35) Bevat die sekondêre plot interessanter karakters of gebeure as die primêre plot? (e 1025)
- 36) Kom die sekondêre plot se verhoudings in gevaar in die tweede helfte van die primêre plot? (e 1028)
- 37) Dra die sekondêre plot by tot 'n oorhoofse gevoel van realiteit deur omgewings wat die storieruimte verbreed? (e 1031)
- 38) Is die sekondêre plot se hoofklimaks in die tweede deel van die storie? (e 1034)
- 39) Vind die sekondêre plot se hoofklimaks plaas wanneer die primêre plot tussen klimakse/wendings is? (e 1045)
- 40) Indien die sekondêre plot belangrik is, is sy hoofklimaks naby of saam met die van die primêre plot? (e 1034)

7.2.6 Subplotte, lopers en lopende grappe

- 1) Is daar geen, te min of te veel subplotte? (ee 2, 145)
- 2) Is die subplotte duidelik en gefokus? (ee 207, 1047)
- 3) Hoeveel tyd neem die subplotte in beslag? (e 9)
- 4) Affekteer die subplot die held? (e 322)
- 5) Word die subplotte duidelik/effektief bekendgestel? (e 318)
- 6) Het die subplot 'n invloed op die verloop van die konflik? (e 321)
- 7) Word dit as kontras of spieëlbeeld vir die hoofplot(te) gebruik? (ee 320, 1037)
- 8) Is die subplot struktureel verweef met die hoofplotte? (ee 145, 409, 1018, 1019)
- 9) Watter van die volgende word deur die subplotte bevorder:
 - a) Tema.
 - b) Ironie.
 - c) Spanning.
 - d) Tydsverloop.
 - e) Nuwe komplikasies.
 - f) Verhalende kompressie.
 - g) Verbreding van storieruimte.
 - h) Komedie- of spanningsverligting.
 - i) Verbeelding en aktiewe deelname.
 - j) Uitbreiding van plot/nuwe dimensies.
 - k) Aanduiding van karakterverandering.
 - l) Veelvuldige perspektiewe? (ee 410, 496, 1008, 1023, 1031, 1039, 1054)
- 10) Begin die subplot tydens 'n komplikasie in een van die ander plotte? (e 1036)
- 11) Is die aantal subplotte proporsioneel tot die lengte van die storie? (e 1042)
- 12) Kan enige subplotte gesny word om die primêre en sekondêre plot en ander subplotte meer te fokus? (e 411)
- 13) Ontstaan dit
 - a) op 'n egte wyse uit karakters wat betrokke is? (e 323)
 - b) vanuit die hoofkarakters se verhoudings met bykarakters? (e 1049)
- 14) Maak die subplot die storie interessanter? (e 319)
- 15) Bevat dit onnodige/irrelevante inligting? (ee 207, 1032)
- 16) Is daar so baie subplotte dat die breë storie verwarrend is? (e 1041)
- 17) Help die subplot kykers verstaan hoekom karakters verander? (e 1024)
- 18) Begin die subplot eerste en skep die idee dat dit die/n hoofplot is? (e 1048)
- 19) Orkestreer die subplot gebeure wat lei tot verandering in karakters? (e 1029)

- 20) Bevat dit storie-inligting wat 'n belangrike rol speel in die hoofplot(te)? (e 1030)
- 21) Skep gebeure daarin gevoelens teenoor karakters in die hoofplot(te)? (e 1027)
- 22) Het elke subplot 'n duidelike
 - a) struktuur;
 - b) uiteensetting;
 - c) ontwikkeling;
 - d) wending en
 - e) klimaks? (ee 412 - 415, 1045)
- 23) Bied die subplot variasies op die tema van die primêre plot? (e 1055)
- 24) Is die spanning in die subplot laer as in die res van die storie? (e 1035)
- 25) Bevat dit interessanter karakters of gebeure as die hoofplot(te)? (e 1025)
- 26) Is daar 'n romantiese subplot, al is dit net 'n platoniese vriendskap? (e 1052)
- 27) Behels die subplot die aktiwiteite van bykarakters of hoofkarakters? (e 1038)
- 28) Is dit 'n storie in eie reg sonder om met die hoofplot(te) te kompeteer? (e 1040)
- 29) Handel dit oor
 - a) emosie;
 - b) 'n interne probleem;
 - c) uiteensetting en/of
 - d) die held se doelwitte, drome en begeertes? (ee 1022, 1026, 1050)
- 30) Dek dit soortgelyke konflik as 'n hoofplot, maar uit 'n ander perspektief? (e 1043)
- 31) Help die subplot om 'n voorspelbare storielyn meer kompleks te maak? (e 1044)
- 32) Handel die subplotte in die tweede bedryf oor voorstorie, innerlike worstelings, verhoudings en/of die tema? (e 1053)
- 33) Vul subplotte die hoofplotte in die tweede bedryf sinvol aan? (e 1051)
- 34) Trek dit die aandag af van die hoofplot(te)? (e 1025)
- 35) Is die subplotte opgelos teen die einde van die storie? (e 324)
- 36) Indien die subplot belangrik is, is sy klimaks naby of saam met die van die primêre plot? (ee 416, 1034)
- 37) Is subplotklimakse gespasieer tussen hoofplotklimakse/-wendings? (e 1046)
- 38) Eindig al die subplotte naby die einde van die storie of eindig dit verspreid vanaf die middel van die tweede bedryf? (e 627)
- 39) Is daar 'n loper? (e 220)
- 40) Word lopers gebruik vir karakterisering? (e 2158)
- 41) Word beide beeld en klank gebruik as loper? (e 2156)
- 42) Kan 'n loper gebruik word om 'n reeks van situasies te skep? (e 2153)
- 43) Word 'n loper gebruik om tonele te verbind of as 'n oorgang? (e 2155)
- 44) Bevat misteries en rillers lopers soos skadu's en klanke? (e 2154)
- 45) Skep lopers wat bedoel is vir karakterisering die vals verwagting van 'n uitbetaling? (e 2158)

7.2.7 Titel, begin en titelsekwens

- 1) Skep die titel (naam) die regte eerste indruk van die storie? (e 4044)
- 2) Is daar navorsing gedoen oor die titel se aanklank by kykers? (e 4053)
- 3) Is die titel kort genoeg om op 'n reklamebord by 'n teater te kom? (e 4063)
- 4) Is die titel van 'n bekende letterkundige produk onveranderd behou? (e 4049)
- 5) Prikkel die titel die belangstelling van kykers en kopers? (ee 218, 4047, 4054)
- 6) Is dit kort genoeg sodat potensieële kykers dit maklik sal onthou? (ee 4046, 4056)



- 7) Is die titel gekoppel aan een of meer van die volgende:
- Tema.
 - Genre.
 - Ruimte.
 - Konsep.
 - Terreine.
 - Tydseras.
 - 'n Karakter.
 - 'n Reël dialoog.
 - 'n Sleuteltoneel.
 - Oënskynlik niks.
 - 'n Sleutelgebeure? (ee 4050, 4052, 4055, 4056, 4058, 4061)
- 8) Verleen die titel sigself tot goeie, visuele plakkate? (e 4048)
- 9) Gee die titel die verloop van die storie weg? (e 4045)
- 10) Is die titel simbolies of ironies? (ee 2306, 4051)
- 11) Is die titel grafies/verbeeldingryk? (e 4055)
- 12) Is daar voordeel in 'n lang titel? (e 4059)
- 13) Is die titel inspirerend? (e 4060)
- 14) Wek die titel 'n beeld of emosie op? (e 4062)
- 15) Skep die titel die regte atmosfeer/emosie vir kykers? (e 4064)
- 16) Is die titel 'n metafoor van die toestand van die held of sy wêreld? (e 4065)
- 17) Skep die titel die regte verwagting by kykers oor watter genre dit is? (e 4057)
- 18) Begin die storie met 'n
- titel?
 - reël dialoog?
 - visueel treffende beeld/toneel?
 - interessante of innemende held?
 - besluit wat 'n konflik sal bespoedig?
 - konflik wat op die punt is om te lei tot 'n krisis?
 - karakter wat 'n keerpunt in sy lewe bereik het?
 - situasie waar iets van lewensbelang op die spel is?
 - atmosferiese toneel wat die gevoel van die storie vaslê?
 - gevaarlike situasie waaraan daar spoedig iets gedoen moet word?
 - aksietoneel soos moord, ontvoering, treinramp, rooftog of motorongeluk?
 - statiese uiteensetting wat 'n voorloper is vir die aksie wat gaan volg? (ee 397, 1094, 1095, 1103, 1110, 1113, 1116)
- 19) Gryp die opening jou aan? (e 197)
- 20) Is dit 'n effektiewe opening? (e 2)
- 21) Watter tipe opening is dit:
- Held-sonder-aksie.
 - Aksie-sonder-held.
 - Held-in-aksie.
 - Toekomsflits.
 - Montage.
 - Proloog.
 - Nuwe aankoms.
 - Uiteensettingsopening wat ruimte, styl en genre vestig? (ee 1105, 1111)



- 22) Bereik die eerste tien bladsye die volgende:
- Vestig karakters.
 - Vestig doelwitte.
 - Laat kykers omgee vir die held.
 - Stel die held op teenoor die opponent of die hindernisse? (e 1109)
- 23) Wat is die eerste ding wat kykers ervaar? (e 1113)
- 24) Gebeur iets interessants binne die eerste vyf minute? (e 1090)
- 25) Berei die begin die storie voor/vestig dit die storie-idee? (ee 198, 559)
- 26) Word 'n situasie aan die begin geskep wat komplikasies veroorsaak? (e 1091)
- 27) Skep die begin die regte houding/ingesteldheid by kykers vir die storie (e 1107)
- 28) Bereik die eerste toneel een of meer van die volgende:
- Voorskadu konflik.
 - Bevat opwinding of suggestie.
 - Skep 'n vraag oor wat volgende in die storie gaan gebeur.
 - Bevat komponente van konflik en/of aksie om kykers in te trek? (e 1117)
- 29) Gee die opening 'n gevoel van die storie se styl en stemming? (ee 398, 1104)
- 30) Sien kykers tydens die opening wat die grense van realiteit is? (e 1130)
- 31) Waar in die lewens van karakters begin die storie? (e 1113)
- 32) Sien kykers vroeg in die storie waaroor dit gaan? (e 155)
- 33) Begin die storie te laat? (e 117)
- 34) Begin 'n
- romanse met 'n troue?
 - karakterstorie met 'n stem-oor?
 - aksiestorie met 'n groot aksie-opening?
 - rillerstorie met 'n misterieuse, bangmaakopening? (e 1118)
- 35) Begin die storie direk, sonder enige uiteensetting? (e 1097)
- 36) Komplimenteer of benadeel die opening die res van die storie? (e 1100)
- 37) Verskaf die storie die genre en styl wat dit aan die begin belowe? (e 1112)
- 38) Bevat die begin nuuskierigheid en/of verandering en/of gevolge? (e 1106)
- 39) Begin die storie waar die plot interessant genoeg is om te vertel of begin dit te vroeg en trek sodoende? (ee 382, 1092)
- 40) Word kykers se nuuskierigheid oor wie karakters is, hoekom hulle daar is en wat hulle wil hê, benut? (e 1093)
- 41) Indien dit 'n televisiespeelprent is, begin dit met aksie of is dit so interessant dat kykers nie sal oorskakel na 'n ander kanaal nie? (ee 1098, 1101)
- 42) Indien die storie met aksie begin, word die tempo volgehou en oortref die hoofklimaks die voorafgaande aksie? (e 1099)
- 43) Word daar aan die begin gekonsentreer op die skepping van betrokkenheid by kykers of op die verskaffing van inligting? (e 1102)
- 44) Bevat die proloog die snellergebeurtenis? (e 1114)
- 45) Word die titels oor die beelde vertoon? (e 1119)
- 46) Begin die titels voor die beelde self? (e 1119)
- 47) Is daar 'n voortitelsekwens? (e 1119)
- 48) Lewer die voortitelsekwens 'n positiewe bydrae tot die struktuur? (e 1120)
- 49) Is die voortitelsekwens te lank of te kort? (e 1121)
- 50) Is die titelsekwens te ver in die storie? (e 1121)

7.2.8 Perspektief

- 1) Wie vertel die storie? (e 1676)
- 2) Ondersteun die perspektief die inhoud? (ee 1675, 1682, 1684)
- 3) Ondersteun die visuele oogpunt die vertellersperspektief? (e 1680)
- 4) Sal dit beter wees as iemand anders die storie vertel? (ee 102, 225)
- 5) Is die storie gefokus omdat dit die perspektief van die held is? (e 1668)
- 6) Is die held afwesig van belangrike tonele omdat die storie nie sy perspektief volg nie? (e 103)
- 7) Ontstaan 'n meerderwaardige perspektief omdat die kykers of 'n karakter iets weet wat 'n ander karakter nie weet nie? (e 1679)
- 8) Word die afloer-reaksie van kykers benut? (e 1611)
- 9) Bevat die storie meervoudige perspektiewe? (e 104)
- 10) Word die situasie onthul vanuit verskillende perspektiewe? (e 906)
- 11) Word meervoudige perspektiewe duidelik gekommunikeer? (e 105)
- 12) Pas die algemene perspektief op gebeure by die teikenmark? (e 1683)
- 13) Kan parallelle storielyne verbeter word met meer perspektiewe? (e 1684)
- 14) Is daar 'n onbekende, alomteenwoordige derdepersoonverteller? (e 1677)
- 15) Sal die storie meer intiem wees met 'n eerstepersoonverteller is? (e 1681)

7.2.9 Ruimte en terrein

- 1) Is dit die beste ruimte vir die storie? (e 1133)
- 2) Het die ruimte dramatiese betekenis? (e 1123)
- 3) Reflekteer die ruimte/terrein die tema? (e 1138)
- 4) Sal die storie baat by addisionele terreine? (e 1151)
- 5) Druk die ruimte/terrein 'n konsep simbolies uit? (e 1124)
- 6) Is die ruimte en karakters verweef in 'n eenheid? (e 1122)
- 7) Word die kinematiese medium optimaal benut? (ee 137, 1154)
- 8) Spring die storiegebeure inkonsekwent tussen realiteite rond? (e 1128)
- 9) Hoe beïnvloed die
 - a) storie die ruimte? (e 1136)
 - b) ruimte/terrein die tema? (e 1139)
 - c) ruimte die storie? (ee 1124, 1132)
 - d) ruimte/terrein die karakters? (ee 1123, 1135)
 - e) ruimte/terrein die karakters se loutsbestemming? (e 1123)
- 10) Wat is die gewone en spesiale wêreld van karakters? (e 724)
- 11) Is die ruimte/terrein 'n integrale deel van die plotgebeure? (ee 226, 1123)
- 12) Is die gewone wêreld vaal in vergelyking met die spesiale wêreld? (e 1182)
- 13) Is die storieruimte 'n spesiale wêreld en binneste grot vir die kykers? (e 1129)
- 14) Definieer die ruimte die
 - a) held?
 - b) hindernisse?
 - c) opponent(e)? (e 1131)
- 15) Is die
 - a) tydsera interessant? (e 261)
 - b) sosiale klas waarin die storie afspeel interessant? (e 261)
- 16) Skep die ruimte die regte stemming en atmosfeer? (ee 1131, 1156)



- 17) Word die realiteit wat vir die storie geskep is, gehandhaaf? (ee 24, 89, 1127)
- 18) Is die ruimte/konteks van die storie
 - a) wêreldwyd verstaanbaar? (e 1161)
 - b) volledig in die held se denke? (e 1125)
- 19) Beeld die ruimte/terrein karakter uit? (e 1124)
- 20) Is dit die regte karakters vir die ruimte? (e 1134)
- 21) In hoeveel kernruimtes speel die storie af? (e 24)
- 22) Kontrasteer die ruimte/terrein met die held? (e 1160)
- 23) Neem die ruimte of terreine kykers na nuwe en buitengewone plekke of sien hulle die gewone op 'n buitengewone manier? (ee 118, 1123, 1158)
- 24) Skep die ruimte/terrein 'n betekenisvolle wêreld of is dit net 'n visueel stimulerende omgewing? (e 1159)
- 25) Is die volgende deel van die ruimte:
 - a) Situasië.
 - b) Manipulerings.
 - c) Problematiese maniere van dink.
 - d) Problematiese gefikseerde idees? (ee 1146, 1147)
- 26) Is die opponente en held geografies naby mekaar? (e 1341)
- 27) Funksioneer die ruimte as 'n opponente of hindernis? (e 1124)
- 28) Kan kykers identifiseer met die ruimte van die storie? (ee 153, 1126)
- 29) Is die ruimte/terreine iets generies of
 - a) bied dit iets waarmee karakters interaksie kan hê? (e 1145)
 - b) verskaf dit bronne van konflik/hindernisse vir die held? (e 1142)
- 30) Reflekteer elke toneel 'n oorhoofse gevoel van die groter ruimte? (e 1140)
- 31) Verskaf die ruimte/terrein perspektief en konteks aan elke toneel? (e 1141)
- 32) Word realisme verhoog omdat karakters interaksie het met die terrein of rekwisiete? (e 1157)
- 33) Ontgin elke toneel die
 - a) latente emosie van die ruimte/terrein?
 - b) latente hindernisse van die ruimte/terrein?
 - c) tematiese moontlikhede van die ruimte/terrein? (e 1140)
- 34) Raak terreine irriterend/vermoeiend omdat dit te lank dieselfde bly? (e 1149)
- 35) Vind jaagsekwense plaas in interessante/buitengewone omgewings? (e 1150)
- 36) Gee die terrein kykers 'n gevoel van die hoofkarakters se belewenis van die ruimte of gebeure? (e 1152)
- 37) Is die fisiese ruimte in wetenskapsfiksie
 - a) *aardse wêreld*: 'n Oordrywing van 'n deel van die aarde, byvoorbeeld sneeubedekte of woestynagtige planete.
 - b) *geslote habitats*: Byvoorbeeld 'n ruimteskip of stad onder die see? (e 1176)
- 38) Lewer elke toneel se agtergrond kommentaar op die inhoud of is daar sommige tonele wat neutraal is? (e 1153)
- 39) Is dit funksioneel vir die terrein om kommentaar te lewer of nie? (e 1153)
- 40) Is karakters in 'n geslote omgewing wat gesprekke afdwing indien die storie baie dialoog bevat? (e 1155)

7.2.10 Tyd

- 1) Speel die storie oor so baie tye af dat dit die drama versnipper? (e 1164)
- 2) Is daar 'n verwysingsraamwerk van die tydsverloop vir kykers? (e 1172)
- 3) Word tydsverloop aangedui deur beeld, kleur of klank? (ee 1163, 1172)
- 4) Word tyd gekondenseer of gerek deur 'n montage? (e 1168)
- 5) In watter van die volgende tydsruimtes speel wetenskapsfiksie af:
 - a) *Die nabye toekoms*: 5 – 20 jaar vanaf die hede.
 - b) *Na die katastrofe*: Die wêreld na 'n ramp amper alles vernietig het.
 - c) *Die verre toekoms*: Millennia in die toekoms en die mensdom het moontlik uitgebrei na ander sonne- of sterrestelsels? (e 1175)
- 6) Is daar visuele clichés wat tydsverloop aandui? (e 1163)
- 7) Word tyd geherorganiseer? (e 1169)
- 8) Is die herorganisasie van tyd geïntegreer met die storie? (e 1169)
- 9) Word inligting oor die herorganisasie van tyd verskaf ter wille van karakters of ter wille van uiteensetting? (e 1169)
- 10) Indien tyd geherorganiseer word, is dit 'n geïntegreerde element van geheue, verwagting, angs of begeerte? (e 1169)
- 11) Is daar 'n dringende logika hoekom tyd geherorganiseer word, of is dit ooglopend en verswak die eenheid van struktuur? (e 1170)
- 12) Word tydsverloop aangedui deur
 - a) dialoog;
 - b) kostuums;
 - c) 'n montage;
 - d) datums te superponeer;
 - e) die hantering van objekte;
 - f) die hoofkarakters te verouder;
 - g) produkte wat tipies is van die era;
 - h) nuusberigte van die tydsera;
 - i) kinders wat ouer word;
 - j) stem-oorvertellings;
 - k) plante wat groei;
 - l) konstruksieprojekte wat vorder en/of
 - m) gebeure wat op sigself beweging deur tyd aandui? (ee 1165 - 1168, 1172)
- 13) Is die tydsraamwerk van die storie 'n paar dae, weke of maande? (e 1171)
- 14) Word die tyd van die dag, seisoene of die historiese tydperk gebruik om betekenis aan die inhoud te verleen? (ee 1173, 1174)
- 15) Is die lengte van subtitels wat tydsverloop aandui en die tyd wat dit kykers neem om dit te lees, proporsioneel tot die lengte van die tydsverloop? (e 1162)

7.2.11 Uiteensetting: algemeen

- 1) Weet kykers binne die eerste tien bladsye oor *wie* en *wat* die storie gaan en onder *watter omstandighede* dit afspeel? (e 1194)
- 2) Is die eerste tien bladsye gevul met uiteensetting/nuttelose tonele of beweeg die storie vorentoe? (e 1196)
- 3) Is die uiteensetting verspreid oor die storie? (e 3)
- 4) Bevat die eerste bedryf die meerderheid van die uiteensetting? (e 561)



- 5) Ontvang kykers genoeg inligting om die storie te verstaan? (ee 1189, 1201)
- 6) Is die uiteensetting voor die snellergebeurtenis te lank en/of te stadig? (e 621)
- 7) Spandeer karakters te veel tyd om hulle verlede, hede, toekoms, motiverings en ander onderwerpe te ontleed? (e 1198)
- 8) Vestig die eerste bedryf effektief die
 - a) tyd;
 - b) ruimte;
 - c) situasie;
 - d) karakters;
 - e) uiterlike doelwit en
 - f) waardes en sosiale nuanses? (ee 561, 725)
- 9) Word woorde in 'n karakter se dialoog geforseer vir uiteensetting? (e 1212)
- 10) Is daar karakters wat net daar is om uiteensetting te verskaf? (e 1205)
- 11) Is die enigste funksie van 'n toneel om uiteensetting te gee? (e 3680)
- 12) Is die uiteensetting effektief of benadeel dit die storie deur
 - a) te oorverduidelik;
 - b) die aandag af te trek;
 - c) dit tot stilstand te bring;
 - d) die verloop weg te gee;
 - e) inligting te direk te verskaf;
 - f) inligting onnodig te herhaal;
 - g) insig te vervang met inligting;
 - h) kykers te verveel omdat hulle te veel te vroeg weet en/of
 - i) die irrelevantheid daarvan? (ee 3, 110, 161, 535, 969, 1188, 1191, 1197, 1218, 1778, 1839, 3680, 3683)
- 13) Oriënteer of verwar die uiteensetting kykers? (ee 1188, 1189, 1215)
- 14) Hou die inligting verband met die resoluë van die storie? (e 3683)
- 15) Gee die uiteensetting kykers insig in die huidige situasie? (e 3682)
- 16) Is die
 - a) storiebeperkings duidelik?
 - b) karakterbeperkings duidelik? (e 325)
- 17) Wat kan geïmpliseer word? (ee 1215, 1223)
- 18) Is daar uiteensettingsklonte of inligtingstorting? (e 1227)
- 19) Word nuwe elemente op gepaste tye bekendgestel? (ee 143, 441)
- 20) Word karaktereenskappe wat uitgelig word, later aangewend? (e 3690)

7.2.12 Uiteensetting: tegnieke

- 1) Hoor kykers van iets of sien hulle dit? (e 1210)
- 2) Word dit wat kykers moet weet, beperk? (e 1206)
- 3) Word die behoefte vir inligting by kykers geskep voor dit gegee word? (e 1219)
- 4) Word alle inligting onmiddellik aan kykers oorgedra of is daar afwagting en spanning omdat hulle wonder oor sekere karakters of gebeure? (ee 537, 1192)
- 5) Onthul die uiteensetting net dit wat kykers absoluut nodig en wil weet en niks meer nie? (e 1218)
- 6) Watter inligting moet aan die begin onthul word en watter kan teruggehou word? (ee 1221, 1222)



- 7) Word uiteensetting verskaf deur
 - a) titels;
 - b) terugflitse;
 - c) 'n verteller;
 - d) omgewing;
 - e) gesprekke;
 - f) 'n telefoongesprek;
 - g) 'n televisienuusberig en/of
 - h) 'n emosionele gesprek? (ee 1220, 1225)
- 8) Lei die uiteensetting tot liefde of haat vir 'n karakter? (e 1186)
- 9) Lag kykers tydens 'n toneel wat uiteensetting bevat? (e 3685)
- 10) Word die uiteensetting op 'n vermaaklike wyse oordra? (e 1193)
- 11) Word inligting in raaiselgenres effektief van kykers weerhou? (e 1187)
- 12) Is daar voldoende uiteensetting vir komplekse en eksotiese ruimtes? (e 726)
- 13) Word uiteensetting verskaf om kykers te heroriënteer indien daar 'n groot tydsverloop tussen die verskillende plotte was? (e 1190)
- 14) Word kykers direk in die aksie geplaas en toegelaat om self die feite uit te werk soos dit ontvou? (e 1200)
- 15) Lyk dit of omstandighede karakters dwing om iets te sê? (e 1204)
- 16) Word uiteensetting binne die dramatiese omstandighede versteek? (e 1202)
- 17) Vertel karakters mekaar iets wat hulle albei reeds weet? (ee 1199, 3667)
- 18) Indien karakters mekaar iets vertel wat hulle albei reeds weet, vul dit 'n ander ooglopende behoefte? (e 1199)
- 19) Benodig karakters die inligting? (e 1208)
- 20) Affekteer die uiteensetting die huidige aksie direk? (e 3682)
- 21) Vloei uiteensetting uit die dramatiese konteks of is dit bo-op neergelê? (e 1203)
- 22) Word uiteensetting geleidelik deur die toneel of 'n paar tonele gedoen? (e 3668)
- 23) Ondermyn die uiteensetting kykers se emosionele toestand wat die storie op daardie oomblik vereis? (e 3674)
- 24) Is die uiteensetting ammunisie in karakters se stryd? (e 1214)
- 25) Kan die uiteensetting verbeter word deur konflik by te voeg? (e 1226)
- 26) Skep die inhoud eerstens konflik en verskaf tweedens uiteensetting? (e 1213)
- 27) Is uiteensetting ingewerk in
 - a) aksie;
 - b) konflik of
 - c) statiese dialoog? (ee 538, 1204, 1209)
- 28) Tree die kamera tydens uiteensetting ook geloofwaardig op? (e 1211)
- 29) Word uiteensetting gedramatiseer deur eerlike, natuurlike tonele waarin karakters op geloofwaardige maniere optree, maar terselfdertyd noodsaaklike inligting verskaf? (e 1213)
- 30) Verskaf persone inligting vrywillig of moet karakters sukkel om inligting te bekom? (ee 1208, 3661)
- 31) Bevraagteken, ignoreer of verwerp 'n karakter inligting wat iemand vrywillig aan hom verskaf? (e 3662)
- 32) Maak 'n karakter verkeerde afleidings van inligting wat iemand vrywillig aan hom verskaf? (e 3663)



- 33) Is die inligting wat iemand vrywillig verskaf vals of slegs 'n gedeelte van die waarheid, met gepaardgaande gevolge? (ee 3664, 3665)
- 34) Het die uiteensetting 'n progressiewe patroon deurdat dramaties onbelangrike feite eerste kom, dan belangrike feite en kritieke feite heel laaste? (e 1216)
- 35) Skep die verkryging van inligting 'n patroon van stygende aksie/spanning? (e 3661)
- 36) Kry kykers die gevoel dat hulle blootgestel word aan binne-inligting? (e 2246)
- 37) Neem die storie 'n wending as inligting oor 'n karakter onthul word? (e 1224)
- 38) Is daar subtittels wat vorige of toekomstige gebeure beskryf? (e 1264)
- 39) Dra subtittels by tot die storie se stemming en styl? (e 1268)
- 40) Sal die storie net so goed werk sonder subtittels? (e 1265)

7.2.13 Uiteensetting: voorstorie, terugflitse, drome, montages

- 1) Is daar te veel voorstorie? (e 2678)
- 2) Word geheime stadig en pynlik onthul? (e 1234)
- 3) Verskaf die voorstorie kragtige onthullings? (e 1229)
- 4) Is daar iets waaroor 'n karakter nie wil praat nie? (e 1233)
- 5) Onthul dit waarom karakters nie wil praat nie, iets? (e 1233)
- 6) Word voorstorie
 - a) subtiel aangebied? (e 1228)
 - b) geleidelik deur die storie onthul? (ee 336, 1232)
 - c) deur terugflitse/drome verskaf? (ee 1230, 1241, 1254)
 - d) verskaf wat onnodig is om die storie te verstaan? (e 3683)
 - e) aangebied deur subtiele dialoog wat terugwys na gebeure? (e 1228)
 - f) aangebied deur subtiele aksie wat terugwys na soortgelyke gebeure? (e 1228)
- 7) Word vorige betekenisvolle gebeure in karakters se lewe op kritieke oomblikke onthul om wendings of omkere te veroorsaak? (e 1229)
- 8) Word kykers ingetrek deurdat hulle moet werk om die voorstorie aanmekaar te sit? (ee 1231, 1234)
- 9) Is daar nuuskierigheid by kykers oor karakters, waar hulle vandaan kom en wat hulle motiveer? (e 1235)
- 10) Word uiteensetting gedoen deur middel van 'n
 - a) droom? (e 1261)
 - b) montage? (e 1262)
- 11) Is die terugflits/droom/montage
 - a) te lank? (e 1257)
 - b) interessant? (e 1263)
 - c) gedramatiseer? (e 1252)
 - d) noodsaaklik vir die struktuur? (e 1259)
 - e) binne 'n tweede terugflits/droom? (e 1249)
 - f) met 'n duidelike oorgangstegniek ingelui? (e 1258)
 - g) voor kykers omgee oor wat in die toekoms gaan gebeur? (e 1256)
 - h) voordat kykers georiënteer is ten opsigte van die karakters? (e 1247)
 - i) verwarrend omdat dit te naby aan die begin van die storie is? (e 1247)
- 12) Strem die retrospektiewe aard van terugflitse momentum? (e 1236)
- 13) Het die montage 'n funksie of is dit 'n lui substituuat vir dramatisering? (e 1262)

- 14) Bevat terugflitse/drome 'n snellergebeurtenis, progressie en wending? (e 1252)
- 15) Is terugflitse, drome, montages, lang uiteensettingstoesprake of lang voorstorie werklik nodig? (ee 460, 539)
- 16) Skep 'n verteller die oorgange tussen verskillende terugflitse/drome? (e 1242)
- 17) Is daar 'n verteller indien die hele storie geskryf is as 'n terugflits/droom? (e 1240)
- 18) Word oorgange tussen terugflitse/drome na die verteller gemaak om kykers te heroriënteer en nie omdat die storie daarvoor vra nie? (e 1243)
- 19) Skep terugflitse/drome in televisie die behoefte om na advertensiebreke die kykers te heroriënteer deur die verteller terug te bring? (e 1250)
- 20) Word die terugflits/droom gebruik om inligting van kykers te weerhou om spanning of 'n vertraagde dramatiese impak te skep? (e 1245)
- 21) Ondermyn/onderbreek die terugflits/droom/montage die
 - a) illusie van onmiddellikheid?
 - b) aandaghoudende spanning?
 - c) gevoel van 'n aaneenlopende vloeï van gebeure wat begin en eindig sonder om terug te gaan in tyd? (ee 1237 - 1239)
- 22) Sal die storie beter werk sonder terugflitse/drome/montages? (e 1244)
- 23) Word die hoofklimaks of die afloop as 'n terugflits/droom aangebied? (e 1246)
- 24) Is terugflitse/drome wat inligting verskaf wat weerhou is, naby die einde? (e 1246)
- 25) Wys die terugflits/droom iets wat kort of lank voor die opening plaasgevind het? (e 1248)
- 26) Word 'n klank wat vroeër in die storie gehoor is, gebruik as 'n ouditiewe terugflits? (e 1251)
- 27) Word die donkerste geheime
 - a) naby die einde openbaar?
 - b) onder die grootste druk openbaar? (e 1217)
- 28) Motiveer die terugflits/droom/montage die storie? (e 1255)
- 29) Wys die terugflits/droom inligting of vertel dit inligting? (e 1260)
- 30) Is daar 'n behoefte geskep by kykers vir die inligting in die terugflits/droom/montage? (e 1253)

7.2.14 Versteuring

- 1) Wat gee aanleiding daartoe dat karakters oorgaan tot aksie? (e 342)
- 2) Is die versteuring 'n telegram, telefoonoproep, lasbrief vir inhegtenisname, droom, ambisie, oorlogsverklaring, verveeldheid wat 'n drempel oorskry, versoeking, 'n gemis of 'n geheime plan? (ee 1279, 1294)
- 3) Word die katalis uitgedruk deur aksie? (e 401)
- 4) Is dit 'n positiewe of negatiewe oproep? (e 729)
- 5) Ervaar iemand pyn tydens die versteuring? (e 1277)
- 6) Watter argetipe bring die oproep tot avontuur? (e 1287)
- 7) Watter groot gebeure impakteer werklik op die held se lewe? (e 487)
- 8) Word die versteuring veroorsaak deur entiteite wat mekaar
 - a) afstoot wat bymekaar geforseer word?
 - b) aantrek wat van mekaar verwyder word? (e 1278)
- 9) Het die probleem waarmee die held aan die begin gekonfronteer word, 'n direkte verband met die hoofklimaks? (e 1288)

- 10) Waarsku die verkenningstog van die opponer die gemeenskap en die held dat daar onheil op pad is? (e 1283)
- 11) Verwar die held die
 - a) positiewe oproep van 'n mentor met die van 'n vyand?
 - b) toenadering van 'n vyand as 'n genotlike avontuur? (e 1281)
- 12) Word die oproep tot avontuur op die ideale plek en tyd gelewer? (e 728)
- 13) Is die versteuring deur middel van 'n boodskap of boodskapper? (ee 1279, 1280)
- 14) Kondig die boodskapper aan dat die wêreld van die held onstabiel is en in balans geplaas moet word deur die neem van risiko's en avontuur? (e 1282)
- 15) Is die katalis sterk en dramaties? (e 400)
- 16) Watter van die twee opponente
 - a) bestaan vooraf?
 - b) se verskyning laat die stryd begin? (e 1292)
- 17) Het die held tot dusver net-net oor die weg gekom deur middel van 'n arsenaal krukke, verslawings en selfverdedigingsmeganismes? (e 1282)
- 18) Ontken die held dat daar iets verkeerd is met sy gewone wêreld? (e 1282)
- 19) Is die oproep tot avontuur 'n proses van seleksie deurdat iemand na vore tree om die verantwoordelikheid te aanvaar? (e 1285)
- 20) Is die versteuring die laagste aan die begin van die storie en neem dit progressief toe tot by die hoofklimaks? (e 1303)

7.2.15 Weiering van oproep/snellergebeurtenis/oorsteek van drempel

- 1) Is dit 'n gewillige held wat die
 - a) innerlike oproep beantwoord en geen uiterlike oproep nodig het nie? (e 1286)
 - b) oproep sonder huiwering of vrees aanvaar? (e 735)
- 2) As dit 'n gewillige held is, word die vrees en twyfel wat deur die weiering van die oproep verteenwoordig word, deur ander karakters uitgedruk? (e 735)
- 3) Is daar twyfel of 'n gewillige held die opdrag kan uitvoer? (e 736)
- 4) Huiwer/weier die held om die oproep te aanvaar? (ee 730, 734)
- 5) Regverdig die huiwering die keuse van die held? (e 332)
- 6) Stuur die huiwering die boodskap dat die reis gevaarlik is? (e 731)
- 7) Is dit 'n onwillige held wat herhaaldelik geroep moet word? (e 1286)
- 8) Eskaleer die versteuring totdat die held begin optree? (ee 734, 744)
- 9) Neem die held die heldereis deeglik onder oë tydens die huiwering? (e 333)
- 10) Is die weiering van die oproep 'n enkele gebeure aan die begin of kom dit in elke stap van die heldereis voor? (e 737)
- 11) Is daar 'n duidelike oomblik wanneer die held begin optree? (e 453)
- 12) Is daar 'n duidelike snellergebeurtenis vir al die plotte? (ee 199, 399, 727)
- 13) Is die snellergebeurtenis
 - a) gekoppel aan 'n krisis? (e 861)
 - b) gekoppel aan 'n klimaks? (e 862)
 - c) gekoppel aan 'n besluit? (e 1289)
 - d) op die regte oomblik in die storie? (e 1300)
 - e) deur ewekansigheid of oorsaaklikheid? (e 1297)
 - f) naby die begin van aksiegedrewe stories? (e 1293)
 - g) van die primêre plot in beeld, tussen tonele of in die voorstorie? (e 1298)

- 14) Neem die
 - a) *versteuring* die *kykers* na die *storiekern*? (e 1290)
 - b) *snellergebeurtenis* die *held* na die *storiekern*? (e 1291)
- 15) Is dit wat die held oor die drempel forseer ekstern, intern of beide (e 745)
- 16) Vind die snellergebeurtenis plaas omdat die held uit opsies raak? (e 1284)
- 17) Versteur die snellergebeurtenis die balans van magte in die held se lewe in 'n positiewe of 'n negatiewe rigting? (e 1295)
- 18) Is die held en opponent of die opponent se sterkste verteenwoordiger betrokke by die snellergebeurtenis? (e 1302)
- 19) Gryp die snellergebeurtenis kykers
 - a) emosioneel aan?
 - b) rasioneel aan sodat hulle die hoof dramatiese vraag vra? (e 1300)
- 20) Dwing die snellergebeurtenis die held om daarop te reageer? (e 1296)
- 21) Is die versteuring en snellergebeurtenis dieselfde gebeure? (ee 1290, 1291)
- 22) Is die bewuswording van 'n noodsaaklike toneel tydens die snellergebeurtenis
 - a) vaag in karaktergedrewe stories?
 - b) sterk in aksiegedrewe stories? (e 1299)
- 23) Hoe kan die gebeure van die snellergebeurtenis uitdraai om die beste/slegste moontlike ding te word wat met die held kon gebeur? (e 1301)
- 24) Verstaan kykers hoekom die
 - a) held begin optree?
 - b) opponent begin optree? (e 454)
- 25) Hoe affekteer die held se gewilligheid/onwilligheid die oorsteek van die drempel? (e 752)
- 26) Is daar drempelwagte by die drempel en hoe affekteer dit die held se sprong in die duister? (e 753)
- 27) Hoe hanteer die held die drempelwagte? (e 754)
- 28) Wat leer die held tydens die oorsteek van die drempel? (e 755)
- 29) Watter opsies gee die held op as hy die drempel oorsteek? (e 756)
- 30) Sal die onbenutte opsies wat die held ignoreer voor die drempel, later terugkom om by hom te spook? (e 757)

7.2.16 Storieprobleem

- 1) Organiseer die storieprobleem die plot? (e 1306)
- 2) Is daar 'n bedreiging in die kern van die storie? (e 1313)
- 3) Begin die storie met 'n probleem, konflik of doelwit? (e 200)
- 4) Ontvang die held 'n onmoontlike opdrag aan die begin? (e 1322)
- 5) Watter van die volgende dramatiese enjins dryf die storie vorentoe:
 - a) Die opponent.
 - b) Die held.
 - c) Die sisteem.
 - d) 'n Natuurmag.
 - e) 'n Opdrag of soektog.
 - f) Konvensies en omstandighede? (e 1309)
- 6) Sien kykers vroeg in die storie waarop dit afstuur? (e 155)
- 7) Is daar konstante groei/progressie in die storieprobleem? (e 303)



- 8) Is die stryd as gevolg van 'n werklike, fiktiewe of triviale oorsaak? (e 2397)
- 9) Is die probleem of saad daarvan teenwoordig in die gewone wêreld? (e 1183)
- 10) Word die probleem volledig aan die begin bekendgestel of geleidelik? (e 1307)
- 11) Is dit wat op die spel is vir die held iets konkreets en substansieels? (ee 36, 178)
- 12) Begin menslike dramas met 'n persoonlike of innerlike probleem wat balansering vereis, maar wat relatief eenvoudig lyk om op te los? (e 1578)
- 13) Verbreed die impak van die held se aksies op die samelewing soos die storie verloop? (e 1577)
- 14) Watter van die volgende dramatiese kwessies dryf die storie vorentoe:
 - a) 'n Doelwit moet bereik word.
 - b) 'n Konflik moet opgelos word.
 - c) 'n Besluit moet geneem word.
 - d) 'n Raaisel moet opgelos word.
 - e) 'n Uitdaging moet gewen word.
 - f) 'n Hindernis moet oorkom word.
 - g) 'n Probleem moet opgelos word.
 - h) 'n Bedreiging moet teëgestaan word.
 - i) 'n Behoeftte/gebrek moet aangevul word? (e 1312)
- 15) Laat 'n hoek binne die eerste tien bladsye kykers wonder hoe dit gaan eindig? (e 325)
- 16) Is dit wat die storie vorentoe dryf gekoppel aan die storieprobleem? (e 1308)
- 17) Word die hoofkarakters betrek by 'n probleem of reeks van probleme? (e 1304)
- 18) Sny die storieprobleem by menslike dramas al dieper in karakters se
 - a) innerlike lewens?
 - b) intieme verhoudings?
 - c) donker geheime agter die openbare maskers?
 - d) emosionele, sielkundige, fisiese en morele dimensies? (e 1578)
- 19) Vloei die probleme natuurlik uit karakters se persoonlikhede, agtergrond en omstandighede? (e 1305)
- 20) Is daar 'n aaklige alternatief as die held nie sy doelwit bereik nie? (e 203)
- 21) Kan die storieprobleem vergroot word deur een karakter op te deel? (e 285)
- 22) Kan die storie verbeter word deur bestaande gebeure meer te ontgin? (e 985)
- 23) Sal die storie verbeter as daar belê word in verontwaardiging, ongelykheid en onreg wat verband hou met die held se lyding (e 966)
- 24) Affekteer die storie die lewens van al meer en meer mense? (e 1577)
- 25) Groei die impak op die held en samelewing eenmalig of geleidelik? (e 1577)
- 26) Indien die logika van die ruimte dit nie toelaat dat die storieprobleem wyd uitkring nie, dring dit dieper in? (e 1578)
- 27) Is die bedreiging die
 - a) agent wat die probleem skep wat lei tot die negatiewe toestand? (e 1314)
 - b) bron van weerstand wat die klassieke dramatiese struktuur skep? (e 1315)
- 28) Skep die probleem op sy beurt 'n karakter, mag, doelwit of situasie wat die storie vorentoe dryf? (e 1308)
- 29) Is daar genoeg dramatiese potensiaal in die eerste bedryf om die storie deur die tweede bedryf te dra? (e 1310)
- 30) Is uiterlike storieprobleme verweef met innerlike karakterdilemmas sodat alles aan die einde verband hou? (e 975)

7.2.17 Dramatiese vrae

- 1) Hoeveel kwelvrae is daar wat beantwoord/opgelos moet word? (e 1876)
- 2) Lei die versteuring direk of indirek tot die hoof dramatiese vraag? (e 1319)
- 3) Word die dramatiese vrae in die gewone wêreld gevra/gesuggereer? (e 1185)
- 4) Ontstaan die hoof dramatiese vraag te vroeg, te laat of op die regte tyd? (e 275)
- 5) Is daar 'n dramatiese vraag aan die begin wat lei tot 'n dramatiese oplossing aan die einde? (e 707)
- 6) Word die volgende generiese vrae gevra:
 - a) Romanse – sal die helde verlief raak en teen watter prys?
 - b) Rillers – sal die held(e) die bedreiging oorleef?
 - c) Raaisel – sal die verlore dele van die raaisel gevind word?
 - d) Reis – sal die held(e) die reis voltooi en hoekom is dit belangrik?
 - e) Wraak – sal die skuld vereffen word en aan wie?
 - f) Kompetisie – wie sal uiteindelik wen en wanneer?
 - g) Ramp – wie sal oorleef? (e 1321)
- 7) Is die hoof dramatiese vraag duidelik? (e 403)
- 8) Is daar 'n wending in die dramatiese vraag? (e 263)
- 9) Hou die hoof dramatiese vraag kykers emosioneel betrokke? (e 155)
- 10) Bestaan die vraag deurgaans of die held sy doel sal bereik? (e 1316)
- 11) Berei die hoof dramatiese vraag kykers voor op die hoofklimaks? (e 402)
- 12) Sal die belangstelling, afwagting of spanning verhoog indien die hoof dramatiese vraag vroeër gestel word? (e 275)
- 31) Ontstaan die vraag of die held sy doel gaan bereik spesifiek wanneer hy hom verbind tot die bereiking daarvan? (e 1317)
- 32) Is die hoof dramatiese vraag: "Hoe gaan dit eindig? (ee 1318, 1319)
- 33) Is daar aksievrae wat die storie vorentoe dryf en dramatiese vrae wat kykers betrek by karakters se emosies? (e 1320)
- 34) Word 'n dramatiese vraag geskep deur liefde te toets in 'n romanse? (e 331)
- 35) Wek elke belangrike toneel vrae? (e 1324)
- 36) Dryf die stres karakters romanties uitmekaar of na mekaar? (e 587)
- 37) Is die dramatiese vraag duidelik sonder om simplisties te wees? (e 1326)
- 38) Skep vrae in 'n toneel afwagting by kykers oor die volgende toneel? (e 1324)
- 39) Doen die storie 'n tesis oor die hoof dramatiese vraag of gee dit 'n deurdagte evaluering daarvan? (e 1326)
- 40) Is dit 'n oop dramatiese vraag of het dit 'n antwoord? (e 1328)
- 41) Wentel die hoof dramatiese vraag om een sentrale emosie? (e 1329)
- 42) Is die storie die ontdekking van 'n vraag of die bewys van 'n stelling? (e 1327)
- 43) Word daar 'n persoonlike dramatiese vraag geskep vir 'n karakter wat reeds in die eerste of tweede bedryf sterf of uit die storie verdwyn? (e 1330)
- 44) Word die beantwoording van kykers se vrae so lank moontlik uitgestel? (e 1323)
- 45) As die eerste dramatiese vraag deur 'n ander vervang word:
 - a) Is dit ernstiger as die eerste vraag?
 - b) Ontwikkel dit logies uit die eerste vraag?
 - c) Is dit meer prikkelend as die eerste vraag? (e 1315)
- 46) Onderlê die hoof dramatiese vraag die hoofklimaks? (ee 1325, 1841)
- 47) Word al die vrae/kwessies in die loop van die storie beantwoord? (e 327)
- 48) Word die dramatiese vrae te vroeg/laat of op die regte tyd beantwoord? (e 276)

7.2.18 Behoeftes

- 1) Watter behoefte/sielkundige geneigdheid maak karakters ingestel om onvermydelik op die bepaalde manier te reageer? (ee 3311, 3351, 3352)
- 2) Is die grootte van die verlore element in karakters proporsioneel tot die grootte van die behoefte of begeerte en aksies wat hulle neem? (e 3352)
- 3) Hou karakters se innerlike motivering verband met die verkryging van groter selfwaarde, 'n poging om beter te voel oor hulself? (e 3302)
- 4) Word karakters se genetiese en omgewingsfaktore gebruik om sielkundige behoeftes te skep wat hul motiveer? (e 3311)
- 5) Regverdig karakters se kernkonstantes/onderliggende lewenswaardes
 - a) die rasionaal vir hul doelwitte en
 - b) die metodes om dit te bereik? (ee 71, 2507)
- 6) Wat is karakters se sielkundige en dramatiese behoeftes wat hulle wil bevredig? (ee 3263, 3322)
- 7) Voel dit of karakters se optrede voortvloei uit die inherente dryfkrag van hul persoonlikheid? (e 2595)
- 8) Sal karakters omgee vir die kwessie waaroor die storie handel? (e 3306)
- 9) Is daar redenering, emosie en/of bedekte herinneringe agter karakters se aksies/dialoog? (e 3295)
- 10) Wat is die held se definisie van die "geluk" wat hy najaag? (e 1365)
- 11) Het karakters 'n
 - a) onbewuste eksterne behoefte(s)? (e 347)
 - b) bewuste eksterne doelwit en 'n onbewuste innerlike behoefte? (ee 514, 1340)
- 12) Is daar onderstrominge van emosie en gedagtes wat karakters werklik motiveer om binne 'n toneel op te tree soos hulle optree? (e 3584)
- 13) Wat is agter dit wat karakters sê of doen, elke poging om reg of verkeerd te bewys of om simpatie of vrees te wek? (ee 3470, 3600)
- 14) Is die pyn wat die aksie motiveer sielkundig/intern of fisies/ekstern? (ee 1366, 1372)
- 15) Het karakters 'n selfkonsep
 - a) en probeer hulle om dit te handhaaf? (e 346)
 - b) wat kykers help om hul persoonlikheid en aksies te verstaan? (e 3299)
- 16) Ontdek kykers 'n karakter se bedekte motiewe voor hy dit self ontdek? (e 3264)
- 17) Is daar 'n ware karakter weggesteek agter karakters se masker? (e 2565)
- 18) Is die intensiteit van die pyn wat die motivering veroorsaak kragtig? (e 1369)
- 19) Word 'n dramatiese behoefte later vervang deur 'n ander een? (e 3263)
- 20) Dryf of trek die behoefte karakters na die hoofklimaks? (e 3267)
- 21) Leer kykers wat en hoe dringend karakters se behoeftes is, beide bewustelik en onbewustelik? (e 2685)
- 22) Weet kykers hoekom 'n karakter 'n bepaalde ingesteldheid of gedrag het? (ee 3307, 3297)
- 23) Word die regte/geloofwaardige omstandighede geskep vir 'n karakter om homself te onthul? (ee 3710, 3711)
- 24) Lewer die karakter se onthulling kragtige kommentaar op hom? (e 3711)
- 25) Stel die karakter se onthulling hom in 'n ander lig? (e 3711)

- 26) Beantwoord die innerlike motivering die vraag waarom karakters iets doen? (e 3303)
- 27) Is die held se innerlike motivering gekoppel aan die karakterontwikkeling en tema? (e 3303)
- 28) Is innerlike behoefte ooglopend of irrelevant tot die karakter? (e 3304)
- 29) Wat is karakters se interne konflik en selfkennis? (ee 335, 438, 3360)
- 30) Is karakters se ooglopende behoefte hul werklike behoefte? (e 3264)
- 31) Opponeer karakters se onbewuste behoefte hul bewuste doelwitte of is dit in harmonie? (e 1340)
- 32) Verskil karakters se begeertes van hul behoeftes? (e 3316)
- 33) Is die feit dat karakters se begeertes verskil van hul behoeftes 'n bron van interne konflik? (e 3324)
- 34) Opponeer karakters mekaar sonder 'n rede wat uit behoeftes en motiverings vloei? (e 3325)
- 35) Word karakters minder in kykers se oë omdat die skrywer spesifieke oorsake koppel aan elke motivering? (e 3313)
- 36) Watter vlak(ke) van Maslow se behoeftehiërargie dryf die aksies van karakters aan? (e 3314)
- 37) Het karakters konflikterende behoeftes op die behoeftehiërargie? (e 3314)
- 38) Het 'n karakter wat korttermyn trauma ondergaan het, sielkundige gevolge wat sy gedrag beïnvloed? (e 3312)
- 39) Hoe beïnvloed karakters se kinderdae hul gedrag vandag? (ee 3327, 3328)
- 40) Is die eienskappe waaroor die held moet beskik om sy doelwit te bereik interessant? (e 3272)

7.2.19 Motivering

- 1) Hoe ver sal die karakter gaan om sy doelwit te bereik? (e 3823)
- 2) Is daar 'n fisiese aksie wat karakters vorentoe dryf? (e 3308)
- 3) Dryf die held se motiverings hom vorentoe? (ee 148, 150)
- 4) Hoe kompleks is karakters se motiverings? (e 3326)
- 5) Word karakters se motivering misverstaan omdat dit weggesteek is? (e 3583)
- 6) Berus motivering op aantrekking/toenadering of afstoting/vermyding? (e 1367)
- 7) Hoe duidelik is karakters se
 - a) innerlike motivering(s)?
 - b) uiterlike motivering(s)? (e 175)
- 8) Word karakters se motivering eksplisiet aan kykers uitgespel? (e 3317)
- 9) Is die motivering te flou vir die omvang van die doelwit? (ee 1368, 1370)
- 10) Is die doelwit te flou vir die sterkte van die motivering? (e 1370)
- 11) Word die uiterlike motivering onthul deur aksie? (e 3303)
- 12) Wil die spil karakter net iets hê of begeer hy dit so sterk dat hy bereid is om te vernietig of om vernietig te word? (ee 2517, 3262)
- 13) Wil karakters hulle geliefdes beskerm of mag/aansien verkry? (e 3582)
- 14) Is karakters se motivering realisties en organies tot die storie? (e 3318)
- 15) Word karakters gemotiveer deur interpersoonlike verhoudings om groot aksies te neem? (e 3298)
- 16) Het karakters 'n kragtige motivering om hul doelwit te bereik? (ee 139, 339, 502, 505, 3321)

- 17) Bly karakters se motivering konsekwent? (e 79)
- 18) Is karakters se motiverings geloofwaardig? (ee 2761, 4080)
- 19) Word spyt gebruik as motivering vir 'n karakter? (e 3293)
- 20) Het karakters 'n ambisie van een of ander aard? (e 3294)
- 21) Is daar 'n mate van dubbelsinnigheid in karakters se motivering? (e 3317)
- 22) Is daar voldoende/n geloofwaardige motivering wanneer karakters begin beweeg in die rigting van 'n doelwit? (e 3266)
- 23) Is daar iets op die spel wat dit vir kykers geloofwaardig/nodig maak dat die held die doelwit wil bereik? (e 3269)
- 24) Is karakters se gedrag ongeloofwaardig omdat dit nie ten volle gemotiveerd is nie? (e 3296)
- 25) Word die motivering effektief gekommunikeer of te terloops genoem? (e 3310)
- 26) Word karakters deur 'n gebrek aan goeie oordeel gemotiveer? (e 2757)
- 27) Is die geliefde 'n deel van die held se uiterlike motivering? (e 1336)
- 28) Is die held se motivering 'n goed bewaarde geheim? (e 1371)
- 29) Sal kykers die konteks van die motivering snap? (e 3310)
- 30) Dwing die storie die held om
 - a) op te tree?
 - b) te doen wat hy normaalweg nie sal doen nie? (e 957)
- 31) Sal die motivering beter gekommunikeer word deur dialoog, 'n terugflits of aksie? (ee 452, 3303, 3309, 3310, 3708)
- 32) Word die karakter en sy motiverings onthul deur die besluite wat hy neem of nie neem nie? (e 3300)
- 33) Verskaf die karakter se innerlike motivering die antwoord op die vraag hoekom hy sy uiterlike motivering wil bereik? (e 3301)
- 34) Is daar twee of meer voornemens wat dieselfde doelwit het? (e 1339)
- 35) Wat is die opponent se motivering om die doelwit te bereik? (e 340)
- 36) Hoe sterk is die opponent se motivering? (e 341)
- 37) Beantwoord die uiterlike motivering die vraag waarom die storie gaan? (e 3303)
- 38) Word goeie en slegte karakters deur dieselfde dryfkragte gemotiveer? (e 3305)
- 39) Het die held die wil om teen die opponent op te tree? (e 507)
- 40) Eindig of verval die motivering aan die einde? (e 1364)

7.2.20 Doelwitte

- 1) Is daar 'n duidelike hoofdoelwit(te) wat die held wil bereik aan die einde van die storie? (ee 35, 3268)
- 2) Het die held 'n toestand of 'n doelwit? (e 1342)
- 3) Wat is elke karakter se doelwit? (ee 455, 3320)
- 4) Is die doelwitte en probleme gepas vir die genre? (e 2583)
- 5) Het karakters onmiddellike en langtermyn doelwitte? (e 3265)
- 6) Is die hoofdoelwit *duidelik* uitgedruk as aktiewe werkwoorde? (ee 177, 2516)
- 7) Is daar kleiner subdoelwitte wat gerig is op die bereiking van die hoofdoelwit? (ee 1349, 1350)
- 8) Is die karakter se langtermyn doelwit gekoppel aan sy karakterisering en die koers wat hy inslaan? (e 3265)
- 9) Bepaal die held se doelwit die dieptestruktuur van die storie? (ee 148, 150, 501, 1311, 3268)

- 10) Vloei alle fasette van die storie, byvoorbeeld karakterontwikkeling, struktuur en elke toneel, uit die sigbare hoofdoelwit van die held? (ee 150, 1335)
- 11) Streef elke karakter aktief om sy doelwit te bereik? (e 2538)
- 12) Streef die held die aktiefste na 'n doelwit? (e 2918)
- 13) Is daar 'n sekondêre doelwit? (e 1357)
- 14) Is beide die primêre en sekondêre plotte se doelwitte duidelik? (e 1332)
- 15) Indien die held twee doelwitte het, is hulle inmeakaargeveg of verdeel dit die storie in twee? (e 1333)
- 16) Het karakters 'n kans om hul doelwitte te bereik? (e 2970)
- 17) Word die meeste storietyd aan die hoofdoelwit gewy? (e 26)
- 18) Identifiseer kykers met die held se hoofdoelwit? (ee 65, 504)
- 19) Is een doelwit se bereiking afhanklik van die bereiking van 'n ander? (e 1333)
- 20) Is die hoofdoelwit voldoende dringend om die storie deur te dra? (ee 456, 1337)
- 21) Het karakters dwingende persoonlike doelwitte wat spruit uit diep persoonlike, verstaanbare, emosionele behoeftes en letsels? (ee 2541, 3351)
- 22) Is die doelwitte en probleme geloofwaardig vir karakters? (e 2583)
- 23) Het die held swakhede wat dit moeilik maak om sy doelwitte te bereik? (e 2536)
- 24) Jaag die held eers 'n vals doelwit na omdat hy onbewus is van die ware doelwit? (e 597)
- 25) Kry die held by die hoofklimaks insig en kies dan die ware doelwit? (e 597)
- 26) Lê die hoofdoelwit so ver in die toekoms dat dit 'n te klein aantrekkingskrag vir kykers het? (e 1334)
- 27) Is die doelwit wat die held wil bereik identies met die eliminerings van die motivering? (e 1338)
- 28) Bring die held se doelwit hom in direkte konflik met die doelwit van die opponent? (e 3270)
- 29) Is die opponent se doelwit(te) duidelik? (e 529)
- 30) Het die opponente 'n agenda om iets te keer of te laat gebeur? (e 3274)
- 31) Word die opponent se doelwit vroeg in die storie bekendgestel? (e 1331)
- 32) Probeer die held keer dat die opponent 'n negatiewe doelwit bereik? (e 1343)
- 33) Het die held 'n negatiewe doelwit? (e 1343)
- 34) Het antagonistiese en minderwaardige karakters ook morele doelwitte en sienings? (e 2471)
- 35) Dien ander karakters se doelwitte as hindernisse en komplikasies? (ee 1402, 3323)
- 36) Word interne doelwitte 'n eksterne speelveld gegee sodat dit sigbaar is? (e 1348)
- 37) Is karakterdoelwitte meer voor die hand liggend hoe korter die storie is? (e 2583)
- 38) Hou die kompleksiteit van die doelwit verband met die storielengte? (e 2583)
- 39) Oorskadu die impak van 'n subdoelwit(te) die van die hoofdoelwit? (e 1351)
- 40) Word alle subdoelwitte afgehandel of hang sommige in die lug? (e 1352)
- 41) Word 'n nuwe subdoelwit betyds geskep om die wat eindig te vervang en sodoende die storie verder te neem na die hoofdoelwit? (e 1353)
- 42) Is daar 'n aantal subdoelwitte wat die swakheid van 'n doelwit wat te ver in die toekoms lê, oorkom? (e 1354)
- 43) Het alle subdoelwitte 'n oorsaak? (e 1355)
- 44) Kom die subdoelwitte reëlmatig en met 'n konstante sterkte voor of varieer dit in frekwensie en sterkte? (e 1356)

- 45) Moet kykers die karakter se doelwitte/gedrag op hierdie punt in die storie verstaan? (e 3273)
- 46) Wat probeer karakters op hierdie punt in die storie doen of kry? (e 3275)
- 47) Wat is die doelwitte van elke karakter as die toneel begin? (e 1344)
- 48) Wat bereik elke karakter in die toneel? (e 1345)
- 49) Is dit wat die karakter bereik dit wat hy aanvanklik beplan het? (e 1346)
- 50) Hoe het karakters se doelwitte verander aan die einde van die toneel? (e 1347)

7.2.21 Spesiale wêreld en nadertog tot die binneste grot

- 1) Hoe voel die energie van die storie anders in die spesiale wêreld? (e 751)
- 2) Kontrasteer kykers se eerste ervaring van die spesiale wêreld skerp met die gewone wêreld, selfs as dit 'n figuurlike spesiale wêreld is? (e 761)
- 3) Het die held tyd om aan te pas voor hy verder reis? (e 784)
- 4) Is die held 'n veteraan of 'n groentjie in die nuwe wêreld? (e 760)
- 5) Leer kykers saam met die held die reëls van die nuwe wêreld? (e 777)
- 6) Ontmoet die held die geliefde in die gewone of spesiale wêreld? (e 766)
- 7) Hoe reageer die held op die vreemdheid van die spesiale wêreld? (e 774)
- 8) Waar leer die held die nuwe reëls van die spesiale wêreld? (ee 759, 1409)
- 9) Vergesel die mentor/bondgenote die held tot in die spesiale wêreld? (e 777)
- 10) Waar ontmoet die held sy
 - a) bondgenote?
 - b) vyande? (ee 758, 759, 770)
- 11) Op watter wyse word die held getoets? (e 769)
- 12) Word die held se oordeel getoets as hy wil vasstel wie hy kan vertrou? (e 777)
- 13) Is die inwoners van die spesiale wêreld in twee groepe verdeel? (e 777)
- 14) Samel die held inligting in vir die nadertog tot die binneste grot? (e 768)
- 15) Reis die held deur 'n tussengebied wat strek vanaf die eerste drempel tot by die kern van sy reis? (e 784)
- 16) Kom die held
 - a) nog 'n misterieuse sone met sy eie drempelwagte en toetse teë? (e 785)
 - b) 'n reeks nuwe spesiale wêreldes teë, een binne die ander? (e 792)
 - c) meer te wete van sy bondgenote se ambisies tydens die reis? (e 795)
 - d) nuwe uitdagings, toetse, illusies, verleidings en vyande teë? (ee 789, 1409)
- 17) Is daar hofmakery tydens die nadertog? (e 787)
- 18) Is die held op sy hoede vir illusies en verleidings tydens die nadertog? (e 789)
- 19) Het elke uitdaging van die verlede die held voorberei vir die hede? (e 790)
- 20) Dwing die held respek af omdat hy so ver gevorder het? (e 791)
- 21) Word selfversekerde helde geskok omdat hulle die omstandighede onderskat het? (e 793)
- 22) Leer selfversekerde helde lesse soos dat belangrike gebeure met balans aangepak moet word of dat selfvertroue met nederigheid en 'n bewustheid van die risiko getemper moet word? (e 793)
- 23) Is daar mooiweersvriende wat die held in die steek laat? (e 794)
- 24) Maak die held en sy bondgenote planne, doen verkenning, bewapen hulleself, ontspan en versterk hulle bande vir oulaas soos hulle die kern van die spesiale wêreld nader? (ee 786, 1384)
- 25) Is daar voor die binneste grot nog 'n drempel? (e 778)

- 26) Is die verdedigingsinfrastruktuur rondom die grot oorweldigend? (e 800)
- 27) Is die held geïsoleerd wanneer hy die tweede drempel bereik? (e 794)
- 28) Is daar 'n kragtiger drempelweg by die tweede drempel? (e 778)
- 29) Volg die held die direkte benadering
 - a) en dring daarop aan om binnegelaat te word omdat hy selfversekerd is?
 - b) omdat hy homself opoffer vir iets/iemand anders?
 - c) as gevolg van onkunde? (e 788)
- 30) Kom die held verby die drempelweg deur 'n emosionele appèl? (e 796)

7.2.22 Hindernisse/komplikasies

- 1) Word die held gekonfronteer deur hindernisse om af te breek, weerstande om te neutraliseer, besware om teen te werk, skeptici om te oortuig, brûe om te bou en slaggate om te vermy? (e 3404)
- 2) Staan die hindernisse tussen die held en sy doelwit? (e 3)
- 3) Hoe reageer karakters op hindernisse? (e 343)
- 4) Watter van die volgende word aangewend:
 - a) Hindernisse.
 - b) Komplikasies.
 - c) Teenvoornemens? (e 1408)
- 5) Wat het die held nodig om sy hindernisse te oorkom/doelwit te bereik? (e 176)
- 6) Hoe groot is die hindernisse in die pad van die held vir hom? (ee 37, 151)
- 7) Hoeveel van die hindernisse skep 'n stryd/konflik? (ee 1391, 1471)
- 8) Neem die hindernisse/komplikasies toe soos die tweede bedryf vorder? (e 26)
- 9) Is daar
 - a) ongewone hindernisse? (e 3011)
 - b) verskillende soorte hindernisse? (e 5)
- 10) Het die held ook innerlike hindernisse? (e 1410)
- 11) Spruit elke hindernis voort uit die een voor hom? (e 1400)
- 12) Is die hindernis groter as die een voor hom as gevolg van sy fisiese en/of sy sielkundige grootte? (e 1401)
- 13) Dwing elke hindernis wat die held teëkom wat hy nie kan oorkom nie, hom om óf sy koers te verander óf om self te verander? (e 1414)
- 14) Motiveer/forseer hindernisse karakters om nog harder te probeer? (e 344)
- 15) Is die hindernisse/toetse in die aard van die spesiale wêreld ingebou? (e 763)
- 16) Veroorsaak die komplikasie reperkussies wat eers later in die plot gekonfronteer moet word? (e 1987)
- 17) Is komplikasies kreatiewe, maar geloofwaardige faktore wat tot die storiewêreld gevoeg word? (e 1984)
- 18) Is die hindernisse/komplikasies
 - a) innerlike probleme;
 - b) fisiese obstruksies;
 - c) mense/die opponent;
 - d) mistieke of abstrakte magte;
 - e) gebeure/onverwagse probleme;
 - f) 'n omgewings- of omstandighedsfaktor en/of
 - g) nuwe houdings? (ee 1393, 1398, 1411, 1985, 1992)

- 19) Dra die verskil tussen die held se behoefte en sy doelwit by tot die innerlike hindernisse wat hom opponeer? (e 1412)
- 20) Word die innerlike hindernisse wat die held moet oorkom in 'n subplot of in die primêre plot hanteer? (e 1413)
- 21) Bou die storie op die hindernis of die besluit en aksie om dit te oorkom? (e 1403)
- 22) Hoeveel hindernisse/komplikasies is daar? (ee 5, 1963)
- 23) Word die komplikasies veroorsaak deur
 - a) 'n ontdekking;
 - b) 'n misverstand;
 - c) 'n verwarde identiteit;
 - d) die aankoms van 'n karakter en/of
 - e) 'n onverwagse stel omstandighede? (e 1989)
- 24) Is daar verskillende tipes komplikasies? (e 1993)
- 25) Is dit 'n egte komplikasie of net 'n hindernis? (e 1986)
- 26) Kom die komplikasie in die pad van 'n karakter se doelwit? (e 1976)
- 27) Hoeveel bemoeilik die komplikasie die situasie vir die held? (e 1977)
- 28) Is daar voldoende, onvoldoende of geen oorsake vir die komplikasies? (e 1963)
- 29) Voeg die komplikasie afwagting/spanning by die storie deurdat dit nie onmiddellik uitbetaal nie? (ee 1974, 1988)
- 30) Tree 'n komplikasie per toeval in? (e 1965)
- 31) Dra die komplikasie by tot storieverlenging? (e 1991)
- 32) Skep die komplikasies dieper karakteriserings? (e 1994)
- 33) Spin die komplikasies die web om die held stywer? (e 1996)
- 34) Het die komplikasies 'n effek op verskeie karakters? (e 1993)
- 35) Toon die wyse hoe 'n held 'n komplikasie hanteer sy ontwikkeling? (e 1994)

7.2.23 Gevaar/risiko's

- 1) Is die risiko groot genoeg? (e 286)
- 2) Is daar 'n konstante risiko dat die held kan verloor? (e 330)
- 3) Hoeveel van Maslow se behoeftehiërargievlakke is in gevaar? (e 4024)
- 4) Word die risiko wat die held konfronteer, effektief gekommunikeer? (e 128)
- 5) Is daar 'n situasie van lewe-of-dood of waar die held se doelwit in ernstige gevaar is? (e 1359)
- 6) Is daar soveel op die spel dat kykers omgee of die krisis opgelos word of nie? (ee 1360, 1361)
- 7) Kan die risiko verhoog word deur meer
 - a) terreine;
 - b) karakters;
 - c) reëls en/of
 - d) hindernisse te skep? (e 291)
- 8) Het die held met die snellergebeurtenis net 'n klein kans om sy doelwit te bereik, gesien binne die som van sy intellektuele, emosionele, sosiale en fisiese vermoëns en die som van die antagonistiese magte? (e 1406)
- 9) Word interne of abstrakte magte geëksternaliseer of konkreet gemaak (e 1399)
- 10) Voer die held 'n stryd om beheer van die span wat hom vergesel? (e 765)
- 11) Gebruik die held die opponent(te) se energie om deur hulle verdediging te dring/hulle te oorwin? (e 801)

- 12) Bevat die storie 'n tese, antitese en sintese? (e 959)
- 13) Wanneer besef die held hoe die opponent se denke werk? (e 801)
- 14) Geniet kykers dit as die held dieper in die moeilikheid raak? (e 1396)
- 15) Lyk die somtotaal van al die vlakke van antagonisme oorweldigend? (e 1406)

7.2.24 Besluite, planne en insig

- 1) Neem die held na die snellergebeurtenis konserwatiewe, minimum aksie om die gebeure reg te stel of tree hy oordadig op? (e 1390)
- 2) Besef/vermoed kykers na die held se eerste pogings om die konflik op te los dat verdere minimale pogings nie die balans sal herstel nie? (e 1390)
- 3) Word karakters gekonfronteer met moeilike sosiale of etiese besluite wat ander mense beïnvloed? (ee 2490, 2587)
- 4) Word al die betrokke karakters geforseer om besluite te neem? (ee 1378, 2075)
- 5) Kan 'n toneel verbeter word deur 'n keuse/besluit vir 'n karakter te skep? (e 2087)
- 6) Word die held gedwing tot groot besluite omdat hy tussen twee vure is? (e 1377)
- 7) Is die held se besluite proporsioneel tot die risiko wat hy voor kans sien? (e 1380)
- 8) Neem karakters voortdurend besluite? (e 1381)
- 9) Is daar hoë risiko's gekoppel aan die besluit? (ee 1648, 2075)
- 10) Is die karakter nie in staat om 'n besluit te neem nie? (ee 2577, 3279)
- 11) Is dit rasoniese besluite, waardebepalings of intuïtiewe besluite? (e 2076)
- 12) Is daar keuses tussen
 - a) onversoerbare goeie opsies van gelyke gewig en waarde?
 - b) die beste van twee slegte opsies?
 - c) unieke, maar onversoerbare begeertes?
 - d) konflikterende begeertes op verskillende vlakke van konflik? (ee 2080, 2083)
- 13) In hoeveel tonele neem 'n karakter 'n besluit om een aksie te neem eerder as 'n ander? (e 1381)
- 14) Laat besluite die drama eskaleer? (e 1379)
- 15) Vind die groot keuses tydens 'n krisis/dilemma plaas? (ee 1381, 2081)
- 16) Is daar beide geleenthede en risiko's betrokke by die besluite? (e 1381)
- 17) Bly die held se pogings op die vlak waarop dit reeds misluk het? (e 1390)
- 18) Skep die gaping tussen die held se verwagte resultate en die hoofkonflik se realiteit, verrassings wat lei tot groter stryd en spanning? (ee 1389, 1390)
- 19) Maak karakters altyd die regte keuse volgens hulle persepsie? (e 2077)
- 20) Is die keuse tussen reg en verkeerd so ooglopend dat dit nie 'n dilemma/keuse is nie en daarom dramaties triviaal? (ee 2077, 2079)
- 21) Is daar verskeie keuses tydens aksie? (e 1648)
- 22) Is die keuse twyfel of dilemma? (e 2083)
- 23) Is daar driehoekige verhoudings wat 'n finale keuse afdwing? (e 2082)
- 24) Is die keuses 'n kragtige uitdrukking van die held se persoonlikheid en die ruimte waarin hy woon? (e 2081)
- 25) Dra karakters by tot die skepping van hulle eie lot deur hulle besluite? (e 2084)
- 26) Word karakters se besluite bepaal deur ondervinding en temperament? (e 2084)
- 27) Is die keuse een van die fassinerende oomblikke in die storie? (e 2085)
- 28) Skep die keuse afwagting of spanning? (e 2085)
- 29) Is kykers bewus van die verskillende implikasies, maar het geen idee watter keuse die held gaan maak nie? (e 2085)



- 30) Is daar keuses wat belangrik is sonder dat dit gaan oor lewe-of-doodkwessies? (e 2086)
- 31) Pleeg misdadigers eers misdaad na hulle oortuig is dat dit die regte keuse is? (e 2078)
- 32) Wat is die implikasies van 'n keuse vir die volgende toneel? (2088)
- 33) Word die krisisbesluit direk na die snellergebeurtenis geneem? (e 2384)
- 34) Is keuses wat karakters in die toneel maak die regte of verkeerde? (e 2088)
- 35) Neem die held besluite van substansie tydens die tweede en derde bedryf? (e 2384)
- 36) Is die krisis met sy gevaardgaande besluit
 - a) aan die einde van die tweede bedryf?
 - b) deel van die hoofklimaks? (e 2384)
- 37) Is daar 'n oomblik van grootste spanning wanneer die held se opsies uitgeput is en daar net een finale besluit oor is? (e 1382)
- 38) Beantwoord die finale besluit die vraag: "Hoe gaan alles eindig?" (e 1382)
- 39) Implementeer die held 'n plan as die probleem hom konfronteer? (e 1385)
- 40) Word die besluite wat karakters geforseer word om te neem, al belangrik vir hulleself en die einde, soos die storie ontwikkel? (ee 890, 1585)
- 41) Hoe groot is die finale besluit wat die held moet neem? (e 1383)
- 42) Is die plan bewustelik of onbewustelik? (e 1386)
- 43) Reflekteer die plan in dialoog? (e 1387)
- 44) Is kykers bewus van die held se bedoeling? (e 1387)
- 45) Dui die plan vir kykers aan hoe die held die probleem sien? (e 1388)
- 46) Wat is die held se graad van bewustheid en kennis van die werklike situasie? (ee 612, 2346)
- 47) Het kykers vir die grootste deel van die storie meer insig as die held? (e 612)
- 48) Vind die held se selfinsig plaas voor die eksterne konflik opgelos word? (e 857)
- 49) Verbind die held sy insig aan sy sukses? (e 616)
- 50) Lei en verbaas die held kykers vanaf die oomblik van insig? (e 616)

7.2.25 Handeling/gebeure/aksie

- 1) Wat dryf die karakter aan? (e 3246)
- 2) Is die karakter aktief of passief? (e 457)
- 3) Is 'n passiewe karakter 'n tragiese karakter? (e 3455)
- 4) Is die held passief vir die grootste deel van die storie? (e 1634)
- 5) Is die karakter passief omdat sy keuses beperk word? (e 3454)
- 6) Weerspieël 'n passiewe karakter die lewe se beperkings? (e 3455)
- 7) Maak ander karakters op vir die held indien hy passief is? (e 2588)
- 8) Verander die karakter van passief na aktief tydens die storie? (e 3454)
- 9) Tree die karakter slegs reaktief op teenoor inisiatiewe van ander? (e 3457)
- 10) Word passiewe karakters in 'n subplot gebruik as kontras vir die held? (e 3456)
- 11) Dwing sterk katalitiese gebeure 'n karakter om te reageer? (ee 1649, 1664)
- 12) Is die wat 'n karakter dwing om op te tree, naby kernplotpunte? (e 1649)
- 13) Begin die held ten laaste teen die middelpunt om pro-aktief op te tree? (e 1634)
- 14) Is daar beide
 - a) fisiese en emosionele aksie? (e 1630)
 - b) plot- en karakteriseringsaksies? (e 1629)



- 15) Is daar voldoende plotpunte wat die storie vorentoe dryf? (e 1631)
- 16) Affekteer die handeling van die held die uitkoms van die storie? (e 1637)
- 17) Is die storie vervelig omdat die aksie/handeling oninteressant is? (e 1638)
- 18) Bevat die tonele oorbodige handeling of is alle handeling noodsaaklik? (e 1626)
- 19) Is dit geweldadige interaksie of interne lyding/individuele marteling? (e 1616)
- 20) Verskaf die aksie insig in karakters se gedagtes, emosies en siel? (e 1627)
- 21) Is die handeling besluite wat geëksternaliseer word? (e 1628)
- 22) Is daar te veel gebeure in die storie/toneel? (e 390)
- 23) Is die volgende in proporsie vir die genre:
 - a) Hoeveelheid fisiese en emosionele aksie? (e 1630)
 - b) Hoeveelheid plot- en karakteriseringsaksies? (e 1629)
- 24) Is daar inherente dramatiese waarde in die gebeure? (e 302)
- 25) Lewer elke gebeure 'n bydrae tot die plot of atmosfeer? (e 391)
- 26) Is daar dinamika in die interaksie van verskillende karakters? (e 357)
- 27) Dra elke gebeurtenis by tot die held se stryd om sy doelwit te bereik? (e 41)
- 28) Vorder hy deur sy pad te voel, te leer, aan te pas, te faal en te groei? (e 3357)
- 29) Strek die handeling van die held oor 'n aantal gebeure? (e 1636)
- 30) Neem die handeling van die held die storie vorentoe? (e 1635)
- 31) Bevat aksie-avontuurstories sterk dramatiese aksie? (e 459)
- 32) Bevat karaktergedrewe stories meer subtiele aksie? (e 459)
- 33) Voldoen die aksie aan die behoeftes van die plot? (e 458)
- 34) Word storieprobleme op nuwe maniere opgelos? (e 264)
- 35) Bou die aksie of is dit 'n statiese herhaling? (e 498)
- 36) Het alle dade en gebeure 'n doel? (ee 1615, 1647)
- 37) Bevat die plot genoeg aksie/gebeure? (e 301)
- 38) Varieer die intensiteit van die aksie? (e 157)
- 39) Kom die aksie opposisie teë? (e 1647)
- 40) Neem die held
 - a) geen bewustelike houding in teenoor gebeure nie? (e 2578)
 - b) geen aksie om sy omgewing te beheer nie? (ee 2579, 2588)
 - c) altyd die pad met die minste risiko en minste moeite? (e 1639)
- 41) Skep die gevolge van aksie of nie-aksie 'n morele dimensie? (e 1383)
- 42) Is gebeure en situasies wat die held beleef, oordoen of versin? (e 970)
- 43) Bevat die storie, veral spanningsgenres, 'n jaagsekwens? (ee 1619, 1625)
- 44) Word die persoon by tye amper gevang of ontsnap hy amper? (e 1623)
- 45) Is jaagsekwense kreatief met onverwagse en nuwe gebeure? (e 1624)
- 46) Word die tonele van amper vang/ontsnap progressief korter? (e 1622)
- 47) Is die jaagsekwens die hoogtepunt van 'n opbou? (e 1620)
- 48) Is die finale vangs of ontsnapping 'n hoogtepunt? (e 1622)
- 49) Bestaan die jaagsekwens hoofsaaklik uit aksie? (e 1621)
- 50) Is die jaagsekwens se einde voorspelbaar? (e 1623)
- 51) Demonstreer die wyse waarop die held sy doelwit bereik, sy krag en toewyding? (e 1633)
- 52) Behels die aksie iemand wat
 - a) optree as optrede verbode is? (e 1646)
 - b) veg om sy eie vrese of beperkings te oorwin? (e 1644)
 - c) die doelwitte en aksies van ander karakters teëstaan? (e 1645)

- 53) Is daar oomblikke waar die reaksie uit die omgewing op 'n held se aksie verskillend en/of kragtiger is as wat hy verwag het? (e 1639)
- 54) Het karakters iets om te doen tydens lang dialoogtonele? (e 3779)
- 55) Is daar belangrike gevolge wat van die aksie/konflik afhang? (e 1643)
- 56) Ontstaan die aksie vanuit emosie, wat weer uit konflik ontstaan? (e 1617)
- 57) Word die aksie in humoristiese jaagsekwense vinniger gemaak? (e 1619)
- 58) Word die aksie gemotiveer deur spesifieke emosies wat slegs kan lei tot daardie aksie? (e 1618)
- 59) Is daar voldoende aksie in die tweede bedryf? (e 1632)
- 60) Is die held se situasie so benard dat hy radikaal en bo sy normale vermoëns moet optree naby die einde? (e 591)

7.2.26 Dramatiese bou/momentum

- 1) Is die storie vervelig? (e 2065)
- 2) Is die momentum gepas vir die genre? (e 2052)
- 3) Gaan die storie oor wat volgende gebeur? (e 2064)
- 4) Is die tempo te stadig vir moderne kykers? (e 2051)
- 5) Word momentum verhoog deur 'n tydsfaktor? (e 2053)
- 6) Word die storie vorentoe beweeg deur konflik? (e 2055)
- 7) Beweeg die storie omdat dit vertel word deur aksie? (e 2036)
- 8) Bevat die storie konstante, georkestreerde momentum? (e 2046)
- 9) Dra elke gebeure en toneel by tot voorwaartse beweging? (e 887)
- 10) Is daar voldoende konflik wat lei tot verdere ontwikkelinge? (e 2032)
- 11) Kan voorwaartse beweging verbeter word deur
 - a) meer terreine te skep?
 - b) bestaande terreine op te breek in verskillende seksies? (ee 291, 292)
- 12) Word beweging geïmpliseer deur sekere eienskappe te herhaal? (e 2031)
- 13) Kom die plot aan die gang sonder inleidings en hou dit momentum? (e 2030)
- 14) Is daar verhalende dringendheid in die storie, 'n gevoel dat iets gebeur? (e 2047)
- 15) Word elke situasie en gebeure interessanter en aantrekliker aangebied soos die storie ontwikkel? (e 888)
- 16) Neem die risiko's toe totdat dit lewensveranderend of lewensbedreigend is? (ee 1358, 1576)
- 17) Word karakters, plotte, situasies, emosies en storietempo tot die uiterste gedruk, binne die konteks van die genre en stemming? (e 986)
- 18) Vereis die storie al groter menslike kapasiteit en wilskrag van die held soos dit vorder? (e 1576)
- 19) Is daar sosiale, persoonlike, simboliese en ironiese progressie soos die storie vorder? (e 1576)
- 20) Vind die meeste gebeure plaas as gevolg van die logika van die storie en die oorhoofse rigting waarin dit gaan? (e 1665)
- 21) Bly die storie op die spoor van die probleem of is dit vaag en verwarrend? (e 1667)
- 22) Bevorder romantiese tonele die
 - a) plot?
 - b) karakterverhoudings?
 - c) voorwaartse beweging of dreineer dit die energie? (e 587)

- 23) Volg die storie die strategieë van die genre waarin dit val? (e 1673)
- 24) Belemmer die sang en musiek in musiekprente die momentum? (e 2034)
- 25) Is daar goeie of snaakse tonele wat die voorwaartse beweging strem? (e 2035)
- 26) Is daar aksie soos jaagtonele of vuisgevegte wat die storie laat afdwaal van sy skelet? (e 2041)
- 27) Is daar karakters, handeling van karakters en gebeure wat onfunksioneel is en kykers op 'n dwaalspoor lei? (2028)
- 28) Is daar statiese situasies waar mense byvoorbeeld sit en gesels oor vorige, huidige of toekomstige aksie? (e 2036)
- 29) Word dramatiese bou benadeel/is die momentum te stadig omdat
 - a) die konflik ophou? (e 2055)
 - b) die risiko te laag is? (e 2061)
 - c) karakters stereotipes is? (e 2044)
 - d) daar geen subplotte is nie? (e 2044)
 - e) inligting onnodig herhaal word? (e 2033)
 - f) die storie doodloopstrate bevat? (e 2028)
 - g) te veel tyd verloop tussen hoofgebeure? (e 2063)
 - h) daar onvoldoende opbou in spanning is? (e 2069)
 - i) die held dwaal sonder sig van die einddoel? (e 384)
 - j) die held belangstelling verloor in die einddoel? (e 385)
 - k) die donkerste oomblik nie diep genoeg is nie? (e 2074)
 - l) die subplotte nie die storie vorentoe neem nie? (e 2063)
 - m) daar aksie is wat nie die storie vorentoe neem nie? (e 2030)
 - n) die risiko of dit wat op die spel is, nie groot genoeg is nie? (e 2074)
 - o) te veel tyd spandeer word aan karakters se persoonlikhede? (e 3400)
 - p) te veel tyd spandeer word aan die omgewing en atmosfeer? (e 2062)
 - q) te veel tyd spandeer word aan interpersoonlike verhoudings? (e 3400)
 - r) daar onvoldoende opbou is in die kompleksiteit van die storie? (e 2070)
- 30) Verander elke konfrontasie en aanpassing die omstandighede en ingesteldheid van die held? (e 2037)
- 31) Beweeg elke konfrontasie en aanpassing die held na die hoofklimaks? (e 2037)
- 32) Kom die saad van een toneel reeds in die vorige toneel voor? (e 2039)
- 33) Word tyd gemors deur 'n groot groep mense voor te stel? (e 2038)
- 34) Kom die storie tot stilstand na 'n aksiesekwens verby is? (e 2041)
- 35) Is die storie so vinnig dat kykers nie kan byhou nie? (e 2042)
- 36) Verwar die skrywer momentum en tempo? (e 2042)
- 37) Is daar 'n poging om voorwaartse beweging te verkry deur kort tonele, kort dialoogreëls of vinnige redigering? (e 2056)
- 38) Is daar 'n gevoel dat die gebeure en karakters voortgedryf word na 'n klimaktiese oomblik? (e 2047)
- 39) Is daar kataliste soos insidente, karakters of emosionele toestande wat die storie of verhouding laat versnel? (e 2045)
- 40) Begin die storiemomentum binne die eerste paar minute? (e 2048)
- 41) Is die dryfkrag agter storiemomentum die storieprobleem en die gedreweheid van die hoofkarakters? (e 2049)
- 42) Skep die gebeure 'n sin van dramatiese dringendheid soos die storie sy hoofklimaks nader? (e 2050)

- 43) Trek die storie in die middel omdat karakters aksies van mindere of gelyke kwaliteit as aan die begin uitvoer? (e 2054)
- 44) Word voorwaartse beweging verkry deurdat kykers spanningsvol betrokke is? (e 2056)
- 45) Word kykers in aksiestories meegesleur sonder 'n geleentheid om te reflekteer of asem te skep? (e 2057)
- 46) Is die middelpunt aktief en dramaties? (e 2058)
- 47) Bied die middelpunt 'n verrassing, omkeer/wending of nuwe komplikasie? (e 2058)
- 48) Bou die intensiteit vanaf die middel tot by die hoofklimaks? (e 542)
- 49) Is elke oomblik van die storie noodsaaklik? (e 2060)
- 50) Word detail/inligting gebruik om belangrike tonele of die plot te ontwikkel, soos wat die storie vorder? (e 892)

7.2.27 Eenheid

- 1) Word die verskillende plotte saamgebind deur
 - a) aksie? (e 905)
 - b) 'n beherende tema/idee? (ee 903, 904)
 - c) 'n raam soos 'n teenwoordigetyd-storielyn? (e 909)
- 2) Hou die spanning kykers gefokus op die storie? (e 1657)
- 3) Help die terreine om eenheid aan die storie te gee? (e 1661)
- 4) Word sekondêre karakters interessanter as die held? (e 2068)
- 5) Kort daar 'n storielyn wat deurloop en alles saambind? (e 2071)
- 6) Dwaal die storie af, veral in die tweede bedryf/middel? (ee 206, 1663)
- 7) Berus die eenheid slegs op die feit dat daar 'n enkele held is? (e 1650)
- 8) Word die subplotte belangriker as hoof dramatiese kwessies? (e 2067)
- 9) Is daar 'n verlies aan fokus omdat die storie te kompleks word? (e 2066)
- 10) Is die held betrokke by gebeure wat nie die eenheid bevorder nie? (e 1650)
- 11) Kan die fokus verbeter word deur twee of meer karakters te kombineer? (e 285)
- 12) Is daar irrelevant, arbitrêre of toevallige elemente? (e 958)
- 13) Is toevallige gebeure geïntegreerd in die plot? (e 1654)
- 14) Is die styl van die storie regdeur eenvormig? (e 1662)
- 15) Is die storie een gebeure, 'n volledige eenheid? (e 1651)
- 16) Is daar dele wat kykers uit die storie neem? (e 392)
- 17) Is daar gebeure wat losstaande is? (e 1653)
- 18) Is daar eenheid van
 - a) onderwerp of vergeet kykers een aspek as gevolg van 'n ander?
 - b) konflik deurdat alle plotte en subplotte verband hou met die hoofkonflik?
 - c) tyd of is daar tonele wat jare verskil in tydsverloop? (ee 1658 - 1660)
- 19) Bevat die storie aksies wat gevolge het sonder verdere gevolge? (e 1670)
- 20) Is daar gebeure wat verwyder of omgeruil kan word sonder om die geheel te ontwig? (e 1652)
- 21) Word die verskillende vlakke van konflik saamgebind deur oorsaaklikheid in 'n kettingreaksie van gebeure tot by die storieklimaks? (e 1669)
- 22) Is daar baie en/of groot veranderings in terrein/ruimte deur die verloop van die storie? (e 1674)
- 23) Dra karakters, hulle aksies, spraak, ensovoorts by tot strukturele eenheid? (e 705)

- 24) Is die energie van die held se doelwit die primêre samebindende faktor wat die storie-elemente bymekaar hou? (e 1311)
- 25) Vorm die storie 'n volledige eenheid of bestaan dit uit klonte van ongefokusde aksie? (ee 558, 711)

7.2.28 Oorsaaklikheid en voorspelbaarheid

- 1) Ontwikkel die storie logies, met een ding wat lei tot 'n ander? (ee 196, 209, 300, 495)
- 2) Word oorsaak en gevolg gebruik om die drama te ontwikkel? (ee 891, 1655, 1375, 1376)
- 3) Het elke toneel 'n oorsaak-en-gevolgstruktuur binne die storiëkonteks? (e 1671)
- 4) Is daar oorsake vir karakters se aksies of bestaan hulle net om die plot te laat werk? (ee 278, 497)
- 5) Is daar iets wat nie
 - a) die oorsaak is van iets wat daarop volg nie? (e 709)
 - b) duidelik veroorsaak word deur iets voorafgaande nie? (e 707)
- 6) Is karakters se aksies te groot vir die oorsake daarvan? (ee 279, 280)
- 7) Lyk die volgorde van gebeure onvermydelik? (e 710)
- 8) Vloei die inleiding tot die lirieke van 'n lied in 'n musiekprent natuurlik uit die omstandighede en/of dialoog? (e 2095)
- 9) Word 'n hele karakter of subplot, eerder as net een sin dialoog gebruik indien kykers doelbewus op 'n dwaalspoor gelei word? (e 3691)
- 10) Is die storie logies sonder om voorspelbaar te word? (ee 973, 1373, 1705, 2043)
- 11) Vloei nuwe ontwikkelings in die derde bedryf logies voort uit die gebeure van die vorige twee bedrywe? (e 1374)
- 12) Is dit voorspelbaar
 - a) hoe die storie gaan eindig? (e 543)
 - b) of die held sy hoofdoelwit gaan bereik? (e 32)
 - c) of die held sy sekondêre doelwit gaan bereik? (e 32)
 - d) hoe die held sy hoofdoelwit gaan bereik? (ee 32, 1706)
 - e) hoe die held sy sekondêre doelwit gaan bereik? (ee 32, 1706)
- 13) Is die held so sterk/goed dat dit voorspelbaar is hy gaan wen? (e 1710)
- 14) Is die storie gebeure/situasies voorspelbaar of is daar genoeg komplikasies, verrassings of 'n omkeer van verwagting? (ee 144, 160, 313, 964, 1704)
- 15) Is daar die moontlikheid van 'n krisis, maar nie die sekerheid nie? (e 1708)
- 16) Is daar onsekerheid oor die uitkoms van elke klimaks in die storie? (e 2353)
- 17) Is gebeure anders as dit wat kykers as die ooglopende beskou het? (e 1707)
- 18) Weet kykers vooraf hoe en waar en met wie die konflik gaan plaasvind? (e 1709)
- 19) Verdwyn die opponent so vroeg in die storie dat dit die onsekerheid en opwinding van die hoofklimaks benadeel? (e 1711)
- 20) Is die resoluie 'n logiese, organiese uitvloeisel van die voorafgaande komplikasies of 'n *deus ex machina*? (ee 282, 283)

7.2.29 Geloofwaardigheid

- 1) Hoeveel toeval is daar? (e 281)
- 2) Is die storie komies of ernstig? (e 2114)



- 3) Bevat die storie toeval en gerieflike gebeure? (e 221)
- 4) Kan dit gebeur binne die gegewe reëls van die ruimte? (e 316)
- 5) Lê ongeloofwaardige gebeure buite die storie self? (e 2090)
- 6) Mislei die skrywer deur valse logika? (ee 2108, 2091)
- 7) Is die storie kunsmatig of vloei dit natuurlik? (e 311)
- 8) Is daar gate wat ongemerk verbygaan omdat
 - a) dit te vinnig gebeur?
 - b) kykers op daardie punt te min kennis het om dit te besef? (e 2134)
- 9) Hoe geloofwaardig/geregverdig is gebeure oor die algemeen? (ee 23, 2089, 2100)
- 10) Is die storie so absorberend dat ongeloofwaardigheid/toeval nie saak maak nie? (ee 317, 2118)
- 11) Is daar idiootplotte waarin karakters onlogies optree? (e 960)
- 12) Ondersteun ongeloofwaardighede die doelwit van die werk? (e 2092)
- 13) Kan dieselfde doelwit bereik word sonder ongeloofwaardighede? (e 2092)
- 14) Maak ongeloofwaardighede 'n deel van die werk meer verbasend? (e 2092)
- 15) Is daar oortuigende onmoontlikhede of onoortuigende moontlikhede? (e 2091)
- 16) Kom karakters uit moeilike situasies deur toeval/geluk of eie vernuf? (e 2093)
- 17) Is karakters se optrede geloofwaardig gemotiveer? (ee 2097, 2100, 2106)
- 18) Is alle versinsels in die storie geloofwaardig versin? (e 2096)
- 19) Is die dramatiese oomblikke eg? (e 2103)
- 20) Is daar oorreaksie of onderreaksie op stimuli? (ee 229, 2101)
- 21) Word die grense van die ruimte duidelik van die begin af getrek? (e 2098)
- 22) Is gebeure binne fantasieë geloofwaardig binne die storieruimte? (e 2102)
- 23) Is daar 'n rede waarom karakters nie die ooglopende doen nie? (e 2099)
- 24) Wat kan werklik in so 'n situasie gebeur? (e 2104)
- 25) Is die storie geloofwaardig? (e 2107)
- 26) Sal kykers glo dat die storie 'n ware metafoor van die lewe is? (e 2109)
- 27) Is 'n belangrike saak opgediep of weggelaat sonder om dit op te volg? (e 2105)
- 28) Is die storie gestruktureer op oorsaak en gevolg wat betekenis skep? (e 2110)
- 29) Is daar gebeure wat nie berus op logiese plotontwikkelings of wat nie storieprobleme oplos nie? (e 2117)
- 30) Indien daar toeval is, is dit vroeg in die storie? (e 2111)
- 31) Is kykers behoorlik voorberei op toeval wat wel voorkom? (e 2118)
- 32) Is toeval gedramatiseer in die konteks van sy feitlik betekenislose toetrede tot 'n mens se lewe en die groeiende belangrikheid wat dit mettertyd verkry? (e 2110)
- 33) Bly die toeval deel van die storie? (e 2112)
- 34) Word toeval gebruik om die einde te draai/op te los? (e 2113)
- 35) Is karakters se gedrag geloofwaardig binne die verhoudings waarin hulle reageer? (e 2116)
- 36) Berus alle tonele en toesprake op deeglike navorsing? (e 2121)
- 37) Is baie aandag gegee aan detail in realistiese stories? (ee 2094, 2133)
- 38) Indien daar feite gegee word, sal dit 'n kenner op die gebied oortuig? (e 114)
- 39) Is iets ongeloofwaardig omdat 'n karakter te veel of te min weet? (e 2122)
- 40) Word die basiese inligting bestuur: wie weet wat, wanneer? (e 193)
- 41) Kan die ongeloofwaardigheid van 'n situasie opgelos word deur kykers se gesigspunt te verander? (e 2122)

- 42) Help die feit dat kykers graag wil hê iets moet gebeur om die gebeure geloofwaardiger te maak? (e 2123)
- 43) Kan 'n toneel of plotgebeure wat ongeloofwaardig is, sterker gemaak word deur die plotoomblik in 'n karakteroomblik te verander? (e 2124)
- 44) Sal 'n groter emosiegedrewe karakterkomponent die onlogika van die plot versteek? (e 2124)
- 45) Is daar plote, aksie of dialoog wat ongemotiveerd, onverstaanbaar, onduidelik, onlogies of onwaar is en sodoende gate in die storie laat? (e 2125)
- 46) Is elke los draad, persoon wat afwesig of aanwesig is, opmerking, bekendstelling, inkom of uitgaan van 'n karakter en toeval voldoende gemotiveer? (e 2130)
- 47) Is die plot waterdig indien dit 'n moordmisterie is? (e 2126)
- 48) Is daar konflik tussen wat tevore, tans of in die toekoms gaan gebeur? (e 2131)
- 49) Is daar konsekwentheid, logika en relevantheid tussen huidige dialoog en voorafgaande en toekomstige aksie? (e 2132)
- 50) Word iets wat ongeloofwaardig is, versag vir die kykers? (e 2119)
- 51) Word beswaar binne die storie gemaak en 'n antwoord verskaf oor iets wat ongeloofwaardig is? (ee 2120, 2135)
- 52) Het kykers 'n vae gevoel van ontevredenheid teenoor die storie as geheel omdat dit gate bevat? (e 2127)
- 53) Het kykers 'n gevoel dat hulle 'n eenvormige, bevredigende verloop van gebeure beleef het omdat die storie sonder gate is? (e 2128)
- 54) Indien daar 'n deus ex machina-einde in komedie is:
 - a) Is die gevoel geskep dat die held buitengewoon gely het?
 - b) Het die held nooit moedeloos geraak en hoop opgee nie? (e 2115)
- 55) Is alles van belang in die storie duidelik na die afloop? (e 2129)

7.2.30 Voorbereiding en uitbetaling vir plot

- 1) Hoeveel plante bevat die storie? (e 56)
- 2) Is daar profetiese vooruitskouing? (e 57)
- 3) Word profetiese vooruitskouing bewaarheid? (e 57)
- 4) Word belangrike gedrag, vaardighede en rekwisiete
 - a) vroeg in die storie geplant/geprofeteer;
 - b) ontwikkel en
 - c) het dit 'n uitbetaling? (ee 55, 162, 1714, 1766, 2238)
- 5) Word plante/voorskadu-inligting gekamoufler deur dit op daardie oomblik te laat voorkom of dit irrelevant is? (ee 436, 1770, 1755, 2163)
- 6) Vloei plante/voorskadu-inligting natuurlik uit die voorafgaande toneel, aksie of dialoog en weer natuurlik in die volgende toneel, aksie of dialoog? (e 1756)
- 7) Word plante wat aan die begin van die storie bekendgestel is en eers in die derde bedryf uitbetaal, ontwikkel in die tweede bedryf? (e 1754)
- 8) Word tegnieke waarmee die held hindernisse, veral tydens die hoofklimaks gaan oorkom, geplant? (e 1715)
- 9) Is karakters se omgewing en masker 'n vooruitskouing vir kykers van wat gaan uitkom? (e 2686)
- 10) Word terreine wat later 'n belangrike rol speel vooraf geplant? (e 1766)
- 11) Word sleutelgebeure, belangrike plotwendings en -ontwikkelings voorskadu? (ee 1719, 1743)

- 12) Is plante/voorbereiding so subtiel dat dit
 - a) kykers se aandag ontgaan? (e 1758)
 - b) onbewustelik op kykers werk? (e 1718)
- 13) Bevat 'n raaiselgenre genoeg plante? (e 1770)
- 14) Is die plante in 'n raaiselgenre in die plot verweef? (e 1770)
- 15) Betaal die plante in 'n raaiselgenre op verskillende tye uit? (e 1770)
- 16) Word komende gebeure reeds in die gewone wêreld voorskadu? (e 1184)
- 17) Is daar voorbereiding wat dit geloofwaardig maak dat die held moeilike hindernisse oorkom? (e 1715)
- 18) Word humor gebruik om inligting op te stel? (e 437)
- 19) Word die inligting op 'n oorspronklike manier geplant/voorskadu? (e 434)
- 20) Is kykers onbetrokke by die held se lotgevalle/belangrike gebeure omdat hulle dit nie tot 'n mate verwag het nie? (e 1712)
- 21) Is daar vooruitskouing wat kykers op 'n dwaalspoor lei? (e 3691)
- 22) Is die omvang van voorbereiding aangepas by die teikenmark? (e 1716)
- 23) Is gebeure ongeloofwaardig omdat inligting nie verskaf/geplant is nie? (e 1717)
- 24) Verhef die plant/voorbereiding die gebeure van onwaarskynlik/onmoontlik, na waarskynlik/onvermydelik? (ee 219, 1717, 1761)
- 25) Word die volgende gebruik om te voorskadu:
 - a) Musiek.
 - b) Beeld(e).
 - c) Simboliek? (ee 1744, 1745)
- 26) Is die plant in die vorm van inligting, dialoog, terrein, wapen, beeld, gereedskap, 'n karakter, karaktereienskappe, aksie, gebeure of 'n kombinasie daarvan? (ee 1754, 1760, 1761, 1764)
- 27) Bevat die storie 'n reddingsboei? (e 1759)
- 28) Is die reddingsboei
 - a) 'n vaardigheid, instrument, wapen of bondgenoot?
 - b) al wat die held nodig om die dramatiese probleem mee op te los? (e 1759)
- 29) Is daar voldoende tydsverloop tussen die plant en die uitbetaling? (e 1763)
- 30) Geld oorsaak en gevolg in die skep van beide plante en uitbetalings? (e 1762)
- 31) Is daar voorbereiding wat inligting gee oor wat gaan gebeur en wat verwag kan word? (e 1765)
- 32) Is daar voorbereiding wat inligting gee oor wat 'n karakter dink sal gebeur, maar dan gebeur die teenoorgestelde? (e 1765)
- 33) Word die plant getelegrafeer omdat dit 'n vreemde element ingebring? (e 1757)
- 34) Voel 'n objek waarvan die belangrikheid geïdentifiseer word soos 'n natuurlike deel van die omgewing? (e 1767)
- 35) Word karakterisering versterk deur die plant van karaktereienskappe? (e 1768)
- 36) Dra die spesifieke persoonlikheidseienskappe van 'n karakter by tot die verloop van die storie? (e 2160)
- 37) Word die karakter op 'n spesifieke oomblik in tyd benadeel of bevoordeel deur sy interne gebrek? (e 3446)
- 38) Word karaktereienskappe wat geplant is, ontwikkel deur uitbreiding of kontras? (e 1768)
- 39) Betaal karaktereienskappe uit ter wille van die plot of komedie? (e 1768)

- 40) Word 'n kombinasie van plante gebruik om inligting op verskillende maniere te plant en dit binne verskillende kontekste uit te betaal? (e 1769)
- 41) Dra voorbereiding by om kennis in lae te verskaf? (e 2164)
- 42) Is daar weeskinders? (e 432)
- 43) Word elke dramatiese element in die storie bevredigend afgesluit (uitbetaal) voor die storie eindig? (e 2160)
- 44) Word kykers gekondisioneer dat iets gaan gebeur en dan word die verwagting gefrustreer? (ee 158, 2161)
- 45) Betaal alle voorbereiding uit? (ee 56, 433, 2161)
- 46) Is humor betrokke met die uitbetaling? (ee 437, 2165)
- 47) Word lopende grappe afgesluit met 'n klimaks (*topper*)? (e 2160)
- 48) Betaal sommige inligting anders uit as wat dit voorskadu is? (e 435)
- 49) Is uitbetalings oorspronklik of 'n verbeeldinglose onthulling? (ee 434, 2162)
- 50) Speel bykarakters en subplotte 'n rol in/teen die einde van die storie? (e 2160)
- 51) Is daar plante wat uitbetaal om
 - a) karakterontwikkeling te toon?
 - b) die ontwikkeling van vaardighede te toon? (e 1768)
- 52) Word die konteks van 'n plant soms verander
 - a) sodat kykers dit beter verstaan?
 - b) dit 'n groter uitbetaling gee? (e 1770)
- 53) Lei uitbetalings tot
 - a) 'n beter verstaan van die storie?
 - b) geloofwaardiger plotgebeure? (e 2165)
- 54) Maak uitbetalings 'n gaping toe wat geskep is tussen die verwagting en die uitkoms wat kykers ervaar? (e 2164)
- 55) Dwing uitbetalings kykers om terug te gaan en nuwe betekenis te gee aan storie-elemente wat vroeër verskaf is? (e 2164)

7.2.31 Sekwense

- 1) Begin sekwense effektief? (e 240)
- 2) Hoeveel sekwense is daar? (e 691)
- 3) Wat is die doel van elke sekwens? (e 671)
- 4) Begin dit waar nuwe storie-inligting verskaf word? (e 678)
- 5) Kan sekwense geskrap, gekombineer of opgedeel word? (ee 654, 685, 1564)
- 6) Is elke sekwens vars/interessant of is dit 'n cliché wat al baie vantevore gesien is? (ee 673, 1565)
- 7) Speel dit op die beste plek af? (e 671)
- 8) Wat is die subteks (behoefte) van elke karakter? (e 671)
- 9) Het karakters in elke sekwens 'n
 - a) houding?
 - b) doelwit? (ee 665, 671, 1566)
- 10) Is die konflik oort, koort of beide? (e 671)
- 11) Wat veroorsaak die spanning/konflik? (e 671)
- 12) Wat is die aktiewe vraag/vrae wat elke sekwens definieer? (e 694)
- 13) Moet daar meer of minder karakters in die sekwens wees? (e 671)
- 14) Het elke woord en elke gebeure in die sekwens 'n funksie? (e 674)

- 15) Is daar
- 'n variasie in die sekvensvrae se dramatiese gewig? (e 696)
 - spanning en onsekerheid oor hoe die sekvens sal verloop? (e 660)
 - sekwense waarin hoofkarakters konflikterende behoeftes het? (e 665)
 - te veel/min dramatiese vrae op sekere plekke in die sekvens? (e 695)
 - tonele/sekwense waarin die held se doelwit ondermyn word deur sy eie innerlike behoefte? (e 666)
- 16) Is daar bykarakters in die sekvens
- van wie die hoofkarakters afspeel vir dramatiese of komiese effek?
 - wat 'n kontrapunt vir die hoofkarakters verskaf of hulle versterk? (e 672)
- 17) Bestaan elke sekvens uit 'n groot beweging/dramatiese gebeure/verenigde idee/ belangrike stap in die held se stryd om sy doelwit te bereik? (e 686)
- 18) Het die sekvens 'n patroon van *uiteensetting – doelwit – strategie – konflik – komplikasie – omkeer/resolusie – reaksie/dilemma – besluit – brug*? (ee 684, 688 - 690, 693)
- 19) Veroorsaak die sekvensomkere soms dat die held sy strategie laat vaar en oorskakel na 'n nuwe sekvensdoelwit en -strategie? (e 688)
- 20) Is sekvensomkere minder belangrik/radikaal as bedryfsomkere? (e 688)
- 21) Reflekteer elke sekvens die oorhoofse atmosfeer/styl van die storie? (e 698)
- 22) Is daar 'n oorhoofse tema/eenheid/atmosfeer en/of tekstuur aan die sekvens? (e 1572)
- 23) Bou die sekvens
- van die mins tot die mees belangrike?
 - na 'n dramatiese of komiese punt? (ee 668, 671)
- 24) Het die sekvens 'n begin, middel, einde? (ee 168, 236, 639, 687)
- 25) Volg die begin, middel en einde 'n 1:2:1 verhouding? (e 1561)
- 26) Eindig elke sekvens met 'n klimaks of vraag? (ee 241, 677)
- 27) Word die sekvens sy punt aan die einde gemaak? (e 638)
- 28) Is daar 'n
- sin van logika in die volgorde van die sekwense?
 - sin van ontwikkeling in die volgorde van die sekwense?
 - emosionele patroon in die volgorde van die sekwense? (ee 718 - 720)
- 29) Neem sekwense die storie nader aan die hoofklimaks? (ee 643, 645, 703, 1563)
- 30) Vorm sekwense 'n
- eenheid, selfs as die storie chaos uitdruk?
 - geïntegreerde eenheid van aksie met 'n oorsaaklike verband tussen die snellergebeurtenis en hoofklimaks? (ee 641, 701, 702, 715, 1573)
- 31) Is daar soortgelyke sekwense wat opmekaar volg? (e 716)
- 32) Bevat die sekvens te veel aksie- of refleksietonele? (e 717)
- 33) Is daar 'n verskeidenheid binne die eenheid van die sekwense? (e 1573)
- 34) Pas elke sekvens die effektiëfste tussen die een voor en na hom? (e 231)
- 35) Sal dit die sekvens daarvoor of daarna affekteer as dit verwyder word? (e 647)
- 36) Is daar sekwense waarin
- karakters kragtige emosies beleef? (e 656)
 - die held onvermydelik deur/teen sy persoonlikheid gedwing word om heldhaftig op te tree? (e 662)

- 37) Glo die held dat die sekvensdoelwit sal lei tot die bereiking van die oorhoofse plotdoelwit(te)? (e 1567)
- 38) Is die sekvensdoelwit bewustelik of ongeartikuleerd/onbewustelik? (e 1567)
- 39) Hou die sekvensdoelwitte almal verband met die hoofdoelwit? (e 1568)
- 40) Verskil die sekvensdoelwitte van sekvens tot sekvens? (e 1568)
- 41) Neem die sekvensdoelwitte toe in belangrikheid? (e 1568)
- 42) Daal die dramatiese vlakke omdat die sekvensdoelwitte herhaal of die belangrikheid nie toeneem nie (e 1569)
- 43) Watter strategie volg die held om die sekvensdoelwit te bereik? (e 1570)
- 44) Bestaan 'n groot deel van die sekvens uit 'n stryd van die held om die strategie te laat werk? (e 1571)
- 45) Is daar net een poging van die held of is daar herhaalde pogings? (e 1571)
- 46) Word die pogings eers beëindig as iets ongewens/onverwags gebeur? (e 1571)
- 47) Is die uitslag van die konflik in die weegskaal tot die laaste oomblik? (e 653)
- 48) Is iets teen die einde weggeneem of bygevoeg tot die situasie aan die begin, of is die toestand aan die einde dieselfde as aan die begin? (ee 663, 1564)
- 49) Word die waardelading van die held se toestand verander tydens die sekvens? (e 640)
- 50) Het elke sekvens ten minste een sleutel/uitstaande toneel? (e 692)

7.2.32 Tonele

- 1) Hoeveel tonele is daar? (e 642)
- 2) Begin die toneel effektief? (e 240)
- 3) Het dit 'n funksionele perspektief? (e 424)
- 4) Wat is die belangrikste inligting wat kykers moet kry? (e 230)
- 5) Waarom is daardie oomblik in tyd van 'n openingstoneel uniek? (e 681)
- 6) Het elke toneel 'n definitiewe funksie binne die storie? (ee 230, 425, 3315)
- 7) Betree kykers die toneel
 - a) te laat?
 - b) te vroeg en is daar inligting wat onnodig is? (ee 238, 428, 675, 678)
- 8) Kan sommige tonele gekombineer of opgedeel word? (ee 654, 685)
- 9) Wat is die hoof funksie van die toneel:
 - a) Karakterverhoudings vestig.
 - b) Die storie vorentoe neem.
 - c) Uiteensetting verskaf.
 - d) Karakters onthul.
 - e) Terrein vestig.
 - f) Atmosfeer skep.
 - g) Karakters bekendstel.
 - h) 'n Oorgang van plek skep.
 - i) Kykers kans gee om asem te skep.
 - j) Komiese verligting verskaf.
 - k) Aksie uitbeeld.
 - l) Inligting verskaf.
 - m) 'n Oorgang van tyd skep.
 - n) Tema uitdruk? (ee 425, 671, 1547, 1548)
- 10) Dra elke toneel by om die storie te ontwikkel/vorentoe te neem? (ee 29, 419)



- 11) Dien die toneel veelvuldige funksies, byvoorbeeld storie-ontwikkeling, karakter agtergrond, innerlike motivering, innerlike konflik, identifisering, tema, humor, uiteensetting en strukturele tegnieke soos meerderwaardige posisie, herhaling, vooruitskouing, voorbereiding en uitbetaling? (ee 172, 417, 1532)
- 12) Bevat die meeste tonele uiteensetting, konflik, krisis/klimaks/komiese punt, gevolge en brug na volgende toneel? (ee 644, 650, 671)
- 13) Het die meerderheid tonele rigting, 'n gevoel dat dit êrens heen gaan? (e 427)
- 14) Vorm die kerntonele 'n oorsaaklike skelet/kontinue eenheid tussen die sneller-gebeurtenis en die held se doelwit/die hoofklimaks? (ee 701, 702, 1573, 1672)
- 15) Is die *kerntonele* reg gepasieer? (e 634)
- 16) Inisieer, vermeerder of voltooi die kerntonele 'n onsekerheid? (e 636)
- 17) Maak kerntonele hulle spesifieke punt op 'n dramatiese wyse? (e 652)
- 18) Versterk of kleur die *aanvullende tonele* die storie in deur die kerngebeure te handhaaf, vertraag of verleng? (e 636)
- 19) Is daar *ontspanningstonele* wat spanning verlig, atmosfeer/tyd/plek/karakter onthul of verander, humor of kontras beklemtoon? (e 635)
- 20) Pas die ontspanningstonele by die plot en algemene aard van die storie? (e 635)
- 21) Word kompetisie tussen belangrike idees verhoed deur aparte tonele te skep vir elke belangrike punt? (e 664)
- 22) Is die dieptestruktuur van die
 - a) primêre plot duidelik?
 - b) sekondêre plot duidelik? (e 423)
- 23) Maak die toneel 'n definitiewe indruk? (e 643)
- 24) Dra elke karakter in die toneel by tot die essensie? (e 1560)
- 25) Onthul elke toneel nuwe inligting oor karakters of plot? (e 142)
- 26) Moet daar meer of minder karakters in die toneel wees? (ee 234, 671)
- 27) Beklemtoon die tonele aksie en beelde of karakters wat praat? (e 245)
- 28) Benodig sommige tonele addisionele gebeure vir groter interessantheid? (e 244)
- 29) Is die toneel
 - a) vars of is dit 'n cliché? (e 673)
 - b) gebou op dit wat 'n karakter wil sê of doen? (e 171)
 - c) op 'n manier gekoppel aan die oorspronklike storiekonsep? (e 167)
- 30) Speel die toneel op die beste plek af? (e 671)
- 31) Het die meeste tonele interessante omgewings? (e 243)
- 32) Is die begeertes van die held en opponent in opposisie? (e 1542)
- 33) Het karakters in elke toneel 'n belangrike doelwit? (ee 170, 665, 671)
- 34) Het elke toneel 'n karakter wat die aksies binne die toneel dryf? (ee 667, 1542)
- 35) Watter magte van antagonisme blok die begeerte van karakters, hetsy teks of subteks? (e 1542)
- 36) Wat is die begeerte van die
 - a) held?
 - b) antagonistiese mag? (e 1542)
- 37) Is die konflik overt of kovert? (e 671)
- 38) Wat veroorsaak die spanning/konflik? (e 671)
- 39) Wat is elke karakter in elke toneel, se houding? (ee 235, 671)
- 40) Onthul die toneel karakters deur middel van konflik en spanning? (e 655)
- 41) Maak die toneel sy dramatiese punt op 'n ondubbelsinnige wyse? (ee 1536, 1537)



- 42) Bereik dit een spesifieke ding, maak 'n spesifieke punt, stel 'n idee bekend of bou op 'n idee? (ee 643, 652, 660)
- 43) Is dit 'n geïntegreerde eenheid van aksie wat handel oor of verband hou met dit wat die held wil bereik in konteks van die hoofkonflik? (e 641)
- 44) Loop afwagting/spanning oor van vorige tonele indien 'n toneel nie self inhoud het wat afwagting/spanning skep nie? (e 670)
- 45) Wat is die subteks van karakters? (e 671)
- 46) Is daar tonele waarin 'n karakter
 - a) kragtige emosies beleef? (e 656)
 - b) konflikterende behoeftes het? (e 665)
 - c) se vrese, behoeftes en drome onthul word? (e 657)
 - d) se reaksie op gebeure lei tot iets substansieel? (e 661)
 - e) se doelwit ondermyn word deur sy eie innerlike behoefte? (e 666)
 - f) deur/teen sy persoonlikheid gedwing word om heldhaftig op te tree? (e 662)
- 47) Bevat die toneel spanning en/of konflik en/of verrassing? (e 1552)
- 48) Het die meeste tonele konflik en spanning? (e 237)
- 49) Word tonele
 - a) se punt aan die einde gemaak? (e 638)
 - b) gepas en kreatief aan mekaar verbind? (ee 232, 651)
- 50) Het elke woord en elke gebeure in die toneel 'n funksie? (e 674)
- 51) Wat word gesê en gedoen en wat word werklik bedoel en beoog? (e 1541)
- 52) Betrek die meeste tonele kykers emosioneel? (e 418)
- 53) Is daar spanning in die toneel tussen
 - a) wat gesê en bedoel word?
 - b) wat gesê en gesien word?
 - c) voorgrond en agtergrond?
 - d) dit wat kykers weet en wat karakters weet? (e 1533)
- 54) Sal kykers vermaak word deur elke individuele toneel? (e 431)
- 55) Het elke toneel ten minste twee redes/vlakke van bestaan? (e 1533)
- 56) Is tonele wat oor die sekondêre plot of 'n subplot handel, steeds relevant vir die primêre plot? (e 1533)
- 57) Is die toneel op die tipiese manier geskryf of het dit 'n nuwe alternatiewe benadering? (e 1534)
- 58) Onthul die hoofplot(te) se tonele karakter deur middel van aksies, besluite en gedrag onder druk? (e 1535)
- 59) Word die draad van die storie uitgerafel of gebreek omdat die punt van die toneel onduidelik is? (e 1536)
- 60) Is daar bykarakters in die toneel
 - a) van wie die hoofkarakters afspeel vir dramatiese of komiese effek?
 - b) wat 'n kontrapunt vir die hoofkarakters verskaf of kan hulle versterk? (e 672)
- 61) Lê die probleem in die dialoog, uitwendige handeling of by dit wat in storieverband gebeur? (e 1540)
- 62) Wat is die reaksie op die eerste aksie? (e 1544)
- 63) Is karakters selfs in 'n dialoogtoneel fisies aktief? (e 1551)
- 64) Word daar druk op 'n karakter uitgeoefen om iets te doen? (e 1539)
- 65) Hoeveel stelle van aksie en reaksie vind plaas rondom een gebeure? (e 1544)



- 66) Word die maksimum emosionele betrokkenheid by kykers ontlok deur die volgorde van die tonele? (e 683)
- 67) Neem tonele wat handel oor die held se emosionele lewe of liefdestonele langer om op te stel en die hoofpunt te bereik? (e 669)
- 68) Is daar te veel of te min tonele wat
- a) tema onthul? (e 421)
 - b) karakter onthul? (e 420)
- 69) Pas elke toneel die effektiwste tussen die een voor en na hom? (e 231)
- 70) Kan dit verwyder word sonder dat dit die toneel daarvoor of daarna affekteer? (ee 647, 715)
- 71) Volg tonele wat handel oor die held se emosionele lewe of liefdestonele op 'n toneel(...nele) wat baie dramaties is? (e 669)
- 72) Het kykers afwagting oor die komende toneel omdat nie alle probleme in hierdie toneel opgelos is nie? (e 1549)
- 73) Word daar weggesny na die volgende toneel sonder om die afloop van die toneel se konflik te wys, dan word die afloop gewys en dan begin die volgende probleem? (e 1549)
- 74) Is daar
- a) te veel soortgelyke tonele wat opmekaar volg? (e 716)
 - b) spanning en onsekerheid oor hoe dit sal verloop? (e 660)
 - c) tonele wat sterk visuele materiaal skep vir die regisseur? (e 422)
 - d) tonele wat te vroeg voorkom, voordat hulle inhoud ryp is? (e 1558)
- 75) Is daar tonele waar die held buite die hoofkonflik gewys word? (e 1557)
- 76) Is die gevoel en atmosfeer van die toneel gepas vir die inhoud? (e 1550)
- 77) Behels sommige toneeloorloange die oorvleueling van klank of dialoog? (e 1556)
- 78) Volg die toneel 'n
- a) "jaag-en-ontsnap"-patroon?
 - b) "jaag-en-vang"-patroon? (e 1539)
- 79) Dra alle dele van die toneel by tot sy essensie? (e 1559)
- 80) Is daar 'n verskeidenheid binne die eenheid van die tonele? (e 1573)
- 81) Is daar genoeg tyd vir kykers om aan te pas by die nuwe omgewing/tyd van 'n toneel voor belangrike dialoog gelewer of die werklike substansie van die toneel aangespreek word? (ee 648, 1538)
- 82) Bou elke toneel
- a) na 'n dramatiese of komiese punt? (e 671)
 - b) van die mins tot die mees belangrike? (e 668)
- 83) Is toneeloorloange so kort en dramaties moontlik? (e 676)
- 84) Volg die begin, middel en einde 'n 1:2:1 verhouding? (e 1561)
- 85) Het die toneel 'n begin, middel, einde? (ee 168, 236, 639, 687)
- 86) Hoeveel tonele eindig met 'n klimaks of 'n vraag? (ee 241, 677)
- 87) Eindig die toneel na die punt gemaak is of hou dit aan? (e 429)
- 88) Is die uitslag van die toneel in die weegskaal tot die laaste oomblik? (e 653)
- 89) Is daar aan die einde van die toneel
- a) 'n gepaste uitbetaling vir die opbou? (e 1553)
 - b) iets weggehaal of bygevoeg tot die plot aan die begin? (e 663)

- 90) Verander die emosionele waarde van die begin na die einde vir elke karakter? (ee 640, 1543, 1545)
- 91) Stop die toneel te gou? (e 426)
- 92) Het sommige tonele verrassende eindes? (e 242)
- 93) Forseer die toneel kykers na die volgende toneel? (e 169)
- 94) Is daar ten minste drie uitstaande tonele vir die held? (e 682)
- 95) As 'n toneelkrisis opgelos word, is daar ander wat onopgelos gelaat is om kykers na die volgende toneel te beweeg? (e 239)

7.2.33 Simboliek

- 1) Word simboliek gebruik? (ee 2141, 2309, 2314)
- 2) Word simbole vir 'n definitiewe doel aangewend? (e 2317)
- 3) Is daar ooglopende simbole wat clichés is? (ee 2151, 2312)
- 4) Is daar vars toepassings vir cliché simbole? (e 2313)
- 5) Het die simbole universele betekenis? (e 2311)
- 6) Is daar vars nuwe simbole? (e 2313)
- 7) Is daar visuele metafore? (e 2140)
- 8) Is die simboliek subtiel? (e 1579)
- 9) Verteenwoordig karakters, aksies en beelde net hulleself aan die begin en verkry groter en groter betekenis soos die storie vorder? (e 1579)
- 10) Staan karakters, aksies en beelde teen die einde van die storie vir universele idees? (e 1579)
- 11) Word simboliek gebruik om
 - a) vooruitskouing te gee? (e 2305)
 - b) karakters mee te identifiseer? (e 2299)
 - c) abstrakte begrippe uit te druk? (e 2302)
 - d) die storie se betekenis te beklemtoon? (e 2303)
 - e) 'n karakter se persoonlikheid aan te dui? (e 2300)
 - f) betekenis uit te druk wat kinematies moeilik is om te kommunikeer? (e 2301)
- 12) Is simbole wat deel uitmaak van die skelet ooglopend verstaanbaar? (e 2310)
- 13) Het die kumulatiewe effek van subtiele simbole 'n definitiewe effek? (e 2315)
- 14) Word voorwaartse beweging/verstaanbaarheid benadeel omdat kykers nie noodsaaklike simboliek herken en verstaan nie? (ee 2310 - 2312)
- 15) Is daar te veel simboliek? (e 2312)
- 16) Is 'n karakter self 'n simbool? (e 2304)
- 17) Word stilte simbolies gebruik? (e 3939)
- 18) Dien die simbool 'n definitiewe doel in die storie? (e 2307)
- 19) Is die simbole organies aan die storie-inhoud? (ee 2316, 2320)
- 20) Word alledaagse aktiwiteite se simboliese betekenis benut? (e 2298)
- 21) Is daar simboliek in die reaksie van 'n karakter op 'n voorwerp? (e 2318)
- 22) Word die unieke betekenis wat voorwerpe kommunikeer, benut? (e 2318)
- 23) Word die simboliek vernietig deur daarna te verwys in die storie? (e 1580)
- 24) Kommunikeer die simbool beter as die konsep waarvoor dit staan? (e 2308)
- 25) Gee die konteks betekenis aan voorwerpe, gebeure of karakters wat hulle alledaagse betekenis transendeer? (e 2319)

7.2.34 Kommunikasie

- 1) Word primêre inligting duidelik gekommunikeer? (ee 536, 2323, 2321)
- 2) Help herhaling kykers om die belangrikste plotinligting te volg? (e 1275)
- 3) Word visuele kommunikasie eerder as dialoog gebruik vir emosies? (e 2322)
- 4) Word primêre inligting hoofsaaklik deur aksie en beelde gekommunikeer? (e 2323)
- 5) Kan ouditiwe inligting visueel oorgedra word? (ee 54, 287, 551, 2322, 3729, 3773, 3780)
- 6) Is daar essensiële feite wat tans deur dialoog verskaf word wat visueel oorgedra kan word? (e 3774)
- 7) Word herhaling
 - a) gebruik om kykers te oriënteer? (e 1269)
 - b) van voorwerpe gebruik om verandering te toon? (e 163)
 - c) gebruik om die storie 'n gevoel van kohesie te gee? (e 439)
 - d) gebruik om die storie-elemente met die tema te integreer? (e 1269)
 - e) van klank, dialoog, beeld, aksie, terreine of gebeure vir dramatiese doeleindes gebruik? (e 1274)
- 8) Is die inligtingstroom verlaag voor belangrike inligting gegee word? (e 2321)
- 9) Word sekondêre inligting benut om die natuurlike atmosfeer te verryk? (e 2323)
- 10) Het belangrike inligting tot gevolg dat kykers vorige inligting herinterpreteer en dieper insig verkry? (e 2324)
- 11) Word karaktereienskappe
 - a) herhaal om karakters te handhaaf?
 - b) identies herhaal of volgens gedragspatrone? (e 1270)
- 12) Word feite en syfers wat belangrik is voldoende herhaal sodat kykers dit herken wanneer dit tydens die hoofklimaks of afloop na vore kom? (e 1271)
- 13) Word gebeure of gesprekke herhaal ter wille van 'n karakter wat nie die eerste keer teenwoordig was nie? (e 1273)
- 14) Is die herhaling sodanig dat dit nie as herhaling beskou word nie deurdat dieselfde inligting op verskillende maniere gekommunikeer word? (e 1275)
- 15) Word onnodige herhaling vermy (e 1272)
- 16) Herhaal die dialoog dit wat beelde reeds kommunikeer het? (e 3778)
- 17) Is die dialoog toepaslik of kunsmatig ten opsigte van die beeld? (e 379)
- 18) Bevorder of benadeel die dialoogkontinuiteit die visuele kontinuiteit? (e 3775)
- 19) Bots beelde wat deur woorde opgeroep word, met die beeldmateriaal? (e 3777)
- 20) Is daar 'n oormaat ouditiwe inligting wat kykers se aandag aftrek van die visuele kommunikasie? (e 3776)

7.2.35 Visuele inhoud

- 1) Hoeveel visuele waarde bevat die storie? (e 305)
- 2) Is daar rekwisiete wat akteurs, veral kinderaktors, sal help ontspan en natuurlik laat toneelspeel? (e 2239)
- 3) Bevat aksieprente baie vervoermiddels en rekwisiete soos wetenskaplike apparaat? (e 2242)
- 4) Benut die storie die visuele en ouditiwe vermoëns van die groot skerm en goeie klankstelsel van 'n teater? (e 2137)



- 5) Kan die visuele waarde verhoog word deur
 - a) kostuums te benut?
 - b) kostuums te verander?
 - c) die terrein te verander?
 - d) meer karakters/ekstras?
 - e) fisiese aksie by te voeg of te verander?
 - f) rekvisiete by te voeg of bestaandes te verander?
 - g) die groepering van karakters of voorwerpe te verander? (ee 227, 293 - 298)
- 6) Word die held deur objekte in gevaar gestel? (e 2243)
- 7) Is daar rekvisiete wat 'n "karakter" in eie reg is? (e 2244)
- 8) Word toerusting aangewend as deel van die plot? (e 132)
- 9) Word rekvisiete effektief
 - a) benut? (e 227)
 - b) vir humor benut? (e 2236)
 - c) gebruik vir karakterisering? (e 2244)
 - d) gebruik om spanning te skep? (e 2240)
 - e) gebruik om karakters te identifiseer? (e 2237)
- 10) Is daar visuele clichés wat neig na melodrama? (e 2150)
- 11) Word uitgediende visuele clichés vars aangewend? (e 2152)
- 12) Word die storie visueel/symbolies vertel met voorwerpe? (ee 2235, 2241)
- 13) Is daar ouditiewe elemente wat verbeter kan word deur dit te kombineer/vervang met visuele elemente? (e 287)
- 14) Moet onkinematiese elemente soos 'n karakter se gemoedstoestand, toekomsdrome, reuke of smake dikwels uitgebeeld word? (e 1607)
- 15) Dui kostuums die
 - a) smaak van karakters aan?
 - b) sosiale stand van karakters aan? (e 2147)
- 16) Is daar besondere
 - a) beelde wat ontstaan as gevolg van aksie? (e 2138)
 - b) terreine, aksiesekwense of spesiale effekte? (e 2137)
 - c) beelde soos panoramiese skote, die natuur of mooi huise? (e 2139)
- 17) Is daar beelde wat atmosfeer skep en kykers voorberei vir gebeure? (e 2143)
- 18) Vind dialoog in 'n visueel interessante omgewing plaas? (ee 2144, 3498)
- 19) Word die unieke gevoel van elke seisoen benut? (e 2148)
- 20) Laat die storie kykers
 - a) nuwe plekke beleef?
 - b) bekende plekke op 'n nuwe manier beleef? (e 2149)
- 21) Is daar loop-en-praat-tonele? (e 2145)
- 22) Is daar rektiwiteite? (e 2146)
- 23) Word die volgende benut:
 - a) Kleur.
 - b) Tekstuur.
 - c) Vorm/ontwerp.
 - d) Visuele kontras? (e 288)
- 24) Bevat die storie 'n *McGuffin*? (e 1787)
- 25) Is daar beelde ter wille van kontinuïteit? (e 2142)

7.2.36 Tema en boodskap

- 1) Verleen die storie hom tot 'n tema of vermaak dit beter sonder een? (e 2256)
- 2) Bevat die storie 'n tema/boodskap? (ee 26, 31, 526, 2247, 2255, 2260)
- 3) Identifiseer kykers met die tema/waardes van die storie? (e 63)
- 4) Handel die tema oor die menslike toestand? (e 3453)
- 5) Is alles in die storie verwant aan die tema? (e 2262)
- 6) Kan die tema verwoord word in een sin? (e 2259)
- 7) Is daar 'n wending in die tema/boodskap? (e 263)
- 8) Staar die tema te duidelik uit? (e 2251)
- 9) Is die tema
 - a) onwaar of onlogies? (e 2290)
 - b) en plot geïntegreer? (e 2250)
 - c) en aksie geïntegreer? (e 2295)
 - d) in die subteks verweef? (e 2295)
 - e) spesifiek filosofies of eng veralgemenend? (e 2248)
- 10) Word die tema
 - a) geloofwaardig gekommunikeer? (e 332)
 - b) subtiel, maar begrypbaar uitgedruk? (e 228)
 - c) êrens in die storie verwoord? (ee 228, 3452)
 - d) in een of twee sinne verwoord in die storie? (e 3452)
 - e) gesuggereer deur dialoog eerder as direk uitgespel? (e 3687)
- 11) Pas die verwoording van die tema natuurlik in die dialoog? (e 2295)
- 12) As daar verskeie helde of opponente is, help elkeen om die tema effektiewer oor te dra? (e 900)
- 13) Is die
 - a) held die regte een om die tema oor te dra?
 - b) opponent die regte een om die tema oor te dra? (e 358)
- 14) Het alle karakters 'n siening oor die tema van die storie? (e 2275)
- 15) Maak karakters dit moontlik om 'n bepaalde tema oor te dra? (e 3447)
- 16) Is karakters in staat om gesprekke oor die tematiese onderwerpe te voer? (e 3447)
- 17) Is die gebeure, keuse van karakters, motivering van optrede en plot funksioneel ten opsigte van die tema? (ee 2252, 4023)
- 18) Maak die tema 'n onderliggende stelling of aanname oor 'n aspek van die lewe? (e 2261)
- 19) Handel die tema oor universele waardes en beginsels wat van toepassing is op alle mense? (ee 2253, 2273, 3449)
- 20) Is die storie verwarrend omdat dit twee temas bevat? (e 2271)
- 21) Word konfliktsituasies gebruik om die tema te belig? (e 2272)
- 22) Bied die storie 'n verwarrende beeld van die tema? (e 2251)
- 23) Is daar prekerige dialoog? (e 3686)
- 24) Weerspieël prekerige dialoog 'n karakter se siening? (e 3686)
- 25) Moet kykers werk om die boodskap/tema te bekom? (e 2265)
- 26) Inspireer die tema beter dinge eerder as om dit te leer? (e 2270)
- 27) Is die storie styf en prekerig as gevolg van te veel klem op tema? (ee 527, 2276)
- 28) Ontvang kykers wenke en stukkies tema soos die storie ontwikkel? (e 2292)



- 29) Word die tema
- a) afgedwing op die storie? (e 2274)
 - b) overt in 'n subplot aangebied? (e 2297)
 - c) vroeg in die struktuur ingeweef? (e 2293)
 - d) geïllustreer in die storie se aksie? (e 2263)
 - e) gereflekteer deur die weiering om op te tree? (e 3448)
 - f) deur die storie gekommunikeer of andersom? (e 2286)
 - g) gereduseer tot toesprake wat karakters maak? (e 2263)
 - h) deurgevoer tot by die hoofklimaks en resoluësie? (e 2291)
 - i) in terme van sy effek op menslike aksies aangebied? (e 2249)
 - j) in die eerste bedryf uitgedruk en dan getoets deur die storie? (e 2287)
- 30) Is karakters slegs marionette vir die skrywer se boodskap? (e 2294)
- 31) Harmonieer die tema met die essensie van die storie? (e 2261)
- 32) Reflekteer al die plote/storielyne dieselfde tema? (e 2264)
- 33) Is die tema 'n
- a) eenvoudige stelling;
 - b) morele stelling of
 - c) ontdekking aangaande die menslike natuur? (e 2266)
- 34) Is die tema preuts, prekerig, didakties, dogmaties, verbitterd, filosofiese lesings, persoonlike slagspreuke of ooglopend? (ee 2251, 2268, 2269, 2283, 2296, 2282)
- 35) Het die storie 'n kernwaarde met óf 'n positiewe óf 'n negatiewe lading en 'n hoofrede waarom die waarde verander na sy finale toestand? (e 2258)
- 36) Word die tema uitgedruk wanneer
- a) 'n situasie verander? (e 2279)
 - b) die hoofklimaks plaasvind? (e 2281)
 - c) daar 'n gevoel van voltooidheid is? (e 2280)
 - d) 'n geartikuleerde probleem opgelos word? (e 2278)
 - e) aksie 'n karakter lei om tematiese dialoog te sê? (e 3687)
 - f) die held se ooreenkomste met die opponent en verskille met die bondgenoot onthul word? (e 2254)
- 37) Gaan die ontplooiing van die tema hand aan hand met die karakterontwikkeling van die held? (ee 2257, 2277, 3450)
- 38) Het die opponent 'n opponerende tema wat sy motivering suggereer? (e 2284)
- 39) Help die opponerende tema keer dat die storie voorspelbaar is? (e 2285)
- 40) Word die opponerende tema net so effektief gekommunikeer? (e 2285)
- 41) Is die tema die duidelikste tydens die hoofklimaks? (e 2289)
- 42) Ondersteun die einde van die storie die tema? (e 527)
- 43) Dra die onsekerheid oor die afloop van die storie en die ware betekenis daarvan by tot die impak van die storie? (e 2288)
- 44) Ontstaan 'n gesprek/dialoog oor die tema as gevolg van 'n ontdekking wat vloei uit aksie? (e 3687)
- 45) Het die held 'n dieper insig bekom? (e 3453)
- 46) Is daar filosofieë wat vervang kan word met aksie? (e 290)
- 47) Is die tema gekoppel aan karakters se behoeftes? (e 3585)
- 48) Versterk die held se diepere behoefte(s) die tema? (e 3586)
- 49) Dui die dieper insigte waartoe die held kom die tema aan? (e 3451)
- 50) Val die plotklimaks, tematiese klimaks en strukturele klimaks saam? (e 2289)

7.2.37 Die binneste grot, krisis en prys

- 1) Verteenwoordig die binneste grot die dood? (e 779)
- 2) Kom die held innerlike demone en hindernisse teë? (e 806)
- 3) Is daar 'n fisiese grot of is dit 'n sielkundige ekwivalent? (e 807)
- 4) Word kykers herinner aan die horlosie se tyd wat uitloop? (e 799)
- 5) Is die binneste grot in die boesem van die vyandelike gebied? (e 778)
- 6) Word die held en kykers herinner dat hy 'n kragtige status quo uitdaag? (e 797)
- 7) Word die omgewing na die tweede drempel meer bonatuurlik, vreesaanjaend en buitengewoon? (ee 778, 798)
- 8) Wil die held omdraai of is hy ten volle verbind tot die avontuur? (e 805)
- 9) Is die risiko's nou groter en die lewe-en-dood-aspek baie prominent? (e 778)
- 10) Watter spesiale voorbereiding vind plaas tydens die oloop tot die krisis? (e 804)
- 11) Ontvang die held by of binne die grot 'n onmoontlike opdrag om uit te voer as hy sy doel wil bereik? (e 778)
- 12) Is daar uiteindelik geen uitkomkans nie: al die ontsnappingsroetes is geblok en die held omsingel? (e 803)
- 13) Is daar 'n geheime ondervinding wat 'n dramatiese privaat, persoonlike gebeure is? (e 2245)
- 14) Is daar te veel geheime ondervindings in die storie? (e 2245)
- 15) Dwing die krisis 'n lewe-of-dood-besluit van die held af? (e 492)
- 16) Dwing die krisis 'n belangrike besluit op verskillende karakters af? (e 492)
- 17) Is die krisis in die grot die sentrale gebeure van die storie waarna en waaruit al die storiegebeure loop? (e 779)
- 18) Staar die held die dood of iets soos sy grootste vrees in die gesig tydens die krisis? (ee 808, 816)
- 19) Wat is die held se grootste vrees? (e 819)
- 20) Is die krisis 'n sentrale krisis of 'n vertraagde krisis? (e 779)
- 21) Beleef beide die held en heldin 'n sentrale krisis? (ee 808, 816)
- 22) Word die held se eie weerstand of vrees oorwin in die grot? (e 802)
- 23) Tot watter mate sterf die ego van die held tydens die krisis? (e 779)
- 24) Is die krisis 'n geveg of konfrontasie met 'n opponerende mag? (e 813)
- 25) Is daar een of meer ooggetuies van die held se oënskynlike dood? (e 810)
- 26) Beleef kykers die held se oënskynlike dood deur die ooggetuies? (e 810)
- 27) As die ooggetuies treur, treur die kykers saam met hulle? (e 810)
- 28) As die ooggetuies ontdek die held lewe nog, is die kykers saam bly? (e 810)
- 29) Indien die held nie fisies "sterf" nie,
 - a) sterf hy sielkundig? (e 812)
 - b) sterf die opponent? (e 814)
 - c) sien hy hoe iemand anders sterf? (e 811)
 - d) is hy die oorsaak van iemand anders se dood? (e 812)
- 30) Wond die held die opponent tydens die krisis, waarna hy ontsnap en in die derde bedryf met groter mag terugkom? (e 815)
- 31) Is die krisis in 'n menslike drama die punt waar die held 'n gesagsfiguur of entiteit konfronteer? (e 818)
- 32) Beleef die held na die krisis 'n emosionele hoogtepunt of laagtepunt? (e 820)
- 33) Tot watter mate word die held getransformeer na sy "dood"? (ee 808, 809)
- 34) Kom die held in 'n toestand van balans met homself en die natuur? (e 817)



- 35) Gee die beloningtonele kykers kans om hulle asem terug te kry? (e 821)
- 36) Kom die vroulike en manlike kante van die held meer in balans? (e 817)
- 37) Word die beloning of oorwinning van die krisis gevier? (e 781)
- 38) Vier die held fees, hersien die gebeure, spog, maak grappe, bring offers om dankie te sê en/of rus uit vir die terugtog na die krisis? (e 820)
- 39) Laat die intimiteit om te hoor hoe karakters die gebeure beleef het kykers sterker met hulle identifiseer? (e 821)
- 40) Word die held geïnisieer in 'n groep of ontvang hy bevordering na 'n hoër rang na die krisis? (e 825)
- 41) Neem die held nou besit van dit waarna hy gesoek het? (ee 780 823)
- 42) Is die prys wat die held najaag tasbaar of ontasbaar? (e 2334)
- 43) Is die drempelwagte nou aan die held se kant? (e 828)
- 44) Regreer die held as gevolg van die krisis? (e 826)
- 45) Is daar 'n liefdestoneel na die krisis? (e 822)
- 46) Moet die held die prys steel? (e 824)
- 47) Is die prys groot genoeg? (e 286)
- 48) Oorskat die held sy vermoëns na die krisis, net om later te ontdek dat hy gelukkig was? (e 827)
- 49) Wat het die held geleer deur die dood, neerlaag of gevaar te konfronteer? (ee 781, 829, 833, 846)
- 50) Besef die held dat hy verander het? (e 832)
- 51) Verander die storie van rigting na die krisis? (e 831)
- 52) Is die opponent behoorlik verslaan na die krisis? (e 781)
- 53) Is daar nabetraging of 'n besef van 'n breër bewuswording? (e 832)
- 54) Versoen die held hom tydens die beloningsfase met 'n ouer? (e 2332)
- 55) Het die held enige negatiewe eienskappe van die skadu geabsorbeer? (e 830)

7.2.38 Die pad terug

- 1) Verteenwoordig die terugkeer die held se vasberadenheid om die lesse wat hy geleer het in die gewone wêreld te implementeer? (e 834)
- 2) Ontsnap die skadu indien hy tydens die krisis gevang is? (e 842)
- 3) Word die storie se energie verhoog tydens die pad terug? (e 836)
- 4) Herverbind die held hom tot die avontuur tydens die pad terug? (e 836)
- 5) Dink die held dat die mense in die gewone wêreld hom nie sal glo nie? (e 835)
- 6) Is die held se terugkeer na die gewone wêreld sinneloos omdat hy nie die prys saambring nie? (e 2333)
- 7) Kies die held om
 - a) in die spesiale wêreld te bly?
 - b) terug te gaan na die gewone wêreld?
 - c) verder te reis na 'n nuwe gebied of die finale bestemming? (e 781)
- 8) Word die held afgeforseer van die plato van die beloning, hetsy deur sy eie motivering of deur 'n eksterne mag? (e 836)
- 9) Is die pad terug 'n drempel wat die oorgang van die tweede tot die derde bedryf verteenwoordig? (e 837)
- 10) Wat is die voordeel as die held
 - a) die spesiale wêreld vrywillig verlaat? (e 845)
 - b) uit die spesiale wêreld gegooi/gejaag word? (e 844)

- 11) Kry die held tydens die pad terug te doen met die gevolge van sy stryd met die donker magte? (e 1640)
- 12) Ontdek die held dat hy 'n ondergeskikte doodgemaak het en nou is die werklike skadu op sy spoor? (e 838)
- 13) Agtervolg of val die skadu die held met hernude krag aan? (ee 781, 1641)
- 14) Word die teenaanval deur die skadu, 'n maat of ondergeskikte uitgevoer? (e 838)
- 15) Vlug die skadu met een van die held se bondgenote of die geliefde? (e 842)
- 16) Verlaat die held slegs die spesiale wêreld omdat hy gejaag word? (e 839)
- 17) Moet die held besluit oor wat belangrik is en iets agterlaat? (e 841)
- 18) Word die held deur bewonderaars agtervolg? (e 842)
- 19) Is transformasie deel van die jaagsekwens? (e 840)
- 20) Moet die held hom vermom om te ontsnap? (e 840)
- 21) Word die pad terug benut vir 'n jaagsekwens? (ee 839, 1642)
- 22) Moet die held in 'n sielkundige drama sy gedrag verander? (e 840)
- 23) Ondergaan die held 'n finale suiwering voor die gewone wêreld? (e 848)
- 24) Veroorsaak die pad terug 'n verandering in die doel van die storie? (e 837)
- 25) Kry die held 'n terugslag wat dit laat lyk of die hele avontuur gedoem is? (e 843)

7.2.39 Opstanding/hoofklimaks

- 1) Wat is die finale stryd? (e 493)
- 2) Is die aanloop tot die hoofklimaks nuut? (e 265)
- 3) Is daar 'n hoofklimaks wat die sekondêre plot oplos? (e 2360)
- 4) Is die subplotte se klimakse deel van die hoofklimaks? (e 2388)
- 5) Is daar konflik resolusie sonder konfrontasie? (e 2355)
- 6) Word die probleem opgelos deur dit uit te praat? (e 2358)
- 7) Vind die hoofklimaks in die kop van die held plaas? (e 2357)
- 8) Vloei die resolusie uit die plot voort of is dit kunsmatig? (e 2349)
- 9) Is dit die beste, gepaste en mees dramatiese hoofklimaks? (ee 302, 858)
- 10) Word die probleem ten gunste van die held opgelos? (e 2373)
- 11) Offer die held homself op vir 'n goeie saak? (e 2374)
- 12) Verloor die held sonder om te verloor? (e 2373)
- 13) Is dit 'n groot finalé? (e 407)
- 14) Toon die held
 - a) dapperheid tydens die hoofklimaks?
 - b) morele dapperheid tydens die hoofklimaks? (e 2366)
- 15) Vind die onbelangrikste subplotte se klimakse eerste plaas, gevolg deur die volgende belangrike klimaks, tot by die hoofklimaks? (e 2388)
- 16) Is die storie 'n toets vir integriteit? (e 2433)
- 17) Word die gevoel geskep dat die held onvermydelik sy doelwit sal bereik en dan bereik hy dit nie? (e 2450)
- 18) Demonstreer die hoofklimaks die prys wat die held sal betaal om lewens/verhoudings/integriteit te handhaaf? (ee 2433, 2434)
- 19) Het die risiko tydens die opstanding sy wydste implikasies: nie net die held se lewe word bedreig nie maar ook die gemeenskap/wêreld? (e 782)
- 20) Is die aksie van die hoofklimaks gepas vir die behoeftes van die storie? (e 2387)
- 21) Sal nog 'n oomblik van dood en hergeboorte die storie volledig laat voel? (e 847)



- 22) Is die held direk en pro-aktief betrokke by die oplossing van die probleem in die hoofklimaks? (ee 849, 2359, 2371, 2400, 2459)
- 23) Is die held redelik aktief regdeur die storie en op die mees kritieke oomblik word hy passief en gered deur 'n buitemag? (ee 849, 2400)
- 24) Is daar twyfel oor
 - a) waar die hoofklimaks sal afspeel?
 - b) die tipe aksie wat die hoofklimaks sal benodig? (e 2439)
- 25) Benut die aksie die terrein om kykers
 - a) se aandag aan te gryp?
 - b) onseker te hou oor die finale uitkoms? (e 2440)
- 26) Is die finale konfrontasie van 'n karakterstorie verbaal (e 2372)
- 27) Indien die held hulp kry, is dit steeds hyself wat die beslissende daad uitvoer en die skadu oorwin? (e 849)
- 28) Is daar 'n finale drempel, misstap of val net voor die held sy doel bereik wat weer 'n simboliese dood verteenwoordig? (ee 782, 852)
- 29) Is die val tydelik of permanent? (e 782)
- 30) Ontdek of besef die held iets wat belangrik is vir die storie as geheel? (e 2413)
- 31) Word die held se weerstand of vrees oorwin tydens die opstanding? (e 802)
- 32) Is die struikeling van die held iets fisies of moreel of emosioneel? (e 782)
- 33) Vereis die opstanding 'n offer soos 'n ou gewoonte of 'n lewe? (e 853)
- 34) Oefen die held 'n keuse uit tydens die hoofklimaks? (ee 2359, 2362)
- 35) Is dit 'n lewe-of-dood-besluit wat die held moet neem? (e 492)
- 36) Bepaal die keuse van die held of hy wen of verloor? (e 2362)
- 37) Is die keuse self die hoofklimaks? (e 2403)
- 38) Is die besluit wat die held tydens die hoofklimaks neem moreel georiënteerd? (ee 2362, 2359)
- 39) Is daar 'n maklike alternatief vir die held wat die druk van hom sal wegneem? (ee 2364, 2369)
- 40) Kies die held die morele pad al is die risiko hoe groot? (ee 2364, 2369)
- 41) Is die held verbaal, stil, oppervlakkig sinies, of koel oor die morele keuse voor/tydens die hoofklimaks? (e 2365)
- 42) Voel kykers ook beloon as die held die regte besluit neem en beloon word? (e 2362)
- 43) Watter deel van die held word heropgewek? (e 854)
- 44) Bly die finale uitslag van die hoofklimaks onseker? (e 2436)
- 45) Kom die held en opponent teen mekaar te staan? (ee 14, 2437)
- 46) Is daar 'n behoefte vir 'n fisiese konfrontasie? (ee 855, 2371, 2435)
- 47) Is die aksie wat die hoofklimaks veroorsaak voor die hand liggend? (e 2386)
- 48) Is die konfrontasie 'n tweegeveg tussen die held en opponent? (ee 850, 2371)
- 49) Word die held in 'n tweegeveg tot op die rand van die dood geneem? (e 850)
- 50) Sterf die held tydens die hoofklimaks indien hy 'n tragiese held is? (e 851)
- 51) Sterf bondgenote van die held tydens die hoofklimaks? (e 851)
- 52) Is die hoofklimakstoneel uitgereek? (e 1575)
- 53) Word die hoofklimaks deur 'n groot krisis voorafgegaan? (e 2414)
- 54) Word kykers se energie gemors omdat die minder belangrike toneel/sekwens voor die hoofklimaks stadig en uitgereek is? (e 1575)

- 55) Word die verlenging van tyd tydens die hoofklimaks verdien deurdat die ritme reg gestruktureer is en die tempo toeneem tot voor dit? (e 1575)
- 56) Word die konflikterende elemente van die hoofkrisis op 'n verrassende manier bymekaargebring vir die hoofklimaks? (e 2420)
- 57) Is die hoofklimaks
- 'n stil klimaks? (e 2404)
 - die laaste en gevaarlikste ontmoeting met die dood? (e 847)
 - 'n wen-verloor-, verloor-verloor- of wen-wen-situasie? (e 560)
 - minder dramaties as 'n voorafgaande toneel/sekwens? (e 2377)
 - 'n finale aksie waarna kykers nie kan dink dat daar nog iets is nie? (e 1404)
- 58) Bring die finale krisis al die hoofkarakters bymekaar? (e 863)
- 59) Is dit fassinerende karakters wat teen mekaar te staan kom? (e 2425)
- 60) Identifiseer kykers sterk met die held(e) van die hoofklimaks? (ee 2422, 2426)
- 61) Beantwoord die hoofklimaks duidelik die vraag of die held sy uiterlike doelwit bereik of nie, of is daar dubbelsinnigheid? (ee 2360, 2455)
- 62) Word die hoofkonflik besleg met die hoofklimaks? (ee 13, 2356, 2423)
- 63) Word die konflik/plot opgelos deur *deus ex machina*? (ee 2370, 2449, 2458)
- 64) Is dit die oomblik waarvoor kykers wag sedert die konflik begin het? (e 2421)
- 65) Is die hoofbron van die konflik na die krisis, ook dié van die klimaks? (e 2438)
- 66) Is dit wat in die hoofklimaks plaasvind, dit wat kykers belowe is, veral ten opsigte van die held en sy stryd? (e 967)
- 67) Weet kykers hoe sake vir alle karakters afgeloop het? (e 2368)
- 68) Beëindig die klimaks die hoofkarakters se betrokkenheid by die storie? (e 863)
- 69) Is dit 'n rollende klimakssekwens van verskillende
- subplotte en plotte?
 - vlakke soos rasioneel, emosioneel/geestelik en liggaamlik? (e 2405)
- 70) Is die eerste tagtig minute baie effektief maar die storie val plat tydens die derde bedryf? (e 2381)
- 71) Is die laaste 20 minute van die storie goed? (e 2381)
- 72) Word die hele laaste bedryf aan die hoofklimaks gewy? (e 2384)
- 73) Eindig dit met 'n goeie hoofklimaks, al trek die eerste deel effens? (e 2381)
- 74) Word die aanpassing aan die einde bereik deurdat:
- Die magte van aantrekking of wegstoting vernietig word?
 - 'n Verhouding gevorm word tussen die magte van aantrekking?
 - Die verhouding tussen die magte van wegstoting onderbreek word? (e 2396)
- 75) Is daar 'n duidelike resoluë? (e 217)
- 76) Word alles in fokus gebring tydens die hoofklimaks? (e 2356)
- 77) Verdien die held die resoluë of het dit te maklik gebeur? (e 123)
- 78) Skep en vorm elke toneel, besluit, of aksie die hoofklimaks? (e 859)
- 79) Definieer die hoofklimaks die basiese betekenis van die storie? (e 2424)
- 80) Verskaf die resoluë 'n laaste insig in die storie, wat help om die tema verder te definieer? (ee 2419, 2424)

7.2.40 Afloop/epiloog/einde

- Het die stryd van die storie 'n verandering bereik? (e 2397)
- Bevat die beloning/einde 'n element van verrassing? (e 783)



- 3) Is die
 - a) primêre plot deurgevoer tot sy einde en opgelos? (e 121)
 - b) sekondêre plot deurgevoer tot sy einde en opgelos? (e 131)
- 4) Is ander plotte/storielyne deurgevoer tot hulle einde en opgelos? (e 865)
- 5) Is alle subplotte, vrae en los elemente vasgemaak teen die einde? (ee 133, 865)
- 6) Bereik die held
 - a) sy primêre doelwit
 - b) net 'n sekondêre doelwit?
 - c) 'n kragtige alternatiewe doelwit? (ee 2447, 2457)
- 7) Wat is die prys wat die held terugbring? (e 871)
- 8) Is die terugbring van die prys die held se finale toets? (e 872)
- 9) Deel die held die prys met iemand of die gemeenskap? (e 871)
- 10) Is die prys groot genoeg om die heldereis te regverdig? (ee 286, 879)
- 11) Word straf of beloning uitgedeel aan die einde? (ee 494, 783, 869, 870)
- 12) Is die beloning of straf
 - a) letterlik of metafores? (e 873)
 - b) deel van 'n proses om balans te herstel? (e 869)
- 13) Behels die beloning
 - a) liefde, kennis, vrede, 'n veranderde wêreld, die aanvaarding van gesag of verantwoordelikheid, of gee die held sy eensame status op? (ee 873, 874)
 - b) 'n element van besitneem, feesviering, trou(ens), kampvuurtonele, 'n nuwe verhouding(s), selfverwesening of wraak? (ee 783, 2464)
- 14) Wys die onthulling positiewe aspekte van die mens uit? (e 783)
- 15) Is daar 'n ironiese/siniese ondertoon in die verrassing? (e 783)
- 16) Watter van die volgende eindes het die storie:
 - a) Alleen.
 - b) Sirkulêr.
 - c) Vriesraam.
 - d) Veelvuldige.
 - e) Omhels/seën.
 - f) Fantasie triomf.
 - g) Baie-wyeskoot? (ee 866, 2461)
- 17) Bewys die prys dat die held daar was, dien dit as 'n voorbeeld vir ander of wys dit dat die dood oorwin kan word? (e 872)
- 18) Lê die einde tussen 'n oop en 'n geslote einde? (ee 2455, 2460)
- 19) Kom die held letterlik terug by die begin of is die storie sirkulêr in 'n metaforesel/visuele wyse deurdat sekere beelde herhaal word? (e 866)
- 20) Eindig die storie met oop tematiese of verhalende vrae? (e 603)
- 21) Het gesofistikeerde stories met 'n harde of realistiese gevoel 'n oop einde of oop elemente in die einde? (e 2466)
- 22) Behels 'n oop einde
 - a) vrae wat sonder antwoorde gelaat word?
 - b) vrae wat met verskeie antwoorde gelaat word?
 - c) nuwe vrae wat voortbestaan na die storie verby is?
 - d) morele gevolgtrekkings wat aan die kykers oorgelaat word? (e 2465)
- 23) Is die einde te kompleks en repeterend met te veel eindes? (e 876)



- 24) Voel die einde soos 'n behoorlike gevolgtrekking, ongeag of dit gelukkig, treurig of dubbelsinnig is? (e 124)
- 25) Eindig die storie te
 - a) skielik na die hoofklimaks? (ee 112, 877)
 - b) lank aan na die hoofklimaks? (ee 19, 111)
- 26) Word die einde getelegrafeer? (ee 880, 2445)
- 27) Word nuwe vrae gevra teen die einde? (e 865)
- 28) Gaan die held die toekoms in met die gevoel dat hy 'n nuwe lewe begin, ongeag of hy terugkeer, in die spesiale wêreld bly of 'n nuwe koers inslaan? (e 864)
- 29) Stem die einde ooreen met die van feëverhale wat eindig met 'n stelling van volmaaktheid ("...lank en gelukkig gelewe.")? (e 868)
- 30) Maak die einde van die storie logies sin? (e 2444)
- 31) Behels die oplossing dat die held sterf? (e 2454)
- 32) Voel kykers gekul deur die einde? (e 2370)
- 33) Eindig die storie soos 'n
 - a) vraagteken met 'n oop einde?
 - b) uitroepteken met 'n oproep of alarm?
 - c) punt deur met 'n verklarende stelling?
 - d) ellips deurdat die einde die gevoel gee van 'n voortgaande tendens (e 783)
- 34) Word die verloop van die storie na die einde gesuggereer aan die einde? (e 881)
- 35) Kry kykers wat hulle wil hê, maar nie soos hulle dit verwag het nie? (e 2389)
- 36) Voldoen die einde aan die vereistes van die plot en karakterisering? (e 2443)
- 37) Is dit 'n ware storie waarvan kykers reeds die einde ken? (e 2442)
- 38) Is die einde inkonsekwent en uit pas met die artistieke? (e 2443)
- 39) Maak die einde dit moeilik om 'n sterakteur te bekom? (e 2446)
- 40) Voel die storie/einde onvolledig/ongefokus omdat
 - a) daar nie tyd is om van karakters afskeid te neem en die nodige gevolgtrekkings te maak nie? (e 877)
 - b) die dramatiese vrae wat in die eerste bedryf gevra en in die tweede bedryf ontwikkel is, onbeantwoord is? (e 878)
 - c) die tema verskuif het? (e 878)
- 41) Is daar 'n epiloog? (ee 883, 885, 2467)
- 42) Rond die epiloog die storie af of rek dit onnodig uit? (ee 883, 884, 2467)
- 43) Verseël die afloop die lot van die hoofkarakters, veral die waarin kykers die meeste belangstel? (e 2417)
- 44) Indien daar gebeure na die hoofklimaks plaasvind, is dit 'n toneel(...nele) wat los punte uitklaar? (e 882)
- 45) Is die einde die somtotaal van alles wat vooraf gebeur het? (e 2421)

7.3 Makrokontrolelys: Emosie

7.3.1 Emosie: algemeen

- 1) Is emosie aan gebeure gekoppel? (e 1584)
- 2) Betrek die storie beide intellek en emosie? (e 1788)
- 3) Is daar een emosie wat die storie domineer? (e 4041)
- 4) Word bestaande emosie in die samelewing benut? (e 68)



- 5) Wat is die kwaliteit van die emosionele energie van die storie? (e 126)
- 6) Werk dit op kykers se emosie sonder om manipulerend te wees? (e 974)
- 7) Word kykers betrek deurdat hulle emosie verhoog word? (ee 1609, 1613)
- 8) Wat is die intensiteit van kykers se reaksie op die emosionele inhoud? (e 127)
- 9) Groei die held se emosiespan geloofwaardig of spring dit onreëlmatig? (e 386)
- 10) Is daar dele van die storie wat nie bydra tot die opwek van emosie nie? (e 1587)
- 11) Word gewone, diep menslike passies ontleed in 'n konteks breër as die gewone lewe? (e 982)
- 12) Word emosie gegeneer deur betekenis of deur sensasie, melodrama, seks, spesiale effekte en fotografie? (e 1598)
- 13) Hou die emosie wat domineer die intiemste verband met die tema, die doel van die storie en die katarsis aan die einde? (e 4041)
- 14) Sal kykers hulle bekommer, ongeag watter genre dit is? (e 1588)
- 15) Watter van die volgende emosies ontlok die storie by *kykers*:
 - a) *Pyn*: afwagting, nuuskierigheid, angs, benoudheid, spanning, vrees, haat, onrustigheid, skrik, skok, ontsteltenis, bejammering, droefheid, huil, vernedering, stres, berou, kwaadwilligheid, woede.
 - b) *Plesier*: verliefdheid, liefde, saligheid, heilsaamheid, geluk, geesdrif, blydskap, pret, lag, opgewondenheid, opwinding, ekstase? (ee 531, 532, 1583, 1596, 1613)
- 16) Watter van die volgende emosies beleef *karakters*:
 - a) *Pyn*: afwagting, begeerte, ambisie, woede, angs, spanning, benoudheid, vrees, haat, skrik, skok, bekommernis, ontsteltenis, eensaamheid, huil, droefheid, selfbejammering, lyding, vernedering, stres, berou.
 - b) *Plesier*: verliefdheid, liefde, saligheid, geesdrif, geluk, blydskap, pret, lag, opgewondenheid, opwinding, ekstase? (ee 531, 532, 1583, 1596, 1613)
- 17) Word dae wat verbasing, skok, afgryse, droefheid of simpatie wek, gepleeg teenoor familie, vriende, vyande of neutrale karakters? (ee 3284, 3285, 3286)
- 18) Wat het met elke karakter gebeur voor die toneel en wat is die emosionele toestand van elke karakter aan die begin van die toneel? (e 1614)
- 19) Het karakters 'n wye emosionele spektrum wat kykers by hulle en die storie betrek? (e 1591)
- 20) Is daar een of twee tonele wat emosionele hoogtepunte verskaf omdat karakters sterk emosies beleef? (e 1592)
- 21) Hoeveel tonele is daar wat emosionele hoogtepunte verskaf omdat kykers sterk emosies beleef? (e 1592)
- 22) Word dae gepleeg wat
 - a) woede, vrees, afgryse of droefheid wek, teenoor 'n empatieke karakter?
 - b) vreugde, liefde, aanvaarding of ontsag wek, deur 'n empatieke karakter?
 - c) woede, minagting, walging, ontsag of vrees wek teenoor 'n antagonistiese karakter? (e 4042)
- 23) Is daar 'n hoofemosie wat die storie by kykers ontlok? (e 1594)
- 24) Ontlok die storie die emosie van die genre waarin dit geskryf is? (e 333)
- 25) Speel die storie heeldyd op een emosionele noot of beweeg dit deur 'n hele reeks emosionele toonhoogtes en stemmings? (e 1595)
- 26) Is die emosies 'n relatiewe korttermyn, hoë-energie-ervaring wat piek, afneem en dan verby is? (e 1597)

- 27) Is daar tonele
- wat melodramaties is weens ondermotivering? (e 1601)
 - met uiterste gedrag soos selfopoffering of wreedheid? (e 1600)
 - met sterk emosie en passie wat behoorlik gemotiveerd is? (e 1599)
 - wat melodramaties is omdat die motivering nie pas by die aksie nie? (e 1603)
- 28) Is die emosie in 'n toneel so groot soos die somtotaal van sy oorsake? (e 1602)
- 29) Probeer karakters hul emosie wegsteek of ontken? (ee 3569, 3720)
- 30) Herken kykers karakters se emosie sonder om dit te deel? (e 1605)
- 31) Is dit moeilik vir die karakter om sy emosie weg te steek? (e 3718)
- 32) Is die magte wat karakters dryf gelyk aan of hoër as die emosie wat daaruit voortvloei? (e 1604)
- 33) Word 'n ontwikkeling in iemand se gevoelens geopenbaar deur wat hy doen/n reeks ontvouende aksies of deur dialoog/gesigsuitdrukkings? (e 1606)
- 34) Word karakters soms kwaad sodat hulle emosioneel reageer? (e 1666)
- 35) Voel die emosie wat 'n karakter toon kunsmatig omdat dit uit proporsie is met
- die storie?
 - sy persoonlikheid? (e 1605)

7.3.2 Genre/sielkundige ruimte/styl/kontras

- Watter genre is dit? (e 523)
- Bly die storie binne sy genre? (e 24)
- Wys die begin watter genre en subgenre dit is? (ee 21, 989, 1096, 1115)
- Word die voorspelbaarheid van die genre geloofwaardig teëgewerk? (e 992)
- Bots die styl met die genre, karakterisering en/of storie-ontwikkelings? (e 993)
- Maak die storie te veel staat op die verwagtings wat die genre skep eerder as 'n oorspronklike plot en karakters? (e 991)
- Is daar 'n konflik tussen verskillende elemente van die storie wat tot verskillende style/genres/ruimtes behoort? (ee 1148, 3986)
- Pas die oorheersende styl/atmosfeer by die dramatiese gevolgtrekking van die storie? (e 3987)
- Word ruimte, tyd, kleur en klank effektief aangewend om die styl van die storie te versterk? (e 3990)
- Pas die ruimte, plot, karakters, karakterisering, rekwisiete, dringendheid, risiko, hindernisse en prys by die genre? (e 3991)
- Dra die hele storie by tot die atmosfeer? (e 1738)
- Pas die stemming en atmosfeer by die inhoud en vorm? (e 223)
- Is daar 'n spesifieke emosionele atmosfeer en stemming? (e 524)
- Kan die atmosfeer/styl verbeter word deur meer terreine te skep? (e 291)
- Word die emosionele realiteit soos stemming, toon en styl vroeg vasgelê? (ee 1178, 1180)
- Bly die storie binne die sielkundige realiteit wat aan die begin neergelê is? (ee 1177, 1179, 1181)
- Ontwikkel die storie logies binne die gevestigde sielkundige realiteit? (e 1179)
- Word kontras gebruik om
 - 'n verwysingspunt te verskaf? (e 1685)
 - eienskappe soos goed of sleg aan te bied? (e 1685)
 - die effek van voorwaartse beweging te verkry? (e 1686)



- 19) Kan die kontras verhoog word deur meer terreine te skep? (e 291)
- 20) Skep die kontras tussen karakters en hulle omgewings drama? (e 1689)
- 21) Word visuele kontras of ironie gebruik om die storie te definieer? (e 1691)
- 22) Is die opponerende magte so geskep dat die kontras opvallend is? (e 1687)
- 23) Verskil die karakterisering te veel van die oorhoofse styl van die storie? (e 3989)
- 24) Word kontras gebruik om perspektief, grense, emosie of beelde te skep? (e 1690)
- 25) Is dit 'n vis-uit-die-water-storie waar die held/situasie dramatiese kontras verskaf? (e 1688)
- 26) Word tonele, karakters, aksies of beelde gekontrasteer om die storie meer dramatiese tekstuur en trefkrag te gee? (e 440)
- 27) Sal die storie baat by 'n gevoel van surrealisme? (e 1701)
- 28) Fokus die storie op die ongeïntegreerdheid van bestaan? (e 1670)
- 29) Kan die toneel/storie verbeter word met ekspressionisme? (e 1692)
- 30) Is ekspressionistiese tonele
 - a) oorspronklik en interessant? (e 1692)
 - b) gepas in tyd, plek en inhoud? (e 1693)
- 31) Sal die storie verbeter as
 - a) tyd uitgereken word deur reaksieskote, wegsnyskote, addisionele skote of deur aksie van dieselfde gebeure te oorvleuel van verskillende hoeke of afstande? (ee 1697, 1698, 1699)
 - b) tydsverloop versnel of vertraag word deur beeldspoed te versnel of vertraag? (e 1700)
 - c) die beeldspoed die sielkundige toestand van 'n karakter reflekteer, sy fisiese inspanning intensiveer, onderliggende emosie van 'n gebeure aandui of die ritme varieer? (e 1702)
 - d) 'n beeld gevries word? (e 1703)
- 32) Word ekspressionisme spaarsamig gebruik? (e 1694)
- 33) Meng die lengte van ekspressionistiese tonele in met die storietyempo? (e 1695)
- 34) Is die inhoud van ekspressionistiese tonele gemotiveerd en vloei dit natuurlik uit die storie? (e 1696)
- 35) Is die hoofklimaks op sigself dramaties, tragies of komies, maar die res van die storie reflekteer nie die styl op dieselfde wyse nie? (e 3987)

7.3.3 Krisis en konflik: algemeen

- 1) Varieer die konflik? (e 4)
- 2) Hoeveel konflik is daar? (e 129)
- 3) Word die konflik gou bekendgestel? (e 1423)
- 4) Is die hoofkonflik duidelik gedefinieer? (ee 135, 528)
- 5) Watter tipe druk word aangewend om die held te laat oorgaan tot aksie: fisiologies, sosiologies of psigologies? (e 1419)
- 6) Word beide innerlike en uiterlike konflik aangewend? (ee 463, 1433, 2582)
- 7) Watter tipe konflik word aangewend:
 - a) Staties.
 - b) Springend.
 - c) Stygend.
 - d) Voorskaduend? (e 1418)



- 8) Het een van die hoofkarakters interne konflik? (e 184)
- 9) Wat is die bronne van konflik tussen karakters? (e 3247)
- 10) Is daar 'n paar sterk/interessante karakters? (e 188, 2570)
- 11) Wat sal gebeur as die krisis nie opgelos word nie? (e 1442)
- 12) Stel die eerste 20 - 30 bladsye die sentrale konflik op? (e 541)
- 13) Kan die konflik verhoog word deur meer terreine te skep? (e 291)
- 14) Word etnisiteit of kultuur gebruik om konflik tussen karakters te skep? (e 3260)
- 15) Beweeg die konflik deur 'n patroon wat die teenoorgestelde, teenstrydige en die ontkenning van die ontkenning insluit? (e 1407)
- 16) Watter tipe risiko beleef elke karakter:
 - a) Die bedreiging van sy lewe.
 - b) Die bedreiging van sy geluk.
 - c) Die bedreiging van sy waardigheid? (e 1394)
- 17) Is daar
 - a) konflik regdeur die storie? (e 211)
 - b) te min, genoeg of te veel konflik in elke toneel? (e 1422)
 - c) klein konflikte wat ekstra impetus gee aan 'n toneel? (e 468)
 - d) sterk stygende konflik regdeur die tweede bedryf? (ee 488, 1457)
 - e) te min konflik en dus geen dwingende storielyn wat alles verbind nie? (e 1437)
 - f) dele wat vervelig raak weens te min konflik? (e 1420)
 - g) tonele wat dramatiese opbou van konflik verbreek? (e 893)
 - h) 'n interaksie van verskillende en veelvlakkige konflik? (e 1429)
 - i) een oorhoofse konflik wat die kwessie van die storie definieer? (e 469)
 - j) sekondêre konflik tussen ander karakters en die hoofkarakters? (e 1440)
 - k) 'n dramatiese gaping omdat daar oor die konflik gehaas word nadat dit opgestel is? (e 1444)
- 18) Bevat alle tonele onmiddellike of dreigende konflik? (e 679)
- 19) Watter vreeslike krisis staar die held in die oë? (e 491)
- 20) Loop die hoofkonflik regdeur die storie? (e 1439)
- 21) Raak die konflik meer prikkelend vir kykers? (e 156)
- 22) Styg die konflik natuurlik tot 'n krisis/klimaks? (e 500)
- 23) Is die uitkoms vir die volle duur van die storie onseker? (e 1453)
- 24) Hoe voorspelbaar is die hoofkonflik en die resoluë daarvan? (e 308)
- 25) Neem die konflik toe of is die vlak slegs repeterend? (ee 4, 489, 1429)
- 26) Is die konflik gekoppel aan die uitgangspunt/tema van die storie? (e 1426)
- 27) Word meeste konflik uitgedruk
 - a) deur aksie?
 - b) deur beelde?
 - c) deur dialoog?
 - d) as verhoudingskonflik? (ee 464 - 467)
- 28) Is die konflik
 - a) fotografeerbaar?
 - b) verstaanbaar vir kykers? (e 1423)
- 29) Is dit 'n stryd tot die einde? (e 3259)
- 30) Word die diepte van die konflik behoorlik aangebied? (e 129)
- 31) Het een van die mededingers oënskylik 'n agterstand? (e 1415)
- 32) Hou die konflik verband met beide die storielyn en karakterskelet? (e 470)



- 33) Is dit 'n swak held wat
- a) baie druk vereis voordat hy begin veg? (e 3280)
 - b) nie die las van die uitgerekte konflik kan dra nie? (e 3276)
- 34) Word karakters se huidige of toekomstige geluk bedreig? (e 1395)
- 35) Is dit goedgedefinieerde, sterk, oninskiklike karakters wat bots? (e 3281)
- 36) Kan karakters die kwessies forseer totdat hulle hul doelwit bereik of oorwin is? (e 3278)
- 37) Verander die konflik karakters van 'n statiese objek na 'n lewensgetroue wese wat die nadele of voordele van hul keuses moet dra? (e 3283)
- 38) Raak kykers meer bewus van die risiko soos die storie vorder omdat die held onsuksesvol is in sy hantering van die hoofkonflik? (e 2431)
- 39) Word krisisse spaarsamig gebruik of raak dit eentonig omdat die hele storie bestaan uit krisisse wat oortref word deur groter krisisse? (e 1417)
- 40) Is daar
- a) te min krisisse vir die hoofkarakters? (e 1454)
 - b) lewens en verhoudings betrokke by die risiko's? (e 2433)
 - c) te min druk om die held te laat oorgaan tot aksie? (e 3280)
 - d) groot en duidelik identifiseerbare risiko's op die spel? (e 2431)
 - e) 'n spilkarakter wat konflik skep en die storie vorentoe dryf? (e 2948)
 - f) geen drama nie omdat daar geen kompetisie/konflik is nie? (e 3276)
- 41) Word 'n krisis geskep deur twee konflikterende magte wat ontmoet en 'n onmiddellike aanpassing vereis? (e 1416)
- 42) Word die held geforseer om nuwe besluite te neem wat tot nuwe konflik lei? (e 1419)
- 43) Is die konflik
- a) arbitrêr? (e 3288)
 - b) alomteenwoordig? (e 1427)
 - c) doelwitgeoriënteerd? (e 1428)
 - d) konkreet en onvoorspelbaar? (e 1427)
 - e) -resolusie swak en onbevredigend? (e 1497)
 - f) inkonsekwent omdat dit verander deur die storie? (e 1436)
 - g) sterk genoeg om kykers vir twee uur betrokke te hou? (e 1425)
- 44) Skep en hou die voorskadu van konflik afwagting by kykers? (e 1421)
- 45) Is daar misverstande omdat karakters iets verkeerd interpreteer? (e 1919)
- 46) Streef die held 'n doelwit na in die aangesig van gevaar of hindernisse? (e 1424)
- 47) Bevat elke magstryd 'n doelwit, hindernis en onwilligheid om 'n kompromie aan te gaan? (e 1463)
- 48) Skep die konflik 'n kompetisie? (e 1431)
- 49) Vereis die konflik sterkte van wil by karakters? (e 1432)
- 50) Word aanvalle en teenaanvalle effektief aangewend? (e 1419)
- 51) Wen of verloor karakters op grond van 'n enkele aksie? (e 1430)
- 52) Word kontras gebruik om konflik tussen karakters te genereer? (ee 88, 3257)
- 53) Gaan die konflik oor mag – wie dit het, wie dit wil hê, wie of wat hulle help om dit te kry en wie of wat in die pad is? (e 1460)
- 54) Spruit die konflik tussen karakters uit
- a) hulle natuurlike verskille?
 - b) die verskillende funksies wat hulle het in die storie? (e 3288)



- 55) Verskil opponerende karakters drasties in sosiale status, ekonomiese- of loopbaangeleentheid, intelligensie, mag of 'n spesiale vermoë? (e 1073)
- 56) Watter van die volgende teenoorgesteldes word gebruik om konflik tussen karakters te skep:
- a) Vuil – rein.
 - b) Slim – onnosel.
 - c) Mak – roekeloos.
 - d) Dapper – lafhartig.
 - e) Naïef – wêreldwys.
 - f) Fatsoenlik – vulgêr.
 - g) Moreel – immoreel.
 - h) Opgewek – morbied.
 - i) Kalm – gewelddadig.
 - j) Sensitief – onsensitief.
 - k) Gesond – hipochondries.
 - l) Humoristies – humorloos.
 - m) Bestendig – onbestendig.
 - n) Optimisties – pessimisties.
 - o) Spaarsamig – spandabelrig? (e 3260)
- 57) Maak humor van misverstande gebruik? (e 1919)
- 58) Bevat/onthul die tweede bedryf verskillende fases van die held se stryd? (e 565)
- 59) Is die hoof organiserende faktor van die storie die aard, vlakke en orkestrasie van die konflikte? (e 1459)
- 60) Is daar te veel
- a) opponente en dus is daar nie 'n duidelike fokus nie? (e 1435)
 - b) tipes konflik en dit is onduidelik wat die hoofkwessies is? (e 1434)
- 61) Ossilleer die konflik herhalend tussen twee punte of is daar 'n driehoekige of vierhoekige situasie geskep? (e 1445)
- 62) Beleef die sekondêre karakters ook krisis? (e 1452)
- 63) Is die kern van die storie konflik of emosionele gebeure? (e 1466)
- 64) Is die enigste plekke in die storiestructuur waar daar harmonie is
- a) aan die begin tydens die stilte voor die storm,
 - b) of kortliks aan die einde van die storie as die storm verby is? (e 1443)
- 65) Beeld die konflik magspele, verskillende sienings, houdings, filosofieë en oorhoofse doelwitte uit? (e 1441)
- 66) Bou die konflik tot waar die uitgangspunt/tema getoets word? (e 1426)
- 67) Bevat die konflik fisiese geweld soos 'n tweegeveg of jaagtoneel? (e 1461)
- 68) Is kykers bekommerd oor die konflik en hoofkarakters soos die hoofklimaks nader? (e 2050)
- 69) Is massakonflik effektief geïntegreerd in die storie? (e 1462)
- 70) Fokus massakonflik op 'n individu/groep individue met iets op die spel? (e 1462)
- 71) Fokus die hoofkonflik op dit wat die held wil kry of doen en wat in sy pad staan of fokus dit op sy situasie of gevoelens? (e 1458)
- 72) Verwar die skrywer emosionele situasies met konflik? (e 1465)
- 73) Styg die belangrikheid van die krisis na die hoofklimaks toe? (e 897)
- 74) Is die doelwit, hindernis en onwilligheid om 'n kompromie aan te gaan, in proporsie? (e 1463)

- 75) Lei die konflik tot
 - a) 'n situasie verandering? (e 2920)
 - b) groei, herstel of nuwe wysheid? (e 1464)
 - c) emosie of is emosie die oorsaak van konflik? (e 1466)
- 76) Bevat al die emosionele gebeure 'n element van konflik? (e 1465)
- 77) Voldoen die konflik aan die vereiste van die storie en die genre? (e 1506)
- 78) Is die problematiese gevolge van die held se optrede groot genoeg? (e 1468)
- 79) Is die tipe en omvang van die konflik die beste vir die geslag, ouderdom en kultuur van die teikenmark? (e 1470)
- 80) Is die held soms in 'n hoek vasgekeer? (e 1469)
- 81) Verf die held homself soms in 'n hoek vas? (e 1469)
- 82) Kom die held te maklik daarvan af as hy in 'n hoek is? (e 1469)
- 83) Word emosionele implikasies benut wanneer die held in 'n hoek is? (e 1469)
- 84) Vereis die konflik uitermatig baie energie van die held en opponent? (e 1427)
- 85) Bevat al die tonele in die derde bedryf tot met die hoofklimaks onmiddellike of dreigende konflik? (e 679)

7.3.4 Eksterne en interne konflik

- 1) Watter tipe eksterne konflik word aangewend:
 - a) Verhouding (held vs. karakter).
 - b) Sosiaal (held vs. samelewing).
 - c) Situasioneel (held vs. natuur).
 - d) Kosmies (held vs. kosmiese magte/lotsbestemming)? (ee 463, 1433, 1494, 2582)
- 2) Is die eksterne konflik opponent-gedrewe? (e 1492)
- 3) Het 'n karakter interne konflik in sy poging om sy interne doelwit te bereik? (ee 184, 345, 1474, 2572)
- 4) Is die interne konflik
 - a) held-gedrewe?
 - b) 'n morele konflik?
 - c) 'n stryd tussen goed en kwaad?
 - d) iets wat die karakter moet oorwin?
 - e) iets wat die karakter moet uitwerk?
 - f) 'n natuurlike uitvloeisel van die karakter se persoonlikheid?
 - g) omdat behoeftes en doelwitte in botsing kom met gebreke?
 - h) as gevolg van twee sterk positiewe, teenoorgestelde kragte?
 - i) konflik tussen die Id, Ego, Superego en omgewingsrealiteite?
 - j) tussen die verskillende vlakke van Maslow se behoeftehiërargie?
 - k) 'n sielkundige wond soos die verantwoordelikheid vir iemand se dood?
 - l) 'n stryd teen 'n interne gebrek soos vrees of verstandelike verstoerdheid?
 - m) 'n debat oor watter aksie geneem moet word? (ee 1485, 1488 - 1490, 1492, 1493, 1495, 1496)
- 5) Is die konflik net tussen karakters of ook tussen die aangeleerde gedrag en die ingebore drange van een karakter? (e 1472)
- 6) Is die held terselfdertyd besig met 'n intrapersoonlike, interpersoonlike en uiterlike fisiese stryd? (ee 1484, 2540)



- 7) Is daar oomblikke wanneer eksterne magte 'n uitbarsting van emosie en konflik by 'n karakter veroorsaak? (e 1479)
- 8) Is daar 'n eenheid van teenoorgesteldes wat die held en die opponent verbind en hulle forseer om te bots? (e 1486)
- 9) Is die eenheid van teenoorgesteldes
 - a) 'n persoon?
 - b) familiebande?
 - c) dieselfde doelwit?
 - d) liefde/verliefdheid?
 - e) 'n voorwerp wat beide wil hê?
 - f) iets wat die karakters opponeer? (e 1487)
- 10) Word emosionele geweld, fisiese geweld of beide tydens die storie en/of hoofklimaks gebruik? (e 1473)
- 11) Is daar 'n toneel wat wys hoekom die opponent en held nie 'n kompromie kan aangaan nie? (e 1528)
- 12) Word kompromieë in 'n subplot gebruik as kontras vir die hoofstorie? (e 1529)
- 13) Is dit onmoontlik vir die held en opponent om kop uit te trek? (e 1530)
- 14) Verhoed 'n slagyster dat 'n kompromie aangaan word? (e 1530)
- 15) Word karakter as slagyster gebruik? (e 1531)
- 16) Is daar 'n sterk verband tussen die ontwikkeling van die held se persoonlike probleem en die resoluë van die hoofkonflik? (e 2429)
- 17) Moet die held eers sy persoonlike probleem uitsorteer voordat hy die hoofkonflik kan oplos? (e 2429)
- 18) Druk die karakter homself, in nie meer as 'n paar reëls nie, uit oor hoe hy homself sien in verhouding tot die konflik? (e 3299)
- 19) Is die held hoofsaaklik
 - a) aktief omdat die konflik uitsluitlik ekstern is? (e 1480)
 - b) passief omdat die konflik uitsluitlik intern is? (ee 1483, 1480)
- 20) Is die held passief omdat hy onbetrokke is by die konflik? (e 1480)
- 21) Is die konflik in aksie- of aksie/avontuur-stories hoofsaaklik op die buite-persoonlike vlak? (e 1481)
- 22) Is 'n karaktergedrewe storie se konflik intra- en interpersoonlik? (e 1482)
- 23) Lei die interne konflik daartoe dat
 - a) subtiele veranderings plaasvind soos die storie verloop?
 - b) karakters en hul motiverings beter verstaan word? (e 1485)
- 24) Is daar te veel interne konflik? (e 1438)
- 25) Laat die interne konflik die karakter twyfel aan homself? (e 1488)
- 26) Word die karakter se aksie verwar met sy interne konflik? (e 1491)
- 27) Is die karakter se optrede die gevolg van sy interne konflik? (e 1491)
- 28) Maak die held se innerlike probleme hom 'n ronder karakter? (e 1410)
- 29) Word innerlike konflik aangewend in gevalle waar die innerlike motivering berus op instink of norme? (e 3304)
- 30) Verwerk die held sy interne probleme deur middel van sy verhoudings met die bykarakters? (e 3604)



7.3.5 Konfrontasie en oorgange

- 1) Dwing 'n karakter(s) in die storie konfrontasie op sy teenstander af en hou hy daarmee vol tot die stryd gewen of verloor is? (e 1499)
- 2) Is daar sterk konflik tussen karakters met sterk motiverings wat onwillig is om kompromieë aan te gaan? (e 1531)
- 3) Word die patroon van doelwit, konflik en ramp effektief in konfrontasie aangewend? (e 1501)
- 4) Bring die konfrontasie die opponerende karakters
 - a) op so 'n wyse bymekaar dat hulle kan toetree tot die stryd?
 - b) van aangesig tot aangesig? (e 1504)
- 5) Ontstaan 'n nuwe, veranderde toestand of word die bestaande, onveranderde toestand gehandhaaf na die konfrontasie? (e 1503)
- 6) Bevat die konfrontasie 'n tydsbeperking? (e 1507)
- 7) Is die konfrontasie 'n botsing van doelwitgeoriënteerde aksie? (e 1502)
- 8) Voldoen die konflik aan die vereistes van die storie en genre? (e 1506)
- 9) Is die konfrontasiedoelwitte
 - a) onmiddellik;
 - b) gemotiveerd;
 - c) vroeg bekendgestel;
 - d) spesifiek en konkreet;
 - e) gekommunikeer voor die konfrontasie begin en
 - f) so dringend dat dit onmiddellike aksie vereis? (e 1505)
- 10) Eindig die konfrontasie in 'n ramp? (e 1508)
- 11) Skep die ramp nuwe en interessante vrae oor die held se toekoms? (e 1510)
- 12) Is die ramp wendings of komplikasies wat die situasie vererger? (ee 1507, 1509)
- 13) Word die patroon van doelwit, konflik en ramp rigied nagevolg of word dit soms verander? (e 1511)
- 14) Is daar 'n groot konfrontasie wat die hoogtepunt van die held se ontwikkeling is omdat dit hom dwing om 'n keuse te maak? (e 1498)
- 15) Vind die verpligte toneel plaas waarin die held van aangesig tot aangesig met die sterkste magte van antagonisme in sy lewe te doen kry? (e 1446)
- 16) Is die konfrontasie te
 - a) kort;
 - b) klein;
 - c) uitgereek of
 - d) groot? (e 1506)
- 17) Is daar na konfrontasietonele 'n oorgang van spanningsontlading? (e 1512)
- 18) Gaan die oorgang saam met 'n dilemma van die held? (e 1513)
- 19) Is daar te min tyd tussen konfrontasies om
 - a) kykers te oortuig dat die konflik onvermydelik is?
 - b) afwagting/spanning te skep vir 'n komende konfrontasie? (e 1500)
- 20) Is die oorgang 'n dinamiese element of 'n sinlose opvul van tyd? (e 1514)
- 21) Vra die held: "Wat gaan ek nou doen?" tydens die oorgang? (ee 1513, 1519)
- 22) Word die patroon van reaksie, dilemma en besluit effektief in die oorgang aangewend? (e 1515)

- 23) Is die reaksie van die held op die ramp tipies van sy persoonlikheid? (ee 1516 - 1518)
- 24) Wat doen die held tydens die dilemma? (e 1520)
- 25) Besluit die held uiteindelik op 'n plan van aksie? (e 1521)
- 26) Gee die besluit aan die held 'n nuwe doel, wat die storie vorentoe neem? (e 1522)
- 27) Is die oorgange met inligting oorlaai? (e 1525)
- 28) Reguleer oorgange die opwinding effektief? (e 1524)
- 29) Is daar te min konfrontasies relatief tot oorgange? (e 1524)
- 30) Sal die opwinding toeneem as die
 - a) oorgange verkort word?
 - b) konfrontasies vermeerder word? (e 1524)
- 31) Word 'n deel of die hele oorgang tussen konfrontasies soms uitgelaat? (e 1523)
- 32) Is die storie ongeloofwaardig omdat konfrontasies te vinnig en intens op mekaar volg? (ee 1500, 1524)
- 33) Kan geloofwaardigheid verhoog word deur die oorgange te vermeerder? (e 1524)
- 34) Moet die logika van die held se aksies en die onvermydelike keuses van sy doelwitte meer beklemtoon word tydens oorgange? (e 1524)
- 35) Indien konfrontasie gebruik word vir vestiging en uiteensetting, is die inligting 'n integrale deel van die aksie? (e 1525)
- 36) Eindig die konfrontasie omdat die opponent en held 'n kompromie aangaan? (e 1527)
- 37) Watter van die volgende oorgange word aangewend:
 - a) 'n Karakteriserende eienskap.
 - b) 'n Aksie.
 - c) 'n Voorwerp.
 - d) 'n Woord.
 - e) 'n Kwaliteit van beeld.
 - f) 'n Idee? (e 1581)
- 38) Is daar verduidelikings tydens konfrontasie wat die vloei onderbreek? (e 1525)
- 39) Is daar gladde oorgange tussen die siklusse van stygende aksie? (e 1581)
- 40) Is die oorgang iets wat die tonele in gemeen of in opposisie het? (e 1581)

7.3.6 Voorbereiding en uitbetaling vir emosie

- 1) Identifiseer kykers met die held? (e 1730)
- 2) Weet kykers wat die held wil hê? (e 1730)
- 3) Verstaan kykers deeglik wat aangaan? (e 1742)
- 4) Hoop kykers die held kry wat hy wil hê? (e 1730)
- 5) Is daar voldoende twyfel of die held sy doelwit gaan bereik? (e 202)
- 6) Word kykers voorberei op die belangrikste emosionele gebeure? (e 58)
- 7) Verstaan kykers watter morele waardes in die held se lewe op die spel is? (e 1730)
- 8) Het kykers insig wat die held nie het nie? (e 60)
- 9) Word die meerdere insig van kykers gekombineer met afwagting? (e 159)
- 10) Word spanning geskep deur kykers voor te berei op die hoofklimaks? (e 277)
- 11) Word dramatiese diepte aan selfs eenvoudige tonele gegee deur inligting wat vooraf verskaf is? (e 1713)

- 12) Kom emosionele gebeure oor as sentimentele manipulasie omdat dit nie voorberei is deur die gebeure in die storie nie? (e 1593)
- 13) Is daar tegnieke wat vals emosie skep en die storie oppervlakkig en manipulerend maak? (e 1720)
- 14) Is daar tegnieke soos verrassing of misverstande wat emosie bevat wat nie verdien word deur die storie nie? (e 1720)
- 15) Ontstaan sentimentaliteit omdat karakters mishandel word sonder dat dit geregverdig of geloofwaardig is? (e 1721)
- 16) Lei die trauma van die hoofkarakters tot verdienende emosie? (e 1722)
- 17) Voel die emosie eg? (e 1723)
- 18) Is die emosie logies/gemotiveerd? (e 1724, 1725)
- 19) Kan die emosie in die storieruimte plaasvind? (e 1726)
- 20) Hou die emosie verband met die held-opponentkonflik? (e 1727)
- 21) Skep die storie die presiese omstandighede om die emosie te ervaar en dan neem dit kykers daardeur? (e 1728)
- 22) Oorreed die storie kykers om hul emosies vir karakters oop te maak? (e 2812)
- 23) Poog die storie om kykers emosioneel te roer deur die karakter se situasie of sy oorfloedige dialoog waarmee hy sy emosie voordra? (e 1728)
- 24) Verskaf wendings en omkere die dinamika vir emosie? (e 1729)
- 25) Word die emosie te lank gemelk na die piek bereik is? (e 1731)
- 26) Word die wet van dalende opbrengs verbreek? (e 1733)
- 27) Word dieselfde emosie herhaaldelik gebruik of is daar afwisseling in emosie? (e 1734)
- 28) Word emosie gemotiveer deur 'n progressie van emosies of 'n progressie van tonele wat die emosie bou? (e 3719)
- 29) Is daar elke keer 'n nuwe opbou en ontlading vir elke emosie/emosionele sekvens? (e 1735)
- 30) Neem die gebeure kykers deur 'n verandering van emosionele waarde? (e 1730)
- 31) Is die kontras tussen 'n verskuiwing van dieselfde emosionele waardes groot genoeg? (e 1736)
- 32) Is daar sentimentaliteit of geforseerde emosie omdat die verskil tussen gelyke emosionele waardes nie groot genoeg is nie? (e 1737)
- 33) Is daar buitengewone omstandighede wat lei tot buitengewone emosionele reaksies by karakters? (e 1590)
- 34) Word atmosfeer gebruik as voorbereiding of as substituut vir betekenis wat emosie skep? (e 1739)
- 35) Word die emosie deur kykers ervaar of net deur karakters? (e 1740)
- 36) Toon karakters emosie waarmee kykers nie kan empatiseer nie? (e 1740)
- 37) Voel die emosie vir kykers onaangenaam en melodramaties omdat hulle dit nie saam met karakters ervaar nie? (e 1740)
- 38) Poog die karakter ooglopend om sy emosies terug te hou? (e 1741)
- 39) Vertoon karakters meer of minder emosie as wat kykers ervaar? (e 1741)
- 40) Lei die storie tot 'n langtermyngevoel wat ure, dae of weke kan duur? (e 1738)

7.3.7 Goed en kwaad

- 1) Is geregtigheid op sigself 'n deug in die storie? (e 2222)
- 2) Identifiseer kykers met die verloop van die storie? (e 67)

- 3) Is die magte van die bose groter of ten minste gelyk aan die goeie? (e 2224)
- 4) Is die basiese aanname dat
 - a) goeie motiverings uiteindelik triomfeer, die wêreld verstaanbaar, konstant en bestuurbaar is en reageer op goedheid en waarheid?
 - b) eksterne gebeure verdien word en selde arbitrêr is? (e 2267)
- 5) Ondersteun of skend die storie kykers se sin vir regverdigheid? (ee 2218, 2220)
- 6) Word die samelewing se fundamentele waardes as gegewe geneem? (e 2225)
- 7) Word kykers se
 - a) aversie vir die negatiewe en aangetrokkenheid tot die positiewe benut deur die storie? (ee 1794, 1795)
 - b) siening van hulself as goed benut vir die skepping van emosies soos afwagting, spanning en vrees? (e 1798)
- 8) Is die wêreld aan die begin uit balans as gevolg van die opponent se uitoefening van negatiewe mag? (e 2231)
- 9) Spruit die oorwinning van goed oor kwaad uit 'n goed ontwikkelde stryd tussen die held en die opponent? (e 2223)
- 10) Bied die storie
 - a) 'n geïdealiseerde en dapper wêreldbeeld?
 - b) 'n stryd tussen goed en kwaad in die kern? (ee 2225, 2228)
- 11) Word die waardes van die ruimte en karakters gebruik om kykers te laat identifiseer met karakters, gebeure en uitkomst? (e 1796)
- 12) Is dit moontlik vir kykers om onderskeid te tref tussen goed of sleg, reg of verkeerd en dinge met waarde of dinge met geen waarde? (e 1797)
- 13) Is die karakter
 - a) se perspektief beperk en gefiltreer deur sy persoonlike voorkeure, vrese en behoeftes?
 - b) besig om, vanuit sy perspektief, iets negatiefs na iets positiefs te probeer verander?
 - c) onvolmaak en te betrokke by sy eie lewe om objektief na sy situasie te kyk? (ee 3353, 3355, 3356)
- 14) Is daar 'n duidelike Kern van Goed in die storie? (e 1798)
- 15) Is die Kern van Goed grootliks in die held geleë? (e 1799)
- 16) Is daar sterk emosie gekoppel aan die Kern van Goed? (e 1798)
- 17) Is daar ander karakters wat deel in die Kern van Goed? (e 1799)
- 18) Identifiseer kykers steeds primêr met die held selfs as ander karakters deel in die Kern van Goed? (e 1800)
- 19) Vind immorele gedrag plaas om 'n groter goed te bereik of om 'n groter euwel te vermy? (e 2221)
- 20) Word goed gedefinieer relatief tot die kwaad wat in die ruimte voorkom? (e 1801)
- 21) Is
 - a) vleeslike kennis, selfsug en roekeloosheid negatief in die storie?
 - b) geestelike/emosionele insig, liefde, moraliteit en persoonlike oortuigings positief in die storie? (e 2230)
- 22) Word positiewes afgespeel teenoor negatiewes? (e 602)
- 23) Is die konflik tussen twee goeie mense of sake? (e 2232)
- 24) Het 'n goeie karakter ook negatiewe eienskappe? (e 2592)

- 25) Is 'n goeie karakter se negatiewe eienskappe swart of grys? (e 2592)
- 26) Beweeg 'n
 - a) goeie persoon van geluk na ongeluk? (e 2219)
 - b) slegte persoon van teëspoed na voorspoed? (e 2220)
- 27) Is die held se bron van dapperheid, uithouvermoë en/of wenvoordeel die feit dat hy op die morele pad bly? (ee 2227, 3407)
- 28) Koppel die held se gedrag hom met die universele mag wat die mensdom van die begin af gelei het, terwyl die opponent nie daarmee koppel nie? (e 2227)
- 29) Tree die opponent selfsugtig op? (e 2226)
- 30) Beweeg die opponent weg van die morele pad? (e 2226)
- 31) Verloor die opponent onder andere weens sy onvermoë om te verander? (e 2226)
- 32) Kom die opponent se mag van die donker kant van menslike begeertes? (e 2229)
- 33) Kry die held mag deur wysheid te verkry sonder om onskuld in te boet? (e 2229)
- 34) Word die magspolariteit omgekeer as die held die opponent oorwin? (e 2231)
- 35) Het die karakter 'n filosofie/standpunt/iets waarin hy glo? (ee 2965, 3365)
- 36) Word die karakter se filosofie dramaties vergestalt in die aksies wat hy neem? (ee 2965, 3365)
- 37) Leer kykers die waarheid oor 'n karakter deur sy houding en aksie, eerder as sy filosofie? (e 3366)
- 38) Is die karakter
 - a) abstrak, praterig, selfgesentreer en/of vervelig omdat hy te veel gedefinieer word deur sy filosofie? (e 3364)
 - b) se filosofie en aksie teenstrydig? (e 3367)
 - c) se filosofie moeilik om uit te beeld? (e 3363)
- 39) Word die karakter se standpunte gereflekteer in sy ervaring van 'n situasie as positief of negatief? (e 3354)
- 40) Pleeg die karakter 'n misdaad op grond van 'n motivering wat vir hom positief is? (e 3355)

7.3.8 Belangstelling/afwagting

- 1) Leer kykers iets nuuts? (e 62)
- 2) Word storiegebeure getelegrafeer? (e 1774)
- 3) Hoe effektief word afwagting geskep? (ee 59, 1776)
- 4) Is kykers nuuskierig oor die held se verlede? (e 1207)
- 5) Word nuuskierigheid geskep deur iets onbekends? (ee 1776, 1860)
- 6) Word afwagting geskep deur middel van
 - a) beelde?
 - b) kykers se verbeelding? (e 1771)
- 7) Begin die raaisel of misterie in stories waar dit 'n groot rol speel, vroeg? (e 1772)
- 8) Is inligting wat doelbewus van kykers weerhou word die moeite werd wanneer dit gegee word? (e 1773)
- 9) Is die oorkoepelende vraag van kykers: Hoe gaan alles eindig? (e 1792)
- 10) Bestaan die moontlikheid dat iets in die toekoms kan gebeur? (e 1779)
- 11) Word belangrike geheime lank genoeg van kykers weerhou? (e 1783)
- 12) Word noodsaaklike inligting doelbewus van kykers weerhou? (e 1861)
- 13) Is die hoofmosie nuuskierigheid, afwagting of spanning? (e 1782)



- 14) Word afwagting beloon elke keer as dit geskep word? (e 1781)
- 15) Word die storie-inhoud interessant hanteer? (e 306)
- 16) Word die storie vanuit 'n nuwe hoek vertel? (e 310)
- 17) Hou die tweede bedryf kykers se aandag deur herhaalde krisisse? (e 205)
- 18) Onthul die tweede bedryf die emosionele, passievolle, snaakse of diaboliese kant van die storie? (e 2059)
- 19) Skep die storie vroe en open dit situasies? (e 1790)
- 20) Word kykers se nuuskierigheid gereeld geprikkel? (e 1790)
- 21) Is daar 'n ongelykheid tussen die held en die opponent? (e 3261)
- 22) Word besorgdheid gebruik om kykers te betrek? (ee 1789, 1794)
- 23) Is daar wendings wat opnuut kykers se nuuskierigheid prikkel? (e 1790)
- 24) Wonder kykers wat volgende gaan gebeur soos die held in groter gevaar geplaas word? (e 1791)
- 25) Word die vraag hoe alles gaan eindig eers beantwoord met die hoofklimaks? (e 1793)
- 26) Neem die emosies van alle karakters toe soos die storie ontwikkel? (ee 890, 1585)
- 27) Watter emosies word gebruik om kykers te betrek: nuuskierigheid, afwagting, spanning, vrees, opwinding en sensasie, lyding of dramatiese ironie? (ee 1802, 1776, 916, 920, 952)
- 28) Weet kykers
 - a) van iets wat beplan word? (e 1827)
 - b) meer as karakters? (ee 1187, 1818)
 - c) in misterie minder as karakters? (e 1803)
- 29) Ontdek kykers en karakters saam? (e 1816)
- 30) Sien kykers dinge wat hulle reeds weet? (e 1831)
- 31) Bevat misteries baie sterk nuuskierigheid? (e 1804)
- 32) Word sommige uiteensetting in misteries, veral van die voorstorie, van kykers weerhou? (e 1805)
- 33) Word kykers se nuuskierigheid oor gebeure in die verlede doelbewus geprikkel? (e 1806)
- 34) Word kykers van moord-misteries doelbewus mislei deur vals leidrade? (ee 1807, 1808)
- 35) Is die misterie 'n geslote of oop misterie? (e 1810)
- 36) Sien kykers in 'n oop misterie hoe die moord gepleeg word? (e 1812)
- 37) Is daar 'n moord tydens die voorstorie van 'n geslote misterie gepleeg? (e 1811)
- 38) Is die dramatiese vraag in 'n
 - a) geslote misterie: Wie het die moord gepleeg? (e 1811)
 - b) oop misterie: Hoe gaan hy die moordenaar vang? (e 1812)
- 39) Is daar klein storiegapings wat kykers self moet invul? (e 1825)
- 40) Bevat die storie
 - a) suggestie en konnotasie en nie net verduideliking nie? (e 1825)
 - b) gesigsreaksies waarin kykers self die betekenis inlees? (e 1826)
- 41) Is kykers aktief in die uitwerk van betekenis en gebeure? (e 1825)
- 42) Word kykers ingetrek in die keuses wat karakters moet uitoefen? (e 1838)
- 43) Assesseer kykers wat karakters volgende gaan doen en hoekom? (e 1838)
- 44) Word kykers die vermoë gegee om 'n komende gebeure te voorsien? (e 1827)



- 45) Berus afwagting op algemene kennis, storiespesifieke kennis of albei? (e 1828)
- 46) Het kykers 'n blywende onderliggende gevoel van ontevredenheid omdat daar afwagtings is wat nie vervul is nie? (e 1829)
- 47) Word afwagtings wat nie vervul word nie effektief beëindig? (e 1829)
- 48) Word die rede vir die onvervulling van afwagtings aan kykers gekommunikeer? (e 1830)
- 49) Voel kykers in misteries gekul en val die afloop plat omdat belangrike inligting weerhou is? (e 1861)
- 50) Is daar situasies waar kykers seker is die held gaan sy doelwit bereik en dus is die bereiking daarvan gedeeltelik 'n duplisering? (e 1831)
- 51) Word kykers se verwagting ten opsigte van
 - a) wanneer iets gaan gebeur verras deurdat dit vroeër of later gebeur? (e 1833)
 - b) die verwagte gebeure se aangenaam- of onaangenaamheid verras? (e 1834)
- 52) Streef elke toneel daarna om 'n raaisel te skep of bou en kykers met afwagting te vul oor die uitkoms daarvan? (e 1837)
- 53) Plaas die storie kykers in 'n toestand waar hulle
 - a) wil hê sekere dinge moet gebeur?
 - b) vir die held sê wat om volgende te doen? (e 1777)
- 54) Is daar verwagtings oor die optrede van beide die held en die opponent (e 1836)
- 55) Is daar verwagte
 - a) aangename gebeure waarvoor kykers ywerig wag?
 - b) onaangename gebeure wat kykers met vrees vervul? (e 1834)
- 56) Is daar verrassing
 - a) van hoopvolle afwagting wat lei tot teleurstelling?
 - b) van vreesvolle afwagting wat lei tot verligting? (e 1835)
- 57) Word twyfel gehandhaaf oor hoe die gebeure of storie gaan eindig? (e 1890)
- 58) Word vertraging aangewend om afwagting te versterk? (e 1832)
- 59) Is daar 'n geheime element in die storie? (e 2983)
- 60) Bly kykers vasgenaem tot aan die einde? (e 326)

7.3.9 Spanning/vrees

- 1) Varieer die spanning? (e 4)
- 2) Neem die spanning toe? (e 4)
- 3) Is die held onoorwinlik? (e 2537)
- 4) Hoeveel spanning is daar (e 192, 1776)
- 5) Is die gevaar psigies, fisies of albei? (e 1892)
- 6) Waarvoor is die held van die storie bang? (e 738)
- 7) Word spanning as 'n doel op sigself geskep? (e 1846)
- 8) Is die spanning regdeur die storie sterk genoeg? (e 192)
- 9) Sal die spanning verhoog indien
 - a) meer terreine geskep word? (e 291)
 - b) meer probleme geskep word? (e 273)
 - c) meer opponente geskep word? (e 271)
 - d) meer hindernisse geskep word? (e 272)
 - e) die opponent sterker gemaak word? (e 270)
 - f) een van die dramatiese vrae beklemtoon word? (e 274)



- 10) Is die spanning voorwaartse spanning, retrospektiewe spanning of albei? (e 1842)
- 11) Skep die plot vrees? (e 1840)
- 12) Kombineer die plot meegevoel en vrees? (e 1582)
- 13) Berus die storie op spanning of onophoudelike geweld? (e 1780)
- 14) Ontlok karakters se ervarings vrees en/of simpatie by kykers? (e 2220)
- 15) Is die dapperheid wat vereis word fisies, psigies of beide? (ee 152, 155)
- 16) Is daar twee spanningslyne gelyktydig: een vir elke krisis en een vir die storie as geheel? (e 1858)
- 17) Watter van die held se vrese is regte vrese en watter is paranoia? (e 738)
- 18) Is gebeure wat meegevoel en vrees skep 'n uitvloeisel van mekaar? (e 1582)
- 19) Raak karakters betrokke by gebeure wat niks met die werklike storielyn te doen het nie? (e 1848)
- 20) Is daar irrelevantede wat kykers pla en hulle aandag aftrek van die geldige spanningsgebeure? (e 1848)
- 21) Is daar 'n uiteindelijke openbaring wat kykers skielik bewus maak van die volle betekenis van dit wat tot dan bekend en onbekend was? (e 1847)
- 22) Word spanning en afwagting ondermyn omdat hindernisse te maklik oorkom word? (e 1715)
- 23) Is daar
 - a) tydspanning? (ee 269, 1843)
 - b) spanning binne die meeste tonele? (e 1875)
 - c) 'n wedloop teen tyd in die derde bedryf? (e 1896)
 - d) tydsdruk met 'n spesifieke tydsbeperking? (e 1880)
 - e) spanning teenwoordig ongeag die genre? (e 1845)
 - f) tydsdruk sonder 'n spesifieke tydsbeperking? (e 1880)
 - g) grade van onsekerheid, nuuskierigheid, angs en simpatie? (e 1859)
 - h) gevolge as die toneel of sekvens doelwit nie bereik word nie? (e 1888)
 - i) substansiële gevolge as die storie se dramatiese doelwit nie bereik word nie? (e 1888)
 - j) dringendheid omdat iets belangriks op die spel is vir die held? (e 1887)
 - k) tydsdruk gekoppel aan beweging, wat kreatief bydra tot spanning? (e 1864)
 - l) oorhoofse spanning omdat 'n bedreiging geleidelik die held inhaal? (e 1874)
 - m) 'n toestand van toenemende spanning as gevolg van 'n dreigende ramp? (ee 1784, 1884)
- 24) Is spanning gebaseer op die uitkoms van die gedeure? (e 1815)
- 25) Skep die spanning 'n emosionele toestand van gelaaide onsekerheid? (e 1857)
- 26) Is daar
 - a) sterk opposisie? (e 1883)
 - b) 'n lelike wending? (e 1886)
 - c) stygende konflik tussen twee vasberade magte? (e 1882)
- 27) Vloei die spanning voort uit karakters, hulle aksies en emosies? (ee 1586, 1846)
- 28) Word enige van die volgende tipes tegnieke gebruik:
 - a) 'n Band bars of 'n enjin breek.
 - b) Iemand anders kom deur die deur as die verwagte persoon.
 - c) Die boodskapper of afgevaardigde wat uit nuuskierigheid êrens oorstop.
 - d) Die ignoreer van 'n belangrike brief, pakkie of ander item deur mense wat voordeel daaruit kan trek as hulle weet wat daarin is? (e 1862)



- 29) Is daar gevaarlike situasies waar kykers iets weet wat die held nie weet nie? (ee 1869, 1871, 1895)
- 30) Vrees kykers dat die held
 - a) deur die opponent verslaan gaan word?
 - b) nie die dramatiese probleem kan oplos nie? (e 1873)
- 31) Is spanning gestruktureer om die dramatiese struktuur te ondersteun? (e 1784)
- 32) Is daar 'n stryd om 'n spesifieke doel te bereik voor iets of iemand anders die pogings stop? (e 1865)
- 33) Word vrees geskep deur
 - a) oopte? (e 1866)
 - b) donkerte? (e 1867)
 - c) die verlies van voorwerpe van veiligheid? (e 1868)
- 34) Het kykers/karakters in spanningsekwense/-stories dieselfde inligting? (e 1813)
- 35) Is die gevolg van dit waarom die storie draai so groot dat kykers besef dat die held wel sy doelwit aan die einde sal bereik? (e 1362)
- 36) Ontstaan die spanning as gevolg van die wyse waarop karakters of kykers op die storie-omstandighede reageer? (ee 1852, 1854)
- 37) Is kykers in 'n meerderwaardige posisie? (e 1885)
- 38) Is afwagting, verwagting, risiko en besorgdheid
 - a) gekombineer om spanning te skep?
 - b) teen optimale amplitudes? (ee 1776, 1814, 1877)
- 39) Is die spanning op die storievlak, toneelvlak en inligtingsvlak? (e 1879)
- 40) Volg die spanning 'n patroon van wenk – vertraging – opbrengs? (e 1878)
- 41) Is die doelwitte van so 'n aard dat kykers twyfel of die held gaan slaag in een of albei daarvan? (e 1362, 1870)
- 42) Dra die sekondêre doelwit by tot kykers se twyfel of die held een of albei sy doelwitte gaan bereik? (e 1362)
- 43) Is daar
 - a) iets wat die onafwendbare versteur? (e 1863)
 - b) hoop dat karakters veiligheid kan bereik? (e 2233)
 - c) meestal die bedreiging van geweld eerder as geweld? (e 1853)
 - d) die bedreiging van gewelddadige fisiese aksie en gevaar? (e 1850)
- 44) Is daar nie net baie op die spel vir die held nie, maar ook vir die gemeenskap/volk/wêreld? (e 1363)
- 45) Is daar
 - a) kontinuïteit in die spanning? (e 1847)
 - b) dele waar spanning verslap en kykers belangstelling verloor? (e 1851)
 - c) storie-elemente wat inmeng met die opbou van die spanning? (e 1849)
 - d) foefies wat die spanning uitrek sonder om die hoof dramatiese belangstelling te ontwikkel? (e 1844)
- 46) Styg die spanning sterk regdeur die tweede bedryf? (ee 488, 1457, 1856)
- 47) Kan die held nie net baie wen nie maar ook baie verloor? (e 1363)
- 48) Word die negatiewe gevolge as die held nie sy doelwit bereik nie
 - a) vroeg in die storie gevestig?
 - b) te vroeg gevestig? (e 1893)
- 49) Bly die hoofkarakters in gevaar? (e 1891)

- 50) Bou die spanning tot 'n hoofklimaks? (e 1849)
- 51) Val die spanning vinnig na die hoofklimaks? (e 1855)
- 52) Word die uitslag eers in die finale oomblikke beslis? (e 1872)
- 53) Neem die negatiewe gevolge toe soos die storie vorder? (e 1893)
- 54) Ontstaan daar onverwagte addisionele hindernisse vir die held? (e 1894)
- 55) Word kykers onderwerp aan oormatige, aanhoudende spanning? (e 1512)

7.3.10 Verligting van spanning

- 1) Is daar 'n lopende grap? (e 220)
- 2) Val die lopende grap plat omdat dit te veel gebruik word? (e 2159)
- 3) Word rekwisiete, veral lewendiges, gebruik vir lopende grappe? (e 2157)
- 4) Is daar na 'n konfliksekwens 'n dilemma-, besluit- en brugfase waartydens die tempo afneem? (ee 684, 690)
- 5) Is sommige spanningsverligting niehumoristies? (e 1899)
- 6) Word komedieverligting gebruik om kykers se aandag te hou? (e 1897)
- 7) Vloei die spanningsverligting natuurlik uit die dramatiese toneel? (e 1900)
- 8) Is daar 'n kort toneel om die spanning te verlig na 'n dramatiese toneel? (e 1898)
- 9) Duur die spanningsverligting net lank genoeg om die dramatiese spanning te verlig sonder om dit heeltemal te breek? (e 1901)
- 10) Geskied komedieverligting deur 'n karakter wat pas 'n uitmergelende emosionele ondervinding gehad het? (e 1902)
- 11) Word die karakterisering, atmosfeer en storielynontwikkeling ontwig deur die komedieverligting? (e 1902)
- 12) Neem 'n wegsnit vir komedieverligting steeds die storie vorentoe? (e 1907)
- 13) Is die komedieverligting die reaksie van 'n omstander of troeteldier? (e 1903)
- 14) Vind komedieverligting plaas deur 'n sekondêre, belangrike karakter? (e 1902)
- 15) Indien die komedieverligting in 'n ander toneel met ander karakters plaasvind, is daar iets wat inskakel by die vorige toneel? (e 1904)
- 16) Word komedieverligting met intense drama geïntegreer as 'n natuurlike reaksie? (e 1903)
- 17) Lag kykers met die storie of vir die storie? (e 1908)
- 18) Sal kykers tydens 'n dramatiese oomblik lag omdat hulle nie voorheen voldoende spanningsverligting gekry het nie? (e 1906)
- 19) Is komedieverligting onvanpas omdat die dramatiese spanning eerder teen 'n laer vlak gehandhaaf moet word? (e 1905)
- 20) Is daar 'n rede verskaf vir kykers om te lag op plekke waar hulle 'n natuurlike behoefte het om te lag? (e 1908)

7.3.11 Onthulling/ontdekking/verrassing/skok

- 1) Fokus die storie op die logiese, maar onverwagse? (e 1786)
- 2) Is daar onverwagte komplikasies wat verrassings bring? (e 978)
- 3) Is dit gebeure wat in die werklikheid kan verkeerd loop? (e 1786)
- 4) Kom die ontdekking/onthulling as 'n verrassing wat sin maak? (e 1925)
- 5) Ontstaan die verrassing as gevolg van 'n geloofwaardige gebeure? (e 1916)
- 6) Word die ontdekking deur die skrywer geskep of vereis die storie dit? (e 1913)
- 7) Vind gebeure wat meegevoel en vrees skep onverwags plaas? (e 1582)
- 8) Sal addisionele terreine die onthulling/verrassing/skok verbeter? (e 291)

- 9) Vloei die ontdekking voort uit die gebeure van die storie? (e 1916)
- 10) Is daar ontdekking wat met omkeer gepaard gaan? (e 1909)
- 11) Is die ontdekking
 - a) iets waarop 'n karakter afkom?
 - b) 'n wapen, dagboek of leidraad?
 - c) as gevolg van 'n merk of teken?
 - d) 'n verband tussen die opponent en held?
 - e) deur middel van deduktiewe redenering?
 - f) 'n verband tussen die opponent en slagoffer?
 - g) na 'n stimulus soos 'n beeld of musiek? (ee 1910, 1912, 1914, 1915, 1917)
- 12) Ontdek die held die verband voor of na die gebeure? (ee 1910, 1911)
- 13) Is daar gebeure in wat onverwags reg loop? (e 1786)
- 14) Neem die ontdekking die storie vorentoe? (e 1917)
- 15) Is daar 'n uitbetaling vir die vals leidraad? (e 1921)
- 16) Maak te veel ontdekkings die storie
 - a) ongeloofwaardig?
 - b) kompleks en moeilik om te volg? (e 1918)
- 17) Hoeveel onthullings bevat die storie? (e 1923)
- 18) Onthul die ontdekking karakter? (e 1917)
- 19) Word 'n vals alarm gebruik? (e 1920)
- 20) Is daar 'n onthulling waar kykers
 - a) finaal die waarheid ontdek?
 - b) iets belangriks leer oor die plot?
 - c) iets belangriks leer oor die held? (ee 1922, 1926)
- 21) Word 'n vals leidraad vir die hoofkarakters of opponente gebruik? (e 1921)
- 22) Oorvleuel ontdekking, onthulling en verrassing soms met mekaar? (e 1924)
- 23) Gee die onthullings kykers insig in die redes vir gebeure en gedrag? (e 1927)
- 24) Is die meeste onthullings
 - a) karakter- of plotonthullings? (e 1928)
 - b) in die tweede helfte van die storie? (e 1929)
- 25) Vind die hoofonthullings plaas
 - a) naby die klimaks van 'n bedryf? (e 1929)
 - b) op spesiale dramatiese oomblikke? (e 1943)
- 26) Word die onthulling gekombineer met
 - a) 'n omkeer?
 - b) 'n krisis?
 - c) die resoluësie? (e 1930)
- 27) Het die onthulling gevolge/drastiese gevolge? (e 1933)
- 28) Laat die onthulling die held twyfel aan homself? (e 1934)
- 29) Moet karakters, veral die held, die finale onthulling verwerk (e 1926)
- 30) Is daar 'n onthulling vroeg in die storie in die geval van 'n spannings- of aksieprent? (e 1931)
- 31) Word die onthulling deur
 - a) aksie gedramatiseer?
 - b) konflik afgedwing?
 - c) inligtingstoesprake of terugflitse gedoen? (ee 1936, 1937)



- 32) Leer kykers iets nuuts tydens die onthulling, maar nie karakters nie? (e 1938)
- 33) Is daar gebeure met 'n gaping tussen verwagting en uitkoms? (ee 61, 1951, 1956)
- 34) Is daar 'n groot onthulling by die klimaks van die tweede of derde bedryf? (e 1929)
- 35) Is die onthulling
 - a) ontstellend of skokkend? (e 1938)
 - b) eenvoudig maar verrassend? (e 1935)
 - c) 'n sterk deel van die uiteensetting? (e 1943)
 - d) 'n katalis wat die storie voortdryf na die volgende deel? (e 1932)
 - e) op 'n oomblik waar inligting wat krities belangrik is vir die verstaan van die storie, nie langer van karakters of kykers weerhou kan word nie? (e 1939)
- 36) Is daar gevolge op die onthulling wat die held dwing om op te tree? (e 1940)
- 37) Het die onthulling 'n direkte verband met die hoofuiteensetting? (e 1941)
- 38) Werk die onthulling emosioneel op karakters en kykers? (e 1940)
- 39) Versterk die onthulling/verrassing die
 - a) oorsaak-en-gevolg-verhoudings? (e 1941)
 - b) oorhoofse gevoel van dramatiese eenheid? (e 1941)
 - c) die vrae: "Wat gaan gebeur?" en "Hoe gaan dit eindig?" (e 1951)
- 40) Hou die onthulling verband met die rede waarom die held probleme ervaar in die bereiking van sy doelwit? (e 1942)
- 41) Is die held na die onthulling vry om sy doelwit effektiewer na te jaag? (e 1942)
- 42) Is kykers se kritiese denke betrokke by ontdekkings/onthullings/verrassings/skok? (e 1944)
- 43) Word kykers verras
 - a) deur die held al ken hulle hom baie goed? (e 1949)
 - b) in 'n musiekprent omdat hulle nie besef dat hulle na die inleiding van 'n liedjie luister nie? (e 1948)
- 44) Tree 'n karakter op 'n onverklaarbare manier op? (e 2027)
- 45) Maak voorbereiding/plante die verrassings/omkere geloofwaardig? (e 1962)
- 46) Is verrassings realisties in die konteks van karakters en hulle gedrag? (e 1946)
- 47) Word verrassing geskep deur komplikasies, ontdekkings, omkere of onthullings? (e 1958)
- 48) Is daar verrassing wat
 - a) kykers se kwesbaarheid misbruik?
 - b) nie gemotiveer is deur die dramatiese vraag nie? (e 1952)
- 49) Bring die verrassing vreemde elemente in wat irrelevant is vir dit wat tot op daardie punt gebeur het? (e 1959)
- 50) Bevat die storie skielike en verrassende skokfaktore wat afwyk van die verwagte en wat empatieke, maar onverwagte reaksies by kykers wek? (ee 1945, 1950)
- 51) Bestaan skok/verrassing uit
 - a) voorbereiding;
 - b) misleiding en
 - c) die skok/verrassing? (ee 1961, 1947)
- 52) Is daar te veel onthullings/verrassings? (e 1962)
- 53) Skep die verrassing skok, verbasing of humor? (ee 160, 1957)
- 54) Is skok/verrassing op beide karakters en kykers van toepassing? (e 1960)
- 55) Gaan die skok/verrassing saam met spanning en afwagting? (ee 1953 - 1956)

7.3.12 Wendings en omkere

- 1) Is daar groot en klein wendings/omkere? (e 2020)
- 2) Voeg die wending spanning by tot die storie? (e 2017)
- 3) Hoeveel wendings/omkere is daar per bedryf? (e 1978)
- 4) Is daar gebeure wat verfrissend onverwags is? (e 1966)
- 5) Verander die kleinste versteuring die patroon van die geheel? (e 3375)
- 6) Is daar beide onverwagte hindernisse en onverwagte vreugde? (e 977)
- 7) Skep 'n wending 'n groot gaping tussen verwagting en uitkoms? (e 1546)
- 8) Indien kykers vermoed dat die held gaan wen, is daar genoeg wendings om hulle te laat wonder hoe hy dit gaan regkry? (e 314)
- 9) Is daar so baie wendings dat hulle vervelig/belaglik/ongeloofwaardig is? (e 315)
- 10) Dien klimakse deur die storie as 'n wending wat die plot in 'n nuwe rigting stuur? (e 2416)
- 11) Beweeg elke wending die storie vorentoe, maar met 'n nuwe koers of subplot? (ee 1967, 1975, 1990)
- 12) Verhoog elke wending dit wat op die spel is? (e 2072)
- 13) Breek die wendings die liniêre aard van die plot? (e 1995)
- 14) Is die beste omkere aan die einde van die bedrywe? (e 2012)
- 15) Is wendings/omkere naby die vyf fokuspunte in die struktuur? (e 2022)
- 16) Verhoog die wending aan die einde van die eerste bedryf die risiko? (e 1970)
- 17) Bring elke wending weer die hoof dramatiese vraag na vore? (ee 404, 1968)
- 18) Bring/forseer die wending aan die einde van die eerste bedryf die
 - a) held in die avontuur in?
 - b) die storie in die volgende bedryf in?
 - c) kykers by 'n nuwe arena en nuwe perspektief?
 - d) held by 'n punt van besluitneming of herverbintenis? (ee 204, 405, 450, 1969, 1971, 1972)
- 19) Het hoë-energie rolprente met baie lewe-of-dood-konflik 'n dramatiese wending aan die einde van elke sekvens? (e 1979)
- 20) Vloei daar insig uit 'n wending/omkeer? (e 1982)
- 21) Is die wendings kleiner as daar baie voorkom? (e 1979)
- 22) Bevat elke toneel 'n klein, matige of groot wending? (e 1981)
- 23) Word 'n wending geskep deur 'n nuwe karakter in te bring? (e 1980)
- 24) Is daar 'n groot wending aan die einde van die tweede bedryf? (e 204)
- 25) Berei die tweedebedryfwending die storie voor op die hoofklimaks? (e 406)
- 26) Skep die tweedebedryfwending 'n donker oomblik, omkeer of amper-dood-ervaring? (e 451)
- 27) Versnel die wending aan die einde van die tweede bedryf die aksie en maak die derde bedryf meer intens/dringend as die vorige twee? (e 1973)
- 28) Vereis die wending 'n reaksie van die held? (e 2016)
- 29) Vorm die wendings deel van die storieterne? (e 2014)
- 30) Dwing die wending 'n karakter om af te sien van sy planne? (e 2015)
- 31) Word een wending opgevolg deur 'n ander in dieselfde toneel? (e 2013)
- 32) Is sommige wendings gebaseer op keuses van 'n karakter onder druk? (e 1983)
- 33) Sê die aard van die wendings wat die skrywer se visie van die lewe en menslike natuur is? (e 1982)



- 34) Gee die middelpunt koers aan die eerste helfte van die tweede bedryf en 'n nuwe koers/doelwit vir die tweede helfte van die tweede bedryf? (e 1997)
- 35) Is die wendings/omkere in die
 - a) aksies?
 - b) dialoog?
 - c) emosie?
 - d) karakters/karakterisering? (ee 1998, 1999, 2010)
- 36) Oorskadu die omkeer die hoofstorielyn? (e 2005)
- 37) Is daar ten minste een of meer groot omkere? (e 2021)
- 38) Vloei die omkeer voort uit dit wat vooraf gebeur het? (e 2000)
- 39) Sal kykers die omkeer aanvaar as iets wat wel kan gebeur? (e 2004)
- 40) Sluit die omkere in komedie 'n toneel of sekvens met 'n lag af? (e 2007)
- 41) Lei die verrassing van die omkeer tot groter kykerbetrokkenheid? (e 2016)
- 42) Is daar 'n omkeer wanneer 'n bondgenoot van die held sy vyand word? (e 2008)
- 43) Is genoeg karakteropbou/-ontwikkeling vir die omkeer gedoen? (ee 2003, 2005)
- 44) Vind die omkeer plaas as gevolg van
 - a) die korruptheid van karakters?
 - b) 'n oordeelsfout van karakters? (e 2001)
- 45) Is die omkeer
 - a) vermaaklik?
 - b) op die regte tyd?
 - c) op die regte plek?
 - d) Is die omkeer fisies of psigies?
 - e) omdat goeie nuus slegte nuus word?
 - f) omdat slegte nuus goeie nuus word?
 - g) 'n foefie wat die situasie arbitrêr omswaai?
 - h) volkome in die vloei van die storie geïntegreer?
 - i) 'n kragtige plotpunt wat die emosionele waarde 180 grade verander?
 - j) volkome binne die realiteit van die storie? (ee 2002 – 2004, 2009, 2010, 2012)
- 46) Is daar een of twee omkere om die storie deur die tweede bedryf te dra? (e 2011)
- 47) Voel kykers gekul omdat 'n omkeer verkry is deur 'n storiegaping te los? (e 2006)
- 48) Gooi die omkeer die idees wat kykers gevorm het oor die verloop van die storie omvêr? (e 2016)
- 49) Dwing die omkeer kykers om noukeurig aandag te skenk aan wat volgende gebeur? (e 2016)
- 50) Is die situasie wat deur die omkeer geskep word onverwags en ongewens/gewens? (ee 2017, 2018)
- 51) Word die storie benadeel deur die aard of posisionering van positiewe omkere? (e 2018)
- 52) Is die hele storie aan die einde net 'n droom, grap of fout? (e 1964)
- 53) Word die positiewe omkeer opgevolg deur 'n negatiewe omkeer? (e 2019)
- 54) Is daar emosie gekoppel aan die omkeer en/of die gevolge daarvan? (e 2023)
- 55) Is die positiewe omkeer by die hoofklimaks en/of einde van die storie? (e 2019)

7.3.13 Sensasie/skouspel

- 1) Is skouspel
 - a) gepas vir die genre? (e 2327)
 - b) organies deel van die storie? (e 2329)
- 2) Bevat skouspel die buitengewone? (e 2328)
- 3) Sien, ontdek of ervaar kykers iets ongewoons? (ee 64, 2027)
- 4) Is daar aanskoulike tonele/skouspele wat
 - a) kykers uit die dramatiese struktuur/storie neem?
 - b) die idealisme en romantiek van die storie oordonder?
 - c) die fyner meganismes van die drama uitwis deur 'n realisme wat versadig en enige iets daaropvolgend flou laat voorkom? (ee 2029, 2330)
- 5) Is bydraende elemente skouspelagtig en/of romanties? (e 2331)
- 6) Bevat die storie hoë spoed, blootstelling en/of nuwe ervarings? (e 2026)
- 7) Is daar spesiale momente/elemente wat uitstaan in die dialoog, toneelspel, visuele of ouditiewe kommunikasie? (e 2025)
- 8) Handel die storie oor
 - a) mense eerder as skouspel? (e 2491)
 - b) dramatiese ontwikkeling eerder as aanskoulike tonele? (e 2029)
- 9) Word emosie geskep deur die strukturering van gebeure of deur skouspel? (e 2325)
- 10) Neem skouspel die storie vorentoe, kom dit tot stilstand of dwaal af? (ee 2326, 2329)

7.3.14 Humor

- 1) Bevat die storie beide erns en humor? (e 30)
- 2) Varieer die intensiteit van die humor? (e 157)
- 3) Vermy die humor werklike pyn en lyding? (e 2184)
- 4) Word die humor deur egte mense geskep? (e 2198)
- 5) Het die humor lewensbedreigende gevolge? (e 2171)
- 6) Is die lag gerig op iets/iemand wat dit verdien? (e 2190)
- 7) Is die humoristiese situasies vergesog en kunsmatig? (e 2196)
- 8) Probeer die humor snaaks wees of is dit natuurlik snaaks? (e 552)
- 9) Ontstaan humor uit kykers se geloof in die storie en karakters en die gevolglike emosionele betrokkenheid? (e 3343)
- 10) Word die storie vertraag deur grappies wat die held verander in 'n komediant? (e 2205)
- 11) Is die humor
 - a) gebaseer op die ernstige dele in die storie? (e 2173)
 - b) episodies of geïntegreerd in die hele storie? (ee 2196, 2200)
 - c) gebaseer op dit wat gewone kykers mee kan identifiseer? (e 2175)
 - d) organies tot situasies of verskonings om snaaks te wees? (ee 13, 2204)
 - e) gebaseer op mense wat met natuurlike vermyding en voorwendsels reageer op probleme? (e 2198)
- 12) Bevat die humor ligte, speelse, onskadelike inkongruensies? (e 2172)
- 13) Maak die humor 'n appèl op kykers se rede? (e 2169)
- 14) Is daar 'n oormaat snaakse sêgoed? (e 2193)



15) Word

- a) diere gebruik?
 - b) rekwisiete gebruik?
 - c) terreine/ruimte gebruik?
 - d) karakters se rolle omgeruil?
 - e) snaakse sêgoed ad hoc gebruik?
 - f) iets deur herhaling humoristies gemaak?
 - g) die vermoëns van mens of dier vergroot?
 - h) die normale beeldspoed vertraag of versnel?
 - i) humoristiese situasies vir karakters geskep?
 - j) Word dit wat normaalweg pyn en lyding sal veroorsaak as humor aangebied? (ee 2176 - 2181, 2184, 2187, 2189, 2193)
- 16) Is die omstandighede vir verbale humor deeglik voorberei? (e 2193)
- 17) Is die skerpsinnighede wat karakters kwytraak werklik snaaks? (e 2192)
- 18) Is daar woorde wat terugkeer om die skepper daarvan te treiter? (e 2188)
- 19) Berus die humor
- a) hoofsaaklik op aksie? (e 2188)
 - b) op goeie rolprentkomedie? (ee 2166, 2182)
 - c) op dieselfde inhoud as gewone drama maar met 'n komiese hantering? (e 2183)
- 20) Lei humor kykers se aandag af van die hoofemosies? (e 2168)
- 21) Word visuele humor eerder as verbale humor gebruik? (e 2194)
- 22) Word situasionele humor eerder as verbale humor gebruik? (e 2195)
- 23) Ontwikkel humor terselfdertyd die storie of karakter of atmosfeer? (e 2197)
- 24) Bevat die humor die nodige kunsmatige onrealisme wat dit laat werk? (e 2199)
- 25) Ontstaan die humor as gevolg van
- a) wendings?
 - b) die gaping tussen verwagting en uitkoms? (ee 2201, 2202)
- 26) Is daar oordrywing? (e 2174)
- 27) Is die oordrywing op die waarheid gebaseer? (e 2174)
- 28) Dra die humor by om melodrama te verhoed? (e 2203)
- 29) Is die materiaal waaroor die humor handel resent? (e 2191)
- 30) Verloor kykers simpatie met die held omdat hy belaglik gemaak word? (e 2185)
- 31) Is dit gepas vir die genre om dit wat normaalweg pyn en lyding sal veroorsaak as humor aan te bied? (e 2184)
- 32) Is satire wat gebruik word te bitter en venynig? (e 2186)
- 33) Voel kykers na die tyd sleg omdat hulle gelag het? (e 2170)
- 34) Kry kykers karakters te jammer om vir hulle te lag? (e 2167)
- 35) Is karakters se fobies of fiksasies 'n bron van vermaak? (e 2608)

7.3.15 Tragedie

- 1) Het die held baie goeie eienskappe, maar ook een tragiese swakheid? (e 2214)
- 2) Is die swakheid 'n vorm van hoogmoed? (e 2214)
- 3) Is die hoogmoed *hubris*? (e 2214)
- 4) Bring die held se swakheid hom in botsing met sy lotsbestemming, medemense of die gode? (e 2214)

- 5) Ignoreer die held waarskuwings of morele kodes? (e 2214)
- 6) Word die balans herstel deur 'n godin van vergelding? (e 2214)
- 7) Draai die held se lot om van voorspoed na teëspoed? (e 2206)
- 8) Behels die storie die tydelike vernietiging of verduistering van hoër waardes deur laer waardes? (e 2209)
- 9) Word die hoër waardes in die held vernietig of gaan hy as verdediger van hoër waardes onder? (e 2209)
- 10) Is die tragedie nie neerdrukkend nie, omdat die hoër waardes nie permanent vernietig is nie? (e 2210)
- 11) Word hoër waardes bevestig omdat die held vanweë 'n oortreding gestraf word? (e 2211)
- 12) As die held in 'n stryd vir die goeie ondergaan,
 - a) is kykers oortuig dit was nie tevergeefs nie en sy saak sal nog seëvier?
 - b) gee die grootheid daarvan vertroue in die mensdom en toekoms? (e 2212)
- 13) Word swaar tragedie plek-plek met humor te verlig? (e 2207)
- 14) Is die negatiewe effek van die tragedie neerdrukkend? (e 2210)
- 15) Laat die katarsis van die hoofklimaks kykers met 'n positiewe gevoel? (e 2213)
- 16) Leer iemand anders 'n les as die held sterf of nie sy les geleer het nie? (e 2215)
- 17) Verskaf dit wat kykers leer uit die held se foute voldoende bevrediging? (e 2216)
- 18) Is daar 'n gevoel
 - a) van onafwendbaarheid in die gebeure?
 - b) dat 'n mag buite-om die mens sy lewensloop bepaal? (e 2208)
- 19) Beweeg die storie vinnig oor dele wat dreig om sentimenteel te raak? (e 2813)
- 20) Kom sentimentaliteit slegs voor as karakters 'n sterk dramatiese krisis beleef? (e 2814)

7.3.16 Ironie

- 1) Is daar ironie wat berus op
 - a) voorkoms en realiteit?
 - b) aksies en die resultate daarvan? (e 1580)
- 2) Bring 'n karakter beloning of straf oor homself? (ee 1580, 2217)
- 3) Word die ironie vernietig deur daarna te verwys in die storie? (e 1580)
- 4) Is daar verbale ironie as gevolg van die diskrepansie tussen woorde en hulle betekenis? (e 1580)
- 5) Watter van die volgende ironiese storiepatrone word aangewend:
 - a) Hy kry wat hy nog altyd wou hê, maar te laat om dit te geniet.
 - b) Hy word al verder van sy doelwit gedryf, net om te ontdek dat hy tot by dit gelei is.
 - c) Hy verwerp iets, net om te ontdek dit is onmisbaar vir sy geluk.
 - d) Om 'n doelwit te bereik neem die held die presiese stappe wat nodig is om hom weg te lei van die doelwit.
 - e) Die aksie wat die held neem om iets te vernietig, is presies wat nodig is om daardeur vernietig te word.
 - f) Die held bekom iets wat hy seker is hom ongelukkig gaan maak, doen alles wat hy kan om daarvan ontslae te raak en ontdek dat dit die bron van geluk is? (e 1580)



- 6) Weet kykers in ironie
 - a) die finale uitkoms?
 - b) meer as karakters?
 - c) vooraf wat gaan gebeur? (ee 1818, 1820, 1821)
- 7) Maak dramatiese ironie sterk staat op besorgdheid (e 1819)
- 8) Beleef kykers van ironie
 - a) angs oor wat gaan gebeur as die held iets ontdek?
 - b) meegevoel vir die held as hulle sien hy is op pad na 'n katastrofe? (e 1822)
- 9) Is kykers nuuskierig oor hoe/hoekom dit wat hulle weet, gebeur het? (e 1823)
- 10) Dwing ironie kykers om na die oorsaaklike magte in karakters se lewens te kyk? (e 1824)

7.3.17 Emosionele polariteit en lading

- 1) Volg kykers 'n pad wat bestaan uit emosionele hoogte- en laagtepunte? (e 976)
- 2) Is die emosionele waardeverskuiwing van
 - a) die hoofklimaks die grootste;
 - b) bedryfsklimakse die tweede grootste;
 - c) sekvensklimakse die derde grootste en
 - d) tonele die kleinste? (e 1752)
- 3) Hoe gereeld wissel die emosionele
 - a) waarde van die storie?
 - b) polariteit van die storie? (ee 721, 1301)
- 4) Wissel die emosionele polariteit van die storie
 - a) op 'n voorspelbare wyse?
 - b) net tussen een vlak van positief en een vlak van negatief of is daar verskeie vlakke van elk? (ee 721, 1301)
- 5) Is die klimaks van die tweede bedryf se emosionele waarde teenoorgestel van dié van die klimaks? (e 721)
- 6) Wissel die
 - a) lengtes van die verskillende emosionele waardes/polariteite deur die storie?
 - b) oorsake vir die wisseling in emosionele waarde/polariteite? (e 721)
- 7) Is emosionele hoogtepunte
 - a) gekoppel aan 'n intense, persoonlike ervaring? (e 1592)
 - b) verdien deur die gebeure in die drama? (e 1593)
- 8) Wat is die emosionele waardepatroon van
 - a) elke toneel?
 - b) elke sekvens?
 - c) elke bedryf?
 - d) die storie? (e 1746)
- 9) Ossilleer die emosionele waarde van elke toneel, sekvens en bedryf tussen neutraal en positief, neutraal en negatief of positief en negatief? (e 1753)
- 10) Wat veroorsaak die emosionele waardeverskuiwing in die toneel? (e 1748)
- 11) Watter vlakke van konflik onderlê die emosionele waardeverskuiwing? (e 1751)
- 12) Is die waardeverskuiwing proporsioneel tot die grootte van die konflik? (e 1750)
- 13) Word kykers se emosies soms diep onderdruk en dan hoog opgeskiet? (e 1608)

- 14) Waarmee word die emosionele waardes beheer:
- Lewe – dood.
 - Liefde – haat.
 - Goed – kwaad.
 - Reg – verkeerd.
 - Krag – swakheid.
 - Hoop – wanhoop.
 - Waarheid – leuen.
 - Lojaliteit – verraad.
 - Vryheid – slawerny.
 - Dapperheid – lafhartigheid? (e 1749)
- 15) Draai die storie na 'n emosionele piek in 'n nuwe rigting om sodoende 'n oorgang na die teenoorgestelde emosionele waarde te bewerkstellig? (e 1732)
- 16) Is daar 'n emosionele waardeverskuiwing van die begin tot die einde van die
- toneel?
 - sekwens?
 - bedryf?
 - storie? (e 1747)
- 17) Is elke oorgang van punt tot punt, toneel tot toneel, sekvens tot sekvens, óf 'n sukses óf 'n terugslag vir die held in sy stryd? (e 899)
- 18) Is die sentrale krisis een van die
- diepste onderdrukkings van emosie in die storie?
 - hoogste emosionele pieke in die storie? (e 1610)
- 19) Is die hoofklimaks die
- diepste onderdrukking van emosie in die storie?
 - hoogste emosionele piek in die storie? (e 1610)
- 20) Verorsaak die emosionele waardeverskuiwing 'n verandering in die held se uiterlike toestand, innerlike toestand, of beide? (e 1751)

7.3.18 Krisis/donkerste oomblik

- Loop dinge in die tweede bedryf al meer skeef vir die held? (e 2342)
- Bevat die storie 'n donkerste oomblik vir die held? (e 2336)
- Wie of wat veroorsaak die krisis? (e 1475)
- Is die lewe moeilik genoeg vir die held? (e 208)
- Hoe reageer elke karakter op die krisis? (e 1476)
- Forseer die krisis karakters om besluite te neem? (e 1456)
- Het die emosionele tempo opgebou tot waar die krisis dit opdam? (e 1451)
- Hoe het die opponent en die held by die krisis betrokke geraak? (e 1477)
- Watter ander karakters is betrokke by die krisis? (e 1478)
- Verskaf die krisis
 - dramatiese aksie? (e 1456)
 - 'n wending in die plot? (e 1456)
- Kom die held uit die krisis
 - deur aktief te wees?
 - deur passief te wees?
 - deurdat iemand anders hom red? (e 2343)

- 12) Is die opstanding geloofwaardig binne die konteks van die storie? (e 2344)
- 13) Is daar vals hoop of 'n vals oplossing van dit wat lyk na die hoofprobleem naby die klimakssekwens? (e 2234)
- 14) Is daar 'n krisis/donkerste oomblik aan die einde van die tweede bedryf? (ee 2336, 2342, 2384)
- 15) Lyk dit of alles goed afgeloop het, voordat 'n katastrofe die storie in 'n nuwe rigting draai? (e 2234)
- 16) Is die held oënskynlik oorwin aan die einde van die tweede bedryf voordat hy deur 'n nuwe verwikkeling tot aksie gebring word? (e 2415)
- 17) Eindig die klimaks van die tweede bedryf negatief vir die held? (e 2415)
- 18) Beleef die held sy emosionele en/of fisiese donkerste oomblik tydens die krisis-/middelpuntgebeure? (e 2337)
- 19) Word die held tot op die uiterste grens, soos bepaal word deur die genre en die ruimte, gedryf? (e 1404)
- 20) Konfronteer die held sy grootste vrees tydens die krisis-/middelpuntgebeure/donkerste oomblik/hoofklimaks? (e 2338)
- 21) Kom die held tot by die rand van die dood in 'n geveg met 'n vyandige krag tydens die krisis-/middelpuntgebeure/hoofklimaks? (e 2338)
- 22) Is 'n donker oomblik vir die
 - a) held 'n helder oomblik vir die opponent? (e 2340)
 - b) opponent 'n helder oomblik vir die held? (e 2340)
- 23) Word die verwagting geskep dat die held tydens die krisis gaan sterf? (e 2341)
- 24) Weet kykers dat baie voor die held probeer en almal misluk het? (e 2341)
- 25) Is die krisis 'n ware dilemma deurdat dit 'n keuse is tussen
 - a) die beste van twee slegte opsies;
 - b) onversoenbare goeie opsies of
 - c) beide? (e 1447)
- 26) Behels die krisis 'n kombinasie van fisiese, verbale, emosionele en intellektuele aktiwiteite deur een of meer karakters? (e 1455)
- 27) Word die held se wilskrag die meeste tydens die krisis getoets? (e 1449)
- 28) Wonder kykers tydens die krisisbesluit wat die held gaan besluit? (e 1451)
- 29) Herstel die held in die derde bedryf van die donkerste oomblik, sodat hy kan deelneem aan die resoluë van die storie? (e 2345)
- 30) Is die
 - a) krisis vir kykers die donkerste oomblik? (e 2339)
 - b) krisisbesluit doelbewus 'n statiese oomblik? (e 1451)
 - c) krisis se dilemma gekoppel aan die held se doelwit? (e 1448)
 - d) donkerste oomblik vir die held ver voor die hoofklimaks? (e 2335)
 - e) krisis met sy gepaardgaande besluit deel van die hoofklimaks? (e 2384)
- 31) Dreineer ander materiaal van die kykers se opgeboude energie weg tussen die krisisbesluit en klimaksgebeure? (e 1450)
- 32) Is die krisisbesluit en hoofklimaks aaneenlopend op dieselfde terrein? (e 1450)
- 33) Word die krisisbesluit en die klimaksgebeure in tyd en ruimte verenig indien dit op twee verskillende terreine plaasvind? (e 1450)
- 34) Is daar 'n lang opbou van die donkerste oomblik na die hoofklimaks? (e 2335)
- 35) Ontplof/versnel die gebeure, spanning en afwagting na die krisisbesluit tot in die hoofklimaks? (e 1451)



7.3.19 Hoofklimaks

- 1) Faal die held tot naby die einde van die hoofklimaks? (e 2451)
- 2) Word spanning rondom misverstande behou tot by die hoofklimaks? (e 2351)
- 3) Is die uitkoms van die hoofklimaks onseker tot op die laaste oomblik? (e 2440)
- 4) Is die hoofklimaks die punt waar
 - a) kykers op hul emosionele en persepsiële hoogtepunt is? (e 2407)
 - b) emosie/spanning op sy maksimum is? (ee 2354, 2356, 2360, 2420)
 - c) die konflik tussen begeerte en gevaar sy hoogtepunt bereik? (ee 2363, 2420)
- 5) Word die emosie wat belowe is verskaf, maar met 'n golf van onverwagte insig tydens 'n wending in die hoofklimaks self? (e 2393)
- 6) Is die spesifieke risiko's wat die held hanteer in die hoofklimaks die gevolg van 'n aksie wat in die tweede of eerste bedryf in werking gestel is? (e 2432)
- 7) Word die oplossing van raaisels in 'n raaiselgenre uitgestel tot by die hoofklimaks? (e 2350)
- 8) Word plotgegenereerde spanning
 - a) verlig tydens die hoofklimaks?
 - b) anders opgelos as wat kykers verwag het? (e 2367)
- 9) Word karaktergegenereerde spanning
 - a) verlig tydens die hoofklimaks? (e 2368)
 - b) anders opgelos as wat kykers verwag het? (e 2367)
- 10) Bevat die hoofklimaks se wending 'n dilemmakeuse? (e 2382)
- 11) Kry elke karakter wat die storie demonstreer hy verdien? (ee 2368, 2375)
- 12) Val die opponent die held aan na hy genade aan hom betoon het? (e 2376)
- 13) Ondersteun gebeure, aksies, terreine en instrumente die spanning? (e 2378)
- 14) Is die hoofklimaks 'n onverwagse, onvermydelike en bevredigende oplossing van die storie se eksterne en interne probleme? (e 2379)
- 15) Bevat die hoofklimaks 'n wending? (e 2382)
- 16) Betoon die held genade aan die opponent? (e 2376)
- 17) Hoop kykers sterk dat die held die probleem sal oplos? (e 2427)
- 18) Word alle karakters geaffekteer as die held wen of verloor? (e 2418)
- 19) Is die wending tydens die hoofklimaks geskik/optimaal vir die genre? (e 2383)
- 20) Is die krisis met sy gepaardgaande besluit deel van die hoofklimaks? (e 2384)
- 21) Is die hindernisse so groot dat kykers vrees die held sal nie die probleem oplos nie? (e 2428)
- 22) Is die hoofklimaks 'n eenvoudige fisiese stryd en 'n emosionele katarsis? (e 2408)
- 23) Dring die interaksie van hoop en vrees kykers om die storie se verloop te antisipeer? (e 2428)
- 24) Verdien die held die respek van kykers soos hy probeer en faal om die uiterlike konflik op te los? (e 2430)
- 25) Groei kykers se verhouding met die held soos hy gedwing word om met sy innerlike konflik te worstel? (e 2430)
- 26) Is daar vals eindes vir gepaste genres? (e 2463)
- 27) Kom die gevaar groter terug as tevore na 'n vals einde? (e 2463)
- 28) Neem tonele se tempo en intensiteit toe nader aan die hoofklimaks? (e 2398)
- 29) Word die inhoudelike en emosionele omstandighede wat pas by die einde van die begin af geskep? (e 2391)

- 30) Verskaf die hoofklimaks
 - a) 'n katarsis?
 - b) net geraas en geweld?
 - c) betekenis wat emosie genereer? (ee 2385, 2406)
- 31) Bou 'n komedie op tot 'n hoofklimaks van lag? (e 2409)
- 32) Kry die opponent wat hom toekom? (ee 2222, 2375, 2410)
- 33) Kry die held te maklik die oorhand oor die opponent? (e 1467)
- 34) Is die held se beloning proporsioneel tot sy opoffering? (e 2412)
- 35) Is daar steeds afwagting/spanning teenwoordig tydens die ontknoping? (e 2352)

7.3.20 Afloop/epiloog/einde

- 1) Is daar 'n afloop wat die storie dra tot by die einde? (e 2360)
- 2) Is die afloop vinnig indien daar min of geen vrae is nie? (ee 408, 2441)
- 3) Laat die gebeure tydens die afloop steeds kykers wonder wat volgende gaan gebeur indien daar onbeantwoorde vrae is? (e 2441)
- 4) Wat bepaal of die storie gelukkig of ongelukkig eindig:
 - a) Tema?
 - b) Die held se diepere behoeftes? (e 3585)
- 5) Het die storie
 - a) 'n gemengde-emosie-einde? (e 2460)
 - b) stroperige, altyd gelukkige een? (e 2453)
- 6) Bly die storie na die tyd by kykers? (e 979)
- 7) Hoeveel afloop sal kykers tevrede stel? (e 2468)
- 8) Laat die storie kykers meer lewendig voel deur hulle
 - a) beter te laat voel?
 - b) intellek aan te gryp?
 - c) meer nadenkend te laat? (e 983)
- 9) Hoe sal kykers reageer na afloop van die rolprent? (e 3992)
- 10) Is daar 'n balans tussen negatiewe en positiewe emosies, nadat die storie verby is? (e 2469)
- 11) Voldoen die einde aan die verwagtings wat by kykers geskep is? (ee 122, 2392, 2452)
- 12) Bevat die einde/laaste skoot 'n sleutelbeeld wat die betekenis en emosie opsom en konsentreer? (e 2394)
- 13) Is die einde défaitisties? (ee 166, 2361)
- 14) Veredel die einde die menslike gees? (ee 979, 2462)
- 15) Seëvier goed oor kwaad ongeag of 'n/die held sterf? (e 2448)
- 16) Is die einde emosioneel die mees bevredigendste? (ee 534, 2361)
- 17) Is dit 'n gelukkige einde of 'n bevredigende einde? (ee 868, 2361, 2390)
- 18) Bevat die straf/einde 'n element van poëtiese geregtigheid? (ee 2411, 2456)
- 19) Kan kykers die emosionele impak verwerk tydens die afloop? (ee 2360, 2395)
- 20) Is daar 'n positiewe emosionele krediet by kykers na die storie verby is, selfs as die held sterf? (ee 17, 420, 2462, n2469)



7.4 Makrokontrolelyis: Karakters

7.4.1 Algemeen

- 1) Is karakters
 - a) tipes of stereotypes?
 - b) werklike simpatieke mense?
 - c) gebaseer op werklike persone?
 - d) 'n prototipe van volke en kulture?
 - e) 'n prototipe van karakters/beroepe?
 - f) gebaseer op bestaande mediakarakters?
 - g) 'n nuwe kombinasie van bestaande mediakarakters of stereotypes? (ee 990, 2513, 2999 – 3001, 3343)
- 2) Is karakters onvergeetlik/fassinerend? (e 2480)
- 3) Bevat dit regte mense met werklike funksies in die lewe? (e 1058)
- 4) Is objekte en diere wat karakters is, baie soos mense? (ee 2477, 2519)
- 5) Is karakters optimaal geskik vir die bestaansrede van die storie? (e 2514)
- 6) Is die hoofkarakters die hooffokus of kry bykarakters te veel tyd? (e 2494)
- 7) Vind die storie plaas binne die konteks van menslike verhoudings? (e 2488)
- 8) Is die
 - a) karakters baie oud?
 - b) karakters baie jonk?
 - c) slegte karakters te sleg?
 - d) goeie karakters te goed?
 - e) goeie karakters so goed en slegte karakters so sleg dat kykers die uitkoms kan voorspel? (ee 2512, 2557)
- 9) Groei karakters van kinders tot grootmense tydens die storie? (e 2511)
- 10) Watter van die volgende karakters word in die storie aangewend, hetsy as 'n volledige karakter of masker:
 - a) Held/heldin.
 - b) Opponent, antagonis, skurk, Nemesis, skadu.
 - c) Modifiseerder, impakkarakter.
 - d) Geliefde, romantiese objek.
 - e) Konfidant, refleksie.
 - f) Drempelwag.
 - g) Mentor.
 - h) Katalis.
 - i) Nar.
 - j) Morf.
 - k) Boodskapper.
 - l) Balanskarakter.
 - m) Tematiese segsman.
 - n) Stem-van...-karakter.
 - o) Kontrasterende karakter.
 - p) Skryweroogpunt-karakter.
 - q) Komieseverligting-karakter.
 - r) Kykersoogpunt-karakter.
 - s) Massa-en-gewig-karakters? (ee 2915 - 2917, 2925, 2941, 2944)

- 11) Watter karakter is 'n teleurstelling? (e 3282)
- 12) Wat is die hoof funksie vir elke karakter in die plot? (e 2515)
- 13) Leer karakters mekaar beter ken in die tweede bedryf? (e 767)
- 14) Word kontras gebruik om interessante verhoudings te skep? (e 3257)
- 15) Bevat stories oor bekende figure ander fiktiewe karakters wat help om afwagting/spanning te skep? (e 2518)
- 16) Sal die storie verbeter indien die volgende karakters 'n intiemer verhouding het:
 - a) Die held en sy bondgenote.
 - b) Die held en opponent.
 - c) Die held en geliefde.
 - d) Die held en mentor.
 - e) Enige ander karakters? (e 284)
- 17) Word die funksies van die argetipes effektief benut? (ee 446, 2938, 2939)
- 18) Bevat die draaiboek fyn detail oor gesigsuitdrukkings en bewegings? (e 2566)
- 19) Word die genre se eie gespesialiseerde karaktertipes effektief gebruik? (e 2942)
- 20) Is die held in die middel van die *verhoudingsirkel* en *ruimtesirkel*, dan die familie/ span, die gemeenskap en heel buite die samelewing? (e 3289)

7.4.2 Held

- 1) Wie se storie is dit? (e 2991)
- 2) Definieer die held die storie? (e 2972)
- 3) Het die held genoeg om te doen? (e 267)
- 4) Is die held so normaal dat hy vaal is? (e 2989)
- 5) Is die held universeel en oorspronklik? (e 2977)
- 6) Gee die held kykers 'n venster in die storie? (e 2976)
- 7) Kan hy as die kruis van die storie funksioneer? (e 2957)
- 8) Word die held deur 'n kragtige passie aangevuur? (e 2950)
- 9) Reageer die held vinnig op konflik of hindernisse? (e 2993)
- 10) Is hy deel van die storie van die begin tot die einde? (e 2958)
- 11) Verander 'n onwillige held en verbind hom tot die avontuur? (e 3024)
- 12) Watter van die volgende tipes helde word in die storie aangewend:
 - a) Anti.
 - b) Ironies.
 - c) Komies.
 - d) Tragies.
 - e) Gewillig.
 - f) Onwillig.
 - g) Eensaam.
 - h) Dramaties.
 - i) Groepgeörienteerd.
 - j) Katalities? (ee 2997, 3014, 3020, 3022, 3023, 3028 - 3030, 3032, 3035)
- 13) Is opoffering, bo krag of dapperheid, die ware eienskap van die held? (e 2979)
- 14) Fokus die storie op 'n
 - a) individu of 'n groep/massa?
 - b) sentrale karakter wat binne die eerste tien bladsye na vore tree? (ee 33, 772, 2472, 2945, 2946, 2948, 2955, 2956)

- 15) As daar
 - a) twee helde is, is hulle gelyke vennote?
 - b) verskeie helde is, staan een meer uit? (e 2954)
- 16) Wie is aan die einde van die storie die held? (e 2985)
- 17) Raak die held betrokke by verhoudings en gebeure? (e 2992)
- 18) Het sekere karakters uitgestyg en ook helde geword? (e 2986)
- 19) Hardloop die held weg van iets of na iets toe of beide? (e 2988)
- 20) Oorwin die held sy vrees deurdat hy 'n mentor ontmoet? (e 2987)
- 21) Wanneer word 'n groep gelyke karakters 'n koherente groep? (e 773)
- 22) Maak verskillende helde vir verskillende plotte die storie verwarrend? (e 901)
- 23) Is die held se onbewuste behoefte in stryd met dit wat hy bewustelik dink sy behoefte is? (e 2968)
- 24) Is die held
 - a) 'n hoek? (e 2952)
 - b) se gedrag geloofwaardig? (e 47)
 - c) uniek en geïndividualiseerd? (e 186)
 - d) se begeerte groter as sy vrees? (e 2950)
 - e) die meeste van die tyd op die skerm? (e 148)
 - f) die regte een om die konflik deur te dra? (e 358)
 - g) rond, met beide sterk en swakpunte? (ee 46, 520)
 - h) 'n fiktiewe karakter wat vars en interessant is? (e 2952)
 - i) 'n historiese karakter waarin mense belangstel? (e 2952)
 - j) in staat om sy doelwit effektief na te jaag? (ee 179, 1369, 2969)
- 25) Bestaan die held voor die storie? (e 2947)
- 26) Hoe kompleks is die held se persoonlikheid? (e 268)
- 27) Lei 'n passiewe held tot kykers-onbetrokkenheid? (e 3024)
- 28) Is die held die karakter wat kykers die graagste wil sien wen? (e 2964)
- 29) Word genoeg identifiseringstegnieke op die held toegepas? (ee 518, 519)
- 30) Hoe druk die held sy vrees uit tydens die weiering van die oproep? (e 2984)
- 31) Sal die storie verbeter as die held begin as onheldhaftig, onskuldig, eenvoudig of onwillig? (e 447)
- 32) Is die held
 - a) pro-aktief, al is hy 'n vlugteling? (e 2988)
 - b) 'n slagoffer, vervolger of redder? (e 2923)
 - c) reeds reg om op te tree as held as die storie begin? (e 3389)
 - d) 'n onwillige, passiewe tipe wat deur magte buite homself in die avontuur gedruk moet word? (ee 3023, 3164)
 - e) 'n gewillige, aktiewe, selfgemotiveerde tipe wat dapper en sonder bedenkinge voortgaan? (e 3022)
- 33) Is die onwillige held 'n man of 'n vrou? (e 3024)
- 34) Neem die held op 'n afstand waar wat gebeur? (e 2973)
- 35) Is die storie van 'n onwillige held gemik op manlike of vroulike kykers? (e 3024)
- 36) Word voldoende motivering verskaf as 'n onwillige held homself verbind tot die avontuur? (e 3024)
- 37) Is die
 - a) held doelgerig?
 - b) bykarakters meer doelgerig as die held? (e 2994)

- 38) Werk die held sy heil aktief uit, neem hy net gebeure waar of bereik hy sy doelwit deur toeval? (ee 173, 2949, 2961, 2964)
- 39) Beweeg die held die storie vorentoe deur aksies te inisieer of deur te reageer op die aksies van ander? (e 2972)
- 40) Ondergaan die held die meeste verandering? (e 2964)
- 41) Is die held die een wat die meeste emosie beleef? (e 2964)
- 42) Bind die held die ander karakters saam tot die konflik? (e 2951)
- 43) Is nog 'n held nodig om 'n alternatiewe siening te verskaf? (e 2963)
- 44) Kom die held in opstand omdat sy geduld te veel beproef is? (e 2950)
- 45) Word die held se sukses of mislukking bepaal deur sy kernkonstantes en denkprosesse? (e 2470)
- 46) Het die held 'n
 - a) bewuste behoefte?
 - b) onbewuste behoefte? (ee 2967, 2968)
- 47) Voer die held die beslissende aksies van die storie uit? (e 2978)
- 48) Moet die held put uit sy reserwedapperheid om die krisis op te los? (e 3283)
- 49) Is die held implisiet groter of kleiner as die sekondêre- en bykarakters? (e 2996)
- 50) Dra 'n ander karakter vir 'n kort rukkie die masker van die held-argetipe? (e 2982)
- 51) Bevat die held die rou materiaal om te leer of om mag te verkry om die opponent te oorwin? (e 2990)
- 52) Bly 'n ironiese held op 'n afstand? (e 2997)
- 53) Transendeer die held die dood op 'n wyse? (e 2980)
- 54) Sterf die held 'n heldedood deur sy lewe op te offer? (e 2980)
- 55) Offer die held 'n gekoesterde ondeug, geliefde, vriend of die prys op? (e 2981)
- 56) Is die gevolge van die ironiese held meer tragies as heldhaftig? (e 2998)
- 57) Identifiseer kykers met die ironiese held, maar voel ook sy optrede is onnosel? (e 2998)
- 58) Sit die ironiese held aksies aan die gang wat homself/sy eie doelwitte benadeel? (e 2998)
- 59) Is daar kontrasterende eienskappe in die held? (e 3005)
- 60) Is die held in buitengewone/kontrasterende omstandighede? (e 3007)
- 61) Word bestaande gedrag en maniërismes vars gekombineer? (e 3002)
- 62) Het die held
 - a) energie?
 - b) wilskrag?
 - c) intrinsieke konflik?
 - d) 'n ongewone voorkoms?
 - e) ongewone vaardighede?
 - f) 'n ongewone uiterlike doelwit?
 - g) 'n ongewone innerlike doelwit?
 - h) ongewone gedrag en maniërismes?
 - i) genoeg sterkte om sy vernedering te dra?
 - j) buitengewone/interessante verbale vermoëns?
 - k) 'n groot hoeveelheid stamina om die hindernisse te oorwin?
 - l) spesiale eienskappe/voordele wat die antagonis se superieure krag neutraliseer? (ee 184, 2537, 2953, 2966, 2993, 3002 - 3004, 3008 - 3010, 3277)



- 63) Verteenwoordig die held 'n negatiewe aspek van die ego? (e 3021)
- 64) Voldoen die held breedweg aan die vereistes van die genre? (e 3013)
- 65) Verbreek die held grense wat mentors en drempelwagte gestel het? (e 2983)
- 66) Watter van die volgende tipes tragiese helde word in die storie aangewend:
- a) Hy maak hom aan 'n misdaad skuldig en boet daarvoor.
 - b) Hy kom aan die einde tot skulderkenning of nuwe kennis.
 - c) Hy word hoogmoedig as gevolg van sukses en kom tot 'n val.
 - d) Hy reken hy is verhewe bo die gewone wette en kom tot 'n val.
 - e) Hy gaan vrywillig die dood tegemoet ter wille van 'n goeie saak.
 - f) Hy het 'n aandeel in sy eie ondergang, maar die straf vir sy misdaad is nie volgens verdienste nie? (ee 3015 - 3019)
- 67) Styg die tragiese held in een of ander opsig uit? (e 3014)
- 68) Faal die tragiese held ten spyte van sy beste pogings? (e 3034)
- 69) Slaag die komiese held ten spyte van sy beste pogings? (e 3035)
- 70) Slaag die dramatiese held as gevolg van sy beste pogings? (e 3033)
- 71) Gaan die tragiese held onder in 'n heldhaftige stryd teen magte waarteen hy nie opgewasse is nie? (e 3014)
- 72) Is die tragiese held 'n martelaar wat sy eie ondergang veroorsaak, maar nie skuldig staan nie? (e 3017)
- 73) Erken kykers dat die tragiese held sy straf verdien maar voel jammer dat sy groot talente so tot niet moet gaan? (e 3015)
- 74) Is die held in opvolgspeelprente 'n katalitiese held? (e 3032)
- 75) Bewerkstellig die held veranderings in iemand anders? (e 3032)
- 76) Bly katalitiese helde in opvolgspeelprente vars en geloofwaardig? (e 3032)
- 77) Is die antiheld
- a) op die rand van die reg?
 - b) die teenoorgestelde van 'n normale held?
 - c) 'n uitgewekene uit die oogpunt van die samelewing?
 - d) iemand waarvan kykers nie hou nie of selfs verafsku?
 - e) negatief, maar met bewonderingswaardige eienskappe?
 - f) 'n eerbare persoon wat gebreek het met die samelewing?
 - g) 'n gewone held maar met 'n element van sinisme of 'n gekweste kwaliteit?
 - h) soos die klassieke tragiese held wat nooit sy innerlike demone oorwin nie?
 - i) met positiewe eienskappe se gebrek die rede vir sy uiteindelijke ondergang? (ee 3025 - 3027)
- 78) Tree die held grotendeels op as mentor? (e 3032)
- 79) Is die held/heldin daarop uit om die heldin/held te
- a) help;
 - b) vernietig;
 - c) verslaan of
 - d) opponeer? (ee 2927, 3065)
- 80) Is die held deel van 'n gemeenskap of familie? (e 3028)
- 81) Besluit die groepsgeoriënteerde held om in die spesiale wêreld te bly? (e 3029)
- 82) Is 'n eensame held se
- a) natuurlike habitat die wildernis en afsondering?
 - b) storiepatroon die van toetrede tot die samelewing, avontuur in die groep se territoriale gebied en terugkeer na isolasie? (e 3030)

- 83) Is dit 'n eensame held wat nie bondgenote het nie? (e 771)
- 84) Begin die held as eensame en eindig binne die groep? (e 3031)
- 85) Is 'n groepsgeoriënteerde held se storie die van skeiding van die groep, 'n eensame avontuur in die wildernis en hervereniging met die groep? (e 3028)

7.4.3 Opponent

- 1) Is dit 'n waardige/die beste opponent? (e 3067)
- 2) Bring die opponent die beste in die held na vore? (e 3067)
- 3) Is daar 'n verskeidenheid antagonistiese elemente? (e 3037)
- 4) Geniet die opponent dit om kwaad aan iemand te doen? (e 3059)
- 5) Forseer die opponent die held in lewensgevaarlike situasies? (e 3067)
- 6) Stuur die opponent die konfrontasie in die rigting van 'n katastrofe? (e 3042)
- 7) Is daar voortdurende konfrontasie tussen die held en die opponent? (e 3046)
- 8) Probeer die storie kykers oortuig die skurke se gedrag is goed of net dat daar 'n motivering daarvoor bestaan? (e 3051)
- 9) As daar verskeie opponente of situasies is, staan een uit bo die ander en kom hy regdeur die storie voor? (ee 189, 3055)
- 10) Veroorsaak die opponent direk of indirek konflik? (e 3067)
- 11) Word die opponent se motivering vir sy gedrag verskaf? (e 3050)
- 12) Is die opponente se motivering lank en emosioneel of slegs leidrade? (e 3050)
- 13) Word beide/alle karakters se motiverings ewe veel gewys as hulle funksioneer as beide held en opponent? (e 3052)
- 14) Kom die held te staan teen 'n/die
 - a) bese?
 - b) objek?
 - c) vyand?
 - d) skurk?
 - e) held self?
 - f) opponent?
 - g) natuurkrag?
 - h) kontagonis?
 - i) diffuse opposisie?
 - j) antagonistiese mag?
 - k) sigbare en spesifieke karakter?
 - l) antagonistiese mag in die held self?
 - m) mens/wese met menslike eienskappe?
 - n) kollektiewe naamwoord soos die Mafia?
 - o) kwaliteit van die lewe, byvoorbeeld onreg?
 - p) kombinasie van bogenoemde? (ee 42, 3045, 3047, 3049, 3053, 3059, 3065, 3068, 3080, 3087, 3088)
- 15) Is 'n swak opponent die hooforsaak van swak konflik? (e 3056)
- 16) Daag die opponent die held direk uit of is hy agterbaks? (e 3067)
- 17) Tree een opponerende element na vore as die belangrikste? (e 1397)
- 18) Staan die opponent se doel teenstrydig met die van die held? (e 3060)
- 19) Tree die hoofelement van opposisie so gou moontlik na vore? (e 1397)
- 20) Is die opponent en held soos perde in 'n span wat in verskillende rigtings trek of soos treine wat op 'n trompop-botsing afstuur? (e 3065)

- 21) Is die opponent daarop uit om die held te
 - a) help?
 - b) verslaan?
 - c) vernietig?
 - d) opponeer? (ee 2927, 3065)
- 22) Is dit 'n bondgenoot wat nie saamstem met die held se taktiek nie? (e 3065)
- 23) Hou kykers van die opponent ten spyte van die dinge wat hy doen? (e 3096)
- 24) Is die opponent onaantreklik, negatief, kwaadwillig, nors, sadisties, afknouerig, obsessief, diabolies, magtig en/of vreesloos? (ee 3056, 3071, 3092, 3094, 3095)
- 25) Is die opponent sjarmant, intelligent, mooi/aantreklik, goed gebou, elegant en/of glad? (ee 3056, 3071, 3094, 3095)
- 26) Het die opponent
 - a) intrinsieke konflik? (e 184)
 - b) genoeg om te doen? (e 267)
 - c) 'n duidelike eksterne doelwit? (e 3090)
 - d) 'n psigiese afwyking of versteuring? (e 3092)
 - e) 'n gevoel vir iemand wat hy ken/onthou? (e 3096)
 - f) 'n duidelike en noodsaaklike dramatiese funksie? (e 3067)
 - g) die mag en wil om groot skade te doen? (ee 506, 3044, 3094)
 - h) 'n element van goedheid of 'n bewonderingswaardige eienskap? (ee 3071, 3094 - 3096)
- 27) Staan die opponent toevallig of doelgerig teenoor die held? (ee 503, 3036)
- 28) Skep die antagonistiese mag oomblikke van onsekerheid? (e 1392)
- 29) Is die antagonistiese mag groter of gelyk aan die held? (e 1392)
- 30) Is die opponent
 - a) boos? (e 3059)
 - b) onvergeetlik? (e 3071)
 - c) se gedrag geloofwaardig? (e 47)
 - d) die held van sy eie mite? (e 3073)
 - e) sterker as die held? (ee 3043, 3057)
 - f) rond of net sleg? (ee 46, 3040, 3089)
 - g) menslik omdat hy broos/tengerig is? (e 3072)
 - h) lojaal aan iemand, al is dit misplaas? (e 3096)
 - i) sterk omdat hy iets het wat hom dryf? (ee 3056, 3058, 3091)
 - j) Is die opponent 'n komplekse wese met sy eie interne stryd? (e 3061)
 - k) soveel interessanter as die held dat hy hom oorskadu? (ee 2073, 3062)
 - l) sterk genoeg om die held goed te laat lyk? (ee 2974, 3038, 3054, 3086)
 - m) uniek, geïndividualiseerd en interessant/fassinerend? (ee 141, 186, 2560)
 - n) die kompetisie vir die held in liefde, sport, besigheid of enige aktiwiteit? (e 3075)
- 31) Dwing die magte van antagonisme die beste uit die held en die storie? (e 1405)
- 32) Lyk dit of die opponente in die storie die enigste vir mekaar kan wees? (e 3084)
- 33) Word die held en opponent verhoed om verby mekaar te beweeg? (e 1402)
- 34) Maak die held en opponent se verskille 'n kompromie onmoontlik? (e 3048)
- 35) Word die held en opponent gedwing om sterker aksies te neem? (e 499)
- 36) Hoe kompleks is die opponent se persoonlikheid? (ee 268, 3058)
- 37) Ervaar kykers die opponent ook as 'n teëstander? (e 68)

- 38) Maak die magte van antagonisme die storie
- intellektueel fassinerend?
 - emosioneel meesleurend? (e 1405)
- 39) Probeer die skadu verhoed dat hy herken en in die lig openbaar word? (e 3077)
- 40) Is die opponent oorspronklik van die held se familie/span/gemeenskap? (e 3085)
- 41) Word die opponent gedwing om doelwitte te stel, strategieë uit te werk en te stry om sy doelwitte te bereik? (e 3054)
- 42) Is daar verskillende opponente
- vir die verskillende plotte? (e 907)
 - in parallel en/of serie wat die held opponeer? (e 1397)
- 43) Konfronteer die opponente die held genoegsaam? (e 2920)
- 44) Is die uurglastegniek 'n addisionele opponent? (e 1889)
- 45) Inisieer die opponente plotgebeure wat lei tot
- konflik?
 - lewe of dood?
 - sukces of mislukking?
 - dominasie of onderwerping?
 - 'n situasieverandering? (e 2920)
- 46) Duur die held en opponent se stryd voort totdat iets die skaal swaai? (e 1402)
- 47) Is die geveg oninteressant omdat een van die opponente te sterk is? (e 3039)
- 48) Is dit 'n wen/wen of wen/verloor stryd tussen opponente en held? (e 2920)
- 49) Is die opponent se goeie eienskappe ongeloofwaardig? (e 3041)
- 50) Is daar 'n opponent vir die geliefde? (e 3047)
- 51) Verteenwoordig die
- kontagonis verleiding en/of hindernis?
 - opponent vermy/voorkom/heroorweeg? (e 3087)
- 52) Lei die kontagonis die held op 'n dwaalweg? (e 3087)
- 53) Vertraag die kontagonis die held se vordering? (e 3087)
- 54) In watter mate is die opponent die held se skadu? (e 3081)
- 55) Tree die held soms op 'n selfvernietigende manier op? (e 3068)
- 56) Het die held interne gebreke wat die opponent se bondgenote is? (e 3182)
- 57) Is die skadu 'n interne dryfveer met prioriteite en 'n lewe van sy eie? (e 3066)
- 58) Word 'n natuurrampstorie aan interpersoonlike konflik gekoppel? (e 3053)
- 59) Funkioneer beide/alle karakters as held en opponent? (e 3052)
- 60) Toon die opponent onverwags helde-eienskappe? (e 3063)
- 61) Verteenwoordig die skadu
- die energie van die donkerkant? (e 3064)
 - die vernietigende krag van psigoses? (e 3066)
 - 'n duidelike/noodsaaklike sielkundige funksie? (e 3066)
 - elemente wat kykers nie van hulself wil erken nie? (e 3064)
 - die held se negatiewe eienskappe wat hy op ander projekteer? (e 3076)
 - miskende positiewe aspekte van die kykers se karakter? (e 3064, 3074)
 - ongeformuleerde, ongerealiseerde of verworpe aspekte van iets? (e 3064)
- 62) Word die skadu in die werklikheid of drome vergestalt as vreesaanjaende vyande soos monsters, demone, bose ruimtewesens of vampiere? (e 3066)

- 63) Word die masker van uitdagende energie van die skadu op verskillende tye deur verskillende karakters gedra? (ee 3068, 3069)
- 64) sien die opponerent
 - a) homself as goed of sleg?
 - b) die kykers se held as 'n skurk? (e 3073)
- 65) Glo die opponerent
 - a) sy doel is reg?
 - b) dat die doel die middel regverdig? (e 3073)
- 66) Demoniseer die opponerent die held? (e 3076)
- 67) Projekteer die skadu sy negatiewe eienskappe op ander? (e 3076)
- 68) Het die held en opponerent meer ooreenkomste as verskille? (e 3085)
- 69) Word die opponerent se krag gekanaliseer deur bondgenote? (e 3082)
- 70) As watter ander argetipes kan die opponerent ook manifesteer? (e 3083)
- 71) Is die opponerent dom gemaak of 'n slim oplossing vir die held uitgedink? (e 3097)
- 72) Is die klimaks ongefokus omdat daar nie 'n dominante opponerent is nie? (e 3049)
- 73) Word die opponerent 'n held na hy dapper vir 'n saak geveg/hom bekeer? (e 3070)
- 74) Beleef die held simpatie met die opponerent as hy hom moet doodmaak? (e 3072)
- 75) Is dit 'n morele besluit/emosionele gebeurtenis om die opponerent te straf of dood te maak eerder as 'n outomatiese proses? (ee 3072, 3078, 3079)

7.4.4 Geliefde en romantiese objek

- 1) Is daar 'n geliefde vir die
 - a) held?
 - b) opponerent? (e 44)
- 2) Is die geliefde rond? (e 46)
- 3) Hoe dra die geliefde by tot die storie? (e 481)
- 4) Is die geliefde ook 'n opponerent? (ee 3069, 3118)
- 5) Word die opponerent mettertyd die geliefde? (e 3118)
- 6) Hoe kompleks is die geliefde se persoonlikheid? (e 268)
- 7) Is daar 'n karakter waarby die held romanties betrokke wil raak? (e 3119)
- 8) Simpatiseer kykers met die held se aangetrokkenheid tot die geliefde? (e 3121)
- 9) Het die geliefde genoeg om te doen? (e 267)
- 10) Is die geliefde se gedrag geloofwaardig? (e 47)
- 11) Identifiseer kykers ook met die geliefde? (e 3122)
- 12) Is die geliefde uniek en geïndividualiseerd? (e 186)
- 13) Gee die geliefde dimensie en diepte aan die held? (e 2928)
- 14) Sal kykers ook hou van/verlief raak op, die geliefde? (ee 191, 2758, 3122)
- 15) Wissel die geliefde se funksie tussen steun en ontwrigting van die held se poging? (e 3120)

7.4.5 Mentor

- 1) Is daar 'n mentor vir die
 - a) held? (e 45)
 - b) opponerent? (e 445)
- 2) Is dit 'n jong en naïewe mentor? (e 3155)
- 3) Leer die mentor ook by die held? (e 3158)

- 4) Het die mentor genoeg om te doen? (e 267)
- 5) Hoe dra die mentor by tot die storie? (e 481)
- 6) Is dit 'n jong mentor wat ouer karakters leer? (e 3155)
- 7) Is die held en die mentor dieselfde persoon? (e 3135)
- 8) Is onderrig 'n belangrike deel van die mentor? (e 3158)
- 9) Hoe kompleks is die mentor se persoonlikheid? (e 268)
- 10) Help die mentor die held voorberei vir die reis? (e 3156)
- 11) Gaan die mentor saam met die held op die avontuur? (e 3157)
- 12) Ontmoet die held die mentor voor of na die versteuring? (e 3123)
- 13) Sal dit die storie baat as 'n mentorkarakter(s) geskep word? (e 3137)
- 14) Skep die afwesigheid van 'n mentor interessante situasies vir die held? (e 3132)
- 15) Sal die mentor as karakter verbeter indien sommige van die argetipes omgekeer of verander of weggelaat word? (e 3132)
- 16) Watter tipe mentors kom in die storie voor:
 - a) Jong.
 - b) Donker.
 - c) Gevalle.
 - d) Innerlike.
 - e) Komiese.
 - f) Kontinue.
 - g) Sjamaan.
 - h) Onwillige.
 - i) Gewillige.
 - j) Voorstorie.
 - k) Meervoudige? (ee 3129, 3138, 3145, 3148, 3150 - 3155)
- 17) Is die mentor 'n tradisionele karakter soos 'n ou towenaar, gesoute weermag-instrukteur, sportafrigter, dokter, baas, terapeut, ouer, grootouer of helpende figuur? (ee 3123, 3124)
- 18) Is die mentor
 - a) rond? (e 46)
 - b) goddelik? (e 3126)
 - c) 'n gevalle held? (e 3129)
 - d) 'n voormalige held? (e 3129)
 - e) se gedrag geloofwaardig? (e 47)
 - f) uniek en geïndividualiseerd? (e 186)
 - g) 'n ouer/wyser of jonger/minderwaardige persoon? (e 3125)
 - h) geïnternaliseer in die held as 'n gedragskode? (ee 3153, 3170)
- 19) Wys die mentor dat hy verbind is met die natuur of 'n geesteswêreld? (e 3131)
- 20) Is dit 'n positiewe of negatiewe mag wat optree as mentor vir die
 - a) held?
 - b) opponent? (ee 776, 3125, 3133)
- 21) Lei die mentor die held deur drome en visioene? (e 3152)
- 22) Is die meeste karakters wat die held ontmoet mentors? (e 3136)
- 23) Word die ontmoeting met die mentor benut vir karakter-uiteensetting, konflik, humor en tragedie? (e 741)
- 24) Verraai die mentor die held? (e 3134)
- 25) Is die opponent ook 'n mentor? (e 3069)

- 26) Draai die held teen die mentor? (e 3134)
- 27) Word kykers mislei ten opsigte van die mentor? (e 3133)
- 28) Versuur die verhouding tussen die held en die mentor? (e 3134)
- 29) Verwys die held na 'n mentor wat 'n invloed op hom gehad het? (e 3154)
- 30) Soek die held 'n mentor of organisasie op as substituuat omdat sy mentor/ouers/familie dood, afwesig of onvoldoende rolmodelle is? (ee 3139, 3159)
- 31) Buit 'n donker mentor die held se behoefte aan 'n mentor/familie uit? (e 3139)
- 32) Poog die donker mentor om die held so veel as moontlik te korrupteer? (e 3171)
- 33) Was die held se pa self 'n korrupte polisiepersoon in 'n polisie-drama? (e 3140)
- 34) Bevat 'n polisie-drama 'n korrupte vaderfiguur wat optree as mentor vir 'n jonger held, maar uiteindelik teen hom draai? (e 3138)
- 35) Is daar 'n reeks van mentors wat elkeen spesifieke vaardighede, kennis of geskenke aan die held gee? (e 3150)
- 36) Is die keuse van die held of hy
 - a) die donker mentor gaan vernietig of deur hom vernietig te word?
 - b) gaan ingee aan korrupsie soos sy donker mentor of getrou gaan bly aan sy oortuigings? (ee 3141, 3142)
- 37) Word die donker mentor in 'n finale konfrontasie vernietig? (ee 3144, 3172)
- 38) Word die korrupte stelsel saam met die mentor vernietig? (e 3174)
- 39) Het die donker mentor 'n baas wat erger is? (e 3143)
- 40) Is daar hoop dat reg en geregtigheid eendag sal geskied as die donker mentor en bese stelsel nie vernietig is nie? (e 3144)
- 41) Bevat 'n antiheld storie 'n donker of antimentor? (e 3147)
- 42) Word die mentor 'n drempelwag in die held se pad? (e 3147)
- 43) Leer die held uit die swakhede en foute van die mentor? (e 3146)
- 44) Het 'n gewone mentor ook donker of negatiewe dimensies? (e 3147)
- 45) Beleef die mentor 'n krisis ten opsigte van
 - a) sy eie roeping?
 - b) 'n heldereis van sy eie?
 - c) die probleme van ouderdom/die naderende dood? (e 3148)
- 46) Ruk 'n gevalle mentor homself vir oulaas reg vir sy taak? (e 3148)
- 47) Gaan 'n gevalle mentor deur die heldereis op pad na sy eie vernuwing? (e 3148)
- 48) Het 'n gevalle mentor of die kykers ernstige bedenkinge of hy as mentor kan optree? (e 3148)
- 49) Verteenwoordig die mentor die
 - a) wyser/edeler deel van die mens? (e 3127)
 - b) held se hoogste aspirasies? (ee 776, 3128)
- 50) Bevat 'n reeks 'n mentor wat opdragte gee? (e 3149)
- 51) Gee die mentor opdragte en kry die storie aan die gang? (e 3149)
- 52) As daar nie 'n mentor is nie, word sy funksie deur ander karakters/magte vervul? (ee 743, 3130)
- 53) Het 'n romanse/romantiese komedie 'n mentor/bondgenoot wat die held
 - a) adviseer oor verhoudings? (e 3151)
 - b) Inisieer in die geheime van liefde/seks? (e 3166)
- 54) Verskaf die mentor humor of tragiese verhoudings? (e 3169)
- 55) Het die mentor se advies in romantiese komedies aanvanklik rampspoedige gevolge? (e 3151)



- 56) Funksioneer die mentor as
 - a) die gewete van die held? (e 3163)
 - b) gewer van geskenke aan die held? (e 3160)
 - c) uitvinder of ontwerper wat geskenke gee? (e 3162)
- 57) Is die geskenke
 - a) toormiddels?
 - b) lewensbelangrike advies?
 - c) fisiese hulpmiddels? (e 3160)
- 58) Motiveer die mentor die held? (e 3164)
- 59) Help die mentor die held om vrees te oorwin? (e 3164)
- 60) Plant die mentor iets wat later aangewend word? (e 3165)
- 61) Moet die held die geskenk of hulp verdien deur leer, opoffering, toewyding of 'n toets? (e 3161)
- 62) Word die mentor se vermoë om te vermaak optimaal benut? (e 3125)
- 63) Word die mentor verteenwoordig deur 'n rekwisiet wat die held lei? (e 3154)
- 64) Word kykers se verwagting van die mentor gebruik om hulle te verras? (e 3168)
- 65) Help die vernietiging van die donker mentor met die hoofklimaks die held om die herinneringe aan sy eie pa te oorkom en 'n man in eie reg te word? (e 3173)

7.4.6 Bondgenoot

- 1) Is daar bondgenote vir die
 - a) held?
 - b) opponent? (e 43)
- 2) Het die bondgenote genoeg om te doen? (e 267)
- 3) Hoe dra die bondgenoot by tot die storie? (e 481)
- 4) Gee die bondgenoot geloofwaardigheid aan die storie? (e 3178)
- 5) Ondersteun die bondgenoot die held in die najaag van sy doelwit? (e 3176)
- 6) Is die bondgenoot op 'n geloofwaardige wyse betrokke by die held? (e 3175)
- 7) Stel die held 'n span saam, waarin elke lid spesifieke vaardighede het? (e 764)
- 8) Is die bondgenote
 - a) rond? (e 46)
 - b) geloofwaardig? (e 47)
 - c) uniek en geïndividualiseerd? (e 186)
- 9) Maak die bondgenoot dit makliker om agtergrondinligting, innerlike motivering, innerlike konflik en die tema te onthul? (e 3178)
- 10) Hoe sal kykers voel oor die
 - a) held se bondgenote?
 - b) opponent se bondgenote? (e 191)
- 11) Kom die held na die eerste drempel nuwe bondgenote teë? (e 3179)
- 12) Is 'n romantiese karakter 'n romantiese objek of 'n bondgenoot? (e 3177)
- 13) Is die konfidant 'n geliefde of mentor wat ook 'n ander funksie vervul? (e 3183)
- 14) Kan die bondgenoot beweeg tussen die maskers van mentor en nar? (e 3180)
- 15) Bevraagteken die bondgenoot plotgebeure wat grens aan verregaande, sodat 'n verduideliking gegee kan word waarom dit moontlik is? (e 3184)

7.4.7 Nar

- 1) Is daar 'n nar-argetipe? (e 186)
- 2) Is daar 'n narheld-argetipe? (e 3203)
- 3) Het die nar genoeg om te doen? (e 267)
- 4) Is die refleksie komies as die held ernstig is? (e 3212)
- 5) Lewer die nar kommentaar op die gedrag van die held? (e 3211)
- 6) Is die nar 'n dienskneg of bondgenoot van die held of opponent? (e 3206)
- 7) Verteenwoordig die nar ondeundheid/die behoefte aan verandering? (e 3203)
- 8) Tree die
 - a) nar op as mentor? (e 3206)
 - b) opponent op as nar? (e 3070)
- 9) Bring die nar die held en kykers af grond toe? (e 3204)
- 10) Wys die nar mense se swakhede en skynheiligheid uit? (e 3204)
- 11) Maak die nar kykers deur lag bewus van hulle gemeenskaplikheid? (e 3204)
- 12) Bring die nar gesonde verandering deur aandag te vestig op wanbalans of die absurditeit van 'n stagnante sielkundige situasie? (e 3204)
- 13) Breek die nar ego's af? (e 3204)
- 14) Is die nar
 - a) 'n ironiese karakter? (e 3211)
 - b) 'n moeilikheidstoker? (e 3206)
 - c) 'n katalis vir plotgebeure? (e 3206)
 - d) uniek en geïndividualiseerd? (e 186)
 - e) die vyand van die status quo? (e 3205)
 - f) 'n aktiveerder van ander karakters? (e 3206)
- 15) Dra die held in 'n komedie meestal die masker van 'n nar? (e 3209)
- 16) Het 'n komiese held 'n obsessie wat hyself nie raaksien nie? (e 3202)
- 17) Word die situasie omgedraai en trek die nar aan die kortste end? (e 3208)
- 18) Verskaf die nar
 - a) komedieverligting? (e 3206)
 - b) 'n alternatiewe siening van die drama? (e 3211)
- 19) Sit die held 'n narmasker op om 'n skadu of drempelwag te uitoorlê? (e 3210)
- 20) Is die narheld magteloos maar slim teenoor groter/gevaarliker vyande? (e 3207)

7.4.8 Morf

- 1) Is daar 'n morf-argetipe? (e 3195)
- 2) Verander 'n karakter gedurig van bui? (e 3196)
- 3) Is dit moeilik om die morf se erns en lojaliteit te peil? (e 3196)
- 4) Bring die morf 'n element van twyfel en spanning in die storie? (e 3199)
- 5) Is een van die karakters
 - a) moeilik om te begryp? (e 3195)
 - b) in 'n vriendskapstorie 'n onkonvensionele morf? (e 3201)
- 6) Is die morf
 - a) 'n towenaar of heks? (e 3196)
 - b) 'n *femme fatale* of *hommes fatales*? (e 3199)
 - c) iemand van die teenoorgestelde geslag? (e 3196)

- 7) Moet die held 'n morf word
 - a) om te oorleef?
 - b) verby 'n drempelwag te kom? (e 3200)
- 8) Dien die morf as katalisator vir verandering? (e 3197)
- 9) Morf die
 - a) opponent en probeer om die held in gevaar te lok? (e 3070)
 - b) mentor, nar, geliefde of bondgenoot tot 'n opponent? (ee 3069, 3070)
- 10) Moet die held uitvind of die morf hom goedgesind of kwaadgesind is? (e 3198)
- 11) Verander die held
 - a) se bondgenoot in 'n morf om die held te help? (e 3200)
 - b) sy mening oor 'n groep as gevolg van 'n morf? (e 3197)
- 12) Dra die opponent of sy bondgenote die morfmasker om die held te verlei of verwar? (e 3200)
- 13) Mislei die morf die held? (e 3196)
- 14) Hou die morf die held en kykers aan die raai? (e 3196)
- 15) Verteenwoordig die morf die belewenis van mense se onpeilbaarheid? (e 3197)

7.4.9 Drempelwag

- 1) Is daar drempelwagte as hindernisse? (e 3185)
- 2) Herken die held die drempelwagte vir wat hulle is? (e 3192)
- 3) Is daar 'n simbiotiese verhouding tussen opponent en drempelwagte? (e 3187)
- 4) Is daar 'n kragtige drempelwag wat sorg dat onwaardige persone uitgehou word by elke deurgang na 'n nuwe wêreld? (e 3185)
- 5) Is die drempelwagte
 - a) mense naby die held? (e 3192)
 - b) luitenant van die hoofantagonis? (e 3186)
 - c) deel van die landskap van die spesiale wêreld? (e 3186)
 - d) geheime helpers op die held se pad om hom te toets? (e 3186)
 - e) deurwagte, uitsmyters, lyfwagte of huursoldate? (e 3187)
 - f) sielkundige hindernisse soos emosionele letsels, neurose, gewoontes, verslawings en selfbeperkings? (e 3188)
- 6) Sal die drempelwagte die opponent waarsku/beskerm? (e 3187)
- 7) Toets die drempelwagte die held deur middel van 'n raaisel of 'n toets? (e 3189)
- 8) Is die beste manier om die drempelwag te verslaan deur tydelik deel te word van die vyand? (e 3191)
- 9) Watter opsies het die held as hy 'n drempelwag teëkom:
 - a) Hom vermy.
 - b) Hom omkoop.
 - c) Hom tevrede stel.
 - d) Omdraai en vlug.
 - e) Hom bloot ignoreer.
 - f) Hom aanval en oorwin.
 - g) Hom oorwin met sy eie mag.
 - h) 'n Bondgenoot van hom maak.
 - i) Vaardigheid gebruik om verby hom te kom? (ee 3185, 3190, 3194)

- 10) Funkzioneer die mentor as drempelwag as die held iets wil aanpak wat onwettig, onnosel of gevaarlik is? (e 3167)
- 11) Sal dit die held help as hy die drempelwagte verstaan? (e 3185)
- 12) Keer innerlike drempelwagte dat die held sy lewe verander? (e 3188)
- 13) Keer drempelwagte die held omdat dit die voordele wat hulle uit hom put, bedreig? (e 3192)
- 14) Herken die held die drempelwagte as tekens dat nuwe mag of sukses nader kom? (e 3193)
- 15) Het die held empatie met sy oënskynlike vyande en transendeer hulle eerder as om hulle te vernietig? (e 3194)

7.4.10 Boodskapper

- 1) Is daar 'n boodskapper-argetipe? (e 3214)
- 2) Word die boodskapper se masker tydelik deur 'n ander karakter gedra? (e 3219)
- 3) Is die boodskapper
 - a) die opponent? (e 3070)
 - b) vanuit die opponent of die held se kamp? (e 3219)
 - c) 'n positiewe, negatiewe of neutrale element? (e 3219)
- 4) Bring/is 'n boodskapper/karakter
 - a) mag;
 - b) invloed;
 - c) inligting;
 - d) 'n uitdaging;
 - e) nuwe energie;
 - f) nuwe persoon;
 - g) nuwe toestand;
 - h) materiële voorwerp;
 - i) oproep tot avontuur en/of
 - j) die snellere gebeurtenis? (ee 3214, 3215, 3217)
- 5) Is die boodskapper se funksie dat
 - a) verandering en avontuur op pad is?
 - b) die held nie soos altyd kan voortgaan nie? (ee 3215 - 3217)

7.4.11 Diverse karakters

- 1) Oorskadu ander karakters die held omdat hulle interessanter is? (e 2989)
- 2) Verteenwoordig ander karakters die verskillende moontlikhede van goed of kwaad vir die held? (e 2975)
- 3) Gaan die held as karakter verlore omdat die stryd van die held die stryd is van elke karakter? (e 3117)
- 4) Illustreer ander karakter(s) dat slegs die held die vermoë het om die hindernisse te oorkom? (e 2995)
- 5) Word heldhaftige aksie gewone aksie omdat ander karakters net so dapper is as die held? (e 3117)
- 6) Is daar 'n katalis? (ee 476, 483, 2921, 2930)
- 7) Definieer 'n kontraskarakter die held beter? (e 2932)
- 8) Is die komiese-verligtingkarakters effektief? (e 2931)

- 9) Bly die katalis neutraal in die held se konflik? (e 2921)
- 10) Is die konfidant 'n vertroueling of ander held? (e 2929)
- 11) Word die konfidant effektief gebruik om inligting aan kykers oor te dra? (e 2929)
- 12) Hoeveel ondersteunende karakters staan in verhoudings teenoor die held en opponent? (e 3108)
- 13) Hoeveel nie-emosionele karakters dra slegs plotinligting oor? (e 3109)
- 14) Betree die modifiseerder die held se lewe as 'n nuwe element? (e 3432)
- 15) Is die modifiseerder en held in 'n wen-wen- of wen-verloorstryd? (e 2920)
- 16) Skep die modifiseerder nuwe kwessies en gebeure vir die held? (e 2919)
- 17) Dwing die modifiseerder verandering en groei in die held af? (ee 2919, 2920)
- 18) Bots die modifiseerder se siening van die konflik aanvanklik met dié van die held? (ee 3433, 3434)
- 19) Opper die modifiseerder nuwe kwessies wat die held eers weerstaan, maar later leer waardeer? (e 3436)
- 20) Waardeer die held eers later in die storie die modifiseerder se sienings? (e 3435)
- 21) Is daar 'n balanskarakter:
 - a) in tematies komplekse stories?
 - b) in stories oor kontroversiële onderwerpe?
 - c) indien die storie 'n etniese groep negatief uitbeeld? (e 2933)
- 22) Het tematiesse karakters ook ander funksies? (e 482)
- 23) Verteenwoordig en/of verbaliseer die tematiesse segsman die tema? (e 2922)
- 24) Verteenwoordig 'n stem-van...-karakter verskillende sienings oor die storie se onderwerp/tema? (e 2934)
- 25) Is die aksies/rolle van kinder-karakters
 - a) so enkelvoudig moontlik?
 - b) binne hulle verwysingsraamwerk?
 - c) binne die vermoëns van kinder-akteurs? (ee 3222 - 3224)
- 26) Omring massa-en-gewig-karakters belangrike karakters? (ee 2937, 3111)
- 27) Word sekondêre karakters ook gebruik as massa-en-gewig-karakters? (e 2937)
- 28) Is daar
 - a) onnodige emosies vir diere ingeskryf?
 - b) toertjies vir diere wat lank sal neem om hulle te leer?
 - c) aksies vir diere wat ver afwyk van hulle natuurlike vermoëns?
 - d) aksies vir diere wat baie tyd in beslag sal neem tydens produksie? (ee 3225 - 3228)
- 29) Is 'n skrywersoogpuntkarakter funksioneel? (e 2935)
- 30) Maak die kykersoogpuntkarakter ongeloofwaardighede geloofwaardig? (e 2936)

7.4.12 Bykarakters

- 1) Is die bykarakters
 - a) realisties en rond? (e 3098)
 - b) funksioneel tot die storie? (e 481)
 - c) 'n boodskapper, bemiddelaar of knoeier? (e 2924)
 - d) mense met hulle eie lewens en motiverings? (e 3098)
 - e) so interessant dat dit onvervulde verwagtings skep? (e 3110)
 - f) se motiverings en aksies minder kompleks as die van hoofkarakters? (e 3115)

- 2) Het 'n karakterkomedie kleurvolle bykarakters? (e 3112)
- 3) Het bykarakters beter dialoog as hoofkarakters? (e 3100)
- 4) Integreer die bykarakters met die hoofkarakters? (e 3102)
- 5) Dra bykarakters by tot die atmosfeer en tekstuur? (e 3112)
- 6) Verskaf bykarakters
 - a) 'n agtergrond wat die hoofkarakters ondersteun? (e 3102)
 - b) geloofwaardigheid aan/perspektief op hoofkarakters? (ee 2640, 3103, 3111)
- 7) Pas 'n hoofkarakter se gesin en familie by sy profiel? (e 3107)
- 8) Is bykarakters plat sonder om oninteressant te wees? (e 3110)
- 9) Verskaf die bykarakters perspektief op die primêre plot? (e 3103)
- 10) Steel bykarakters die kalklig van hoofkarakters? (ee 3100, 3104, 3117)
- 11) Word die bykarakter bekendgestel met 'n enkele reël karakteriserende dialoog of fokus die storie langer op hulle? (e 3101)
- 12) Is daar te veel
 - a) bykarakters? (ee 109, 3105)
 - b) inligting oor bykarakters? (e 109)
- 13) Affekteer bykarakters die realisme van hoofkarakters negatief? (e 3099)
- 14) Tree bykarakters op in 'n subplot wat 'n hoofplot ondersteun? (ee 3103, 3181)
- 15) Het elke bykarakter 'n vars eienskap wat sy rol die moeite werd maak? (e 3110)
- 16) Het selfs bykarakters wat net eenkeer verskyn 'n dominerende eienskap of emosie wat hom individualiseer? (e 3116)
- 17) Word bykarakters
 - a) oordryf vir komiese effek? (e 3113)
 - b) in ernstige drama gebruik vir komiese verligting? (e 3113)
- 18) Manifesteer die held-argetipe soms in ander karakters? (e 3114)
- 19) Word groot getalle ekstras hanteer as een karakter (ee 3220, 3221)
- 20) Word die massa-impak van groot getalle ekstras benut? (ee 3220, 3221)

7.4.13 Funkisionaliteit van karakters

- 1) Verskil karakters van mekaar? (e 49)
- 2) Vervul een karakter verskillende funksies? (e 3239)
- 3) Wat is die dramatiese funksie van die argetipes? (e 2485)
- 4) Hoe hou karakters verband met die sentrale tema? (e 3245)
- 5) Is alle karakters van dieselfde tipe/prototipe/argetipe? (e 3230)
- 6) Voel elke karakter eg binne die konteks van die storie? (e 182)
- 7) Hoekom is dit die beste karakters om die storie mee te bevolk? (e 3251)
- 8) Is enige karakterfunksies (tipes) wat die storie benodig afwesig? (ee 486, 3250)
- 9) Het elke karakter 'n noodsaaklike funksie, unieke doel, persoonlikheid en fokus? (ee 48, 125, 3235, 3243, 3244, 3249)
- 10) Is daar
 - a) te min karakters? (e 107)
 - b) te veel karakters? (ee 3232, 3233)
 - c) te min of te veel hoofkarakters? (ee 106, 3236, 3237, 3238)
 - d) voldoende karakters waarmee die held interaksie kan hê? (e 2585)
- 11) Is daar min genoeg karakters sodat daar genoeg tyd aan elkeen spandeer kan word om hulle geloofwaardig te maak? (e 80)

- 12) Verdwyn sommige
 - a) hoofkarakters soos die storie vorder? (e 120)
 - b) sekondêre karakters soos die storie vorder? (e 120)
- 13) Vervul verskillende karakters dieselfde funksie? (ee 484, 3240)
- 14) Kan een karakter opgedeel word in twee of meer? (ee 285, 3106)
- 15) Bring elke karakter 'n bepaalde eienskap van die held na vore? (e 3242)
- 16) Kan twee of meer karakters geïntegreer word in een? (ee 285, 485, 3106)
- 17) Dra elke karakter by om die storie te ontwikkel, konflik vorentoe te neem, die held te opponeer of ondersteun? (ee 41, 125, 3234)
- 18) Is daar ten minste een punt waar elke karakter die verloop van die storie beduidend beïnvloed? (ee 2489, 2591)
- 19) Is daar 'n definitiewe punt waar die storie sal platval as die karakter nie daar is nie? (ee 2583, 2591)
- 20) Is karakters
 - a) die dryfkrag agter 'n subplot? (e 3253)
 - b) gepas vir die funksie/genre/storielyn? (e 3229)
 - c) gekoppel aan die oorspronklike storiekonsep? (e 167)
 - d) so teenoorgesteld dat 'n kompromie onmoontlik is? (e 3259)
 - e) se eienskappe gepas vir die funksie/genre/storielyn? (e 3229)
- 21) Het elke karakter 'n definitiewe rol in die funksionering van die held? (ee 3241, 3241, 3242)
- 22) Wat is die sielkundige funksie/persoonlikheidseienskap van die argetipes? (e 2484)
- 23) Watter aksies gaan die karakter uitvoer om die storie vorentoe te beweeg? (e 3252)
- 24) Verskaf die karakter die perspektief op die storie? (e 3254)
- 25) Indien daar stereotipe karakters is, is hulle funksioneel? (e 183)
- 26) Is die kompleksiteit van karakters geskik vir die genre? (e 2564)
- 27) Kontrasteer die verliefdes in liefdesverhale met mekaar? (e 3255)
- 28) Is daar twee karakters wat konstant met mekaar saamstem? (e 3288)
- 29) Volg die storie se kern een of meer uitstaande verhoudings? (e 3290)
- 30) Is daar 'n uitstaande hoofverhouding(s) wat dien as voertuig waarmee die kwessies en tema van die storie uitgebeeld word? (ee 3290, 3291, 3292)

7.4.14 Identifisering: algemeen

- 1) Word kykers se neutraliteit teenoor karakters geleidelik afbreek en word hulle stapsgewys intrek by karakters? (e 2711)
- 2) Identifiseer kykers
 - a) op 'n fantasievlak met die held? (e 2766)
 - b) die sterkste met die held? (ee 2717, 2918)
 - c) met die karakter se metodes om sy doelwit te bereik? (e 66)
 - d) met die relevante karakters/verteller? (ee 34, 148, 1612, 2573, 2880)
- 3) Verstaan kykers die karakter? (ee 2507, 2690, 2712, 2808)
- 4) Wil kykers graag soos die karakter wees? (e 2767)
- 5) Hoe neem ander karakters hom waar? (e 348)
- 6) Is dit 'n superheld? (e 2766)



- 7) Deel en verstaan kykers die karakter se
 - a) stryd;
 - b) keuses;
 - c) situasie;
 - d) sienings;
 - e) konflikte;
 - f) emosies;
 - g) probleme en
 - h) motiverings? (ee 2507, 2562, 2724, 2806, 2810, 2817, 2899)
- 8) Sien kykers
 - a) die storie deur die oë van die held/verteller? (e 2721)
 - b) hulself in karakters se worsteling, oorwinnings, mislukkings? (e 2718)
- 9) Word die karakter deur verstaanbare motiverings gedryf? (e 2818)
- 10) Het die karakter universele doelwitte en motiverings? (e 2762)
- 11) Kan kykers met die held se doelwitte identifiseer? (e 2535)
- 12) Is die karakter
 - a) op sigself interessant? (e 2574)
 - b) in 'n mate alternatief/anders? (ee 187, 2778)
 - c) se motivering geloofwaardig en verdienstelik? (e 2823)
- 13) Maak kykers se identifisering met die held die storie universeel? (ee 2719, 2720)
- 14) Word swak punte in die held eers onthul na identifisering gevestig is? (e 2715)
- 15) Voel dit of die karakter in die kykers se omgewing of huis kan woon? (e 2769)
- 16) Daag die held die ander karakters se sienings oor iets uit? (e 349)
- 17) Is daar genoeg identifisering dat kykers verdraagsaam teenoor
 - a) die karakter se gedrag is? (e 2727)
 - b) probleme met geloofwaardigheid in die storie sal wees? (e 2727)
- 18) Is 'n dier, kind of onskuldige persoon aangetrokke tot die karakter? (ee 2764, 2765)
- 19) Is die hoofkarakters
 - a) in animasie baie soos mense? (e 2773)
 - b) soos die kykers, maar interessanter? (e 2559)
- 20) Bekeer die karakter hom tot die sienings, belangstellings, ideologie, godsdiens of kultuur van die kykers? (e 2901)

7.4.15 Identifisering: behoeftes, motiverings en doelwitte

- 1) Ken kykers die held die beste? (e 2918)
- 2) Is die held in effek aan die kykers se kant? (e 2772)
- 3) Deel die held die kykers se begeertes, houdings en gevoelens? (e 2772)
- 4) Verkry die karakter/verteller simpatie en belangstelling van kykers? (ee 1881, 1809, 2799, 2801, 2817, 2959)
- 5) Voel kykers
 - a) medeverantwoordelik vir die held se gedrag?
 - b) nie net met die held nie, maar ook soos die held? (ee 2824, 2825)
- 6) Word voorstorie wat onverdiende lyding voorafgaan, deur iemand anders as die karakter self onthul? (e 2845)

- 7) Word die karakter aangedryf deur een van die volgende behoeftes:
- Wraak.
 - Oorlewing.
 - Idealisme.
 - Erkenning.
 - Patriotisme.
 - Aanvaarding.
 - Om vry te wees.
 - Om onreg reg te stel.
 - Om liefde te ontvang.
 - Om verstaan te word.
 - Om suksesvol te wees.
 - Die soeke na selfuitdrukking? (ee 2762, 2818)
- 8) Is daar 'n behoefte by kykers dat die karakter heelgemaak sal word? (e 2863)
- 9) Ly die karakter
- onverdiend? (ee 2802, 2844, 2876)
 - onverdiend vroeg in die storie? (e 2802)
 - onverdiend op 'n fisiese of sielkundige vlak? (e 2803)
 - as gevolg van verwerping, onreg en/of vernedering? (e 34)
- 10) Vergestalt die karakter kykers se emosies en/of gedagtes? (e 2490)
- 11) Gebruik die karakter baie energie om sy swakheid te verberg? (e 2867)
- 12) Is daar gemeenskaplike belangstellings tussen kykers en held? (e 2819)
- 13) Is kykers intens besorgd/bekommerd/beangs oor die karakter se hede of toekoms? (ee 2713, 2714)
- 14) Het die karakter
- 'n fisiese wond?
 - 'n oomblik van kwesbaarheid?
 - 'n oomblik van selfonthulling/onthulling van sy innerlike gevoelens?
 - 'n leemte, gebrek, sielkundige wond, onvoltooidheid of verlies? (ee 34, 2803, 2861, 2862, 2864, 2866, 2898)
- 15) Lyk dit of die karakter goed aangepas en in beheer is, maar dit bedek 'n diep sielkundige wond soos verwerping, verloëning, teleurstelling of die dood van iemand naby hom? (ee 2862, 2865)
- 16) Is die karakter
- op 'n soektog na volledigheid? (e 2862)
 - kwesbaar terwyl hy sy pyn in stilte verduur? (e 2751)
 - onvolledig omdat hy nie 'n ideale maat het nie? (e 2863)
- 17) Eggo die karakter 'n universele pyn wat alle mense ly? (e 2865)
- 18) Bly die karakter se wond verborge reg deur die storie? (e 2867)
- 19) Ontlok die volgende empatie met die karakter of is dit sentimenteel:
- Musiek.
 - Storiegebeure.
 - Toneelontwerp.
 - Karakterisering.
 - 'n Oomblik van stilte.
 - Karakters se emosie? (ee 2805, 2807, 2813, 2816, 2817, 2820, 3935)

- 20) Trek die integriteit van die storie kykers in sodat hulle die verdiende emosies van karakters deel? (e 2811)
- 21) Is die held 'n lydende party wat uiteindelik sy omstandighede oorwin? (e 2804)
- 22) Onthul die karakter sy innerlike gevoelens eers later wanneer kykers hom goed genoeg ken? (e 2898)
- 23) Empatiseer kykers met die held se aangetrokkenheid tot die geliefde? (e 2758)
- 24) Toon die karakter universele emosies wat kykers maklik kan herken? (e 2821)
- 25) Plaas kykers hulself in die skoene van die karakter en ervaar dieselfde emosionele belegging in sy sukses as hyself? (ee 149, 2722, 2724)
- 26) Word empatie vir opponente/negatiewe karakters geskep deur
 - a) hul motiverings en menslikheid te openbaar?
 - b) te wys hulle is vasgevang is deur hul natuur?
 - c) hul tragiese swakheid te wys? (ee 2815, 2827)
- 27) Verduur die karakter sy pyn in stilte of praat hy openlik daaroor? (e 2751)
- 28) Word antipatie geskep vir negatiewe karakters? (e 2827)
- 29) Leer die karakter uit die ongeluk wat hy oor homself bring? (e 2828)
- 30) Identifiseer kykers met die morele les wat 'n negatiewe karakter leer? (e 2827)

7.4.16 Identifisering: persoonlikheidseienskappe

- 1) Is die held die rondste van alle karakters? (e 2781)
- 2) Hou kykers van die held/karakter/verteller? (ee 191, 2971)
- 3) Het die karakter
 - a) positiewe of negatiewe interaksie wat kykers emosioneel beweeg? (e 2822)
 - b) die vryheid/mag om sy gevoelens openlik te uit te druk? (ee 2750, 2786)
 - c) mag om te doen wat gedoen moet word, sonder om te huiwer? (e 2785)
 - d) menslike eienskappe waarmee kykers kan identifiseer? (e 509)
 - e) eienskappe wat vir kykers persoonlik belangrik is? (e 2768)
 - f) besonderse sosiale of intellektuele vaardighede? (e 2752)
 - g) besonderse/unieke persoonlikheidseienskappe? (e 2778)
 - h) waardes waarmee kykers kan identifiseer? (e 509)
 - i) bewonderingswaardige eienskappe? (e 2835)
 - j) beheerste aggressie of intensiteit? (e 2792)
 - k) 'n vermoë om ander te oortuig? (e 2794)
 - l) mag oor mense of dinge? (ee 34, 2784)
 - m) 'n element van uitheemsheid? (e 2789)
 - n) 'n roeping of sin van missie? (e 2791)
 - o) leierskapskwaliteite? (e 2787)
 - p) spesiale vaardighede? (e 34)
 - q) 'n komiese gebrek? (e 2859)
 - r) interne konflik (e 184)
 - s) 'n gewete? (e 2900)
 - t) charisma? (e 2787)
- 4) Balanseer charisma die negatiewe eienskappe in 'n karakter? (e 2796)
- 5) Glo die karakter in die bestaan van God, die positiewe van godsdien, onsterflikheid van die siel, die oorwinning van reg oor onreg? (e 2753)
- 6) Bly die karakter op die morele pad selfs as dit hom benadeel? (e 2682)
- 7) Oorskry die held se begeertes die aanvaarbare morele kodes? (e 2756)



- 8) Identifiseer kykers met die karakter se
 - a) filosofie? (e 63)
 - b) eienskappe? (e 2535)
- 9) Is 'n slegte held goed relatief tot sy omstandighede/opponent? (ee 2733, 2755)
- 10) Het 'n karakter waarmee kykers nie identifiseer nie, 'n element/aksie wat sy goeie kant illustreer? (e 2725)
- 11) Kan die karakter
 - a) onafhanklik dink en optree? (e 2833)
 - b) homself handhaaf of word hy maklik geïntimideer? (e 2832)
- 12) Skep die karakter se mag identifisering op 'n fantasievlak? (e 2783)
- 13) Word die emosionele/sielkundige kant van die karakter geïnkorporeer? (e 2897)
- 14) Begeer kykers 'n persoonlikheidseienskap van die karakter soos selfvertroue, elegantie of skerpsinnigheid? (e 2835)
- 15) Bevat die karakter fassinerende teenstrydighede? (e 2780)
- 16) Is die karakter
 - a) openlik? (e 2899)
 - b) regdenkend? (e 2834)
 - c) simpatiek? (ee 187, 355)
 - d) onvolmaak? (ee 34, 2536)
 - e) effens neuroties? (e 2851)
 - f) glad met sy mond? (e 187)
 - g) 'n vis uit die water? (e 2858)
 - h) 'n goeie persoon? (ee 34, 2728)
 - i) 'n snaakse persoon? (ee 34, 2730)
 - j) kragdadig en oortuigend? (e 2787)
 - k) besorg oor ander mense? (e 2737)
 - l) selfsugtig of onselfsugtig? (e 2734)
 - m) fisies of sosiaal kwesbaar? (e 2853)
 - n) 'n aangename persoon? (ee 34, 2729)
 - o) in aanraking met sy eie mag? (e 2783)
 - p) se kwesbaarheid bloot swakheid? (e 2855)
 - q) in wese 'n morele persoon? (ee 2510, 2753)
 - r) se gebreke deel van sy motivering? (e 2849)
 - s) kwesbaar deur dit wat iemand vir hom sê? (e 2853)
 - t) onkundig oor hoe om in 'n verhouding op te tree? (e 2860)
 - u) se gebrek sodanig dat kykers respek vir hom verloor? (e 2848)
 - v) se fassinerende eienskappe organies of is dit ad hoc gekies? (e 2575)
 - w) iemand met diepte en inherente eienskappe wat onthul word deur keuses wat onder druk geneem word? (e 2735)
- 17) Dra die karakter se kernkaraktertrekke by tot identifisering? (e 2782)
- 18) Raak karakters al kwesbaarder soos
 - a) hulle menslikheid geopenbaar word? (e 2854)
 - b) nuwe vlakke van uitdagings nuwe reaksies vereis? (e 2855)
- 19) Hoe ernstig is die gebreke van die karakter? (e 34)
- 20) Ken kykers die karakter se swakhede en gebreke? (e 2847)
- 21) Hoop kykers dat die karakter sy gebrek sal oorkom? (e 2848)
- 22) Herken kykers stukkies van hulle eie gebreke in die karakter? (e 2850)

- 23) Maak die karakter se gebreke hom meer realisties en aantreklik? (e 2851)
- 24) Is die held ordentlik, fassinerend en met gebreke? (ee 34, 355, 2575, 2846)
- 25) Moet die karakter die volgende gebreke oorwin:
- Vrees?
 - Twyfel?
 - Skuldgevoelens?
 - Gebreke in denke? (e 2850)
- 26) Hou die karakter
- van honde of kinders? (e 2738)
 - sy sin vir humor al behandel almal hom sleg? (e 2742)
 - aan die begin nie van 'n dier of kind nie maar later wel? (e 2738)
- 27) Ervaar kykers die karakter as iemand wat hulle onder dieselfde omstandighede graag wil ken? (e 2741)
- 28) Vertoon die karakter
- 'n breë of nou spektrum van emosies? (e 2896)
 - emosies waarmee kykers kan identifiseer? (ee 509, 2895)
- 29) Neem die karakter homself nie te ernstig op nie? (e 2743)
- 30) Bly die held aan die regte kant van die gereg? (e 2754)
- 31) Watter enkele eienskap van die karakter sal
- hom red?
 - lei tot sy val? (e 2852)
- 32) Sorg die karakter vir
- iemand wat sonder mag is? (e 2739)
 - mense, veral as hy nie eers bedank kan word nie? (e 2739)
- 33) Tree die karakter sterker en met groter wysheid uit die stryd? (e 2848)
- 34) Bewonder kykers die karakter, al hou hulle nie van hom nie? (ee 2787, 2788)
- 35) Sien kykers onmiddellik die karakter is anders sonder dat hy hulle afsit? (e 2795)

7.4.17 Identifisering: fisiese eienskappe

- Is die karakter
 - goed gebou? (e 187)
 - 'n Amerikaner? (e 2771)
 - aantreklik/mooi? (e 187)
 - iemand wat die kykers kon gewees het? (e 2770)
 - dieselfde geslag as die teikenmark? (ee 34, 1881)
 - dieselfde etnisiteit as die teikenmark? (ee 34, 1881)
 - se kultuur dieselfde as die van die teikenmark? (ee 34, 1881)
- Sal die teikenmark identifiseer met die ouderdom van die karakter? (e 34)
- Het die karakter 'n
 - seksuele dimensie? (e 2793)
 - subtiële imperfektheid? (e 2790)
 - interessante gebrek wat hom menslik maak? (e 2850)
 - kombinasie van universele en unieke eienskappe? (e 2779)
- Sal die hoofkarakters se fisiese eienskappe kykers aantrek? (e 2798)
- Het die karakter besondere fisiese vaardighede? (e 2752)

- 6) Waar lê die karakter op die kontinuum mens tot ding? (e 34)
- 7) Beskik die karakter oor bemenslike eienskappe? (e 2558)
- 8) Wil kykers die karakter se goeie voorkoms hê? (e 2835)
- 9) Is die helde in stories wat op kinders en tiners gemik is, ongeveer twee tot vier jaar ouer as hulle? (ee 2774 - 2777)
- 10) Sal dierekarakters die probleem van identifisering deur verskillende etniese groepe uitskakel? (e 2797)

7.4.18 Identifisering: handeling

- 1) Neem die karakter risiko's? (e 2746)
- 2) Dryf die held die storie vorentoe? (e 2840)
- 3) Verstaan kykers die karakter se stryd? (e 2724)
- 4) Reageer die karakter op 'n groot uitdaging? (e 2749)
- 5) Plaas die karakter homself op die altaar van toeval? (e 2747)
- 6) Kan die karakter se optrede lei tot gevaar, verlies of dood? (e 2747)
- 7) Is die karakter/held
 - a) passief of aktief? (e 2841)
 - b) dapper in dit wat hy sê? (e 34)
 - c) die swakkere in die stryd? (e 2856)
 - d) se doelwit 'n eerbare een? (e 2763)
 - e) goed in wat hy doen? (ee 2731, 2752)
 - f) die aktiefste persoon in die storie? (e 2840)
 - g) se motivering vir sy gedrag te flou? (e 2726)
 - h) se gedrag in stryd met basiese waardes? (e 2507)
 - i) dapper in dit wat hy doen of wil doen? (ee 34, 2744)
 - j) bereid om op te staan vir dit waarvoor hy glo? (e 2750)
 - k) se negatiewe gedrag te groot vir die groter van die krisis? (e 2726)
- 8) Tree die karakter op sonder dat daar iets vir hom op die spel is? (e 2838)
- 9) Dwing die uitdaging/hindernisse die karakter tot dapperheid? (ee 2748, 2749)
- 10) Wens kykers hulle het die dapperheid, krag of motivering om dieselfde aksies as die karakter te neem? (ee 2823, 2835)
- 11) Doen die karakter
 - a) iets waarvan die meeste kykers sal hou?
 - b) dit in die eerste bedryf? (ee 2732, 2736)
- 12) Groei 'n onheldhaftige karakter en word uiteindelik heldhaftig? (e 2745)
- 13) Leer kykers saam met die karakter om iets nuuts te doen? (e 165)
- 14) Vind kykers die karakter se gedrag prysenswaardig? (e 2809)
- 15) Offer die karakter sy lewe op vir
 - a) 'n ideaal? (e 2829)
 - b) iemand anders? (e 2830)
- 16) Misbruik die karakter sy mag? (e 3068)
- 17) Word die karakter meegevoer deur sy sukses? (e 3068)
- 18) Is die karakter se optrede/negatiewe gedrag geregverdig in die lig van
 - a) die opponent se optrede? (e 66)
 - b) dit wat op die spel is? (e 66)
 - c) sy krisis? (e 2726)

- 19) Sit die karakter 'n wollerige snobistiese kat/kefferige hondjie op sy plek? (e 2904)
- 20) Toon die karakter berou na hy die kat of hondjie op sy plek gesit het? (e 2904)
- 21) Poog die karakter
 - a) meestal om konflik te vermy? (e 2836)
 - b) om sy wêreld of omstandighede te verander? (e 2836)
- 22) Tree die karakter selfsugtig eerder as selfopofferend op? (e 3068)
- 23) Is daar genoeg positiewe redes vir die karakter se optrede? (e 2726)
- 24) Verhoog die held se bewuswording van sy fout aan die einde van die tweede bedryf die identifisering van kykers met hom? (e 614)
- 25) Word die positiewe aspekte van 'n negatiewe daad geïsoleer en as deel van 'n breër pakket aangebied? (e 2831)

7.4.19 Identifisering: omstandighede

- 1) Laat omstandighede kykers empatiseer/simpatiseer met die karakter? (e 1817)
- 2) Kan kykers met die karakter se omstandighede identifiseer? (ee 2716, 2884)
- 3) Identifiseer kykers met die karakter omdat hy 'n uitgewekene is? (e 3025)
- 4) Is kykers bekend met die omgewing waarin die karakter is? (e 2883)
- 5) Het die held oorweldigende opposisie en hindernisse? (e 2803)
- 6) Verskyn die karakter eerste in die storie? (ee 2893, 2947)
- 7) Is kykers betrokke by die karakter se keuses? (e 2888)
- 8) Pak die held die finale stryd alleen aan? (e 2826)
- 9) Word die karakter
 - a) valslik beskuldig?
 - b) verkeerdlik aangesien vir iemand anders? (e 2843)
- 10) Het ander mense baie op die spel, maar die risiko rus op die held? (e 2837)
- 11) Wil niemand die karakter se storie glo dat hy onskuldig is nie? (e 2843)
- 12) Word die karakter se voorstorie/motivering gekommunikeer? (e 2760)
- 13) Is daar 'n lewe-of-dood-besluit wat die karakter moet neem? (e 492)
- 14) Gee kykers om oor die afloop van die lewe-of-dood-besluit? (e 492)
- 15) Ontdek kykers soms die storiefeite saam met die karakter? (e 34)
- 16) Ontmoet/ontdek kykers saam met die karakter 'n gevaarlike
 - a) terrein?
 - b) karakter? (e 2886)
- 17) Is een of meer van die hoofkarakters in gevaar? (ee 34, 164, 187, 2873, 2960)
- 18) Is daar iets wat die karakter so diep en intens betrek dat hy bereid is om teen meerdere magte te veg om die situasie te verander? (e 2759)
- 19) Is iemand na aan die karakter dood/siek/ontvoer? (e 2862)
- 20) Is iemand verkeerdlik jaloers op die karakter? (e 2842)
- 21) Bekommer kykers hulle oor die karakter? (e 2873)
- 22) Is almal teen die karakter? (e 2872)
- 23) Het die
 - a) held onvoltooide besigheid wat hom dryf? (e 2868)
 - b) opponent ook onvoltooide besigheid wat hom dryf? (e 2869)
- 24) Hou onvoltooide besigheid verband met die sentrale konflik en tema? (e 2870)
- 25) Staan die held alleen as hy net vir sy eie lewe of voordeel veg? (e 2837)
- 26) Is 'n vroulike karakter in gevaar in rillers en spanningsprente? (e 2871)

- 27) Begin die storie waar 'n karakter se lewe in gevaar is? (e 2874)
- 28) Word die karakter fisies en/of emosioneel bedreig? (e 2874)
- 29) Is die risiko om iets te verloor groot? (e 329)
- 30) Handel die primêre of sekondêre plot oor interpersoonlike verhoudings waarvan die meeste kykers ervaring het? (e 2885)
- 31) Het die karakter moeilike persoonlike omstandighede? (e 2877)
- 32) Kan die gemiddelde kyker by so 'n gebeure betrokke raak? (e 2882)
- 33) Is die probleme wat die karakter ervaar van 'n universele aard? (e 2880)
- 34) Is daar komplikasies wat identifisering met die karakter verhoog? (e 2878)
- 35) Wil kykers onbewustelik vir die karakter sê wat om volgende te doen? (e 2881)
- 36) Weet kykers vroeg wat die bedreiging vir die karakter, gemeenskap en wêreld is? (e 2875)
- 37) Word kykers alleen gelaat met die karakter? (e 2891)
- 38) Voel kykers net soos die held oor die opponent? (e 2901)
- 39) Word die karakter so gou moontlik bekendgestel? (e 2892)
- 40) Spandeer kykers baie tyd met die karakter? (ee 2888, 2894)
- 41) Ontvang kykers net inligting as die karakter dit verkry? (e 2887)
- 42) Word die storie aangebied uit die perspektief van die karakter? (e 2887)
- 43) Is die karakter die oë van die kykers vir 'n gebeure/toneel? (ee 2887, 2889)
- 44) Verhoed baie hoofkarakters/plotte dat kykers die karakters leer ken? (e 2890)
- 45) Verskyn hoofkarakters genoeg sodat kykers hulle kan leer lief hê/haat? (e 2890)

7.4.20 Faktore wat identifisering teenwerk

- 1) Doen die karakter iets immoreel? (e 2905)
- 2) Wil kykers nie die karakter naboots nie? (e 2915)
- 3) Neem die karakter homself te ernstig op? (e 2568)
- 4) Veg die karakter net vir sy eie lewe of voordeel? (e 2837)
- 5) Offer die karakter iemand anders se lewe op vir sy ideaal? (e 2800)
- 6) Pak die karakter verbaal uit oor hoe die ongeluk hom ry/gery het? (e 2845)
- 7) Het die karakter 'n houding van hulpeloosheid/swakwilligheid? (ee 2576, 2841)
- 8) Is die karakter
 - a) magtig?
 - b) verbitterd?
 - c) aggressief?
 - d) domonnosel?
 - e) te hardkoppig?
 - f) onaangenaam?
 - g) selfgesentreerd?
 - h) nie baie openlik nie?
 - i) se beroep sosiaal onaanvaarbaar?
 - j) onwillig om op 'n positiewe manier 'n kompromie aan te gaan?
 - k) so welvarend dat kykers voel sy probleme is nie werklik probleme nie? (ee 2723, 2839, 2857, 2906, 2909 - 2912)
- 9) Vertrou kykers nie die karakter nie? (e 2915)
- 10) Hou kykers nie van die karakter nie? (e 2915)
- 11) Knou die opponent 'n hond of kind af? (e 2904)
- 12) Het die karakter 'n onaangename of wrede hond? (e 2903)



- 13) Kom die karakter iemand te na wat goed is vir hom? (e 2913)
- 14) Is 'n manlike karakter goed vir katte of hou hy van katte? (e 2740)
- 15) Het die karakter 'n troeteldier soos 'n kat wat hom verdag maak? (e 2902)
- 16) Is die doelwit wat die karakter wil bereik onaanvaarbaar vir kykers? (e 2908)
- 17) Is dit 'n fantasie? (e 2879)
- 18) Word die karakter deur selfsugtige motiewe gemotiveer? (e 2757)
- 19) Is die land, kultuur of karakter se etnisiteit vreemd vir die kykers? (e 2907)
- 20) Verander die karakter baie in voorkoms na identifisering geskep is? (e 2914)

7.4.21 Bekendstelling en vestiging

- 1) Is karakters se verskyning gemotiveer, veral aan die begin? (ee 2611, 2673)
- 2) Betrek 'n komplikasie die karakter sodat hy bekendgestel kan word? (e 2624)
- 3) Is die held direk betrokke by die komplikasie wat hom bekendstel? (e 2624)
- 4) Word die held in die gewone wêreld aan die kykers voorgestel? (e 2623)
- 5) Binne hoeveel bladsye verskyn die held die eerste keer? (ee 34, 2617)
- 6) Word al die hoofkarakters in die eerste bedryf bekendgestel? (e 201)
- 7) Word die belangrikste hoofkarakters vroeg bekendgestel? (e 2627)
- 8) Word die opponent so gou moontlik bekendgestel? (e 2612)
- 9) Is karakters in karakter as kykers hulle ontmoet? (e 92)
- 10) Word die volgende vroeg gevestig:
 - a) Dominante indruk.
 - b) Interessantheid.
 - c) Beminlikheid.
 - d) Potensiaal? (e 2670)
- 11) Word die held in karaktergedrewe stories voor die snellergebeurtenis gewys in 'n relevante omgewing en met gebeure wat wys watter tipe hy is? (e 1293)
- 12) Skep die plek waar/die situasie waarin karakters eerste gewys word, die regte eerste indrukke? (e 1108)
- 13) Is sy latere gedrag/werklike persoonlikheid in stryd met kykers se eerste indrukke van hom? (ee 93, 2670)
- 14) Word elemente soos werk, stokperdjies, roetine, persoonlikheid, gesondheid, waardes, intelligensie, godsdiens en ideologie gebruik om karakters bekend te stel? (ee 2674, 2702)
- 15) Skep karakters se toetrede hoë verwagting/nuuskierigheid? (e 2618)
- 16) Word karakters bekendgestel sonder om fisies te verskyn? (e 2619)
- 17) Is binnekoms- of uitgange sleuteloomblikke vir karakters? (e 2621)
- 18) Word kykers voorberei op karakters se verskyning? (e 2611)
- 19) Kry kykers gou 'n idee van die hoofkarakters se
 - a) persoonlikhede?
 - b) omstandighede? (e 2628)
- 20) Is daar sprake van konfrontasie as die opponent bekendgestel word? (e 2612)
- 21) Word 'n reputasie opgebou deurdat mense van die karakter praat? (e 2619)
- 22) Word karakters bekendgestel, maar nie volledig verduidelik nie? (e 2616)
- 23) Word die opponente
 - a) vaag en geheimsinnig gehou aan die begin?
 - b) slegs as skadufiguur bekendgestel en eers werklik ontmoet in die tweede helfte van die storie? (e 2620)

- 24) Word 'n dramatiese of komiese binnekoms/uitgang gebruik om belangrike dialog of beeld te beklemtoon? (e 2621)
- 25) Word 'n onbelangrike karakter gebruik om die aandag te lei na 'n volgende, belangrike karakter? (e 2622)
- 26) Het karakters oorspronklike klere/persoonlike rekwisiete? (e 3012)
- 27) Word beide fisiese en psigiese potensiaal in die held gevestig? (e 2671)
- 28) Is die groter van die toetrede gepas vir die karakter, genre en rol? (e 2615)
- 29) Het karakters duidelike etikette van voorkoms, spraak en maniërismes? (e 2668)
- 30) Is belangrike kenmerke soos haarkleur, ouderdom en lengte dieselfde? (e 2626)
- 31) Help fisiese en psigiese verskille om karakters uitmekaar te ken? (ee 95, 2610)
- 32) Help kontras kykers om karakters makliker uitmekaar te ken? (ee 2626, 3258)
- 33) Word etnisiteit, gewig, lengte, stem, klerestyl, letsels, tatoes, houding en beweging gebruik om karakters te vestig? (e 2625)
- 34) Verskyn die karakter, lewer sy inset en verdwyn dan? (e 2613)
- 35) Leer kykers karakters so goed soos hulle vriende ken? (e 2614)
- 36) Word karakters se persoonlikhede gereeld hervestig? (e 3332)
- 37) Is daar kontinuïteit of verskyn en verdwyn karakters sonder rede? (e 328)
- 38) Sal dit vestiging aanhelp as karakters gedeeltelik gestereotipeer is? (e 3369)
- 39) Is die karakter aktief vir die hele storie as hy 'n belangrike rol speel? (e 2613)
- 40) Verskyn karakters gereeld genoeg sodat kykers hulle nie vergeet nie? (e 2672)

7.4.22 Karakterisering

- 1) Verteenwoordig die karakter 'n individuele kombinasie van eienskappe? (e 2610)
- 2) Is die drama steriel en meganies omdat daar te min karakterisering is? (e 2661)
- 3) Kan die karakterskelet duidelik in 'n paar woorde uitgedruk word? (e 461)
- 4) Hou die karakterskelet verband met die storieskelet? (e 462)
- 5) Is dit 'n ronde karakter of 'n plat karakter? (e 2598)
- 6) Bestaan die karakterskelet uit die karakter se
 - a) morele siening;
 - b) temperament;
 - c) ingesteldheid;
 - d) denkpatoon;
 - e) motivering;
 - f) aksie en
 - g) doelwit? (ee 2483, 2610)
- 7) Is die volgende algemene eienskappe van die karakter gepas vir sy aksies:
 - a) Intelligensie/opvoeding.
 - b) Beroep/finansiële situasie.
 - c) Politieke sienings/loopbaan.
 - d) Smaak/maniërismes/stokperdjies? (ee 2496, 2693)
- 8) Is die kompleksiteit van die karakter gepas vir die lengte van die storie? (e 2523)
- 9) Is die omgewings- en historiese omstandighede wat die karakter gemaak het wat hy is, die kern waarom hy gebou is? (e 3319)
- 10) Word die volgende dimensies van die karakter benut:
 - a) Fisiologie.
 - b) Sosiologie.
 - c) Psigologie? (ee 2473, 2600)

- 11) Is daar so baie aksie dat daar nie genoeg tyd vir karakterisering is nie? (e 955)
- 12) Is die volgende fisiese eienskappe van die karakter gepas vir sy aksies:
 - a) Ouderdom/geslag.
 - b) Kleredrag/voorkoms.
 - c) Gesondheid/mediese probleme? (e 2497)
- 13) Is die volgende sosiologiese eienskappe van die karakter gepas vir sy aksies:
 - a) Klas/status.
 - b) Nasionaliteit.
 - c) Familieverhoudings.
 - d) Godsdienst/morele beginsels? (e 2498)
- 14) Is daar kontrasterende eienskappe tussen karakters? (ee 87, 2649, 3006)
- 15) Is die kontrasterende eienskappe van 'n karakter geloofwaardig? (e 2487)
- 16) Is die karakterisering eenvoudiger as die storie plotgedrewe is? (e 2564)
- 17) Word die volgende sosiologiese dimensies van die karakter aangewend:
 - a) Privaat.
 - b) Persoonlik.
 - c) Professioneel? (e 2556)
- 18) Word 'n karakter net gedefinieer deur aksie of emosie of gedagtes? (e 2600)
- 19) Word die storie beperk deur die karakters se beperkte dimensies? (e 3370)
- 20) Dra die volgende by tot karakterisering en uiteensetting:
 - a) Ideale? (e 2645)
 - b) Konflik? (e 2639)
 - c) Handeling? (e 77)
 - d) Emosies? (e 1589)
 - e) Storiëruimte? (e 85)
 - f) Kleredrag? (e 3095)
 - g) Voorkoms? (e 2636)
 - h) Motivering? (e 2644)
 - i) Godsdienst? (e 2607)
 - j) Rekwisiete? (e 2705)
 - k) Maniërismes? (e 2657)
 - l) Terrein? (ee 2635, 2662)
 - m) Innerlike konflik? (e 2658)
 - n) Naamkeuse? (ee 74, 2651)
 - o) Spraakgewoontes? (e 2655)
 - p) Dialoog? (ee 78, 2633, 3093)
 - q) Gedrag in konflik? (ee 2655, 2658)
 - r) 'n Dominerende kenmerk? (e 2652)
 - s) Eerste visuele verskyning? (e 2646)
 - t) Morele waardes en gewete? (e 2645)
 - u) Ander karakters se waarneming? (e 348)
 - v) Die reaksie van ander karakters? (e 2648)
 - w) Klein, onbelangrike gedrag? (ee 86, 2647, 2657)
 - x) Vergroting van die hoofkenmerke van 'n karakter? (e 2650)
 - y) Die houding van ander karakters teenoor die karakter? (e 2634)
- 21) Bevat die storie slim karakterisering wat toneelspel waarde verskaf? (e 2631)

- 22) Is die volgende psigologiese eienskappe van die karakter gepas vir sy aksies:
- Talente.
 - Filosofie.
 - Kinderdae.
 - Hoop/ambisie.
 - Waardesisteem.
 - Emosionele lewe.
 - Intellektuele lewe.
 - Obsessies/fobies/bygelowe.
 - Vrese/inhibisies/teleurstellings.
 - Temperament/kwaliteit van oordeel? (ee 2499, 2659, 2695, 2699, 2700)
- 23) Is dit 'n idealistiese of realistiese karakter? (e 2475)
- 24) Het karakters 'n reeks van emosies en gedrag? (e 337)
- 25) Het alle karakters definitiewe persoonlikhede? (e 2563)
- 26) Word die held gekontrasteer met sy opponent? (e 2649)
- 27) Is die plot en karakterisering in mekaar verweef? (e 956)
- 28) Dra die karakterisering by tot die storiekwaliteit? (e 2638)
- 29) Is die karakterisering selektief, maar steeds solied? (e 2641)
- 30) Pas karakters se volheid/vlakheid van by die genre? (e 2599)
- 31) Toon elke ronde karakter 'n element van elke argetipe? (e 2604)
- 32) Word karakters se beroep, smaak, inkomste, opvoeding en temperament gereflekteer in hulle omgewing? (e 1144)
- 33) Onthul en definieer karakters se persoonlike omgewings soos huise, kantore en motors hulle persoonlikhede? (e 1143)
- 34) Is die karakter
- 'n karikatuur? (e 3371)
 - anders as sy prototipe? (e 3374)
 - 'n houding, eerder as 'n werklike mens? (e 2508)
 - van die omgewing waar die storie afspeel of nie? (e 3348)
 - se nie-essensiële eienskappe in kompakte vorm? (e 2531)
 - geloofwaardig met fisiese en emosionele letsels? (e 2594)
 - se sosio-ekonomiese omstandighede gepas vir sy funksie? (e 3350)
 - eksentriek omdat hy te veel en uiteenlopende vermoëns het? (e 2601)
 - 'n kultuurdraer wat sy omgewingsinvloede weerspieël? (ee 2663, 3349)
 - se voorkoms in kontras met sy verstandelike of morele eienskappe? (e 2637)
- 35) Is die karakter 'n enkele eienskap of 'n kombinasie van eienskappe, doelwitte, motiverings, sterkpunte en swakpunte? (ee 372, 2486, 2561)
- 36) Is daar teenstrydigheid tussen die karakter se karakterisering en sy diepste binneste? (e 2602)
- 37) Bevat die karakter teenstrydighede? (e 2602)
- 38) Verskil karakters met dieselfde beroep van mekaar? (e 3231)
- 39) Is karakters inherent interessant of vaal en vervelig? (e 2524)
- 40) Word die kerneienskappe van die karakter gekarakteriseer? (e 2643)
- 41) Is karakters beide unieke individue en universele simbole van die menslike eienskappe wat 'n volledige persoon uitmaak? (ee 2569, 2943)
- 42) Bevat die held persoonlikheid en individualiteit wat hom verskillend maak van ander? (e 2631)



- 43) Het die karakter
- a) 'n kinematiese persoonlikheid? (e 2632)
 - b) 'n lewe en stem wat uniek sy eie is? (e 512)
 - c) eienskappe wat kykers in hulself herken? (e 2818)
 - d) 'n unieke kombinasie van kontrasterende eienskappe? (e 2487)
 - e) dominante eienskappe sonder om eendimensioneel te wees? (e 2539)
 - f) sekere stereotipe eienskappe sonder om 'n stereotipe te wees? (e 3371)
 - g) 'n sleutelgebeure uit die verlede wat gelei het tot karaktergebreke? (e 513)
 - h) besonderhede, verlengings en/of uitdrukkings wat uniek sy eie is? (e 511)
 - i) 'n bepaalde siening van die lewe, die wêreld en/of self, wat aanleiding gee tot bepaalde ingesteldhede? (e 510)
- 44) Kom karakters oor as stereotipes/verwerkte stereotipes? (ee 471, 522, 2597)
- 45) Bied stereotipe karakters onmiddellike bekendheid aan kykers? (e 2525)
- 46) Is daar karakters/stereotipe karakters wat aanstoot gee? (e 3368)
- 47) Word die storie beperk omdat karakters stereotipes is? (e 3370)
- 48) Is karakters in rampstories gedeeltelik gestereotipeer? (e 3369)
- 49) Is stereotipe karakterisering funksioneel? (e 2525)
- 50) Is ou mense stereotipes? (e 2557)
- 51) Is dit
- a) gesonde, gebalanseerde karakters;
 - b) karakters met psigotiese persoonlikhede of
 - c) karakters met alledaagse neurotiese gedrag? (e 2543)
- 52) Is antiprototipe karakterisering funksioneel? (e 2526)
- 53) Skep antiprototipe karakterisering realisme en varsheid? (ee 2520, 2526)
- 54) Word prototipe en antiprototipe karakters gekombineer in een storie? (e 2527)
- 55) Word die verskillende argetipes benut as eienskappe in een karakter? (e 2940)
- 56) Word argetipe maskers gebruik om die sielkundige span en diepte van karakters te varieer en te verhoed dat hulle stereotipes is? (e 2943)
- 57) Reflekteer die karakter 'n algemene persepsie van 'n sekere groep sonder om iets by te voeg of te korrigeer? (e 3373)
- 58) Is elke karakter 'n unieke individu, met sy eie
- a) vrese en hoop;
 - b) sterk- en swakpunte;
 - c) suksesse en mislukkings;
 - d) openbare en verborge wêreld en
 - e) tye en plekke waar behoeftes vervuld en onvervuld is? (e 2533)
- 59) Is daar onkomplekse/stabiele karakters wat kontrasteer/balanseer met die komplekse karakters? (e 268)
- 60) Waar lê die karakter op elk van die volgende kontinuums:
- a) Denker of gevoelsmens.
 - b) Intuïtief of sensasioneel.
 - c) Konserwatief of radikaal.
 - d) Selfsugtig of onselfsugtig.
 - e) Evalueerend of waarnemend.
 - f) Introvert, ambivert of ekstrovert.
 - g) Geneig na 'n slagoffer of redder of vervolger? (ee 2481, 2482, 2694)

- 61) Hou die karakter se kompleksiteit verband met die hoeveelheid konflik wat hy voortbring en mee gekonfronteer word? (e 2593)
- 62) Is kinderkarakters miniatuur volwassenes? (e 2557)
- 63) Waarvoor of vir wie gee die karakter die meeste om? (e 2697)
- 64) Geskied die karakterisering van die bykarakters vinnig? (e 2707)
- 65) Is die karaktereienskappe saamgepers en gekondenseer? (e 2531)
- 66) Kan die karakter se dominante indruk en beroep uitgedruk word deur 'n
 - a) byvoeglike naamwoord van gedrag en
 - b) selfstandige naamwoord van beroep? (e 2667)
- 67) Het alle karakters diepsinnige persoonlikhede? (e 2691)
- 68) Is die balans tussen eksplisiete en implisiete karakterisering gepas? (e 2653)
- 69) Bevat reekse meer komplekse karakters wat oor episodes onthul word? (e 2523)
- 70) Het die karakter geskakeerde eienskappe indien hy gaan verander? (e 2660)
- 71) Watter aspek van homself
 - a) haat die karakter?
 - b) hou die karakter van? (e 2696)
- 72) Wat is die karakter se selfbeeld? (e 2698)
- 73) Is bykarakters cliché-tipes of individue? (e 2709)
- 74) Word bykarakters gekarakteriseer deur dialoog/n aksent? (e 2708)
- 75) Word bykarakters geïndividualiseer deur interessante gewoontes? (e 2710)

7.4.23 Karakteruiteensetting

- 1) Het karakters 'n relevante voorstorie? (e 2603)
- 2) Praat en doen karakters of dink en voel hulle? (e 2703)
- 3) Hoeveel moet kykers werklik oor die karakters weet? (e 3248)
- 4) Trek die storie weens te veel karakterisering/karakteruiteensetting? (e 955)
- 5) Weerspreek dit wat ander oor die karakter sê sonder rede sy dade? (e 2654)
- 6) Is daar 'n openbarende wisselwerking tussen karakter en omgewing? (ee 82, 83)
- 7) Is karakteruiteensetting
 - a) verspreid oor die storie? (e 94)
 - b) aan die begin te min, genoeg of te veel? (e 91)
- 8) Word kykers se stereotipiese verwagtings van karakters benut, byvoorbeeld om hulle te verras, sonder om simplistiese omkere te gebruik? (e 3372)
- 9) Skep die karakter die gevoel dat
 - a) nog meer inligting onthul sal word?
 - b) daar innerlike reserwes is wat nog benut kan word? (e 2542)
- 10) Het die karakter 'n dubbel-/geheimsinnigheid? (ee 185, 2478, 2479, 2571)
- 11) Word die dubbelsinnigheid/geheimsinnigheid gehandhaaf tot die einde? (e 2542)
- 12) Het die karakter 'n
 - a) kinkel;
 - b) spook;
 - c) geheim;
 - d) verborge verlede;
 - e) verborge identiteit of
 - f) persoonlikheidsgebrek? (ee 2528, 2605, 2609)
- 13) Is die geheim, gebrek of kinkel oordoen/teenproduktief? (ee 2529, 2530)



- 14) Bevat die storie te veel sielkundige kompleksiteit? (e 2678)
- 15) Het die karakter 'n siening oor die tema/situasie waarin hy is? (e 2701)
- 16) Is geheime en kinkels gereserveer vir sleutelkarakters/-oomblikke? (e 2530)
- 17) Word genoeg tyd spandeer om uiteensetting oor die held te verskaf? (e 2629)
- 18) Word nuwe fasette van die held uitgebring deur hom in 'n span met 'n karakter te plaas wat totaal van hom verskil? (e 2521)
- 19) Is plot so gestruktureer dat karakters deur pro-aktiewe optrede onthul word? (ee 84, 3401)
- 20) Geskied uiteensetting deur
 - a) eerstens handeling;
 - b) tweedens dialoog;
 - c) derdens karakters wat oor hulle praat;
 - d) vierdens 'n karakter wie se stem van hulle vertel of
 - e) laastens 'n spookstem/subtitels wat van hulle vertel? (ee 2642, 2706)
- 21) Gaan die karakter eers deur 'n aantal neutrale, niekarakteriserende tonele voor sy persoonlikheid onthul word? (e 2669)
- 22) Word net daardie eienskappe/behoefte/voorstorie van 'n karakter na vore gebring wat noodsaaklik is om sy optrede te verstaan? (ee 2474, 2495, 2704)
- 23) Moet kykers karakters psigoanalities ontleed om hulle te verstaan? (e 2656)
- 24) Is nieverbale gedrag wat kern-eienskappe kommunikeer duidelik? (e 2532)
- 25) Is die balans tussen karakteruiteensetting deur uiterlike of innerlike konflik, geskik vir die storie? (e 2658)
- 26) Word die karakter
 - a) onthul uit verskillende oogpunte? (e 906)
 - b) se persoonlikhede vroeg gevestig? (e 2669)
 - c) onthul deur keuses wanneer die keuses nie ooglopend is nie? (e 2630)
 - d) se geheime, vrese en emosies onthul as 'n krisis hom oopvlek? (e 2677)
 - e) se sielkundige basis gesuggereer deur 'n verwysing na voorstorie? (e 2679)
- 27) Forseer toenemende druk karakters om geleidelik hul ware natuur te onthul tot op die vlak van die onbewuste self? (ee 2681, 2689)
- 28) Is selfonthulling proporsioneel tot die druk waaronder 'n karakter is? (e 2681)
- 29) Is daar 'n onthulling van ware karakter wat teenstrydig is met die aanvanklike karakterisering is? (e 2683)
- 30) Het die karakter gedagtes en gevoelens wat hy
 - a) van ander wil wegsteek?
 - b) van homself wil wegsteek?
 - c) wil hê ander mense moet ken en op moet reageer? (ee 2675, 2676)
- 31) Is indirekte bekendstelling die geskikste metode vir die elemente wat bekend-gestel word? (e 2665)
- 32) Word karakters
 - a) se buitelyne eerste gegee en dan die fyner detail? (ee 2664, 2666)
 - b) volledig aan die begin verduidelik of skep iets nuuskierigheid? (e 161)
- 33) Is tyd/plek/manier hoe 'n karakter intieme selfinligting gee, natuurlik? (e 2680)
- 34) Word vrae en antwoorde gebruik as karakters inligting oor hulself gee? (e 2680)
- 35) Word uiteensetting oor karakters subtiel en net wanneer nodig, gegee? (e 2680)
- 36) Is dit 'n grootmond, boelie of wanaangepasde wat selfinligting op 'n onnatuurlike manier oordra? (e 2680)

- 37) Is dit wat
- 'n karakter oor homself sê onwaar?
 - ander karakters oor 'n karakter sê onwaar? (e 2687)
- 38) Is die karakterisering/karakteruiteensetting te veel of te min vir die
- genre/plot? (ee 75, 81, 2661)
 - belangrikheid van die karakter? (e 76)
- 39) Is die plot en karakteruiteensetting inmekaar verweef? (e 956)
- 40) Is dit maklik vir kykers om die karakter se lewe voor en na die storie te visualiseer? (e 2596)

7.4.24 Gedrag/konsekwentheid/voorspelbaarheid/geloofwaardigheid

- Is maniërismes aangeplak? (e 334)
- Dra maniërismes en gedrag by tot die plot? (e 73)
- Het die karakter 'n eksterne en interne lewe? (e 2556)
- Doen die karakter onverwagte, maar logiese dinge? (e 2542)
- Is karakters se handeling oor die algemeen effektief en funksioneel? (e 50)
- Hou karakters se persoonlikhede en hul gedrag/probleme verband? (e 2508)
- Bevat die karakter se maniërismes en gedrag inherente vermaaklikheidswaarde? (e 73)
- Is daar in 'n mate die patroon van *oortreding*, *herkenning* en *versoening* in een of meer van die hoofkarakters se gedrag? (e 619)
- Het die karakter 'n dominante
 - emosie;
 - karaktertrek;
 - gedragpatroon en
 - houding teenoor die lewe? (ee 72, 2692, 3359 - 3362)
- Het elke karakter 'n stel kernkonstantes? (ee 2502, 2505)
- Is karakters se kernkonstantes konstant regdeur die storie? (e 2507)
- Is kritieke areas van die karakter se kernkonstantes afwesig? (e 2503)
- Bestaan die kernkonstantes uit basiese waardes en houdings? (e 2502)
- Is die karakter se kernkonstantes versprei oor verskeie storienvlakke? (e 2503)
- Vorm teenstrydighede in kernkonstantes dramatiese plotwendings wat kritieke oomblikke is in beide die storielyn en die karakterboog? (e 2504)
- Word die karakter se dominante houding teenoor die situasie deur verskillende dramatiese kontekste onthul? (e 2581)
- Ontstaan diskrepansies omdat kernkonstantes verloën word? (ee 2506, 2507, 2589)
- Vloei die karakter se gedrag en woorde konsekwent en natuurlik voort uit sy
 - omstandighede en
 - unieke kernkonstantes? (ee 72, 2502, 3334, 3337)
- Kom die volgende van die karakter gereeld na vore:
 - Dominante doel.
 - Dominante indruk.
 - Dominante houding? (e 3332)
- Verander die intensiteit van karakters se emosies en gedrag? (e 338)
- Tree karakters verskillend op onder dieselfde omstandighede? (e 3256)

22) Word die volgende persoonlikheidseienskappe in leiers aangewend:

- a) Selfvertroue.
- b) Ekstroversie.
- c) Meer empatie.
- d) Magsbehoefte.
- e) Verbale vlotheid.
- f) Selfgeldendheid.
- g) Hoër intelligensie.
- h) Ooreenkomste met die volgelinge.
- i) Laer vlakke van angs en spanning.
- j) Groter interpersoonlike sensitiwiteit.
- k) Minder tekens van neurotiese simptome? (e 4074)

23) Word die volgende funksies van 'n leier aangewend:

- a) Model.
- b) Arbitrator.
- c) Ideoloog.
- d) Sondebok.
- e) Beplanner.
- f) Vaderfiguur.
- g) Deskundige.
- h) Beleidmaker.
- i) Uitvoerende beampte.
- j) Simbool van die groep.
- k) Uitdelers van beloning en straf.
- l) Beheerder van interne verhoudings.
- m) Eksterne verteenwoordiger van die groep.
- n) Substituut vir individuele verantwoordelikheid? (e 4075)

24) Is die leier(s) in 'n groep se stellings en gedrag

- a) minder eiewys;
- b) minder outoritêr;
- c) meer versterkend;
- d) meer deelnemend;
- e) meer opsommend;
- f) hoër in eenstemmigheid;
- g) ingelig oor die onderwerp;
- h) vry van ongeldige rigiditeit;
- i) vry van offensiewe verbalisering;
- j) vry van hoogdrawende spraak;
- k) vry van onophoudelike gepraat en/of
- l) bogemiddeld doelwit-georiënteerd? (e 4076)

25) Is manlike karakters meer

- a) aggressief;
- b) waaghalsiger;
- c) kompetender;
- d) taakgeoriënteerd;
- e) bestand teen sosiale invloede en
- f) gefokus op probleemoplossing? (e 4077)

- 26) Is vroulike karakters meer
- sensitief vir nie-verbale seine;
 - geneig om self-onthullings te maak;
 - beter in staat om emosies uit te druk en
 - waarnemend van ander se emosionele toestande? (e 4078)
- 27) Word die karakter deurgaans gehandhaaf soos hy voorgestel is? (e 2646)
- 28) Reageer karakters normaalweg optimisties, pessimisties of rasideel? (e 3359)
- 29) Bly karakters konsekwent, ook as hulle onstabiel is? (ee 354, 2513, 3329, 3330)
- 30) Is die karakter se gedrag rasideel uit sy perspektief, selfs al is hy mal? (e 3342)
- 31) Is daar aksies/dialog wat die karakter se geloofwaardigheid benadeel? (e 3331)
- 32) Bevat die karakter 'n teenstrydigheid wat 'n impetus bied vir beweging? (e 3376)
- 33) Tree die karakter sonder motivering een oomblik op soos 'n held en die volgende oomblik soos 'n lafaard? (e 3333)
- 34) Is karakters voorspelbaar? (ee 964, 990, 2684)
- 35) Is die karakter 'n foutlose, voorspelbare god? (e 2977)
- 36) Dra die verskille tussen karakters by tot geloofwaardigheid? (e 356)
- 37) Is elke karakter geloofwaardig binne die storiemerk? (ee 138, 1881, 3335)
- 38) As dit nodig is om 'n karakter se onderskeidingsvermoë te verminder, is daar iemand wat hom manipuleer/beïnvloed? (e 3336)
- 39) Word karakters emosioneel saamgebind deur 'n krisis? (e 3338)
- 40) Is dit geloofwaardig dat daar 'n band tussen karakters ontstaan? (e 3341)
- 41) Word die verhoudings tussen karakters sterker of swakker oor tyd? (e 3340)
- 42) Word 'n karakter positief teenoor iemand wat 'n risiko vir hom neem? (e 3339)
- 43) Toon die karakter sy opregtheid/vriendskap deur hoflikheid/mooi praatjies of deur opoffering? (e 3287)
- 44) Watter sielkundige selfverdedigingsmeganismes gebruik die karakter:
- Isolasie? (e 4079)
 - Fiksasie? (e 4079)
 - Regressie? (e 4079)
 - Konversie? (e 4079)
 - Oorprestasie? (e 2551)
 - Onderprestasie? (e 2552)
 - Rasionalisasie? (e 4079)
 - Ongedaanmaking? (e 4079)
 - Kompromishandeling? (e 4079)
 - Ontken sy gevoelens? (e 2549)
 - Leef in 'n fantasiewêreld? (e 2553)
 - Loëning van waarneming? (e 4079)
 - Gebruik humor om agter weg te kruip? (e 2546)
 - Verskoon gedurig sy onaanvaarbare gedrag? (e 2550)
 - Weier om die waarheid van die situasie te erken? (e 2544)
 - Onderdruk angsproduserende gevoelens en gedagtes? (e 2554)
 - Vermyn emosie deur te fokus op intellektuele aktiwiteite? (e 2547)
 - Beskuldig ander van die gedrag wat hy in homself haat? (e 2548)
 - Boots ander se gedrag na eerder as om self te ontwikkel? (e 2555)
 - Rig sy vyandigheid op 'n nievyandige persoon eerder as die bron van vyandigheid? (e 2545)

- 45) Word sielkundige invloede realities aangewend in die storie? (e 3338)
- 46) Is dit duidelik aan kykers waarom die karakter doen wat hy doen? (e 3342)
- 47) Word ongeloofwaardige karaktereienskappe geloofwaardig gemaak deurdat 'n karakter daarop reageer soos wat kykers sal reageer? (e 3346)
- 48) Is die karakter se gedrag rasioneel? (e 3344)
- 49) Het karakters realistiese swakhede? (e 2568)
- 50) Is elke karakter se wêreld eg en geloofwaardig? (e 190)
- 51) Is die karakter ongeloofwaardig omdat hy inkonsekwent is? (e 3333)
- 52) Reageer karakters met die diepte en insig wat by hulle pas? (e 2568)
- 53) Het die karakter 'n kritieke persoonlikheidsgebrek of blindheid? (e 3358)
- 54) Oorskakel 'n sterk karakter/superheld sy vermoëns en maak foute? (e 3357)
- 55) Hoeveel sal dit 'n karakter neem om iets te doen wat oënskynlik teenstrydig is met sy normale gedrag? (e 3347)
- 56) Voel karakters eg binne die ruimte, tema, doelwitte en konflikte? (ee 2567, 2586)
- 57) Word die karakter se gedrag geloofwaardig gemaak deur gepaste redes daarvoor te bied op grond van sy vorige kondisionering/ervarings? (e 3345)
- 58) Word kykers bewus gemaak hoe mense in die werklikheid optree, in teenstelling met hoe hulle veronderstel is om op te tree? (e 1785)
- 59) Is die held se persoonlikheidsgebrek die uitsondering op die reël en in botsing met sy ander dominante eienskappe? (e 3358)
- 60) Is daar inkongruensie tussen die karakter se
 - a) ware self en ideale self?
 - b) ware self en die sosiale ideale self?
 - c) ideale self en die sosiale ideale self?
 - d) ware/ideale/ideale sosiale self as hy verandering ondergaan? (ee 2589, 2590)
- 61) Bepaal die karakter se houding(s), eerder as net logika of instink, sy oorhoofse reaksie op gebeure? (e 2581)
- 62) Harmonieer die karakter se minderwaardig – meerderwaardigkontinuum met sy
 - a) humorkontinuum
 - b) agting-vir-ander-kontinuum en
 - c) onderwerpend – dominerendkontinuum? (e 2589)
- 63) Is die reaksies van karakters op die probleme gepas vir die genre? (e 2584)
- 64) Het 'n karakter te veel selfkennis/selfverduidelikende dialoog? (ee 2606, 2688)
- 65) Is die karakter se gedrag nie ten volle geloofwaardig nie omdat hy nie ten volle ontwikkel is nie? (e 3296)

7.4.25 Karakterverandering/-ontwikkeling

- 1) Ontwikkel/verander die held of leer kykers hom op 'n betekenisvolle manier beter ken soos die storie verloop? (ee 38, 448, 2962)
- 2) Verander karakters, ten goede of ten kwade soos die storie ontwikkel? (ee 889, 1576, 2534, 3385, 3390)
- 3) Is dit beter as die held nie verander nie? (e 3409)
- 4) Is karakterontwikkeling nodig in die genre? (e 3395)
- 5) Het karakters gebreke/fatale gebreke? (ee 351, 352)
- 6) Kan karakters se transformasieboë getrek word? (e 181)
- 7) Ondergaan die held die meeste verandering? (ee 2918, 3408)
- 8) Speel karakterverandering 'n groot of klein rol in die storie? (e 3427)



- 9) Watter van die volgende fases in die karakterboog kom in die storie voor:
 - a) Beperkte bewussyn van die probleem.
 - b) Toenemende bewuswording van probleem.
 - c) Traagheid om te verander.
 - d) Oorkoming van traagheid om te verander.
 - e) Verbintenis tot verandering.
 - f) Eksperimentering met eerste verandering.
 - g) Voorbereiding tot groot verandering.
 - h) Poging tot groot verandering.
 - i) Gevolge van die poging.
 - j) Hertoewyding aan verandering.
 - k) Finale poging tot groot verandering.
 - l) Finale bemeestering van die probleem? (e 775)
- 10) Begin die karakterontwikkeling as die held sy ooreenkomste met die opponent en verskille met die refleksie herken? (e 3388)
- 11) Watter invloede op karakters laat hulle verander? (e 475)
- 12) Leer die held van die ander argetipes/karakters? (e 2975)
- 13) Hou die tema en karakterontwikkeling duidelik verband? (e 40)
- 14) Voel kykers tevrede as die held bewus word van sy fout? (e 614)
- 15) Verander die held in opvolgrolprente baie in die eerste prent? (e 3444)
- 16) Begin die held se karakterboog wanneer kykers hom ontmoet? (e 3431)
- 17) Hou die besef van sy fout verband met die held se ontwikkeling? (e 616)
- 18) Dwing die doelwit/hindernisse die karakter om te verander? (ee 478, 3271)
- 19) Moet die karakter homself uitmekaar skeur, bevraagteken en weer herontwerp in die proses om te verander? (e 3441)
- 20) Verander die karakter se motiverings soos wat die storie verloop? (e 2580)
- 21) Verander die karakter as gevolg van
 - a) ander karakters? (e 3387)
 - b) 'n interne stryd? (ee 99, 3441)
 - c) 'n eksterne stryd? (ee 98, 3441)
 - d) sy reaksie op sy omstandighede/omgewing? (ee 97, 3375)
- 22) Is die veranderings in karakters behoorlik gemotiveer? (e 140)
- 23) Verander karakters fisies, emosioneel en/of intellektueel? (e 3392)
- 24) Is die karakter 'n prater of doener en verander hy mettertyd? (e 100)
- 25) Is karakters in 'n toestand van konstante verandering? (ee 353, 3375)
- 26) Vind daar karakterverandering by meer as een karakter plaas? (e 180)
- 27) Word die volgende herhaal om ontwikkeling van karakter/vaardighede te toon:
 - a) Dialoog.
 - b) Gebeure? (ee 39, 3380)
- 28) Verander karakters deur 'n lang proses van dink en nadink, aksie en reaksie, gesprekke en redenasies? (e 3381)
- 29) Sien kykers eers die karakter in aksie voordat hulle hom sien verander in die tweede bedryf? (e 1195)
- 30) Word te veel tyd spandeer aan karakterontwikkeling in genres soos komedies, rillers, aksie, aksie-avontuur, ramp en wetenskapsfiksie? (ee 3395, 3396, 3399)
- 31) Word daar in genres wat vinnig beweeg gewys dat karakters verander word deur omstandighede? (ee 3395, 3396)

- 32) Is karakterverandering
- geloofwaardig? (e 474)
 - verspreid oor die storie? (e 96)
 - groter tydens krisissituasies? (e 101)
 - die regte hoeveelheid vir die storielengte? (e 2583)
 - die regte hoeveelheid vir die genre? (ee 3382, 3397)
 - as gevolg van konflik en die beslegting daarvan? (e 3386)
- 33) Is die manier hoe of waardeer karakters verander fassinerend? (e 3394)
- 34) Hoeveel kan karakters leer tydens die verloop van die storie en deur watter insidente? (e 3391)
- 35) Begin die storie met 'n
- swak persoon wat krag kry soos hy vorder?
 - sterk persoon wat verswak soos die storie vorder? (e 3277)
- 36) Verander 'n geharde karakter te vinnig/maklik? (ee 3410, 3383)
- 37) Begin die afbreek van die kwaad lank voor die finale bekering? (e 3384)
- 38) Is die karakterelemente wat 'n bekering moontlik maak, geplant? (e 3384)
- 39) Is die stappe van verandering geloofwaardig, te vinnig of te stadig? (e 2580)
- 40) Beleef die karakter 'n krisis indien hy in 'n kort tydsbestek verander? (e 3393)
- 41) Word 'n vinnige verandering bewerkstellig deur 'n paar "argumente" wat 'n goeie persoon opper? (e 3383)
- 42) Word 'n karakter wat van sleg na goed moet verander, gewys
- hoe hy nadink?
 - dat hy aarsel voor hy iets doen?
 - dat hy reageer op een van sy dade?
 - hoe hy met ander daarvoor redeneer?
 - waar hy, voor sy finale bekering, reageer op verskillende aspekte van sy huidige lewe? (e 3384)
- 43) Stel die storie groot eise aan karakters? (e 3394)
- 44) Verander karakters se reaksies op probleme? (e 2584)
- 45) Laat die stryd die held deur die uiterlike skyn van dinge sien? (e 3411)
- 46) Gee die held se stryd hom beter insig in die teenoorgestelde geslag? (e 3411)
- 47) Word karakterverandering aangedui deur
- beelde? (e 479)
 - voorkoms of aksies? (e 3422)
 - voorwerpe soos klere? (e 2633)
 - iets aan die einde wat hy nie aan die begin kon doen nie? (e 867)
 - fisiese aksie wat aantoon hoe sy reaksie op probleme verander? (e 2584)
- 48) Regreer die held as gevolg van die krisis? (e 826)
- 49) Verander ander karakters as gevolg van die held? (e 3387)
- 50) Is daar karakterverandering
- in karakters rondom die held? (e 3377)
 - met 'n groep van hoofkarakters? (e 3399)
- 51) Beweeg iemand van dapper na 'n lafaard weens
- ouderdom;
 - fisiese agteruitgang of
 - veranderde finansiële status? (e 3377)

- 52) Het die held iets van al die argetipes wat hy ontmoet het oorgeneem en verenig in 'n volledige mens? (e 2975)
- 53) Is daar nuwe
- a) besluite wat lei tot nuwe gedrag?
 - b) hindernisse wat karakters forseer om nuwe besluite te neem?
 - c) gedrag wat lei tot die ontdekking van nuwe vermoëns en insigte? (e 3405)
- 54) Gaan die held deur 'n laaste gevaarlike toets, waar hy moet wys dat hy werklik verander het en die lesse van die storie geleer het? (ee 782, 2399, 3414, 3416)
- 55) Faal die held met die opstanding
- a) en dink medekarakters en kykers hy het hulle in die steek gelaat?
 - b) maar word opgewek uit die "dood" as hy van plan verander? (e 3414)
- 56) In watter opsigte het die held meer verantwoordelikheid aanvaar tydens die verloop van die storie? (e 3423)
- 57) Illustreer die
- a) held se terugkeer dat/hoe ver, hy verander het? (e 867)
 - b) opstanding/klimaks die held se positiewe of negatiewe groei? (e 494)
- 58) Vind daar positiewe verandering in die held plaas as hy 'n probleem rondom die sekondêre plot oplos? (e 3406)
- 59) Het die karakter
- a) te veel verander? (e 3398)
 - b) ruimte om te groei? (e 2534)
 - c) genoeg tyd om te verander? (e 473)
 - d) die wil om te leer en te groei? (e 508)
 - e) in hom die saad van sy toekomstige ontwikkeling? (ee 3376, 3378)
- 60) Moet die modifiseerder verander om sy doelwitte te bereik? (ee 3403, 3438)
- 61) Word beide die held en modifiseerder verander deur hulle interaksie? (e 3429)
- 62) Het die modifiseerder doelwitte/word hy gedwing om doelwitte te stel? (e 3437)
- 63) Vind die karakterverandering plaas by een of meer van die volgende strukturele fokuspunte:
- a) Eerstebedryfklimaks.
 - b) Krisis/middelpuntgebeure.
 - c) Tweedebedryfklimaks.
 - d) Derdebedryfhoofklimaks? (e 3439)
- 64) Moet die held iets nuuts probeer om 'n ware held te wees? (e 3430)
- 65) Ontdek die karakter iets oor homself soos die storie ontwikkel? (e 350)
- 66) Hou die karakterverandering kykers aan die raai oor die storie-uitkoms? (e 3426)
- 67) Onthul die aksies van die karakter en die resultate daarvan sy ware natuur aan homself en wat hom gemotiveer of benadeel het? (e 3440)
- 68) Bring die onthulling van die karakter se ware natuur pyn/neerlaag in die geval van 'n opponent of tragiese held? (e 3440)
- 69) Is die karakter aan die einde spyt maar
- a) slimmer?
 - b) nie slimmer nie? (ee 3417, 3418)
- 70) Lei selfinsig tot die korrigerende van 'n gebrek en heelmaking? (e 3440)
- 71) Is die kern van die storie die leerproses wat verloop tussen die held en sy mentor/geliefde/opponent? (e 3412)



- 72) Watter gebreke/negatiewe eienskappe
- was van die begin af daar?
 - het bygekom langs die pad?
 - moet nog gekorrigeer word?
 - moet as deel van die storie onveranderd bly?
 - is 'n noodsaaklike deel van die karakter se natuur? (ee 3419 - 3421)
- 73) Is die karakter gedoem om die trauma te herhaal omdat hy nie leer nie? (e 3418)
- 74) Skep die finale fase van die held se karakterboog 'n onthulling/verandering in sy houding teenoor die situasie of persoon wat die bron van konflik is? (e 2580)
- 75) Onthul die karakter se reaksie op stres/hindernisse
- 'n ander aspek van sy karakter/emosie? (e 2580)
 - net 'n dormante/verskuilde deel van sy persoonlikheid? (e 3445)
- 76) Vind die karakterverandering hoofsaaklik plaas in reaksie op wat gebeur in die krisis rondom strukturele fokuspeunte? (e 3439)
- 77) Is karakters wat nie verander nie
- individualiste?
 - ikone wat selde verouder, eerder as werklike mense? (e 3443)
 - iemand met 'n interne eienskap soos 'n morele kode of verbond? (e 3442)
- 78) Wat is karakters se persepsie van realiteit en hoe het dit verander aan die einde? (ee 516, 517)
- 79) Is dit eers as die karakter ophou om teen homself te veg dat hy die skaal in sy guns swaai en triomfeer? (e 3446)
- 80) Word die karakter se emosionele
- toestand onthul aan die begin?
 - toestand uitgedaag deur 'n reeks dramatiese gebeure deur die storie?
 - waarheid onthul deur die emosionele veranderings wat hy van die begin tot die einde ondergaan? (e 2580)
- 81) Maak die karakter oor en oor dieselfde foute, maar bluff homself dat dit verskillende foute is? (e 3402)
- 82) Is die klimaks die hoogtepunt van die held se verandering? (ee 3413, 3415)
- 83) Word die held se karakter tydens die hoofklimaks herstel of herskep? (e 2402)
- 84) Neem die held sy grootste verantwoordelikheid op met die terugkeer? (e 3424)
- 85) Maak die karakterverandering aan die einde sin? (e 3442)
- 86) Word die belangrikste veranderings in die karakter geïllustreer? (e 3379)
- 87) Weet hy aan die einde iets wat hy nie aan die begin geweet het nie? (e 515)
- 88) Is die held aan die einde 'n nuwe wese met nuwe insig? (ee 494, 2401, 2684)
- 89) Help die karakterontwikkeling om die tema en storie te kommunikeer? (e 480)
- 90) Gee karakters se ontwikkeling substansiële betekenis aan die storie? (e 3425)

7.5 Makrokontrolelys: Dialoog

7.5.1 Algemeen

- Het dit 'n spesiale styl? (e 378)
- Is die styl gepas vir die genre? (e 3608)
- Impliseer dit eerder as om te verduidelik? (e 3518)
- Is die openingsdialoog dramaties effektief? (e 3478)



- 5) Verskaf die dialoog die volgende inligting oor 'n karakter:
 - a) Hoe hy dink.
 - b) Waar hy vandaan kom.
 - c) Waarheen hy op pad is.
 - d) Wat belangrik is vir hom.
 - e) Wat onbelangrik is vir hom.
 - f) Sy sielkundige toestand? (e 3464)
- 6) Doen die dialoog een van die volgende:
 - a) Skep humor.
 - b) Skep spanning.
 - c) Onthul emosies.
 - d) Verskaf dit inligting.
 - e) Ontwikkel die storie.
 - f) Verskaf vars inligting.
 - g) Verskaf uiteensetting.
 - h) Verskaf voorbereiding.
 - i) Stel probleme bekend.
 - j) Skep/onthul atmosfeer.
 - k) Kommunikeer die tema.
 - l) Onthul/ontwikkel konflik.
 - m) Verbind skote en tonele.
 - n) Onthul/ontwikkel karakters.
 - o) Reflekteer die styl van die storie.
 - p) Ontwikkel kykers se insig in die storie.
 - q) Vestig die genre en stemming van die storie.
 - r) Karakteriseer deur individualiteit te reflekteer.
 - s) Lê die onderliggende kragte in die storie bloot.
 - t) Bestuur tyd deur middel van ritme, tempo en spoed.
 - u) Maak dit vir die karakter moontlik om te demonstreer wie/hoe hy is.
 - v) Suggereer die teenwoordigheid van objekte en persone wat nie gesien word nie? (ee 3458 - 3461, 3463, 3494, 3496, 3524)
- 7) Vestig dit die onderwerp, atmosfeer en kernaannames? (e 3480)
- 8) Vervul die dialoog 'n inligtings-, gevoels- en/of karakteriseringsfunksie? (e 90)
- 9) Is dit deurgaans onsigbaar of vestig dit die aandag op sigself? (ee 3479, 3493)
- 10) Is dit souterig, verbitterd, kleurvol, intens, skerp, slim, oorspronklik en/of interessant? (ee 546, 3500)
- 11) Beweeg dialoog die storie vorentoe deur
 - a) vorige gebeure te herroep? (e 3465)
 - b) toekomstige oorwegings te reflekteer? (e 3465)
 - c) onmiddellike omstandighede en behoeftes te reflekteer? (e 3465)
- 12) Dra die dialoog belangrike elemente van die plot oor sonder om kunsmatig of onnatuurlik te klink? (e 3462)
- 13) Is dit nodig dat kykers die dialoog verstaan? (e 3468)
- 14) Word daar ook gekommunikeer deur kyke en handeling? (e 3936)
- 15) Vertel die dialoog wat reeds gebeur het of wat kan gebeur? (ee 3553, 3735)
- 16) Verdraai 'n karakter die feite of gee hy nuwe perspektief daaraan indien hy aan 'n ander karakter vertel wat pas gebeur het? (e 3553)

- 17) Is die dialoog
 - a) voorspelbaar? (e 964)
 - b) regdeur op dieselfde peil? (e 381)
- 18) Is dit moeilik om afskermdialoog te verstaan? (e 3509)
- 19) Verskuif afskermdialoog verkeerdelik die aandag na die luisteraar? (e 3510)
- 20) Maak buitebeelddialoog dit moontlik om die reaksie van karakters dop te hou? (e 3491)

7.5.2 Uiteensetting

- 1) Word die dialoog ooglopend gebruik vir uiteensetting? (e 3667)
- 2) Kan die uiteensetting beter visueel oorgedra word? (e 3677)
- 3) Onthul dialoog iets oor karakters se
 - a) agtergrond;
 - b) standpunte;
 - c) emosies en/of
 - d) begeertes? (e 361)
- 4) Word dinge vertel wat
 - a) in elk geval gaan gebeur?
 - b) reeds op die skerm gebeur het? (e 3683)
- 5) Word karakter onthul deur 'n monoloog? (e 3748)
- 6) Word te veel uiteensetting deur dialoog verskaf? (e 3673)
- 7) Beskryf dialoog
 - a) die omgewing? (e 3659)
 - b) iets wat weens sensuur of produksiekoste nie gewys kan word nie? (e 3660)
- 8) Is die enigste funksie van 'n stuk dialoog om uiteensetting te gee? (e 3680)
- 9) Kry kykers net 'n leidraad en moet dan self afleidings maak? (e 3670)
- 10) Gee dit
 - a) wenke oor/regverdiging vir toekomstige gebeure/die tema? (e 3688)
 - b) vooruitskouing sonder om dit wat gaan gebeur weg te gee? (e 3689)
- 11) Dwing dialoog wat vooruitskouing gee kykers om aannames te maak? (e 3689)
- 12) Verskaf dialoog
 - a) te min inligting? (e 377)
 - b) feite uit die verlede? (e 3658)
 - c) te veel inligting? (ee 376, 3670)
 - d) inligting wat noodsaaklik is vir die storie? (e 362)
- 13) Praat twee persone oor 'n derde en verskaf dan uiteensetting? (e 3681)
- 14) Word die volgende gebruik om dialooguiteensetting te motiveer/versteek:
 - a) Intieme tonele van liefde.
 - b) Volatiele tonele van konflik of woede.
 - c) Tonele van onophoudelike ondervraging? (ee 3672, 3684)
- 15) Word uiteensetting gedoen
 - a) deur 'n karakter wat nie die inligting het nie, maar die reg het om vrae te vra?
 - b) oor 'n karakter wat normaalweg nie daarvoor sal praat nie, verskaf deurdat iemand hom beskuldig of oor hom spekuleer? (ee 3666, 3669)
- 16) Sal die storie daaronder lei as uiteensettingsdialoog weggelaat word? (e 3675)

- 17) Word direkte dialoog
 - a) in jeugstories gebruik?
 - b) gebruik om spesialiskennis aan kykers oor te dra? (e 3678)
- 18) Sal dié spesifieke uiteensettingsdialoog beter werk op 'n ander plek? (e 3676)
- 19) Is daar vrae met wie, wat, waar en hoekom, wat ooglopend lyk soos uiteensetting? (e 3770)
- 20) Word visuele inligting oor
 - a) 'n karakter verbaal bevestig en uitgebrei?
 - b) die dramatiese situasie verbaal bevestig en uitgebrei? (e 3679)
- 21) Word uiteensetting deur dialoog gedoen in situasies wat die verskaffing daarvan vereis? (e 3671)
- 22) Klink dialoog wat
 - a) vooruitskouing gee normaal? (e 3688)
 - b) uiteensetting gee soos inligting wat karakters moet sê of hoor? (e 3671)
- 23) Word voorwaartse beweging behou tydens uiteensettingsdialoog? (e 3680)
- 24) Maak die uiteensetting die dialoog onnatuurlik? (e 3667)
- 25) Is die dialoog verweef met die aksie? (e 3680)

7.5.3 Verskillende karakters

- 1) Reflekteer dialoog karakters se
 - a) land;
 - b) hoop;
 - c) status;
 - d) geloof;
 - e) streek;
 - f) drome;
 - g) beroep;
 - h) kultuur;
 - i) tydsera;
 - j) behoeftes;
 - k) ouderdom;
 - l) opvoeding;
 - m) agtergrond;
 - n) kundigheid;
 - o) ondervinding;
 - p) temperament;
 - q) persoonlikheid of/en
 - r) emosionele toestand? (ee 252, 364, 3468, 3788, 3789, 3791, 3792, 3803, 3805, 3810, 3815, 3823)
- 2) Praat ou mense stadig? (e 3798)
- 3) Klink alle karakters dieselfde of het elkeen 'n kenmerkende
 - a) styl;
 - b) ritme;
 - c) sleng;
 - d) intonasie en
 - e) woordeskat? (ee 146, 545, 3528, 3544, 3813)

- 4) Borrel jongmense se gedagtes uit? (e 3799)
- 5) Gebruik pedantiese persone lang sinne? (e 3796)
- 6) Praat sterk persoonlikhede met determinasie? (e 3797)
- 7) Val verbeeldinglose mense dikwels terug op clichés? (e 3801)
- 8) Byt 'n hardkoppige persoon sy woorde vasberade af? (e 3794)
- 9) Gebruik poëtiese/filosofiese mense baie beeldspraak? (e 3800)
- 10) Praat elkeen in karakter en binne die grense van sosiale norme? (e 3812)
- 11) Praat huiwerige persone stadig met baie um's, aa's en die woord "en"? (e 3795)
- 12) Is daar multilettergreep-, elegante of diepsinnige woorde wat nie inherent deel is van die tipe karakter nie? (e 3763)
- 13) Word karakters se dialoog gekarakteriseer deur een of meer van die volgende eienskappe:
 - a) Pittig.
 - b) Vloek.
 - c) Bondig.
 - d) Mompel.
 - e) Meng tale.
 - f) Tussenwerpsels.
 - g) Eiesoortige woorde.
 - h) Eiesoortige uitdrukkings.
 - i) Beklemtoon sekere woorde of frases.
 - j) Dit klink sangerig, veral in vraag-en-antwoordsessies.
 - k) Ruil woorde om.
 - l) Praat los en vas.
 - m) Dieselfde lengte.
 - n) Geliefde sêgoed.
 - o) Dieselfde taalgebruik.
 - p) Herhaal woorde of sinne wat hy reeds gebruik het.
 - q) Dieselfde jambiese struktuur? (ee 3802, 3806 - 3809, 3816, 3822)
- 14) Klink dit soos werklike mense wat uit hul agtergrond praat? (e 3866)
- 15) Is karakters se dialoog konsekwent regdeur die storie? (e 3804)
- 16) Karakteriseer die dialoog
 - a) karakters vinnig? (e 3792)
 - b) bykarakters in een sin? (e 3792)
- 17) Word die karakter se persoonlikheid weerspieël in die aard, tempo en inhoud van sy spraak? (e 3793)
- 18) Het die karakter 'n rede om te praat? (e 3940)
- 19) Onthul dit wat karakters nie sê nie, iets? (e 3817)
- 20) Wat probeer die karakter sê en waarom? (e 3625)
- 21) Reflekteer karakters die taalgebruik van die skrywer? (e 3790)
- 22) Lewer karakters dialoog wat geen normale persoon sal sê nie? (e 3811)
- 23) Is die kwaliteit van die dialoog gesetel in goeie karakterisering? (e 3814)
- 24) Is kinder-karakters se
 - a) dialoog te veel? (e 3884)
 - b) sinne te kompleks en lank? (e 3885)
 - c) kommunikasie gefokus op aksie, reaksie en lyftaal? (e 3884)
- 25) Gee die kompleksiteit van die idioom 'n aanduiding van klas? (e 3818)

- 26) Is dit realisties vir karakters om idees en abstraksies te bespreek sonder selfbewustheid? (e 3821)
- 27) Dra die dialoog substansieel by tot die realisme van karakters? (e 3467)
- 28) Raak almal die een skerpsinnigheid na die ander kwyt in 'n sitkom? (e 3813)
- 29) Word magsimplikasies gereflekteer in woordkeuse en aanwending? (e 3820)
- 30) Gee die balans van emosie en sosiaal aanvaarbare taalgebruik 'n aanduiding van die persoonlikheid van karakters? (e 3819)

7.5.4 Monoloë/gedagtes/vertellings/stem-oor

- 1) Het die monoloog 'n funksie of lei dit tot niks? (ee 371, 3743, 3749)
- 2) Kan monoloë/stem-oor/vertellings/gedagtes visueel vervang word? (e 289)
- 3) Hoe baie monoloë/gedagtes/stem-oor/vertellings of iets wat nie op die skerm kan verskyn nie, is daar? (e 557)
- 4) Is die monoloog
 - a) realisties? (e 3745)
 - b) goed gemotiveer? (e 3746)
 - c) 'n stem-oorvertelling? (e 3751)
- 5) Praat karakters met die kykers? (e 3750)
- 6) Vertraag dit die vloei van die storie? (ee 3742, 3745)
- 7) Voel vertelling/stem-oor onnatuurlik en geforseerd? (e 1268)
- 8) Word die gedagtes van karakters onthul in die dialoog? (e 3470)
- 9) Begin die monoloog as 'n stem-oorgedagte en dan sê die karakter 'n sin of sinsnede hardop? (e 3752)
- 10) Behels 'n monoloog iets soos die volgende:
 - a) 'n Vurige gebed.
 - b) 'n Man wat met sy hond praat.
 - c) 'n Kind wat met haar pop praat.
 - d) 'n Toespraak binne die konteks van die storie.
 - e) 'n Ouma wat met haar slapende kleinkind praat.
 - f) Iemand wat oefen wat hy vir iemand anders gaan sê.
 - g) 'n Meisie wat met haar beeld in die spieël praat? (ee 3747, 3751)
- 11) Dra stem-oor/vertelling ook by tot die storiestemming en -styl? (ee 1268, 3753)
- 12) Word 'n vertelling aan die begin en einde van 'n ernstige storie gebruik? (e 3760)
- 13) Sal 'n stem-oor tot gevolg hê dat daar 'n band tussen die held en kykers ontwikkel? (e 1678)
- 14) Is die stem-oor of gedagte
 - a) slegs 'n frase of kort sin?
 - b) 'n herroeping van iets wat vroeër gesê is? (e 3744)
- 15) Is daar te veel stem-oor/vertelling? (e 1266)
- 16) Verskaf die verteller
 - a) ironie;
 - b) ironiese humor;
 - c) 'n nuwe dimensie;
 - d) 'n ander perspektief;
 - e) 'n unieke atmosfeer of
 - f) objektiewe kommentaar? (ee 3756 - 3758)

- 17) Doen die karakter 'n belydenis? (e 3759)
- 18) Word kontrapunt stem-oor/vertelling gebruik? (e 1267)
- 19) Gaan vertelling/stem-oor saam met konfliktsituasies? (e 3754)
- 20) Is die verteller 'n karakter wat doelbewus sy storie met kykers deel? (3755)

7.5.5 Funkisionaliteit/eenvoud/kommunikasie

- 1) Het dit 'n definitiewe dramatiese funksie of laat dit die storie stilstaan/afdwaal? (ee 51 - 53, 371, 963, 3471, 3503, 3520, 3529, 3532, 3546, 3675, 3726, 3730)
- 2) Word dit die eerste keer maklik verstaan? (ee 374, 3504, 3521, 3762)
- 3) Is dit
 - a) direk;
 - b) lenig;
 - c) subtiel;
 - d) duidelik;
 - e) essensieel;
 - f) ondergeskryf;
 - g) op die punt af en
 - h) onderbeklemtoon? (ee 248, 254, 3484, 3501, 3738, 3765, 3766)
- 4) Is die dialoog verskraal tot los sinne sonder persoonlikheid? (e 3768)
- 5) Is dit verbandhoudend/aanvullend tot beelde van die oomblik? (ee 3494, 3530)
- 6) Is elke woord van 'n spraaksamige/langdradige karakter betekenisvol? (e 3739)
- 7) Is dit gestroop van
 - a) herhalings;
 - b) slim sêgoed;
 - c) woordspeling;
 - d) onnodige inligting;
 - e) stagnante dialoog;
 - f) niksseggende inhoud;
 - g) enigiets wat aandag op sigself vestig;
 - h) enigiets wat kykers uit die storie neem;
 - i) clichés;
 - j) metafore;
 - k) liriese taal;
 - l) gebabbelry;
 - m) onnodige sinne;
 - n) onnodige woorde en
 - o) onnodige sinsnedes? (ee 258, 3493, 3533, 3534, 3565, 3734, 3857, 3861)
- 8) Bevat dit onnodige statistiek/abstrakte of wetenskaplike feite? (e 3487)
- 9) Kommunikeer dit wat karakters nie sê nie, ook iets belangrik? (e 3932)
- 10) Ondernem die baie vreemde terme en beeldspraak uit karakters se verwysingsraamwerk, kommunikasie met kykers? (ee 3761, 3791)
- 11) Word die wet van dalende opbrengs oortree? (e 3736)
- 12) Is dit vullerdialoog? (e 3740)
- 13) Kommunikeer dit
 - a) baie inligting sonder dat dit ooglopend is? (e 363)
 - b) wat die karakter wil hê of wat hy nodig het? (e 3583)
 - c) inligting aan kykers of aan die ander karakters? (e 3492)

- 14) Is daar min woorde sodat akteurs dit duidelik kan uitspreek? (e 3765)
- 15) Is romans en verhoogdramas se dialoog genoeg verminder? (ee 3729, 3731)
- 16) Is individuele gespreksbeurte/toesprake
 - a) te lank? (ee 447, 3517, 3737, 3767, 3864)
 - b) belas met meer as een gedagte/noodsaaklike inligting as wat kykers op een slag kan absorbeer? (ee 447, 3537, 3741)
- 17) Maak die storie te sterk staat op dialoog? (ee 370, 448, 550, 3472, 3485, 3545)
- 18) Kan die toneel geskryf word met minder dialoog of sonder dialoog? (e 1562)
- 19) Gebruik dit meestal kort sinne met eenvoudige konstruksie en eenvoudige, informele woorde? (ee 3505, 3516, 3767)
- 20) Praat die karakter
 - a) van nature baie? (e 3727)
 - b) net as daar 'n rede is? (e 3733)
- 21) Maak karakters die punt en bly dan stil? (e 3733)
- 22) Is dit toepaslik of kunsmatig vir die genre? (e 3499)
- 23) Gee dit net inligting wat beelde/aksie nie kan nie? (e 3531)
- 24) Is daar onfunksionele vrae wat lei tot ja-of-nee-antwoorde? (e 3769)
- 25) Gaan dit hoofsaaklik oor erkenning en reaksie op ander dialoog? (e 3732)

7.5.6 Fokus/voorwaartse beweging/afwagting/spanning/konflik

- 1) Skep/verhoog/bevorder dit spanning en konflik? (ee 375, 3473, 3547, 3549)
- 2) Word alles vertel of word wenke en enkele detail gebruik? (e 3865)
- 3) Bevat dit inligting waaroor kykers nuuskierig is? (e 3692)
- 4) Pas dit by die karakter se doelwit? (e 364)
- 5) Betrek dit die kykers? (e 3483)
- 6) Bly dit by die onderwerp? (ee 3481, 3482, 3502)
- 7) Is die dialoog voorspelbaar onder die omstandighede? (e 964)
- 8) Is die eerste dialoog na 'n terugsnit geskik vir die impak wat dit het? (e 3929)
- 9) Is dit toepaslik of kunsmatig ten opsigte van die storie se dramatiese vraag/doelwit/konflik? (ee 379, 3655)
- 10) Is daar te veel tussenwerpsels? (e 3728)
- 11) Is vrae en antwoorde interessant? (e 3772)
- 12) Stimuleer dit kykers se nuuskierigheid? (e 3548)
- 13) Dra dit by tot interaksie tussen konflikterende karakters? (e 3654)
- 14) Vertraag dialoog aan die einde van die toneel die dramatiese aksie? (e 3764)
- 15) Draai elke wisseling van dialoog die gebeure van die toneel in een of ander rigting sonder herhaling? (e 3502)
- 16) Lei dit tot 'n verandering in
 - a) gebeure?
 - b) verhoudings? (ee 3550, 3551)
- 17) Neem dit die storie in 'n redelike reguit lyn vorentoe? (ee 3476, 3565)
- 18) Dra dit by tot die aaneenlopende ontwikkeling van die storie? (e 3653)
- 19) Illustreer die dialoog die ontwikkeling van konflik deur te wys hoe die konflik karakters en wat hulle sê affekteer? (e 3656)
- 20) Moet daar weggesny word van die dialoog om te verhoed dat kykers sekere inligting ontvang? (e 3927)

7.5.7 Aksie/gedrag

- 1) Word dialoog gebruik om 'n lang of vinnige aksie- of jaagtoneel te breek voor dit met nuwe krag voortgaan? (e 3783)
- 2) Bevorder of belemmer dit die aksie? (e 3785)
- 3) Gaan die dialoog ook oor dit wat karakters hoor? (e 3657)
- 4) Is dialoog toepaslik of kunsmatig ten opsigte van aksie/gedrag? (ee 364, 379)
- 5) Word lang, maar noodsaaklike dialoog met interessante gebeure vermeng of opgedeel om dit interessant te hou? (ee 3537, 3540)
- 6) Is dit verbale aksie? (e 3786)
- 7) Probeer dit iets bekom van ander karakters? (e 3787)
- 8) Beskryf die dialoog aksies van karakters buite die toneel? (e 3784)
- 9) Is daar dialoog wat vervang kan word met handeling/aksie? (ee 289, 290)
- 10) Bevat jaagsekwense so min dialoog/kort sinsnedes moontlik? (ee 3781, 3782)
- 11) Reageer dit op iets? (e 3787)
- 12) Is daar aksie wat dialoog versterk of weerspreek? (e 3541)
- 13) Word karakters gedwing om sterker dialoog te gebruik? (e 499)
- 14) Filtreer of interpreteer karakters dialoog as gevolg van eie behoeftes? (e 3657)
- 15) Poog elke sin om iemand se gedrag/gesindheid te beïnvloed? (ee 3490, 3527)

7.5.8 Struktuur

- 1) Begin elke dialoogdeel so laat moontlik? (e 3614)
- 2) Word die argument ontwikkel en geïntensiveer? (e 3616)
- 3) Word die toneel afsluit met skerpsinnige of swaar dialoog? (e 3764)
- 4) Word die inherente spanning van dramatiese progressie benut? (ee 3611, 3862)
- 5) Het elke dialoogdeel 'n begin, middel en einde wat die reëls van dramatiese konstruksie volg? (e 3613)
- 6) Bou die dialoog
 - a) in humor tot 'n slaatllyn? (e 3612)
 - b) tot 'n klimaks van een of ander aard? (ee 3552, 3617)
 - c) meestal van die mins tot die mees belangrike? (ee 3523, 3610)
- 7) Forseer die dialoog kykers en karakters om tot aan die einde te luister? (e 3862)
- 8) Word die verskil tussen 'n stelling en 'n dreigement in ag geneem? (e 3469)
- 9) Eindig elke dialoogdeel so gou moontlik na die klimaks? (e 3618)
- 10) Sit die betekenis van die sin in die middel? (e 3861)
- 11) Is die volgorde van inligting verwarrend? (e 3538)
- 12) Is daar reaksietyd sodat emosie by karakters en kykers kan registreer? (e 3539)
- 13) Word die impak van verskillende buie op die dialoog in ag geneem? (e 3469)
- 14) Is daar minder belangrike dialoog wat tydens of na die groot emosionele ontwikkeling van die toneel voorkom? (ee 3538, 3764)
- 15) Val karakters mekaar soms in die rede? (e 3867)
- 16) Is die dialoog 'n pingpong-spel? (e 3563)
- 17) Praat karakters soms by mekaar verby? (e 3572)
- 18) Is daar omgekeerde bou in die dramatiese waarde van die dialoog? (e 3535)
- 19) Sê die karakter dadelik sy sê of praat hy eers rondom die onderwerp? (e 3567)
- 20) Kom die gesprek nader aan die punt, trek terug en kom dan weer terug? (e 3567)

7.5.9 Vloei van dialoog

- 1) Het die inhoud kontinuïteit? (e 3626)
- 2) Is dialoog stram en kunsmatig? (e 3650)
- 3) Word hoeke spaarsamig gebruik? (ee 257, 3644)
- 4) Is daar 'n vraag wat lei tot 'n verandering van die onderwerp? (e 3645)
- 5) Is daar te veel stopwoorde wat die vloei van dialoog vertraag? (e 3651)
- 6) Vloei dialoog van sin tot sin en gesprek tot gesprek? (ee 373, 3626, 3643)
- 7) Word die volgende gebruik as hoeke:
 - a) Saamstem? (e 3646)
 - b) Meningsverskille? (e 3646)
 - c) Vrae en antwoorde? (e 3630)
 - d) Verskille en argumente? (e 3640)
 - e) Soortgelyke konstruksie? (e 3648)
 - f) Aksie wat reageer op dialoog? (e 3642)
 - g) Sukkelende/onvoltooide dialoog? (e 3633)
 - h) Karakters voltooi mekaar se sinne? (e 3629)
 - i) Karakters vul mekaar se sinne aan? (e 3629)
 - j) Karakters val mekaar in die rede? (ee 3635, 3641)
 - k) Die deel van progressie tussen sprekers? (e 3649)
 - l) 'n Woord/sin/sinsdeel word herhaal? (ee 3627, 3628, 3648)
 - m) 'n Woord word gebruik wat pas by 'n vorige woord? (e 3647)
 - n) 'n Deel van die vraag word in die antwoord gebruik? (e 3631)
 - o) 'n Opmerking verskil of stem saam met 'n vorige opmerking? (e 3634)
 - p) 'n Sentrale idee wat ontwikkel word deur opeenvolgende sprekers? (e 3636)
 - q) 'n Vraag word beantwoord deur 'n vraag wat ook 'n antwoord vereis? (e 3632)
- 8) Word tonele aanmekaar verbind deur 'n
 - a) etiket? (e 3637)
 - b) hoek? (ee 257, 3638)
- 9) Word daar weggesny na iets anders indien inligting herhaal word? (e 3927)
- 10) Word meningsverskil uitgedruk deur 'n teenstelling, ontwyking of stilte as 'n antwoord verwag is? (e 3646)
- 11) Verskaf 'n etiket 'n
 - a) wending in die plot?
 - b) 'n nuwe karaktertrek?
 - c) opsomming van die inhoud van die toneel? (e 3637)
- 12) Gee hoeke 'n meganiese tekstuur aan die gesprek? (e 3644)
- 13) Is daar skakels wat ononderbroke van toneel na toneel vloei? (e 3639)
- 14) Oorheers een karakter terwyl 'n ander een bloot as klankbord dien? (e 3652)
- 15) Moet die storie eerder wegsny na 'n ander toneel/skoot ter wille van die dialoog? (e 3926)

7.5.10 Tempo, ritme en variasie

- 1) Beweeg die dialoog voortdurend vorentoe? (e 3620)
- 2) Sal variasie daarby baat indien die dialoog versnel of vertraag word? (e 3624)
- 3) Is daar geleidelik meer aksie en minder dialoog/meer kriptiese dialoog na die einde toe is? (e 895)



- 4) Bevorder elke dialoogsekwens die storie
 - a) ritme?
 - b) tempo? (e 3621)
- 5) Is sinne/dialoog
 - a) min in tonele wat 'n vinnige tempo vereis?
 - b) langer in tonele wat 'n stadige tempo vereis?
 - c) kort/woorde kortgeknip in tonele wat 'n vinnige tempo vereis? (ee 3622, 3623)
- 6) Is toesprake/dialoog/dialoogtonele te lank? (ee 549, 3508, 3619)
- 7) Is dialoog te
 - a) reëlmatig? (e 3624)
 - b) aanhoudend? (e 3540)
- 8) Verloop die storie te stadig omdat die dialoog afdwaal? (e 3625)
- 9) Is daar variasie in die
 - a) stemming? (e 3543)
 - b) aanwending van dialoog tussen tonele of die storie as geheel? (e 3542)
- 10) Word dialoog afgewissel met visuele/ander ouditiwe kommunikasie? (e 3540)
- 11) Is daar
 - a) 'n singerige ritme in die sinne? (e 3561)
 - b) gepaste stiltes in die dialoog? (e 3933)
- 12) Is kykers se belewenis van tydsverloop indien die beeld wegsny en later terug sny na 'n toneel met dialoog, funksioneel? (ee 3927, 3928)
- 13) Sal 'n
 - a) stilte op die punt beter wees as dialoog?
 - b) statiese oomblik op die punt beter wees as lawaai/aksie? (ee 3934, 3940)
- 14) Is elke woord/sin deel van 'n ontwerp rondom die toneelwending? (e 3503)
- 15) Vloei en stop dit om dramatiese oomblikke te beklemtoon? (e 3526)

7.5.11 Realisme/kru taal

- 1) Simuleer dit werklike spraak deur 'n gesprekstrant aan te neem? (e 3495)
- 2) Klink die dialoog natuurlik
 - a) en soos 'n gesprek? (ee 247, 3558)
 - b) of is dit dramaties effektief? (e 3477)
 - c) sonder dat dit ongekontroleerd is? (ee 3511, 3514)
- 3) Is die woordeskat informeel/natuurlik of klink dit soos prosa? (ee 3504, 3525)
- 4) Bestaan dit uit woorde wat regte mense in regte situasies sal gebruik? (e 3556)
- 5) Is dit onfunksioneel styf, hoogdrawend, pseudo-intellektueel, teatraal, oordadig, letterkundig, kunsmatig, melodramaties, moeilik om uit te spreek, of vaal? (ee 371, 380, 3488, 3512)
- 6) Het dit die indirektheid, pouses, soekendheid, struikelings, huiwerings, repeterings, onderbrekings, verkortings, onvoltooidhede, sleng, alledaagshede en kru taal van normale spraak? (ee 3504, 3513, 3554, 3555, 3566, 3858)
- 7) Is gesprekke stamelend met halwe sinne, onsamehangend en slordige woordgebruik? (e 3476)
- 8) Hoeveel direkte dialoog is daar? (e 251)
- 9) Skakel dit kykersbetrokkenheid uit omdat dit direk is? (ee 3519, 3569)

- 10) Gee karakters 'n gladde relaas/perfekte toespraak oor gebeure in die verlede tydens die onthulling van karaktermotivering? (e 3709)
- 11) Is die dialoog toepaslik of kunsmatig ten opsigte van
 - a) waardes?
 - b) verhoudings? (e 379)
- 12) Pas dit by die situasie? (e 253)
- 13) Skud of knik karakters soms hulle koppe? (e 3570)
- 14) Klink vrae en antwoorde onnatuurlik/te klinies? (ee 3771, 3772)
- 15) Het 'n karakter met komplekse dialoog ook abstrakte logika? (e 3882)
- 16) Word die woorde ja en nee onnatuurlik baie gebruik? (ee 3564, 3570)
- 17) Kommunikeer die
 - a) karakter waardes wat gepas is vir hom? (e 367)
 - b) dialoog verhoudings en nie net woorde nie? (e 255)
- 18) Klink dit of die dialoog nou vir die eerste keer uitgedink word? (e 3571)
- 19) Begin sommige karakters hul
 - a) gesprekke met woorde soos *wel* of *so*?
 - b) reaksie op vrae of skerp opmerkings met woorde soos *wel* of *so*? (e 3557)
- 20) Vertraag die realistiese elemente van die dialoog die tempo? (e 3554)
- 21) Is dialoog hard en realisties in realistiese stories? (e 3608)
- 22) Verloor kru taal sy impak omdat dit
 - a) te gereeld gebruik word? (e 5855)
 - b) die storie verstop met lelikheid? (e 5854)
- 23) Is kru taal
 - a) gematig?
 - b) so min moontlik gebruik?
 - c) effektief as dit wel kru taal gebruik? (ee 5853 - 5855)
- 24) Is die taal te kru vir televisie? (e 5853)
- 25) Kan die karakter sy woede met aksie uitdruk eerder as kru taal? (e 5855)

7.5.12 Poëtiese en ironiese dialoog

- 1) Is die dialoog ryk, harmonieus en realisties? (e 372)
- 2) Is poëtiese dialoog gepas vir die karakter/toneel? (e 3879)
- 3) Bevat die dialoog een goeie metafoor/stelling/sin? (e 3880)
- 4) Is poëtiese dialoog verwarrend en moeilik om te volg? (e 3881)
- 5) Het dialoog gepaste metafore/vreemde woorde wat dit poëties maak? (e 3878)
- 6) Word 'n karakter wat poëtiese of gladde dialoog gebruik gekenmerk deur verbale slinksheid? (e 3882)
- 7) Bevat dit
 - a) alliterasie?
 - b) toevallige rym? (ee 3506, 3507, 3560)
- 8) Kan 'n poëtiese gevoel geskep word deur bestaande woorde te verleng, verkort of vervorm, sonder om verstaanbaarheid in te boet? (e 3879)
- 9) Is daar alliterasie wat tongknopers is vir die akteurs? (e 3562)
- 10) Maak metafore/vreemde woorde dit onverstaanbaar? (e 3878)
- 11) Is die dialoog onvanpas liries, blomryk en beskrywend? (e 3883)

- 12) Is dit kleurvol/verbeeldingryk maar so kort moontlik? (ee 3486, 3615)
- 13) Is ironiese dialoog gepas vir die toneel/storie? (e 3868)
- 14) Is dit gepas dat ironiese dialoog
 - a) aandag op sigself vestig?
